NORTH-WEST UNIVERSITY ®
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

*Dit begin alles hier®*

# jaarverslag 2014

**15** NWU-fakulteite

**3** NWU-kampusse

**7 684**
NWU-werknemers

**studente ingeskryf**

| 2013 | 2014 |
|---|---|
| 60 975 | 63 135 |

**15 254**
kwalifikasies toegeken in 2014

## PhD's toegeken

| 2013 | 2014 |
|---|---|
| 168 | 171 |

## voorgraadse slaagsyfer

| 2013 | 2014 |
|---|---|
| 85,10% | 86,16% |

**2 160**
2014 se totale geweegde navorsingsuitset-eenhede

**NNS-gegradeerde navorsers**

| 2013 | 2014 |
|---|---|
| 169 | 190 |

= 12,4% groei

**postdoktorale genote**

| 2013 | 2014 |
|---|---|
| 140 | 164 |

= 17,1% groei

totale inkomste 2014
**R3 206 miljoen**

# Inhoud


4 omtrent hierdie verslag

8 bestuursopsomming

10 ons organisatoriese oorsig

12 ons eksterne omgewing

17 ons kernbesigheidsaktiwiteite

18 verligting van ons risiko's

24 ons verbintenis tot volhoubaarheid


## hoe ons die NWU korporatief bestuur


38 boodskap van die kanselier

40 verslag van die voorsitter van die Raad

44 raadsverslag oor korporatiewe bestuur

50 ontmoet ons raadslede

56 verslag van die institusionele forum

58 senaatsverslag

## hoe ons die NWU bestuur


62 ontmoet ons institusionele bestuur

63 ons institusionele plan

64 ons transformasiedoelwitte

66 ons prestasie teenoor ons teikens

68 verslag van die visekanselier


## ons prestasie teenoor ons kapitaalvorme


72 ons intellektuele kapitaal

88 ons mensekapitaal

98 ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

106 ons vervaardigde kapitaal

108 ons natuurlike kapitaal

110 ons finansiële kapitaal

122 erkenning

# omtrent hierdie verslag

Hierdie is die NWU se **belanghebbersverslag**, wat 'n bondiger en gebruikers-vriendelike weergawe is van die volledige jaarverslag van die NWU wat deur die NWU-raad op 19 Junie 2015 goedgekeur, aan die einde van Junie 2015 aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is by http://www.nwu.ac.za/af/content/nwu-jaarverslag.

## by die opstel van hierdie verslag het ons die volgende in aanmerking geneem:

1. Inligting oor die NWU soos in die DHOO-weergawe van die jaarverslag ingesluit.
   (Die DHOO-weergawe is opgestel streng ooreenkomstig die DHOO se nuwe Regulasies vir jaarlikse verslagdoening deur Hoëronderwysinstellings, wat in Junie 2014 gepubliseer is en beginsels uit die King III-verslag insluit.)
2. Inligting oor hoe ons die waarde van ons ses kapitaalvorme beïnvloed deur ons kernbesigheidsaktiwiteite, naamlik onderrig-leer en navorsing, met gemeenskaps-betrokkenheid wat met hierdie aktiwiteite vervleg is.
3. Sommige riglyne uit die *International <IR> Framework* van die *International Integrated Reporting Council* (IIRC)
4. Sommige riglyne uit die *Global Reporting Initiative* (GRI)

## verslagdoeningstydperk

Januarie tot Desember 2014 met inbegrip van vergelykings met syfers van vorige jare en 'n blik op die toekoms waar van toepassing

## datum van mees onlangse verslag

Januarie tot Desember 2013

## verslagdoeningsiklus

jaarliks

## kontakpunt

**vir vrae oor hierdie verslag**

nelia.engelbrecht@nwu.ac.za

# fundamentele konsep en struktuur van ons verslag

Die rol van hierdie verslag is om die NWU se unieke waardeskeppingsverhaal te vertel.
Met ander woorde, deur hierdie verslag wil ons u, ons **belanghebbers**, vertel hoe ons ons hulpbronne en verhoudinge (wat ons **'kapitaalvorme'** noem) gebruik en beïnvloed om op die kort tot lang termyn waarde vir onsself en ons belanghebbers toe te voeg.

### ons belanghebbers

Ons identifiseer ons belanghebbers as daardie groepe of individue wat deur die universiteit se aktiwiteite en dienste geraak word, en wie se handelinge die vermoë van die universiteit om sy strategie te implementeer en sy doelstellings te verwesenlik, kan beïnvloed.

Ons belangrikste belanghebbers word in die tabel hieronder uiteengesit.

| Vlak 1-belanghebbers |
|---|
| Studente (huidig, nagraads) |
| Personeel (akademies, ondersteuning, kontrak) |
| Werkgewers, besigheid, nywerheid |
| Eweknieë, akademiese en navorsingsinstansies |
| **Vlak 2-belanghebbers** |
| Ouers, families (van geregistreerde studente) |
| Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, Hoëronderwyskwaliteitskomitee, Hoër Onderwys Suid-Afrika, Suid-Afrikaanse Kwalifikasieowerheid |
| Skole (graad 11- en 12-leerders) |
| Donateurs, borge, beskermhere |
| Media |
| **Vlak 3-belanghebbers** |
| Regering, staatsdepartemente |
| Alumni, Konvokasie |
| Senaat, Raad |
| Bestuur |
| Professionele rade, akkrediteringsinstansies |
| Gemeenskap, plaaslike ekonomie, besigheid |
| Plaaslike regering, munisipaliteite, burgerlike organisasies |
| Afrikaanse gemeenskap |

| Vlak 4-belanghebbers |
|---|
| Suid-Afrika, algemene publiek (insluitende Afrika) |
| Biblioteke, Biblioteekinligtingsvereniging van SA, Biblioteekadviesraad |
| Fakulteite (NWU) |
| Kerke |
| Provinsiale Regering |
| Vakbonde met NWU-lede |
| Internasionale ontwikkelingsinstansies |
| Eduloan, Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente |
| Diensverskaffers |
| **Vlak 5-belanghebbers** |
| Politici, politieke partye |
| Boere |
| Tradisionele leiers, hoofmanne |
| NRO's |
| VOO-kolleges |
| Statutêre liggame |
| Ouers van voornemende studente |

# ons ses vorme van kapitaal

Die NWU maak vir ons sukses op hierdie ses vorme van kapitaal staat.

| Intellektuele kapitaal | Mensekapitaal | Maatskaplike en verhoudingskapitaal | Vervaardigde/ Vervaardigingskapitaal | Natuurlike kapitaal | Finansiële kapitaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Prosesse, prosedures en beleide wat goeie korporatiewe en gewone bestuur ondersteun<br><br>Ons benadering tot etiek, ons waardes, visie, missie, strategie en Institusionele Plan<br><br>Intellektuele eiendom of ander kennis-gebaseerde ontasbare aspekte wat uit ons **onderrig-leer-aktiwiteite** voortspruit<br><br>Soortgelyke kennisgebaseerde ontasbare aspekte wat uit **ons navorsing, innovasie en tegnologie-oordragaktiwiteite** voortspruit (wat strek van publikasies, toetsdienste, kundige menings, patente, prototipes en sagte ware tot die bestuur van netwerke) | Ons personeel en studente (ons interne belanghebbers)<br><br>(Dit gaan oor hulle bereidwilligheid om die NWU se waardes en strategiese doelwitte te ondersteun, oor hul lojaliteit, vaardighede, kennis en ervaring en hul motivering om te innoveer en waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg, veral ons intellektuele kapitaal) | Ons verhouding met ons eksterne belanghebbers<br><br>(Dit gaan oor hul lojaliteit, vaardighede, kennis, ervaring en motivering om waarde aan die NWU en ons kapitaalvorme toe te voeg. Dit gaan ook oor wederkerige vertroue en voordeel) | Ons tasbare infrastruktuur wat ons kernbesigheidsaktiwiteite ondersteun en tot diensverskaffing bydra (met ander woorde, ons gebruik tasbare aspekte om waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg) | Ons omgewingshulpbronne, wat die omgewing vir die ander kapitaalvorme voorsien (dit sluit natuurlike hulpbronne of omgewingsbates in wat ons gebruik om waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg) | Fondse wat verkry is deur en beskikbaar is aan die NWU (dit gaan oor hoe die finansiële kapitaal se waarde deur omskepping in ander vorme van kapitaal vrygestel word) |

# Hierdie kapitaalvorme is almal **onderling verwant.**

Byvoorbeeld:

Inligting- en kommunikasietegnologie (IKT) kan as intellektuele eiendom beskou word, maar ook as vervaardigde kapitaal.

(Die ontasbare, kennisgebaseerde deel van IKT kan onder intellektuele eiendom val, en die tasbare deel, byvoorbeeld die infrastruktuur, stelsels en hardeware, onder vervaardigde kapitaal.)

Ons besef dat verslagdoening oor hierdie onderlinge verwantskap vir geïntegreerde verslagdoening besonder belangrik is, en in ooreenstemming is met die leidende beginsel van samehangendheid van inligting. Regdeur hierdie verslag het ons **notas** wat hierdie **verwantskappe** tussen ons **kaptaalvorme aandui.**

Byvoorbeeld:

Vervaardigde kapitaal wat die waarde van finansiële kapitaal verlaag

(geld uit die begroting wat aan bouwerk en instandhouding van infrastruktuur bestee word)

OF:

Mensekapitaal wat waarde aan finansiële kapitaal toevoeg

(vaardighede of statuur van ons navorsers lok navorsingsbefondsing)

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar voortdurende **wisselwerking** tussen hierdie kapitaalvorme is – indien die waarde van een kapitaal verlaag of verhoog word, kan dit tot 'n algehele daling/styging in sommige van die ander kapitaalvorme lei.

# omskrywing van verslaginhoud

As die NWU besef ons dat die inhoud en gehalte van die inligting wat in hierdie verslag ingesluit is ons belanghebbers in staat moet te stel om gegronde en redelike evaluerings van die NWU se prestasie te maak, en daarvolgens op te tree.

Ons besef ook dat – in ooreenstemming met wêreldwye riglyne – verslae inligting behoort te vervat waarin belanghebbers belang stel en nie slegs die inligting wat 'n organisasie as belangrik beskou nie. (Op hierdie wyse hou ons by die beginsel van "wesenlikheid van inligting" en inklusiwiteit van belanghebbers.)

Die belangrikste belanghebber in Suid-Afrikaanse hoër onderwys is die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding, wat universiteite namens alle Suid-Afrikaners aanspreeklik hou. Elke lesersgroep het egter hul eie idees oor dit waaroor 'n universiteit verslag behoort te doen en wat die minimum inhoud van die verslag behoort te wees.

**Die besluite oor wat om in hierdie verslag in te sluit, is deur drie faktore gelei:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Die wisselwerkings, aktiwiteite en verhoudings wat wesenlik is vir die NWU se vermoë om waarde te skep | Wat die DHOO ('n belangrike belanghebber van die NWU) wil hê | Wat ons ander belanghebbers wil hê | Wat beste praktyk vir geïntegreerde verslagdoening voorskryf |

In 2013 het ons 'n proses van belanghebbersbetrokkenheid onderneem om die relatiewe belangrikheid van die ekonomiese, omgewings- en maatskaplike aspekte van geïntegreerde verslagdoening na die mening van sleutelbelanghebbers van die NWU te bepaal.

Altesaam 4 045 studente het aan die navorsing deelgeneem. Die totale groep het bestaan uit studente (35,6%), personeel (35,4%), alumni (17,6%), privaatsektorvennote (3,9 %), plaaslike ondernemings (bure) (3,6%) en ouers (2,7%).

Die inligting in die tabelle van p27 tot p35 is volgens die voorkeure van ons belanghebbers opgestel soos dit in hierdie navorsing aan die lig gekom het.

Die inwin van belanghebberstandpunte op 'n jaarlikse grondslag is duur en dus is 'n aanbeveling gemaak om belanghebbers elke twee jaar te raadpleeg. Die volgende opname sal dus teen die einde van 2015 voltooi word.

Behalwe die gefokusde belanghebbersbetrokkenheid-oefening wat in 2013 onderneem is, het ons ook as deel van ons gereelde aktiwiteite met ons belanghebbers in gesprek getree. Dit het ook nuttige insette voorsien vir besluite oor wat om in hierdie verslag in te sluit.

# op pad na geïntegreerde verslagdoening

Twee jaar gelede het die NWU die pad na geïntegreerde verslagdoening begin loop en sodoende op die voorfront van hierdie wêreldwye tendens in verslagdoening deur organisasies en ondernemings gebly.

Vanjaar neem ons 'n paar treë verder op hierdie pad. Ons het byvoorbeeld die struktuur van hierdie verslag verander (vergeleke met verlede jaar se verslag) om nog meer te lyk soos die raamwerk wat deur die IIRC voorgestel word.

Ons het egter die raamwerk effens aangepas, omdat:

- ons omstandighede in die hoëronderwyssektor van dié van 'n JSE-genoteerde maatskappy met 'n winsoogmerk verskil, en
- die NWU 'n diensgeoriënteerde instelling is wat kennis en idees produseer, eerder as om tasbare goedere te vervaardig.

Intussen poog ons om geïntegreerde denke onder die NWU-gemeenskap te bevorder sodat die data wat nodig is vir 'n ten volle geïntegreerde verslag deur verslagdoening oor ons daaglikse aktiwiteite beskikbaar gestel sal word.

## volg ons voetspore

Ons as die NWU erken ons verantwoordelikheid teenoor alle belanghebbers om ons doelwitte met integriteit na te streef terwyl ons voortdurend in gedagte hou dat alles wat ons doen 'n impak op mense en die omgewing het.

Ons is bewus dat ons op so 'n wyse moet optree dat die instelling, ons aktiwiteite en die voordele daarvan in die toekoms voortgesit kan word. Met ander woorde: ons moet streef na volhoubare ontwikkeling.

Vir die doel van hierdie jaarverslag word volhoubare ontwikkeling beskou as ontwikkeling wat aan die behoeftes van mense vandag voldoen, sonder om die vermoë van toekomstige geslagte om aan hul eie behoeftes te voldoen in die gedrang te bring.

Vir ons gaan dit oor meer as om net ons koolstof-voetspoor te verminder en op die omgewing te fokus. Dit beteken ook om aandag te gee aan sake soos menseregte, arbeidspraktyke, gemeenskapsverbintenis, aanspreeklikheid vir produkte en dienste, en finansies.

Ons nooi jou, die leser, om ons "voetspore" te volg terwyl jy deur hierdie publikasie blaai. Die voetspore wys hoe ons probeer om verantwoordelik op te tree om die impak van ons aktiwiteite op ons eie volhoubaarheid sowel as op dié van ons belanghebbers en die omgewing te bestuur.



*Ons ekonomiese impak*



*Ons impak op mense*



*Ons omgewingsimpak*



# Executive summary

2014 was a landmark year for the NWU. It marked the 10th anniversary of the university's establishment through the merger of two very different institutions, and saw the NWU undergoing the biggest leadership changes since its inception.

The 10th anniversary was reason to celebrate. While the university had encountered many challenges in its first decade, especially in the area of transformation, it had by 2014 grown into one of the largest, most financially stable and most productive tuition and research universities in South Africa.

In 2014, student numbers grew by 3,54% to 63 135, of whom just over 37 000 were contact students. Although the overall number of postgraduate students, at 13 200, was lower than planned, we experienced excellent growth in doctoral enrolments.

We generated significant high-level skills for the economy. During the year, 15 254 students received degrees and diplomas.

On the research front, the number of NRF-rated researchers at the NWU increased from 169 in 2013 to 190 in 2014, while the number of postdoctoral fellows increased from 140 to 164.

Our intellectual property portfolio was healthy and vibrant. The portfolio included 53 RSA-patented inventions, 21 of which were registered in 47 countries. The 19 active licensing agreements brought in just over R2,29 million in product sales and royalty income.

For the 10th consecutive year since the merger, the NWU produced a modest surplus. This was despite a 26,7% increase in bursaries awarded to students from the university's own funds and a sharp increase in staff costs, mainly due to a cost of living salary adjustment.

In preparation for the next 10 years, the NWU has embarked on a review of its mission and strategic direction.

To allow the incoming vice-chancellor, Prof Dan Kgwadi, to manage this process, the current vice-chancellor, Dr Theuns Eloff, offered to step down earlier than planned.

Prof Kgwadi took over the helm on 1 April 2014 and was inaugurated as vice-chancellor on 26 September. On the same day, the chancellor of the university, Kgosi Leruo Molotlegi, King of the Royal Bafokeng Nation, was reinstalled for a second term.

All stakeholders have been invited to participate in the strategy review process and we believe that this new strategic direction will position the NWU for ongoing growth and renewal, and take the university boldly and confidently into the next decade.

## Tshobokanyo ya bakhuduthamaga

2014 e ne e le ngwaga wa diphitlhelelo tse dikgolo tsa YBB. E ne e le ngwaga wa bo 10 fa e sa le yunibesiti e tlhomilwe ka go kopanngwa ga dikhamphase tsa ditheo tse pedi tse di sa tshwaneng gotlhelele, mme ka one ngwaga oo YBB e ne ya nna le diphetogo tse dikgolo thata tsa boeteledipele fa e sa le e tlhongwa.

Ngwaga wa bo 10 e ne e le ngwaga wa go keteka moletlo wa seno. Le fa yunibesiti e ile ya kopana le dikgwetlho tse dintsi mo dingwageng tsa ntlha tse some, segolobogolo mo karolong ya diphetogo, ka 2014, e ne e le nngwe ya diyunibesiti mo Aforikaborwa e boemo jwa yone jwa madi bo tlhomameng fela thata, e e nang le matswela le ya patlisiso.

Ka 2014, palo ya baithuti e ne ya gola ka 3,54% go fitlha go 63 135, mme ba ba fetang 37 000 ba bone e ne e le baithuti ba ba ithutelang mo setheong. Le mororo palokakaretso ya baithuti ba morago ga kalogo, ya 13 200, e ne e le kwa tlase go feta ka fa go neng go rulagantswe ka gone, re ne ra nna le kgolo e e molemo tota ya ba ba ikwadiseditseng gerata ya bongaka.

Re ne ra ruta dikgono tsa maemo a a kwa godimo tse di botlhokwa tsa ikonomi. Mo tsamaong ya ngwaga, baithuti ba le 15 254 ba ne ba amogela didikerii le didipoloma.

Mo kgannyeng ya go dira patlisiso, palo ya babatlisisi ba NRF e ba neileng maduo kwa YBB e ne ya oketsega go tswa go 169 ka 2013 go fitlha go 190 ka 2014, fa palo ya baakatemi-bagolo ba morago ga kalogo ya bongaka yone e ne ya oketsega go tswa go 140 go ya go 164.

Potefolio ya rona ya ditshwanelo tsa tetlokhopi e ne e siame e bile e tsweletse pele sentle. Potefolio e ne e akaretsa ditlhangwa tsa semolao di le 53 tsa RSA, tse 21 tsa tsone di ne tsa kwadisiwa kwa dinageng di le 47. Ditumalano di le 19 tse di santseng di dira tsa go ntshiwa ga dilaesense di ne tsa dira lotseno lwa R2,29 milione lwa thekiso ya dikuno le go dirisiwa ga tsone.

Mo ngwageng wa bo 10 ka go latelana wa fa e sa le dikhamphase di kopanngwa, YBB e ne ya sala e na le lefetiso le lentsi la madi. Seno se diregile jalo go sa kgathalasege koketsego ya 26,7% ya dibasari tse di neng tsa newa baithuti ka madi a yunibesiti ka boyone le koketsego e kgolo ya ditshenyegelo tsa badiri, segolobogolo ka ntlha ya go okediwa ga disalari tsa bone ka ntlha ya ditshenyegelo tsa go itshedisa.

Go ipaakanyetsa dingwaga di le 10 tse di tlang, YBB e simolotse go tlhabolola maikaelelo a yone a kaelo ya yone e mosola. Go dira gore motlatsa-mokanseliri yo o tsenang, e leng Mop Dan Kgwadi, a kgone go laola thulaganyo eno, motlatsa-mokanseliri wa nako eo , e leng Ngaka Theuns Eloff, o ne a ithaopela go rola maemo a gagwe a tiro pele ga nako e a neng a rulaganyeditse go dira jalo ka yone.

Mop Kgwadi o ne a tsaya marapo ka di 1 Moranang 2014 mme a tlhongwa jaaka Motlatsa-Mokanseliri ka di 26 Lwetse. Mo go lone letsatsi leo, mokanseliri wa yunibesiti, Kgosi Leruo Molotlegi, Kgosi ya Morafe wa Segosi wa Bafokeng, o ne a tlhomiwa lekgetlo la bobedi mo maemong a gagwe.

Baamegi botlhe ba laleditswe go tsaya karolo mo thulaganyong ya go tlhabolola leano mme re dumela gore kaelo eno e ntšha e tla baya YBB mo maemong a mantle a kgolo le ntšhafalo, le go isa yunibesiti ka bopelokgale le ka tsholofelo mo dingwageng di le lesome tse di latelang.

## Bestuursopsomming

2014 was 'n mylpaaljaar vir die NWU. Dit was die 10e herdenkingsjaar van die samesmelting van twee baie uiteenlopende instellings, en dit is gekenmerk deur die NWU se grootste leierskapsveranderinge sedert sy ontstaan.

Die 10e verjaarsdag was 'n rede tot feesviering. Terwyl die universiteit in sy eerste dekade voor baie uitdagings te staan gekom het, veral wat betref transformasie, het dit teen 2014 tot een van die grootste, mees finansieel stabiele en produktiefste onderrig- en navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika gegroei.

In 2014 het studentetalle met 3,54% toegeneem, waarvan net meer as 37 000 kontakstudente was.

Hoewel die 13 200 nagraadse studente minder was as wat beplan is, was daar uitstekende groei in doktorale inskrywings.

Ons het belangrike hoëvlakvaardighede vir die ekonomie geskep – gedurende die jaar het 15 254 studente grade en diplomas ontvang.

Op die navorsingsfront het die getal NNS-gegradeerde navorsers aan die NWU van 169 in 2013 tot 190 in 2014 toegeneem, terwyl die getal postdoktorale genote van 140 tot 164 toegeneem het.

Ons portefeulje van intellektuele eiendom was gesond en lewenskragtig.

Die portefeulje het 53 RSA-gepatenteerde uitvindings ingesluit, waarvan 21 in 47 lande geregistreer was.

Die 19 aktiewe lisensie-ooreenkomste het net meer as R2,29 miljoen in produkverkope en tantième-inkomste ingebring.

Vir die 10e jaar agtereenvolgens sedert die samesmelting het die NWU 'n beskeie surplus opgelewer. Dit was ten spyte van 'n styging van 26,7% in beurse wat aan studente uit die universiteit se eie fondse toegeken is en 'n skerp styging in personeelkoste, hoofsaaklik as gevolg van 'n lewenskoste-salarisaanpassing.

Ter voorbereiding vir die volgende 10 jaar het die NWU 'n hersiening van sy missie en strategiese rigting van stapel gestuur.

Om die inkomende visekanselier, prof Dan Kgwadi, toe te laat om die proses te bestuur, het die vorige visekanselier, dr Theuns Eloff, aangebied om vroeër uit te tree as wat beplan is.

Prof Kgwadi is sedert 1 April 2014 aan die roer van sake en is op 26 September as visekanselier ingehuldig.

Op dieselfde dag is die kanselier van die universiteit, kgosi Leruo Molotlegi, opperhoof van die Koninklike Bafokeng-stam, vir 'n tweede termyn ingehuldig.

Alle belanghebbers is genooi om deel te neem aan die strategiehersieningsproses, en ons is oortuig dat hierdie nuwe strategiese rigting die NWU vir voortgesette groei en vernuwing sal posisioneer en op kragtige wyse en met vertroue die volgende dekade sal binnelei.

## Kakaretso e phethahetseng

2014 e ne e le selemo sa bohlokwahadi ho NWU. Sekolo se ne se keteka dilemo tse 10 tsa theho ya yunivesithi ka kopanyo ya ditsi tse pedi tse fapaneng haholo, mme ya fetisa NWU tlasa diphetoho tse kgolokgolo tsa boetapele esale e thewa.

Phihlello ya dilemo tse 10 e ne e le lebaka la ho keteka. Leha yunivesithi e teane le mathata a mangata dilemong tsa yona tsa pele tse leshome, haholo karolong ya phetoho, ka 2014 e ne e se e fetohile e nngwe ya diyunivesithi tse kgolo ho fetisisa tsa thuto le dipatlisiso, tse maemong a tsitsitseng tsa ditjhelete hape e sebetsang ka thata ho fetisisa mona Afrika Borwa.

Ka 2014, dipalo tsa baithuti di nyolohile ka 3,54% ho ya ho 63 135, mme baithuti ba fetang 37 000 e ne e le baithuti ba kenang dihlopheng.

Leha palo e akaretsang ya baithuti ba postgraduate e neng e le ho 13 200, e ne e le tlasana ho feta kamoo ho rerilweng, re bile le kgolo e ntle ho fetisisa ngodisong ya mangolo a docrate.

Re hlahisitse bokgoni bo boholo ba maemo a hodimo bakeng sa moruo. Nakong ya selemo, baithuti ba 15 254 ba fumane di-degree le di-diploma.

Hlakoreng la dipatlisiso, palo ya babatlisise ba sekaleng sa NRF ho la NWU e eketsehile ho tloha ho 169 ka 2013 ho ya ho 190 ka 2014, ha palo ya di-postdoctoral fellow e nyolohile ho tloha ho 140 ho ya ho 164.

Potefoliyo ya rona ya thepa ya kelello e ne e phetse hantle mme e fapafapane. Potefoliyo e ne e kenyelletsa ditlhahiso tse 53 tse ngodisitsweng mona RSA, tse 21 tsa tsona di ne di ngodisitswe dinaheng tse 47.

Ditumellano tse 19 tse sebetsang tsa dilaesense di kentse dimilione tse fetang R2,29 ka dithekiso tsa dihlahiswa le lekeno la lebitso.

Bakeng sa selemo sa boleshome ka tatellano esale ho ba le kopanyo ya ditsi, NWU e hlahisitse tswala e nyane. Sena se etsahetse leha ho bile le keketseho ya 26,7% ho basari tse fuweng baithuti ho tswa ditjheleteng tsa yunivesithi ka boyona le keketseho e kgolo ho ditjeo tsa basebetsi, haholo ka lebaka la phetolo ya moputso wa ho phela.

Boitukisetsong ba dilemo tse tlang tse 10, NWU e kgabong ya tjhebobotjha ya maikemisetso le moralo wa yona. Ho dumella motlatsa-chanselara e ntjha, Prof Dan Kgwadi, ho tsamaisa tshebetso ena, motlatsa-chanselara wa hona jwale, Dr Theuns Eloff, o ile a ikopela ho theoha setulong seo pele ho nako e rerilweng.

Prof Kgwadi o qadile ho tshwara marapo ka la 1 Mmesa 2014 mme a hlapamiswa jwalo ka Vice-Chancellor ka la 26 Lwetse. Ka letsatsi lona leo Chanselara ya yunivesithi, Kgosi Leruo Molotlegi, Morena wa Setjhaba sa Royal Bafokeng, o ile a busetswa setulong bakeng sa tema ya bobedi.

Baamehi bohle ba memetswe ho nka karolo tshebetsong ya tjhebobotjha ya moralo mme re dumela hore tsela ena e ntjha ya moral e tla beha NWU maemong a matle bakeng sa kgolo le ntjhafalo, mme e ise yunivesithi pele dilemong tse ding hape tse leshome ka sebete le ka boitshepo.

# ons organisatoriese oorsig

Die Noordwes-Universiteit is 'n unitêre multikampusinstelling met 'n enkele stel beleide, stelsels en standaarde, en word gedryf deur 'n stel grondwetlik gebaseerde waardes, in die besonder menswaardigheid, gelykheid en vryheid.

Ons visie en missie is daarop gemik om eenheid in verskeidenheid te bevorder deur verdraagsaamheid en respek vir alle perspektiewe en geloofstelsels te kweek ten einde sodoende 'n geskikte omgewing vir onderrig-leer, navorsing en die kommersialisering van kundigheid te verseker.

## wat ons doen

Ons kernbesigheid is onderrig-leer en navorsing, met gemeenskapsbetrokkenheid onderling verweef met hierdie aktiwiteite.

Uiteindelik is ons rol egter om waarde te skep, wat na ons uitset verwys, sowel as ons verpligting om die tekort aan maatskaplike kapitaal in gemeenskappe die hoof te bied. Dit koppel ook ons langtermynstrategieë ten nouste aan die doelwitte van die Suid-Afrikaanse regering se Nasionale Ontwikkelingsplan, waarvan die einddatum 2030 is.

## ons visie, missie en strategie

### visie

Die NWU se visie is om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te wees, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

### missie

Die NWU se missie is om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word, en om sy kundigheid op 'n innoverende manier te implementeer. Die instelling sal dit bereik deur sy waardes uit te leef en na gesonde bestuur en transformasie te streef, en deur plaaslik betrokke, nasionaal relevant en internasionaal erken te wees.

### strategie

Die NWU-strategie ter ondersteuning van sy missie is om die kwaliteit en kwantiteit van navorsingsuitsette deur fokus ooreenkomstig kampusnisse, toepaslike aansporingsmaatreëls en kapasiteitsbou en -ontwikkeling te verhoog, terwyl die kwaliteit van onderrig-leer deur 'n verbeterde kliëntefokus, e-leer, innovasie en diversiteit versterk word.

Ons is in die proses om 'n **nuwe visie, missie** en **strategiese agenda** vir die NWU vir die volgende 10 jaar tot stand te bring.

Hierdie proses het met 'n dinkskrumsessie in Julie 2014 begin en word sedertdien gedryf deur 'n strategiese hersieningspan bestaande uit die institusionele bestuur (met inbegrip van die drie kampusrektore) plus die kampusviserektore.

Hierdie strategiespan, wat 'n reeks vergaderings en werkswinkels gehou het, het verskeie NWU-belanghebbersgroepe gedurende die laaste helfte van 2014 geraadpleeg.

Die strategiehersieningspan het die terugvoer vanaf hierdie belanghebbersgroepe ingewerk en die volgende begin ontwikkel:

- Ons suksesmodel – 'n gemete beskrywing van hoe ons interne en eksterne sukses en finansiële sukses op die lang termyn omskryf sou word.
- Ons identiteit – die NWU se nuwe doel, droom en handelsmerkbelofte (soortgelyke konsepte as ons huidige visie en missie).
- Ons gemeenskaplike strategiese veronderstellings – die veronderstellings wat die span omtrent die toekoms op sleutelgebiede deel en wat op die strategieontwikkeling sal inspeel.
- Ons markrigting – hierdie konsepbesluite dui aan watter huidige markte behou en uitgebrei sal word en watter nuwe markte ontwikkel sal word.
- Ons mededingende strategie – dit is die gevolg van 'n ontleding van die NWU se sterktes en swakhede in verhouding tot ons mededingers, ons relatiewe mededingende posisie en watter mededingende strategie ons sal volg.

Die werk (met inbegrip van verdere oorlegpleging) sal in 2015 voortgesit word, wanneer die uitsette van die strategiese proses vir oorweging en moontlike goedkeuring aan die Raad voorgelê sal word.



# naam van die organisasie

Noordwes-Universiteit

## skaal van die organisasie

63 135 ingeskrewe studente en 7 684 personeellede in diens in 2014.

## hoeveelheid dienste voorsien

15 254 studente het gedurende 2014 grade en diplomas ontvang.

## lande waar die organisasie werksaam is

Ons is hoofsaaklik in Suid-Afrika werksaam, maar deur ons daaglikse aktiwiteite werk ons ook saam met instansies en mense die wêreld oor. In 2014 het die NWU ongeveer 483 aktiewe ooreenkomste en memorandums van verstandhouding gehad.

## netto inkomste

Die totale inkomste van die universiteit was R3 206,0 miljoen vir die 2014- finansiële jaar. Totale uitgawes (uitgeslote die IAS19- waardasie): R3 134,7 miljoen.

## primêre handelsmerke, produkte en dienste

Ons kernbesigheid bestaan uit onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid.

## markte bedien

Hoewel ons hoofkliënte ons studente is, het ons ook interaksie met verskeie ander groepe belanghebbers. (Kyk tabel op p5.)

## aard van eienaarskap en regsvorm

Die NWU is een van die 26 openbare hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika en word korporatief bestuur ingevolge die Wet op Hoër Onderwys van 1997.

## ligging

Die NWU is 'n Suid-Afrikaanse universiteit met drie kampusse en 'n Institusionele Kantoor. Ons kampusse in geleë in

- Mahikeng
- Potchefstroom
- Vaaldriehoek

Die Institusionele Kantoor (hoofkantoor) is ook in Potchefstroom geleë.

## waar ons funksioneer



## mededingende landskap

Die NWU is een van die 26 openbare hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika.


Howel die universiteit slegs **7de in die rangorde is vir inkomste afkomstig van die Staat**, het ons prestasies in baie gevalle ons in staat gestel om die NWU veel gunstiger in die hoëronderwyssektor te posisioneer.

| | 2009 | | 2010 | | 2011 | | 2012 | | 2013 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | % van sektor | Posisie | % van sektor | Posisie | % van sektor | Posisie | % van sektor | Posisie | % van sektor | Posisie |
| Staatsbefondsing | 4,81% | 8 | 5,45% | 7 | 5,47% | 7 | 5,60% | 6 | 5,78% | 7 |
| Graduandi opgelewer | 9,28% | 2 | 9,84% | 2 | 9,40% | 2 | 8,84% | 2 | 8,55% | 2 |
| Ongeweegde onderriguitsette | 9,30% | 2 | 9,92% | 2 | 9,50% | 2 | 8,91% | 2 | 8,58% | 2 |
| Geweegde onderriguitsette | 7,50% | 4 | 7,86% | 3 | 7,57% | 3 | 7,34% | 3 | 7,35% | 2 |
| Totale navorsingsuitsette | 6,81% | 6 | 7,10% | 6 | 6,81% | 6 | 7,33% | 6 | 8,19% | 6 |
| Meestersgraduandi | 8,12% | 6 | 7,33% | 6 | 6,59% | 7 | 6,48% | 6 | 7,23% | 7 |
| PhD-graduandi | 8,91% | 6 | 9,08% | 5 | 7,30% | 6 | 8,20% | 6 | 8,19% | 7 |
| Navorsingspublikasies | 4,92% | 9 | 6,01% | 8 | 6,56% | 8 | 7,03% | 8 | 8,35% | 6 |

# ons eksterne omgewing

Verskeie faktore in die NWU se eksterne omgewing beïnvloed ons vermoë om waarde vir ons onderskeie kapitaalvorme te skep.

## ons regsomgewing




Naas die Suid-Afrikaanse Grondwet, wat die hoogste wet van die land is, word die NWU korporatief ingevolge die Wet op Hoër Onderwys 1997, sowel as die regulasies en beleide wat ingevolge die Wet uitgegee is, die NWU-statuut en die Reëls bestuur.

Hierbenewens kom ons die ander toepaslike wette en regulasies na waardeur ons aktiwiteite korporatief bestuur word en word ons ook gelei deur kodes vir korporatiewe bestuur, soos dié wat in die King III-verslag aangetref word.

Die Raad se Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee hou toesig oor die mate waarin die NWU maatreëls in plek het om voldoening aan toepaslike wette, kodes, reëls en standaarde te verseker.

In 2014 het die NWU-bestuur 'n omvattende statusverslag aan die Raad voorgelê, wat 'n sistematiese oorsig gee van die bestuursprosesse wat voldoening aan toepaslike wette, kodes, reëls en standaarde ondersteun.

Die verslag het die mate openbaar gemaak waartoe die universiteit voldoening aan sleutelstukke wetgewing bereik het wat op die hoëronderwysomgewing van toepassing is, en het ook na die integrerende rol van voldoening binne die universiteit se risikobestuursproses verwys.

Hieronder volg 'n uiteensetting van hoe hierdie omgewing ons kapitaalvorme sowel as ons strategie en sake-aktiwiteite beïnvloed:

| Kapitaal | Ons reaksie (implementering van ons strategie/Institusionele Plan deur ons sake-aktiwiteite) |
|---|---|
| Intellektuele kapitaal | Ná voltooiing van 'n interne proses vir goedkeuring van akademiese programme onder leiding van die NWU se Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde, voeg ons selfs meer waarde toe deur te verseker dat alle akademiese programme en kortkursusse deur ander professionele liggame geakkrediteer is, indien toepaslik (p74).<br>(Vir meer spesifieke inligting oor hoe onlangse veranderinge in hoëronderwyswetgewing en -regulasies ons onderrig-leer-prosesse beïnvloed, blaai na p74 en p75 in die afdeling oor ons intellektuele kapitaal.) |
| Mensekapitaal | Ons voeg waarde toe deur ons personeel en studente billik te behandel. Ons respekteer hul menseregte, skep 'n etiese werksplek, stel griewe- en geskiloplossingsmeganismes in, verbeter indiensnemingsgelykheid en verseker deelname deur werkers en studente. Ons voer al hierdie aktiwiteite uit soos deur die wet voorgeskryf (p47, p94 en p95).<br>Ons Menseregtekomitee hanteer gerapporteerde gevalle van menseregteskendings en 'n ombudspersoon hanteer gerapporteerde gevalle van seksuele teistering (p95). |
| Maatskaplike en verhoudings-kapitaal | Ons voeg waarde toe deur te hou by die beginsels van aanspreeklikheid, deursigtigheid en goeie korporatiewe bestuur, soos voorgeskryf deur die Wet op Hoër Onderwys en ander wette, regulasies en riglyndokumente (p44). |
| Vervaardigde kapitaal | Ons voeg waarde toe deur die staatsubsidie wat vir infrastruktuur geoormerk is, te bestee soos voorgeskryf deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) en die Wet op Hoër Onderwys (p106). |
| Finansiële kapitaal | Ons voeg waarde toe deur die staatsubsidie te bestee soos voorgeskryf deur die DHOO en die Wet op Hoër Onderwys (p106).<br>Ons gebruik 'n verkrygingsproses wat billik, regverdig, deursigtig en kostedoeltreffend is, soos deur die wet voorgeskryf (p42).<br>Ons rapporteer oor finansiële aangeleenthede ooreenkomstig International Reporting Standards en binne die regulasies kragtens die Wet op Hoër Onderwys (p111).<br>Ons maak seker dat die NWU se finansiële state jaarliks deur 'n eksterne, onafhanklike ouditeur geoudit word (p120). |
| Natuurlike kapitaal | Ons voeg waarde toe deur aan omgewingswette en -regulasies te voldoen.<br>(Selfs meer so ná implementering van die aanbevelings van 'n omgewingsreg-voldoeningsoudit wat in 2013 uitgevoer is.) (p31) |

## ons politieke omgewing

Ons neem kennis van die Suid-Afrikaanse politieke omgewing waar sekere faktore soos maatskaplike geregtigheid en die uitwissing van ongelykhede van die verlede baie belangrik is.

Ons strategieë en doelwitte is ook aan dié van die Suid-Afrikaanse regering se Nasionale Ontwikkelingsplan gekoppel.

Hieronder volg 'n uiteensetting van hoe hierdie omgewing ons kapitaalvorme sowel as ons strategie en sake-aktiwiteite beïnvloed:

| Kapitaal | Ons reaksie (implementering van ons strategie/Institusionele Plan deur ons sake-aktiwiteite) |
|---|---|
| Intellektuele kapitaal | Ons voeg waarde toe deur ons Eenheid vir Oop Afstandsleer om onderrig na die mense te bring (p75). |
| Mensekapitaal | Ons voeg waarde toe deur bystand aan behoeftige studente te voorsien, byvoorbeeld deur ons Maaltyd-per-Dag-program.<br>Ons voorsien finansiële bystand aan studente uit ons eie fondse, en ons finansiëlehulpkantore bestuur ook beurse van die Nasionale Finansiële Hulpskema vir Studente ("NSFAS") en ander nasionale en provinsiale befondsingskemas (p90). Ons onderskryf die Wet op Gelyke Indiensneming en pas die beginsels daarvan ook toe, en is verbind tot transformasie (p94). |
| Maatskaplike en verhoudings-kapitaal | Ons voeg waarde toe deur gemeenskappe op te hef deur volhoubare gemeenskapsbetrokkenheid (p103). |
| Vervaardigde kapitaal | Ons voeg waarde toe deur BGSEB-gekwalifiseerde verskaffers vir ons bou- en infrastruktuurprojekte te gebruik (p29). |
| Finansiële kapitaal | Ons voeg waarde toe deur BGSEB-gekwalifiseerde verskaffers vir die voorsiening van goedere en dienste te gebruik (p29).<br>Ons is ook verbind tot gelyke en deursigtige hulpbrontoewysing om ongelykhede wat die gevolg van die verlede is, die hoof te bied (p65 en106). |
| Natuurlike kapitaal | Ons voeg waarde toe deur verskeie 'groen' inisiatiewe en projekte op die kampusse (p108). |

## ons ekonomiese omgewing

Die universiteit het te kampe met uitdagings soos dalende subsidie-inkomste in reële terme (met die DHOO se uitfasering van die multikampussubsidie as 'n bydraende faktor) en die impak van die ongestadigdheid van internasionale ekonomieë op die Suid-Afrikaanse ekonomie.

Selfs met uitdagings soos hierdie wat, onder andere, tot 'n styging in studenteskuld en 'n afname in derdegeldstroominkomste bygedra het, het die NWU daarin geslaag om 'n surplus op te lewer en sodoende die fundamentele gesondheid van ons finansiële stand te onderstreep.

Al hoe meer jongmense in Suid-Afrika wil studeer, maar as gevolg van moeilike ekonomiese omstandighede beskik nie almal van hulle oor die nodige middele nie. Vir die 2014- finansiële jaar is 'n bedrag van R694,1 miljoen deur die kantore vir finansiële hulp op die drie kampusse geadministreer, waarvan R180,5 miljoen uit die NWU se eie fondse was. Die NWU het probleme met die laat betaling van eise deur NSFAS ondervind, met die gevolg dat eise ter waarde van R11 miljoen teen die einde van Desember 2014 nie betaal was nie.

Hieronder volg 'n uiteensetting van hoe hierdie omgewing ons kapitaalvorme sowel as ons strategie en sake-aktiwiteite beïnvloed:

| Kapitaal | Ons reaksie (implementering van ons strategie/Institusionele Plan deur ons sake-aktiwiteite) |
|---|---|
| Intellektuele kapitaal | Ons voeg waarde toe deur meer akademiese programme te ontwikkel en sodoende 'n toename in studentetalle en klasgeld te verseker (p74). |
| Mensekapitaal | Ons voeg waarde toe deur uit ons eie fondse beurse aan studente toe te ken en deur finansiële steun te voorsien vir die opleiding, ontwikkeling en verdere onderwys van ons personeellede (p90 en p97).<br>Ons het ook ongeveer 52,9% van ons begroting aan personeelvergoeding bestee. |
| Maatskaplike en verhoudings-kapitaal | Ons voeg waarde toe deur gedeelde waarde vir ons gemeenskappe te skep en bied ons kundigheid aan teen minimale of geen koste deur volhoubare gemeenskapbetrokkenheidsaktiwiteite (p27).<br>Ons infrastruktuurontwikkeling lei tot regstreekse besteding in die plaaslike ekonomie, werkskepping en vaardigheidsontwikkeling (p27).<br>Personeel en studente bestee geld in die dorpe en stede waar ons kampusse geleë is (p28). |
| Vervaardigde kapitaal | Ons voeg waarde toe deur ons eie fondse en fondse ontvang van die DHOO se infrastruktuur- en Doeltreffendheidsfonds aan kapitaal-infrastruktuur- en instandhoudingsprojekte te bestee (p106). |
| Finansiële kapitaal | Ons voeg waarde toe deur te streef na die verhoging van ons inkomste, byvoorbeeld deur derdegeldstroominkomste te verdien deur kundige dienste aan die nywerheid te lewer, of ons patente te kommersialiseer (p82).<br>Ons voeg ook waarde aan die ekonomie toe deur grade en diplomas toe te ken en daardeur tot die Suid-Afrikaanse werksmag by te dra (p73). |
| Natuurlike kapitaal | Ons voeg waarde toe deur fondse aan elke kampus toe te deel om in verskeie 'groen' inisiatiewe te belê, byvoorbeeld herwinnings- en elektrisiteitsbesparingsveldtogte (p108). |

## ons tegnologiese omgewing

Waar ons in 'n era van vinnige tegnologiese ontwikkeling leef, moet ons op hoogte bly van die jongste tegnologieë wat vir onderrig-leer en navorsing gebruik word.

Dit verg deurlopende ondersoeke na die gebruik van inligtings- en kommunikasie- asook ander tegnologieë in alle onderrig-leer- en navorsingsomgewings.

Die NWU het ook die verantwoordelikheid om hoogs geskoolde graduandi te lewer wat tot die ontwikkeling van tegnologie in verskeie velde kan bydra.

Hieronder volg 'n uiteensetting van hoe hierdie omgewing ons kapitaalvorme sowel as ons strategie en sake-aktiwiteite beïnvloed:

| Kapitaal | Ons reaksie (implementering van ons strategie/Institusionele Plan deur ons sake-aktiwiteite) |
|---|---|
| Intellektuele kapitaal | Ons voeg waarde toe deur die akademiese programme van hoë standaard te ontwikkel en aan te bied ten einde graduandi te lewer wat voorbereid is op die spoed en effek van tegnologiese ontwikkeling en veranderings en self in staat sal wees om tot hierdie verskynsel by te dra (p73).<br>Ons voeg ook waarde toe deur moderne tegnologie te gebruik om afstandsonderrigprogramme af te lewer deur ons Eenheid vir Oop Afstandsleer (p75). |
| Mensekapitaal | Ons voeg waarde toe deur ons personeel op te lei om by te hou met die jongste tegnologieë wat vir onderrig-leer, navorsing en aktiwiteite ter ondersteuning van hierdie kernbesigheidsaktiwiteite gebruik word (p74). |
| Maatskaplike en verhoudings-kapitaal | Ons voeg waarde toe deur moderne tegnologieë en nuwe media te gebruik om met belanghebbers te kommunikeer oor sake rakende die NWU (p99). |
| Vervaardigde kapitaal | Ons voeg waarde toe deur die jongste tegnologie in alle aspekte van die universiteit se bedrywighede, van onderrig-leer en navorsing tot studenteadministrasie, biblioteekdienste, finansiële bestuur en verslagdoening, en bestuur van intellektuele eiendom te verkry en in stand te hou (p107). |
| Finansiële kapitaal | Ons verlaag ons finansiële kapitaal deur te belê in moderne toerusting en ander tegnologieë om seker te maak dat die beste en jongste tegnologieë ons kernbesigheid ondersteun (p107). |
| Natuurlike kapitaal | Ons voeg waarde toe deur moderne tegnologie soos videokonferensiefasiliteite of elektroniese kommunikasie te gebruik om papiergebruik en reise te beperk en sodoende ons koolstofvoetspoor te verminder (p84). |

## markkragte

Ons ding mee om studente en personeel met die ander 25 hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika.

Hieronder volg 'n uiteensetting van hoe hierdie omgewing ons kapitaalvorme sowel as ons strategie en sake-aktiwiteite beïnvloed:

| Kapitaal | Ons reaksie (implementering van ons strategie/Institusionele Plan deur ons sake-aktiwiteite) |
|---|---|
| Intellektuele kapitaal | Ons voeg waarde toe deur akademiese programme te ontwikkel wat nie geredelik by ander hoëronderwysinstellings beskikbaar is nie (p72 en p101). Deur dit te doen, lok ons meer studente.<br>Ons doen ook hoëkwaliteitnavorsing om te verseker dat ons onder die voorste ses navorsingsuniversiteite in Suid-Afrika bly (p12). |
| Mensekapitaal | Ons voeg waarde toe deur daarna te streef om van die beste personeel in die sektor te lok en te behou, en daardeur bou ons die NWU se beeld en maak ons dit aantrekliker vir studente (p79). Gedurende afgelope vyf jaar het die getal NWU-navorsers wat deur die Nasionale Navorsingstigting (NNS) gegradeer is van 117 tot 190 toegeneem en die getal postdoktorale genote van 69 tot 164 (p66). |
| Maatskaplike en verhoudings-kapitaal | Ons voeg waarde toe deur die NWU-handelsmerk uit te bou (p99).<br>Ons het ook wisselwerking met interne en eksterne belanghebbers om lojaliteit en goedgesindheid te bevorder sodat die NWU hul eerste keuse van hoëronderwysinstellings sal wees (p98).<br>Ons bemark die NWU en werf studente (p100). |
| Vervaardigde kapitaal | Ons voeg waarde toe deur infrastruktuur (geboue, toerusting, ens) te ontwikkel en in stand te hou volgens 'n 10-jaar-makro-instandhoudingsplan, om seker te maak dat ons infrastruktuur positief met dié van ander SA-universiteite vergelyk (p106). |
| Finansiële kapitaal | Ons voeg waarde toe deur seker te maak dat die NWU een van die meer finansieel stabiele en volhoubare universiteite in die land bly (p110). |
| Natuurlike kapitaal | Ons voeg waarde toe deur daartoe te streef dat ons koolstofvoetspoor en ons verbintenis tot 'n volhoubare omgewing goed in die sektor vergelyk (p108). |

## ons natuurlike omgewing

Ons woon in 'n land waar natuurlike hulpbronne, veral water, skaars is. Nog 'n uitdaging is om die beurtkrag te hanteer wat deur Eskom ingestel is.

Hieronder volg 'n uiteensetting van hoe hierdie omgewing ons kapitaalvorme sowel as ons strategie en sake-aktiwiteite beïnvloed:

| Kapitaal | Ons reaksie (implementering van ons strategie/Institusionele Plan deur ons sake-aktiwiteite) |
|---|---|
| Intellektuele kapitaal | Ons voeg waarde toe deur spesifieke modules wat omgewingsbeginsels bevat in die kurrikulum in te voer (p30).<br>Ons doen ook navorsing wat tot die voordeel van die omgewing sal strek en volhoubare energiegebruik bevorder, soos waterstof- en biodieselproduksie (p108). |
| Mensekapitaal | Ons voeg waarde toe deur personeel en studente te sensiteer om natuurlike hulpbronne verantwoordelik te gebruik, en ons inisieer groenkampusprojekte (p108). |
| Maatskaplike en verhoudings-kapitaal | Ons voeg waarde toe deur groen produkte vir gebruik by die NWU te koop, van energiebesparingsgloeilampe en -stortkoppe in koshuise tot volhoubaar voorsiende korporatiewe geskenke, waarvan baie deur ons volhoubare gemeenskapsbetrokkenheidprojekte geproduseer word (p108). |
| Vervaardigde kapitaal | Ons voeg waarde tot deur natuurlike hulpbronne verstandig te gebruik en vermorsing te beperk wanneer ons bouwerk doen of infrastruktuur in stand hou.<br>Ons streef daarna om riglyne vir groen geboue in gedagte te hou wanneer ons nuwe geboue oprig. (Die gebou vir ingenieurswese – op die Potchefstroomkampus – is volgens groen standaarde gebou.) (p29) |
| Finansiële kapitaal | Beurtkrag het 'n impak op ons finansies en verminder ons finansiële kapitaal omdat dit ons noodsaak om noodkragopwekkers tydens beurtkragtydperke te laat loop. |
| Natuurlike kapitaal | Ons voeg waarde toe deur ons natuurlike hulpbronne verstandig te gebruik. Ons gebruik byvoorbeeld grys- (afval-) of stormwater om ons kampustuine te besproei, en ons plant geharde inheemse plante. Die tuin by die ingenieursgebou waarna vroeër verwys is, is 'n goeie voorbeeld hiervan (p109). |

## ons belanghebbersverwagtinge

Ons belangrikste belanghebbersgroepe word in die tabel op p5 uiteengesit.

Hierdie verskillende belanghebbers het verskillende verwagtinge, en dit raak ons kernbesigheidsaktiwiteite. 'n Paar voorbeelde word in die tabel hieronder genoem.

Hieronder volg 'n uiteensetting van hoe hierdie omgewing ons kapitaalvorme sowel as ons strategie en sake-aktiwiteite beïnvloed:

| Belanghebbers | Verwagting | Ons reaksie (implementering van ons strategie/ Institusionele Plan deur ons sake-aktiwiteite) | Uitwerking op ons kapitaalvorme |
|---|---|---|---|
| Ouers, studente, die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO), donateurs, die nywerheid en sakewêreld | Hulle verwag 'n hoë opbrengs op hul beleggings: akademiese en navorsingsprogramme van hoë gehalte, goed opgeleide akademici, hoë slaag-, deurvloei- en gradueringsyfers, hoëkwaliteit-kwalifikasies en aanstelbare graduandi. | Ons verbeter deurlopend die kwaliteit van ons onderrig-leer (p74) en navorsing (p78).<br>Ons ontwikkel akademiese (p74) en navorsingsprogramme (p78) van hoë gehalte.<br>Ons verseker die kwaliteit van al ons kernbesigheidsaktiwiteite (p85).<br>Ons doen steeds opleiding en ontwikkeling van ons personeellede (p97). | Deur hierdie aktiwiteite voeg ons waarde aan ons intellektuele kapitaal toe (deur ontwikkeling van nuwe akademiese en navorsings-programme, strategieë, ens) en verminder ons die waarde van ons finansiële kapitaal (deur betaling van salarisse) en ons omgewingskapitaal* (deur natuur-like hulpbronne te gebruik en afval te skep). Terselfdertyd verhoog ons ook ons finansiële kapitaal, byvoorbeeld deur kundige dienste aan die nywerheid te lewer (wat derdegeldstroominkomste verdien). |
| DHOO | Die departement verwag:<br>▶ transformasie<br>▶ studentetoegang<br>▶ herstel, diversiteit en gelykheid | Ons dryf transformasie (p64).<br>Ons maak seker dat alle kwalifiserende studente toegang tot die NWU het (p64 en p77).<br>Ons streef daarna om ons diversiteits- en gelykheidsteikens te bereik (p64). | Deur hierdie aktiwiteite voeg ons waarde aan ons mensekapitaal en aan ons maatskaplike en verhoudingskapitaal toe.<br>Ons verminder die waarde van ons finansiële kapitaal** (deur byvoorbeeld te betaal vir tolkdienste om toegang te bevorder). |
| Alle belang-hebbers | Hulle verwag almal goeie, deursigtige korporatiewe bestuur. | Die Raad bestuur die NWU ingevolge die Statuut (p44). | Etiese en deursigtige aktiwiteite voeg waarde aan al ons kapitaalvorme toe. |
| Gemeenskap | Hulle verwag van ons om hul behoeftes te vervul en hul probleme op te los om sodoende hul lewenskwaliteit te verbeter. | Ons maak navorsing en innovasie moontlik, wat die lewens van mense verbeter, en bevorder dit (p82).<br>Om bogenoemde te bereik, doen ons voortdurende ontwikkeling en opleiding van ons personeellede (p97).<br>Ons implementeer ons akademici se kundigheid en kommersialiseer hul navorsingsresultate (p82).<br>Ons onderneem volhoubare gemeenskaps-betrokkenheid-aktiwiteite en belyn dit met ons kernbesigheidsaktiwiteite (p103).<br>Ons betrek studente by ons gemeenskap-betrokkenheid-aktiwiteite en optimaliseer daardeur studentedeelname en werkgeïntegreerde en indiensleer (p103). | Hierdie aktiwiteite voeg waarde aan ons maatskaplike en verhoudingskapitaal in die besonder toe, maar ook aan ons intellektuele, mense- en finansiële kapitaal. |

* In al ons aktiwiteite gebruik ons natuurlike en ander hulpbronne, soos water, elektrisiteit, papier en chemikalieë, en in die proses skep ons afval en besoedel die omgewing.

** Geld is nodig vir feitlik al ons aktiwiteite, en daardeur word die waarde van ons finansiële kapitaal verminder. Andersyds is baie van ons aktiwiteite daarop gemik om inkomste te verhoog en voeg dit dus waarde aan ons finansiële kapitaal toe (byvoorbeeld die ontvang van klasgeld vir die aanbieding van akademiese programme, en die verdien van derdegeldstroominkomste uit die kommersialisering van navorsingsresultate).

Inligting oor die organisasie se kort-, medium- en langtermynverwagtinge wat betref die eksterne omgewing was nie beskikbaar nie, maar ons beplan om dit in die toekoms in te sluit.

# ons kernbesigheidsaktiwiteite – hoe ons waarde skep

**onderrig-leer en navorsing**

... met gemeenskapsbetrokkenheid as 'n geïntegreerde deel van hierdie aktiwiteit

## ons waardeskeppingsproses

Die NWU gebruik die onderskeie kapitaalvorme as insette en, deur ons wisselwerkings en kernbesigheidsaktiwiteite (onderrig-leer en navorsing), transformeer ons dit in uitsette wat op hul beurt tot uitkomste in die vorm van uitwerkings op die kapitaalvorme lei. (Die uitwerkings impliseer dat waarde geskep, verander of verminder word.)

### ons insette
(met gebruik van ons kapitaalvorme om waarde te skep)

- Personeel en studente (mensekapitaal) (p88)
- Eksterne belanghebbers en vennote (maatskaplike en verhoudingskapitaal) (p98)
- Geld (finansiële kapitaal) (p110)
- Materiaal (natuurlike kapitaal) (p108)
- Navorsing, innovasie, tegnologie-oordragvermoëns en intellektuele eiendom (intellektuele kapitaal) (p78)
- Toerusting, infrastruktuur (vervaardigde kapitaal) (p106)
- Onderrig-leervermoëns en intellektuele eiendom (intellektuele kapitaal) (p72)

### ons interne omgewing:

- ons visie, missie en strategie (p10)
- ons Institusionele Plan (p63)
- ons Statuut, beleide, prosedures en reëls (p12 en p44)

### ons kernbesigheidsaktiwiteite

- ons prestasie teenoor ons teikens (p66)
- onderrig-leer (p72)
- navorsing (p78)
- ons risiko's en geleenthede (p18)

### ons eksterne omgewing:

- regsomgewing (p12)
- politieke omgewing (p13)
- ekonomiese omgewing (p14)
- tegnologiese omgewing (p14)
- markkragte (p15)
- natuurlike omgewing (p15)
- belanghebbersverwagtinge (p16)

### ons uitsette
(hoe ons sake-aktiwiteite en dienste – en die resultate daarvan – die waarde van ons kapitaalvorme verander)

- Ons gee lesings, bied werkswinkels en opleidingsessies aan en hou vergaderings (mensekapitaal) (p97)
- Ons lewer welstandsdienste vir personeel en studente (mensekapitaal) (p91 en p95)
- Ons ontwerp en bied akademiese programme aan (intellektuele kapitaal) (p72)
- Ons doen navorsing, innoveer en ontwikkel patente (intellektuele kapitaal) (p78)
- Ons is betrokke by gemeenskappe (maatskaplike en verhoudingskapitaal) (p98)
- Ons gebruik natuurlike hulpbronne (natuurlike kapitaal) (p108)
- Ons skep afval (natuurlike kapitaal) (p108)

### ons uitkomstes
(wat ons uitset vir ons kapitaalvorme beteken of hoe dit hulle affekteer)

| Kort termyn | Medium termyn | Lang termyn |
|---|---|---|
| Ons verbeter kennis en vaardighede (mensekapitaal) (p72 en p97)<br>Ons beïnvloed houdings en menings (mensekapitaal) (p98)<br>Ons beïnvloed inspirasies en motiverings (mensekapitaal) (p90 en p95) | Ons verseker hoëkwaliteitonderrig en leer (mense- en intellektuele kapitaal) (p72)<br>Ons dra by tot die era van kennis: ons verbeter die algehele kennis van die NWU en sy belanghebbendes (mensekapitaal p97, intellektele kapitaal p72 en maatskaplike/ verhoudingskapitaal) (p98)<br>Ons verhoog die kwaliteit en kwantiteit van navorsing (intellektuele kapitaal) (p78)<br>Ons bevorder en fasiliteer innovasie (intellektuele kapitaal) (p81)<br>Ons verseker goeie slaag-, deurvloei- en gradueringskoerse (mense-, intellektuele en finansiële kapitaal) (p66)<br>Ons lewer goed afgeronde studente (mense-, maatskaplike/ verhoudings- en finansiële kapitaal) (p92)<br>Ons stuur loopbane van stapel (mense- en finansiële kapitaal) (p73 en p90)<br>Ons dra by tot die arbeidsmag (finansiële kapitaal) (p73 en p116)<br>Ons pak skaars vaardighede aan (mense- en finansiële kapitaal) (p43)<br>Ons inspireer lewenslange leer (mense- en intellektuele kapitaal) (p75)<br>Ons inspireer lojaliteit teenoor die NWU (mensekapitaal en maatskaplike en verhoudingskapitaal) (p100 en p101)<br>Ons beïnvloed besluitneming en beleidmaking (maatskaplike en verhoudingskapitaal) (p101) | Ons pak plaaslike, nasionale en internasionale behoeftes aan (alle kapitaalvorme)<br>Ons verbeter lewensomstandighede en verander die kwaliteit van lewens (alle kapitaalvorme)<br>Ons het 'n impak op die ekonomie en die omgewing (alle kapitaalvorme)<br>Ons het 'n impak op volhoubaarheid (alle kapitaalvorme)<br>Ons beïnvloed die toekoms (alle kapitaalvorme) |

# verligting van ons risiko's

In die uitvoering van die NWU se daaglikse sake-aktiwiteite kom ons voor spesifieke risiko's te staan wat ons vermoë beïnvloed om waarde op die kort, medium en lang termyn te skep. In hierdie afdeling noem ons die 18 belangrikste risiko's en gee ons meer inligting oor die evaluering van risikoblootstelling, risikobestuur en die interne beheermaatreëls wat in plek is.

Soos die geval met al ons aktiwiteite is, is verligting van ons risiko's aan die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63) gekoppel, en in die besonder aan missie-element 5*.

*Hierdie element verklaar dat die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansieel lewensvatbare en innoverende instelling geposisioneer moet word, met 'n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.

Een van die doelwitte van hierdie missie-element is om 'n sterk fokus op risikobestuur en voldoening te handhaaf.

## ons belangrikste strategiese risiko's

Die NWU word daagliks deur verskeie strategiese, bedryfs-, finansiële en voldoeningsrisiko's gekonfronteer, en dit is hoekom deurlopede monitering en bestuur van risiko vir ons baie belangrik is.

In 2014 is 'n omvattende konsultasieproses onderneem. Altesaam 29 werkswinkels is saam met senior belanghebbers gehou en het tot gevolg gehad dat risiko's in 18 strategiese sleutelrisiko's gegroepeer is.

Hierdie lys word nie as 'n volledige, omvattende oorsig van alle aspekte van die NWU se sleutelrisiko's aangebied nie; dit is eerder bedoel om gebruik te word as 'n vertrekpunt vir dialoog en debat onderweg daarna om verdere sleutelrisiko's van die instelling te verstaan en te spesifiseer.

Die risiko's is volgens die volgende risikokategorieë gegradeer:

- Drie kategorieë (soos voorgestel deur Kaplan en Mikes, 2012) om risiko op strategiese en besluitnemingsvlak te identifiseer. Die kategorieë is strategie-inherente risiko's, eksterne nievoorkombare risiko's en interne voorkombare risiko's.
- Vier kategorieë wat met risiko-tipes verband hou om voorsiening te maak vir groter begrip van risiko's gedurende beplanning en besluitneming. Dit is strategiese risiko's (S), bedryfsrisiko's (O), voldoeningsrisiko's (C) en finansiële risiko's (F).
- 'n Drievlak-risiko-evalueringsklassifikasie vir die gradering van risiko's. Hierdie vlakke is waarskynlikheid (L), impak van risikogebeurtenis (I) en risikobeheerdoeltreffendheid (RCE).

Die gradering soos in die tabel hieronder aangetoon, is deur 'n eenvoudige drievlakgradering van hoog/medium/laag bepaal.

| Vlak | Waarskynlikheid | Impak van risikogebeurtenis | Risiko-beheerdoeltreffendheid (RCE) |
|---|---|---|---|
| Laag | Onverwags (1) | Kan binne bestaande strukture bestuur word (1) | Ontoereikend – sleutelbeheermaatreëls is afwesig of ontoereikend. Onmiddellike regstellende optrede word vereis (3) |
| Medium | Waarskynlik (2) | Groot bykomende hulpbronne nodig om impak te bestuur (2) | Regstellende optrede vereis (2) |
| Hoog | Verwag (3) | Beduidende impak op organisasie se strategiese doelstellings (3) | Bevredigend – geringe verbeterings nodig (1) |

Die resultaat van die gradering van residuele risiko is waarskynlikheid (L) X impak (I) X risikobeheerdoeltreffendheid (RCE).

Die meeste van die risiko's val in die interne, voorkombare kategorie, met slegs drie in die eksterne nievoorkombare kategorie en geen in die strategie-inherente kategorie nie.

## Sleutelrisiko's NWU Mei 2014


**Impak van risikogebeurtenis**

*Let wel: Die diagram neem groter uitwerking van impak en moontlike verligting of verergerende uitwerking van beheermaatreëls in berekening wanneer die diagram vertolk word. Voordele: Groter korrelagtigheid*

**Hoog = 3**
(Beduidende impak op organisasie se strategiese doelstellings)

**Medium = 2**
(Groot bykomende hulpbronne nodig om impak te bestuur)

**Laag = 1**
(Impak kan in bestaande strukture bestuur word)




**Laag = 1**
**Onverwags**

**Medium = 2**
**Waarskynlik**

**Hoog = 3**
**Verwag**

**Waarskynlikheid van risikogebeurtenis**

**Risikobeheerdoeltreffendheid (RCE)**

**Hoog** – Bevredigend – Geringe verbeterings nodig = 1

**Medium** – Regstellende optrede vereis = 2

**Laag** - Ontoereikend – Sleutelbeheermaatreëls is afwesig of ontoereikend. Onmiddellike regstellende optrede word vereis = 3

Totale gradering = Impak*Waarskynlikheid*RCE

**Sleutel**

| |
|---|
| **Ekstern** (Nievoorkombaar) |
| **Intern** (Voorkombaar) |
| **Strategie-inherent** (Vrywillig gedoen as deel van strategie) |

| Hoë risiko's | Kodering | Gradering van residuele risiko (Ix W x RCE) |
|---|---|---|
| kommunikasie en bemarking | Sa | 27 |
| afleweringskanale vir onderrig en leer | Se | |
| leierskapsoorgang | Sb | |
| bestuursmodel | Sc | |
| risikobestuur | Sd | |
| transformasie | Sf | |
| studente-ervaring | Sg | |
| studentedeurvloei | Sh | |
| bestuursinligting | Oa | 18 |
| werwing en behoud van personeel | Ob | |
| akademiese programme: nieformele programme - prosesse en stelsels | Cb | 12 |
| akademiese programme: akkreditering van formele programme, beleide, prosedures, riglyne en reëls | Ca | |
| | Od | |

| Medium risiko's | Kodering | Gradering van residuele risiko |
|---|---|---|
| wetlike voldoening | Cc | 12 |
| sake-voortsetting | Oc | |
| akademiese program: een instelling | Si | 8 |
| befondsingsmodel | Fa | |
| veiligheid, gesondheid en omgewing | Oe | 6 |

In die tabel wat volg, word die ses hoogsgegradeerde risiko's waarmee die NWU te kampe het en die verligtingsaksies vir elk van die genoemde risiko's beskryf.

## Hoë risiko

| Risiko | Beskrywing van risiko | Verligtingsaksies |
|---|---|---|
| Kommunikasie en bemarking | *Doeltreffendheid van interne kommunikasie moet nagegaan word.*<br>*Ontoereikende "een stem"-kommunikasie met eksterne partye gedurende krisisse.*<br>*Probleme word met die NWU-webwerf ervaar.*<br>*Die NWU bemarkingsbenadering is nie toereikend geïntegreer nie en word gesien as dat dit insette van akademiese personeel kortkom.* | • *Skep geleenthede vir personeel om interaksie met senior bestuur te hê.*<br>• *Belyn internet-kommunikasiekanale regdeur die NWU.*<br>• *Verseker gekoördineerde kommunikasie vanaf bestuur.*<br>• *Ontwikkel die web om kliëntgeoriënteer en nie struktuurgeoriënteer te wees nie.*<br>• *Maak webinstandhouding 'n kritieke prestasieaanwyser (KPA).*<br>• *Herbedink die bestuursmodel.* |
| Onderrig- en leeraflleweringskanale | - *'n Bedreiging het in die hoëronderwyslandskap ontstaan as gevolg van nuwe tegnologiegebaseerde leergeleenthede, wat verhoogde mededinging skep, byvoorbeeld deur massiewe oop aanlyn kursusse.*<br>- *Risiko's ten opsigte van vervlegte leer: Ontoereikende strategie, 'n gebrek aan hulpbronne, ontoereikende leiding deur die DHOO, en geen voorsiening vir hoe huidige studente leer nie. Daar is ook 'n risiko van wanbelyning in die akademiese periodes en stelsels tussen die NWU en die Eenheid vir Oop en Afstandsleer (EOAL).*<br>- *Die Open Learning Group-kontrak loop ten einde sonder enige voorsiening tot dusver vir 'n alternatief.* | • *Vervlegte leer: Maak voorsiening vir 'n hersiene onderrig-leer-strategie om vervlegte leer, 'n bestuurskomitee, akademiese programspanne dwarsoor kampusse, 'n padkaart en strategiese befondsing in te sluit.*<br>• *Tegnologie: Maak voorsiening vir 'n sterk onderrig-leer-strategiedirektief, 'n plan vir akademiese ondersteuningsdienste, verhoogde toegang tot en gebruik van tegnologie in lesinglokale en vir afstandsleer, steun van IT, en belyning tussen eie en IT-strategie asook finalisering van die onderrig- en leerstrategie.*<br>• *Belyn EOAL-stelsels met die universiteit se administratiewe stelsels.* |
| Leierskaps-oorgang | Verbandhoudende risiko's:<br>- *oorgang na die nuwe visekanselier*<br>- *onsekerheid oor die strategiese rigting van die instelling*<br>- *inkonsekwente kommunikasie vanaf verskillende leiers by die NWU*<br>- *persepsie van 'n gebrek aan bestuursdeursigtigheid in kommunikasie met belanghebbers* | • *Lede van institusionele bestuur en viserektore het strategiese sessies gehou, met meer sessies wat sal volg.*<br>• *Konsultasiesessies met personeel sal gehou word.*<br>• *Om die onsekerheid teen te werk: betrek personeel by die strategiese denke, depolitiseer alle strategiese denke en bou vertroue onder personeel en studente.* |
| Bestuursmodel | - *Die Institusionele Kantoor is groter as wat verwag is en van die gesentraliseerde ondersteuning is ondoeltreffend.*<br>- *Vae rolle en indirekte rapporteringslyne ontmagtig sleutelbesluitnemers en gesentraliseerde ondersteuningsdienste.*<br>- *Strategiese doelstellings: institusionele bestuur word gesien as sou hulle kampusbehoeftes oor die hoof sien, die Institusionele Plan en kampussakeplanne is wanbelyn en die NWU is stadig om op eksterne veranderinge te reageer.*<br>- *Onderrig-leer: groot getal deeltydse dosente.*<br>- *Personeel word vergoed en bevorder omdat hulle navorsingsinnovasiedoelstellings bereik en nie vir onderrig-leer nie; navorsingsuitset word vir kwantiteit en nie kwaliteit nie gemeet.*<br>- *Eksterne mededinging: Die NWU word nie as 'n voorkeurwerkgewer beskou nie, twee nuwe SA-universiteite is gestig en NWU-kampusliggings is nie 'n aantrekkingskrag vir potensiële werwelinge nie.* | • *Sterk leierskap en besliste optrede is nodig. Kyk behandeling soos aangedui by leierskapskrisis (hierbo).*<br>• *'n Strategiese oorsigspan moet belanghebbendes raadpleeg en verskeie moontlike bestuursmodelle ontwikkel wat dit makliker sal maak om 'n nuwe strategie vir die NWU te voorsien. 'n Finale model sal in 2015 deur die Raad goedgekeur word.* |
| Risikobestuur | - *'n Holistiese, geformaliseerde benadering tot risikobestuur is afwesig.*<br>- *Risikobestuur is nie formeel in strategiese besluitneming geïntegreer nie.*<br>- *Ontoereikende begrip bestaan op uitvoerende bestuursvlak vir die potensiële waarde van geïntegreerde risikobestuur in strategiesebeplannings- en bedryfsbeplanningsprosesse.* | • *Doen dringend strategiese herstrukturering.*<br>• *Betrek die kampusse by die Risikobestuursforum.*<br>• *Maak risiko-evaluering 'n agendapunt by maandelikse bestuursvergaderings.*<br>• *Sluit risiko-evaluering by individuele prestasieooreenkomste in.* |
| Transformasie | - *Risiko's rakende korporatiewe identiteit: Ten spyte van handelsmerk-vestigingspogings, beskou baie belanghebbers die universiteit as PUK en nie NWU nie; 'n gemeenskaplike begrip van die NWU se korporatiewe identiteit is afwesig en daar is 'n waarneembare gebrek aan oorkoepelende transformasie en 'n eenvormige NWU-kultuur.*<br>- *Risiko's verbonde aan die Potchefstroomkampus: Waarneembare gebrek aan algehele transformasie, verpolitisering van die maatstawwe vir omskrywing van hul nismark, onsekerheid oor toekomstige taalgebruik, bekommernisse dat kampusbehoeftes en -identiteit oor die hoof gesien kan word wanneer transformasie bespreek word.*<br>- *Algemene risiko's: Transformasie word eng beskou as indiensnemingsgelykheidsgetalle, daar is ontoereikende beplanning vir eksterne markbehoeftes, en 'n persepsie bestaan dat die NWU 'n politieke agenda het wat strydig met die land se demografie is.*<br>- *Risiko's met betrekking tot indiensnemingsgelykheid: Beperkte nasionale vaardigheidspoel en probleme met die lok en behoud van sleutelpersoneel.* | • *Institusionele bevordering en die drie kampusse moet die NWU-handelsmerk onder interne en eksterne belanghebbers vestig en bevorder. Die NWU moet as 'n transformerende en verenigde universiteit beskou word.*<br>• *Volg 'n geïntegreerde benadering tot strategie om besluite oor hulpbrontoewysing te vorm (met inbegrip van befondsing en poste).*<br>• *Onderrig-leer: Hanteer ongunstige personeel/studente-verhoudings, verhoog belonings vir onderriguitnemendheid en oorweeg hulpbronne wanneer inskrywings per kampus beplan word.*<br>• *Navorsing: Koppel prestasieooreenkomste van personeel aan die institusionele en kampusplanne.*<br>• *Studente:*<br>- *Belyn oriëntasieprogram van al drie kampusse en lei eerstejaarstudente en huiskomiteelede op oor menseregte.*<br>- *Vereenvoudig dissiplinêre regulasies en prosedures vir menseregteoortredings.*<br>- *Verseker dat deelname aan sport en kultuuraktiwiteite vrywillig is – die akademie moet die hooffokus in koshuislewe wees.*<br>- *Ontwikkel 'n geïntegreerde sportplan om die behoeftes van alle studente te akkommodeer en leierskapsontwikkeling vir studente van alle kulture te verseker.*<br>- *Gaan voort met bystand aan ondervoorbereide studente, voorsien tegnologiesteun vir akademiese doeleindes en bevorder bewustheid van kampus- en niekampusdienste.* |

# verslag oor die evaluering van risikoblootstelling en risikobestuur

Doeltreffende evaluering van risikoblootstelling en risikobestuur is van primêre belang vir die NWU, veral wat betref die bedryfs-, bestuurs- en korporatiewebestuursvlakke waar risiko's beheer word.

Die Raad bly vol vertroue dat die risikobestuursmaatreëls by die NWU doeltreffend is. Verskeie rolspelers is betrokke by die identifisering, korporatiewe bestuur en bestuur van die risiko's waarmee ons te kampe het. Dit sluit die institusionele bestuur, lynbestuurders, die institusionele registrateur en verskeie Raadskomitees in.

*Erkenning van risiko's*

## die rol van bestuur

Die institusionele bestuur bly verantwoordelik vir die instandhouding van die risikobestuursproses aan die universiteit. Risikoverslae word twee maal per jaar by die komitee se formele vergaderings voorgelê, en notule word gehou.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge.*

Hulle is ook verantwoordelik vir die totstandbrenging van gesonde interne beheermaatreëls om die bereiking van beleide, doelwitte en doelstellings te ondersteun, terwyl die publiek en ander fondse en bates ooreenkomstig die betrokke wetgewing en die universiteit se Statuut beveilig word. (Om te sien wie die lede van die institusionele bestuur is, blaai na p62 van hierdie jaarverslag.)

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

## die rol van bestuurders

Verder is akademiese en ondersteuningsbestuurders verantwoordelik vir die implementering van risikobestuurstrategieë op hul onderskeie gebiede van verantwoordelikheid. Hulle moet ook risiko's aktief verlig deur interne beheermaatreëls konstant te verbeter.

## verslag van die institusionele registrateur

Die institusionele registrateur het die lynfunksie om risiko's te identifiseer, te evalueer en te vertolk, om ingrypingsmaatreëls te tref en om om te sien na alle aspekte van die bestuur van risiko's wat die universiteit raak. Hierbenewens dryf die institusionele registrateur die risikobestuursproses op institusionele bestuursvlak, en hou die NWU-risiko-register in stand.

*Waardetoevoeging: al ons kapitaalvorme*

## die rol van die oudit-, risiko- en nakomingskomitee

Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee hou toesig oor die rol van bestuur, nie slegs in die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuursproses nie, maar ook om 'n doeltreffende beheeromgewing by die universiteit te verseker. Die komitee is bestuur ook behulpsaam met die evaluering van die beduidendste risiko's wat in die risiko-register ingesluit moet word.

Die komitee adviseer die Raad oor die doeltreffendheid van die universiteit se risikobestuursproses en dien omvattende, halfjaarlikse verslae by die Raad in oor beduidende sleutelrisiko's.

## ander rolspelers

Nog twee komitees funksioneer as korporatiewebestuurstrukture in die evaluering van risikoblootstelling en risikobestuur by die universiteit. Dit is die NWU-nakomingskomitee en die NWU Gekombineerde Gerusstellingsforum.

Hierdie komitees handel met die goedkeuring van die institusionele bestuur en die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee en bestaan uit interne personeellede wat behulpsaam is met die deurlopende evaluering van die mees beduidende risiko's wat in die risiko-register van die universiteit ingesluit moet word.

## die rol van interne oudit

Die Interne Oudit-afdeling speel 'n aansienlike rol in die totstandbrenging van 'n universiteitsomgewing wat bevorderlik vir risikobestuur is.

As gevolg van die groeiende wasdom binne die universiteit wat betref die bestuur van risiko's op verskeie vlakke, is daar in 2014 met 'n proses begin om Interne Oudit uit bedryfsrisikobestuursaangeleenthede te onttrek. Die direkteur van Interne Oudit bly egter gedeeltelik betrokke as 'n lid van die Gekombineerde Gerusstellingsforum en die Nakomingskomitee en is dienooreenkomstig daarvoor verantwoordelik om aan die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee te rapporteer.

## hoe ons ons risiko's identifiseer en evalueer

*Skepping van uitsette*

Aan die begin van 2014 is 'n omvattende **raadplegingsproses** gevolg om behoeftes en optrede te identifiseer wat as potensiële risiko's beskou kan word.

Die *waarskynlikheid* van hierdie gebeurtenisse is bepaal en hul *potensiële impak* is geëvalueer ten einde te verseker dat organisatoriese sleuteldoelstellings bereik sal word. Agtien strategiese risiko's is in die risiko-register geïdentifiseer en het uit die raadplegingsproses voortgespruit. Ten einde aanspreeklikheid te verseker, is elke risikogebeurtenis aan spesifieke persone in omskrewe verantwoordelikheidsposisies gekoppel. Elke gebeurtenis is ook volgens die volgende hooftipes risiko's gekategoriseer: strategies, bedryfs, finansieel en nakoming.

*Skepping van uitsette*

Die oorlegplegende risiko-evalueringsproses het 'n **raamwerk** vir risikobestuur tot gevolg gehad. Hierdie raamwerk verseker dat die regulatoriese vereistes vir korporatiewe bestuur toereikend gedek word en dat toereikende bestuursprosedures vir deurlopende evaluering van die risikoblootstelling ontwikkel word.

*Skepping van uitsette*

Van besondere belang is dat die raamwerk poog om die toegevoegde waarde van risikobestuur as 'n strategiese instrument te verhoog, en om die universiteit se voldoening aan die King-kode van Goeie Praktyk te verbeter.

## ons kyk na verskillende risiko's

Hoewel ons tussen "finansiële risiko's" en "niefinansiële risiko's" onderskei, besef ons dat niefinansiële risiko's ook ernstige finansiële implikasies kan inhou. Hulle moet dus dieselfde hoeveelheid aandag as die sogenaamde finansiële risiko's ontvang, en moet gedurende die risikobestuursproses geïdentifiseer en bestuur word.

*Raak al ons kapitaalvorme*

Om die residuele risiko's te bepaal, word 'n gradering van beheerdoeltreffendheid ingesluit as 'n wyse om die prioriteit en vlak van verslagdoening volgens 'n risiko-matriks te rapporteer. Deur die risikobestuursproses word risiko's wat 'n impak op die verwesenliking van die universiteit se visie en missie kan hê, geïdentifiseer en kan dit bestuur word.

Risiko-profiele word binne die normale organisatoriese interne beheerstrukture en -prosedures beheer. Ten spyte van hierdie strukture en prosedures bestaan die potensiaal dat nadelige gebeure kan voorkom en die resultate van normale bedrywighede regdeur die instelling op alle aktiwiteitsvlakke sal raak. Die risikobestuursproses is bedoel om eerstens gerusstelling te voorsien dat die blootstelling aan sodanige "risikogebeurtenisse" geïdentifiseer word, en om tweedens die waarskynlikheid te evalueer dat enige van hierdie gebeurtenisse sal voorkom, sowel as die potensiële impak daarvan.

*Raak al ons kapitaalvorme*

Graderings vir impak, waarskynlikheid, beheerdoeltreffendheid en residuele risiko is ontwikkel ten einde die prioriteit van geïdentifiseerde risiko's te bepaal en hulle dienooreenkomstig te bestuur. Verantwoordelike persone is aan elke risiko gekoppel en die vordering wat gemaak word met die minimalisering van die risiko vir die universiteit word gemoniteer. Die amptelike risiko-register word gereeld bygewerk om hierdie terugvoer in te sluit.

Intussen fokus die universiteit steeds, deur omskrewe verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir bestuur, op beduidende risikogebeurtenisse en op voorwaardes en/of risikoverligtingstrategieë vir geïdentifiseerde risikogebiede.

## bestuur en beheer van gevolge van risiko

Potensiële risikogevolge is deurlopend gedurende 2014 geïdentifiseer en geëvalueer, en die universiteit het die omstandighede waarin sodanige risiko's kon ontstaan, gemoniteer en beheer. Metodes vir die minimalisering van nadelige gevolge is aangewend, gegrond op kostedoeltreffendheidontledings. Om hierdie rede is die risiko-register gereeld bygewerk.

Hierdie maatreëls – en ook die nodige verligtingstrategieë – bly in plek. Bedryfsbestuurders identifiseer en bestuur risikogebeurtenisse en risikogebiede, terwyl die institusionele bestuur strategiese risiko's bestuur. Op hierdie wyse het die korporatiewebestuurstrukture van die universiteit die gerusstelling dat toestande wat tot risiko aanleiding gee, behoorlik bestuur word.



**PROF M VERHOEF**
**AANGEWESE INSTITUSIONELE REGISTRATEUR**



**ME M CLAASSENS**
**VOORSITTER: OUDIT-, RISIKO- EN NAKOMINGSKOMITEE**

Hierdie is 'n effens verkorte en vereenvoudigde weergawe van die Verslag oor Evaluering van Risikoblootstelling en Risikobestuur wat die Raad gedurende hul vergadering gehou op 19 Junie 2014 ooreenkomstig die Regulasies goedgekeur het. Die volledige verslag is beskikbaar in die jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is.

# verslag oor interne administratiewe/ bedryfstrukture en beheermaatreëls

Die Noordwes-Universiteit hou 'n stelsel van interne beheermaatreëls in stand wat redelike gerusstelling voorsien ten opsigte van die:

*Raak al ons kapitaalvorme*

- doeltreffendheid en effektiwiteit van bedrywighede
- betroubaarheid van finansiële verslagdoening en oorkoepelende voldoening aan die betrokke wette en regulasies
- voorkoming van verlies van hulpbronne en bates
- vermindering van regsaanspreeklikheid

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

*Beveiliging van ons finansiële kapitaal*

Die stelsel van interne beheer is ontwerp om redelike gerusstelling te voorsien dat die bedryfsomgewing die beveiliging van die universiteit se bates en die opstel en kommunikering van betroubare finansiële en ander soorte toepaslike inligting bevorder.

## interne beheermaatreëls in stand gehou en gemoniteer

Toepaslike interne beheerpraktyke word in stand gehou deurdat beleide en prosedures gedokumenteer, gemoniteer en bygewerk word, indien toepaslik. Hierbenewens verseker 'n prestasiebestuurstelsel, met toereikende posbeskrywings in ooreenstemming met sleutelprestasieaanwysers, dat daar individuele aanspreeklikheid en behoorlike toekenning van verantwoordelikhede is.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Interne beheermaatreëls word noulettend gemoniteer by wyse van deurlopende prestasie- en begrotingsbestuursprosesse. Hierbenewens moniteer interne ouditeure die funksionering van interne beheerstelsels, rapporteer hulle bevindinge en maak hulle aanbevelings aan bestuur en die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee, en rapporteer hulle beduidende bevindinge aan die Raad. Opvolg- en regstellende optrede handel met beheerontoereikendhede en verbeter stelsels wanneer dit geïdentifiseer word.

Inligtingstelsels wat moderne inligtingstegnologie benut, is ontwikkel en geïmplementeer om doeltreffendheid, effektiwiteit, betroubaarheid en sekuriteit te bewerkstellig. Aanvaarde standaarde word toegepas om privaatheid te beskerm en beheer oor alle data te verseker; dit sluit rampherstel en rugsteunprosedures in. Ander maatreëls sluit in wagwoordbeheermaatreëls, gereelde oorsigte om te verseker dat daar geen botsings in gebruikerstoegangregte is nie en die toereikende integrasie van stelsels.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

In die gebruik van elektroniese tegnologie om transaksies met derde partye en personeel te doen, ontvang aspekte van beheer noulettende aandag, en prosedures is ontwerp en geïmplementeer om die risiko van bedrog of foute tot die minimum te beperk.

Ons is bewus dat daar inherente beperkings op die doeltreffendheid van enige stelsel van interne beheer is, met inbegrip van die moontlikheid van menslike foute en die omseiling of oorheersing van beheermaatreëls.

## beheer oor finansiële verslagdoening

Die maatstawwe vir doeltreffende interne beheer oor finansiële verslagdoening is ingesluit in ons Finansiële Beleid, Verkrygingsbeleid, Beleid oor Delegasies, Algemene Finansiële Riglyne ter ondersteuning van die Finansiële Beleid, die Riglyne vir bestuur van finansiële rekords en verskeie ander finansiesverwante riglyne en prosedures wat tot die beskikking van werknemers is.

Die universiteit is van mening dat, op 31 Desember 2014, ons stelsels van interne beheer oor ons bedryfsomgewing, inligtingsverslagdoening en beveiliging van bates aan die maatstawwe van doeltreffende beheer oor finansiële verslagdoening voldoen. Ons is ook van mening dat interne beheermaatreëls die NWU help om ons doelwitte doeltreffend en effektief te bereik.



**ME M CLAASSENS**
**VOORSITTER: OUDIT-, RISIKO- EN NAKOMINGSKOMITEE**



**ME M VAN DER MERWE**
**DIREKTEUR: INTERNE OUDIT**

Hierdie is 'n verkorte en effens vereenvoudigde weergawe van die Verslag oor Interne Administratiewe/Bedryfstrukture en Beheermaatreëls wat die Raad gedurende hul vergadering gehou op 19 Junie 2014 ooreenkomstig die Regulasies goedgekeur het. Die volledige verslag is beskikbaar in die jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is.

# ons verbintenis tot volhoubaarheid

Deur ons sake-aktiwiteite streef ons as die NWU daarna om waarde aan al ons kapitaalvorme toe te voeg en sodoende waarde vir onsself en ons belanghebbers te skep.

Hierdie waarde moet egter op ʼn volhoubare wyse geskep word om, waar moontlik, skade aan die maatskaplike, ekonomiese en natuurlike omgewings waarin ons bedrywig is, te vermy. Waardeskepping moet ook op so ʼn manier gedoen word dat dit waarde vir die toekoms bewaar.

Om dit te bereik, bly die NWU verbind tot praktyke van volhoubare ontwikkeling wat tot ʼn sterk en gesonde omgewing, ekonomie en gemeenskap bydra, om sodoende die belange van huidige en toekomstige geslagte te beskerm.

## verklaring van die raad oor volhoubaarheid

Volhoubaarheid word beskou as ʼn sleutel-instaatsteller van waardeskepping en bly die leidende beginsel van die universiteit in die bestuur van sy impak op die onmiddellike gemeenskap waarin sy kampusse bedrywig is.

Die Institusionele Plan vir 2014 het verskeie doelwitte in verband hiermee bevat. Een sodanige doelwit was om te verseker dat leeruitkomste die beginsels van goeie burgerskap as ʼn inset in die gesprek oor globale volhoubaarheid weerspieël. ʼn Ander doelwit was belyning en sinergie van kommersialisering en maatskaplikeverbondenheid-aktiwiteite wat aan onderrig-leer en navorsing gekoppel is. Van besondere belang was die doelwit van ontwikkeling, integrering en vestiging van volhoubaarheid as ʼn drywer van strategie en standaardbedryfsprosedures in alle kernbesigheidsaktiwiteite van die universiteit.

Wat betref volhoubaarheid het die NWU ʼn lang rekord van aandag skenk aan omgewings-, maatskaplike en korporatiewe-bestuursaangeleenthede. Sedert 2010 was die NWU Maatskaplike Ontwikkelingstrust betrokke by die bewusmaking en die aanpak van projekte om die sosio-ekonomiese lewe en omgewing van die gemeenskappe onmiddellik omliggend aan die universiteit se kampusse positief te beïnvloed. Die NWU wil op hierdie rekord voortbou en steeds verbeter op die volhoubaarheidsweg wat ons ingeslaan het.

Die volgende tabel gee ʼn hoëvlakoorsig van volhoubaarheidsverwante prestasies in 2014:

| Tipologiese aanwyser | Toepaslike tema | Kruisverwysings na ander afdelings in hierdie jaarverslag, of wesenlike beskrywing | Voertuig vir die aktiwiteit |
|---|---|---|---|
| **Omgewing** | Energie-doeltreffendheid | Groenkampusinisiatief – meer inligting in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal (p108) | Georganiseerde studentelewe via die verteenwoordigende studenterade, en bewusmakingsveldtogte vir personeel om meer verantwoordelike energieverbruik te verseker. |
| | Skoon tegnologieë | Groenkampusinisiatief – meer inligting in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal (p108) | Fakulteit Ingenieurswese van die Potchefstroomkampus. |
| | Saamry en vervoer | Groenkampusinisiatief – meer inligting in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal (p108) | Vind-ʼn-geleentheid: Al drie kampusse neem deel. Deur hierdie opsie te voorsien, wat as ʼn vrywillige aanlyn besprekingsplatform funksioneer, kan kampusse veiliger saamryopsies vir studente en personeel verseker. Die universiteit kan ook die vermindering van sy koolstof-voetspoor bereken op grond van die berekeninge wat deur hierdie diensverskaffer gemaak word. Let asseblief daarop dat dit ʼn nuwe inisiatief is en dat geen berekeninge hier gerapporteer word nie. Hierbenewens het die Potchefstroomkampus in 2014 ʼn kampuspendeldiens geïmplementeer as deel van sy pogings om oplossings vir parkeeruitdagings op die kampus te vind. |
| | Herwinning en afvalbestuur | Groenkampusinisiatief – meer inligting in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal (p108) | Georganiseerde studentelewe via die verteenwoordigende studenterade, en bewusmakingsveldtogte vir personeel om meer verantwoordelike wegdoening van herwinbare produkte te verseker en papierlose vergaderings te bevorder. |

| Tipologiese aanwyser | Toepaslike tema | Kruisverwysings na ander afdelings in hierdie jaarverslag, of wesenlike beskrywing | Voertuig vir die aktiwiteit |
|---|---|---|---|
| **Omgewing** | Kurrikulum-inhoud | Groenkampusinisiatief – meer inligting in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal (p30) | Die Fakulteit Ingenieurswese en die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies op die Potchefstroomkampus het gepoog om omgewingsaspekte in kurrikulums in te sluit. |
| | Watergebruik | Groenkampusinisiatief – meer inligting in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal (p108) | Georganiseerde studentelewe via die verteenwoordigende studenterade, en bewusmakingsveldtogte vir personeel op die Vaaldriehoekkampus. Hierbenewens het die NWU se afdeling Institusionele Infrastruktuur en Beplanning 'n projek op die Potchefstroomkampus uitgevoer wat die installering van watermeters vir die monitering van gebruik behels het. |
| | Biodiversiteit | Groenkampusinisiatief – meer inligting in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal (p108) | NWU-Vaaldriehoekkampus se Groenkampuskomitee het as drywer opgetree vir bewusmaking en voldoening aan omgewingsreg. |
| | Beweging na 'n papierlose omgewing vir NWU-vergaderings | Meer inligting in die afdeling oor ons natuurlike kapitaal (108) | |
| **Gemeenskap** | Huidige gemeenskaps-betrokkenheids-inisiatiewe en impakte | Meer inligting in die afdeling oor ons maatskaplike en verhoudingskapitaal (p98) | Georganiseerde studentelewe, via die verteenwoordigende studenterade, speel 'n belangrike rol deur vrywillige dienslewering. Deur die NWU se strategie van wederkerigheid, wat wedersydse voordeel verseker, dryf die universiteit egter gemeenskapsbetrokkenheid as deel van die kernbesigheid, hoofsaaklik deur navorsing en in 'n mindere mate deur indiensleer. |
| | Personeel- en studente-welstand-programme | Meer inligting in die afdeling oor ons mensekapitaal (p88) | Wellness 4U |
| **Ekonomie** | Teenkorrupsie-bewusmaking en opleiding | Interne Oudit het 'n jaarlikse program vir die aanbied van werkswinkels om bewusmaking van teenkorrupsie-aangeleenthede te doen (p33) | Opleidingsprogram van Interne Oudit |
| | Opleiding in beroeps-gesondheid en veiligheid | Meer inligting op p34 | Beroepsgesondheid en Veiligheid |
| | Botsing van belange | 'n Verklaring van Belangebotsings word jaarliks deur elke personeellid onderteken (p86). | Interne Oudit en Mensekapitaal |

Die Raad het die verklaring ooreenkomstig die Regulasies goedgekeur gedurende die Raadsvergadering wat op 19 Junie 2015 gehou is.



**MNR PJ VAN DER WALT**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(tot 23 September 2014)**



**ME I POOE**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(van 23 September 2014 tot 18 November 2014)**

# volhoubaarheid en geïntegreerde verslagdoening

In 2014 het die NWU gepoog om verslag te doen oor sommige van sy aktiwiteite betreffende die driedubbele winsgrens, en hoewel talle doelwitte as gevolg van 'n gebrek aan hulpbronne en kapasiteit nog nie ten volle verwesenlik is nie, is die universiteit besig om stadigaan vordering te maak.

## ons sosio-ekonomiese impak

Die impakevalueringsproses wat vir 2014 beplan is, het nie plaasgevind nie. Een van die redes was dat die studente wat as veldwerkers aangestel is, nie beskikbaar was nie as gevolg van die jaareindeksamens. 'n Tweede rede was dat dit duidelik geword het dat 'n strenger etiekklaringsprotokol gevolg sou moes word voordat die studie 'n aanvang kon neem. Nog 'n rede was dat 'n deeglike impakevaluering nie moontlik was nie, aangesien dit die gebruik van onafhanklike evalueerders (wat duur kon wees), die daarstelling van kontrolegroepe of basislyne en die meting van verandering oor lang tydperke behels het.

Hierdie faktore het daartoe bygedra dat die impakevaluering tot 2015 uitgestel is, wanneer 'n nagraadse program en studente versoek sal word om die betrokke navorsing te doen. In hierdie verslag, wat 2014 dek, is dit slegs moontlik om te rapporteer oor die inligting wat reeds beskikbaar was. (Kyk die tabelle op p27 tot p35.)

## inklusiwiteit van belanghebbers

Wêreldwyd word swaar klem geplaas op verslagdoening oor wesenlike aangeleenthede in geïntegreerde verslae. Dit beteken dat sulke verslae inligting moet bevat waarin belanghebbers belang sal stel om meer van te weet en nie slegs verslae wat van die kant van die verslagdoenende party, naamlik die universiteit, as belangrik beskou word nie.

Die NWU het in November 2013 'n belanghebbersbetrokkenheidstudie onderneem, en die bevindinge van hierdie studie is steeds vir die 2014-verslag toepaslik. (Die inwin van belanghebberstandpunte op 'n jaarlikse grondslag is duur en 'n aanbeveling is gemaak om belanghebbers elke twee jaar te raadpleeg. Die volgende opname sal dus teen die einde van 2015 voltooi word.)

Die doel van die 2013-studie was om die standpunte van belanghebbers oor die relatiewe belangrikheid van, onder andere, die ekonomiese, omgewings- en maatskaplike aspekte van geïntegreerde verslagdoening te bepaal.

Altesaam 4 045 respondente het aan die navorsing deelgeneem. Die groep, waarvan die ouderdomme van 18 tot 78 jaar gewissel het, was proporsioneel verteenwoordig: studente het 35,6% uitgemaak, personeel 35,4%, alumni 17,6%, privaatsektorvennote 3,9%, plaaslike ondernemings (bure) 3,6% en ouers 2,7%.

Die belangrikste bevindinge van die 2013-studie word hieronder opgesom.

### Ekonomiese aspekte

Daar is gevind dat respondente meestal daarin belang stel om meer te wete te kom oor die NWU se belegging in die gemeenskap.

Hierna volg inligting oor infrastruktuurbeleggings en gemeenskapsondersteuning, befondsing vanaf die regering, die NWU se indirekte ekonomiese impak, bydraes deur graduandi en alumni, besteding by plaaslike diensverskaffers, inkomste en uitgawes, die finansiële implikasies en risiko's wat verband hou met klimaatsverandering, gradering vir swart ekonomiese bemagtiging en prestasie en, laastens, die omskrewevoordeelplan-verpligtinge vir werknemers.

Die drie aspekte wat die hoogste persentasies ontvang het (en dus as van kritieke belang beskou word) is die ekonomiese bydraes wat deur graduandi en alumni gelewer word, die finansiële implikasies van en risiko verbonde aan klimaatsverandering en die indirekte ekonomiese impak van die NWU.

### Omgewingsaspekte

Die meeste respondente wil meer weet oor die NWU se bestuur van vervoer. In volgorde van belangrikheid wil hulle ook meer weet omtrent die meganismes vir die indiening van omgewingsgriewe, gevolg deur omgewingsbeginsels en vaardighede wat onderskryf word en die NWU se praktyke vir die onderwerping van verskaffers aan omgewingsevaluerings.

Dit word gevolg deur die NWU se energieverbruik- en energiedoeltreffendheidsinisiatiewe, ons impak op biodiversiteit, voldoening aan omgewingswette en -regulasies, bestuur van lugvrystellings, waterverbruik en vervoer, en die tipe en volume materiale wat deur die NWU gegenereer word.

Die twee omgewingselemente met die hoogste persentasies is voldoening aan omgewingswette en -regulasies, en die bestuur van die NWU se watervoetspoor.

### Maatskaplike aspekte

Onder die maatskaplike aspekte is die mees kritieke kwessie die NWU se antikorrupsiebeleide, -prosedures en -praktyke, gevolg deur kwaliteitsversekeringstandaarde van opvoedkundige dienste, gesondheid en veiligheid van personeel en studente, en gelyke vergoeding vir mans en vrouens.

Die toppresterende kategorieë was betrokkenheid by plaaslikeregeringsinisiatiewe, die griewemeganismes wat tot die beskikking van studente en personeel is, die diversiteit en gelykegeleentheidsprogramme, personeelopleiding en -ontwikkeling, voldoening aan beroepsgesondheids- en veiligheidsregulasies, indiensnemingstatistiek, vryheid van assosiasie en kollektiewe bedinging oor lone, verskaffers se arbeids-, gesondheids- en veiligheidspraktyke, gelyke vergoeding vir mans en vrouens, en die beleide, prosedures en praktyke wat gevolg word om korrupsie te bekamp.

Die inligting in die volgende tabel (p27 tot p35) is volgens die bostaande voorkeure van ons belanghebbers opgestel.

Inligting oor sommige van die toepaslike onderwerpe was nie in die universiteit se databasisse of bestuursinligtingstelsel beskikbaar nie, maar 'n werkswinkel wat in 2014 gehou is om interne belanghebbers op te lei in die vaslegging van data was 'n eerste stap om hierdie probleem die hoof te bied.

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| 1 Die NWU se gemeenskaps-beleggings (finansieel) | Dit is nie deel van die NWU se mandaat om sy inkomste regstreeks in gemeenskappe te belê nie. Ons belegging is gegrond op die skepping van gedeelde waarde vir gemeenskappe deur die implementering van ons kundigheid. Ons volledige strategie kan gevind word by: http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-community-engagement/documents/CE-Strategy.pdf.<br>Soos uit hierdie strategie afgelei kan word, deel ons ons kundigheid met gemeenskappe deur gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte teen minimale of geen koste nie, en verkry ons ook projekbefondsing uit fondse vir korporatiewe maatskaplike belegging (KMB) en ander bronne deur samewerking met belanghebbers.<br>Inkomste uit skenkings en beleggings in voetsoolvlakgemeenskappe is moeilik om mee tred te hou, as gevolg van 'n gebrek aan 'n gekoördineerde databasis vir gemeenskaps-uitreikingsprojekte. Die NWU stel tans 'n databasis op wat in 2015 voltooi sal word.<br>Inkomste uit korporatiewe bevordering is inkomste wat deur die universiteit se kommersialiserings- en korporatiewebevordering-aktiwiteite gegenereer word. Dit maak deel uit van ons derdegeld-stroominkomste, wat ook navorsings- en innovasie-inkomste vir spesifieke gekontrakteerde navorsings- en innovasieprojekte sowel as kommersialiseringsprojekte insluit, met inbegrip van die aanbieding van kort leerprogramme.<br>Die NWU is besig om 'n omvattende, akkurate en bygewerkte rekord van die inkomste uit korporatiewe bevordering op te stel wat ons in staat is om by die NWU te genereer, met inbegrip van fondse vir gemeenskapsuitreiking en -ontwikkeling. Hierdie inligting sal dan gebruik word om 'n geïntegreerde institusionele bevorderingstrategie te ontwikkel alle inkomste van die NWU te bereken, insluitend donasies wat vir gemeenskapsprojekte gebruik word.<br>Nog 'n uitdaging het ontstaan toe ons ons BGSEB-telkaartgradering vir befondsing van maat-skaplike belegging bereken het, aangesien ons gevind het dat baie sogenaamde *in natura*-bydraes (bydraes in die vorm van goedere of dienste) vir ons gemeenskapsontwikkelings- en uitreikingsprojekte moeilik was om te kwantifiseer.<br>Die rede is dat dit moeilik is om die aantal ure wat in gemeenskappe bestee is aan die hand van personeeltariewe te bepaal. Ons kon ook nie 'n uurlikse tarief vir die bydrae deur studente (voorgraads en nagraads) tot "indiensleer" en vrywillige werk bepaal nie.<br>Daar word egter by benadering geraam dat in 2014 tussen R3 miljoen en R4 miljoen *in natura* bygedra is deur ons kundigheid te deel en te implementeer, met inagneming dat ons nie inligting oor al ons kampusse het nie. Hierdie raming sluit nie aktiwiteite in wat teen 'n wins onderneem is nie, soos die aanbieding van kortkursusse.<br>'n Volledige databasis van gemeenskapsuitreikprojekte en 'n volledige ontleding van derdegeld-stroominkomste wat deur die NWU gegenereer is, sal hierdie gebrek aan inligting ondervang en die NWU in staat stel om sy belegging in die gemeenskap teen 2016 te kan kwantifiseer.<br>Benewens die implementering van kundigheid in ons gemeenskappe, het die NWU se gemeenskapsbelegging ook beurse vir studente behels. Om die waarheid te sê, die NWU het in 2014 R165,5 miljoen aan beurse vir studente uit ons eie fondse bestee. |
| 2 Positiewe en negatiewe im-pakte van die NWU se infrastruk-tuurbeleggings en gemeenskapsonder-steuningsdienste op die plaaslike ekonomie | In 2014 het die NWU R225,25 miljoen aan kapitaalinfrastruktuur- en makro-instandhoudings-projekte bestee. Die positiewe ekonomiese impak van infrastruktuurontwikkeling behels regstreekse besteding in die plaaslike ekonomie en werkskepping.<br>Volgens die kwartaallikse verslae wat via die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) aan die Presidensiële Infrastruktuurkoördineringskomitee (PIKK) voorgelê is, het die NWU se infrastruktuurprojekte die volgende impakte op die Suid-Afrikaanse plaaslike ekonomie gehad:<br>• Meer as 907 regstreekse konstruksiewerksgeleenthede is as gevolg van hierdie projekte geskep.<br>• 'n Geraamde 97,22% van die totale besteding aan infrastruktuur kan as plaaslike besteding in Suid-Afrika geklassifiseer word.<br>Die inligting oor werksgeleenthede is voorsien deur die professionele konsultante en kontrakteurs wat by hierdie projekte betrokke was.<br>Ongelukkig het ons nog nie ons negatiewe impak op die plaaslike ekonomie of op algemene gemeenskapsondersteuningsdienste geëvalueer nie (met inbegrip van ondersteuning vir interne gemeenskappe van die NWU nie). As gevolg van hulpbronuitdagings soos begroting, personeel en tyd, is hierdie evaluering nog nie voltooi nie. Dit ontvang aandag en sal uiteindelik in hierdie verslag ingesluit word. |
| 3 Befondsing van die regering of regeringsverwante entiteite | Meer besonderhede omtrent befondsing wat van die regering of regeringsagentskappe ontvang word, kan in die afdeling oor ons finansiële kapitaal op p115 gevind word. |

1 *Kyk bykomende data oor bestuur van klimaatsverandering*

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| **4** Die NWU se onregstreekse ekonomiese impak | As 'n groot werkgewer in elk van die stede waar ons kampusse geleë is, voorsien die NWU werksgeleenthede aan baie mense in die omliggende dorpe en stede.<br>Die behuising van studente en personeel en die verbruik van goedere en dienste is van kritieke belang vir die ekonomie van die stede waar ons geleë is. Vir die doel van verslagdoening oor hierdie kwessie is die NWU se Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe op die Potchefstroomkampus besig om 'n geskikte kandidaat te identifiseer om 'n PhD-studie oor hierdie onderwerp te doen. Die uitrol daarvan sal afhang van die kapasiteit en hulpbronne wat beskikbaar is.<br>Ander faktore wat oorweeg moet word, is ondersteuning van personeel en studente vir plaaslike feeste soos Aardklop en bywoning van opleidings-, kulturele, akademiese en sportgeleenthede. |
| **5** Ekonomiese bydrae van graduandi en alumni | Hierdie inligting is nie bereken nie, aangesien vertroulike inligting oor die verdienste van alumni nie maklik verkry word nie. Verskeie prosesse is egter tans aan die gang om meer inligting omtrent ons alumni te verkry en die alumni-databasis uit te brei. Die alumni-oproepsentrum hou toesig oor een sodanige proses, naamlik om kontakbesonderhede van alumni deurlopend by te werk. 'n Databasis vir die hantering van inligting met betrekking tot alumni word tans ontwikkel.<br>As deel van die proses om te verseker dat die NWU 'n goeie verhouding met sy alumni handhaaf, word 'n alumnitydskrif halfjaarliks gepubliseer en versprei, en bestuur 'n Institusionele Alumnivereniging, met verteenwoordiging van die drie NWU-kampusse, alle kommunikasie met ons alumni.<br>In 2014 het die NWU weer toekennings gemaak om erkenning aan ons mees uitstaande alumni te verleen. Tydens 'n galageleentheid op 31 Oktober 2014 is toekennings aan mnr Alec Moemi, adv Jan Henning, prof Pieter Stoker en mnr Ettienne le Roux gemaak. |
| **6** Die NWU se besteding by plaaslike verskaffers | Die NWU het van Januarie tot Desember 2014 ongeveer R352 543 034 by plaaslike verskaffers bestee. |
| **7** Inkomste en uitgawe | Hierdie inligting kan verkry word uit die afdeling oor ons finansiële kapitaal, van p113 tot p119. |
| **8** Finansiële implikasies en risiko's van klimaatsverandering | Die NWU ontwikkel tans 'n strategie wat handel met die implikasies van klimaatsverandering (byvoorbeeld die finansiële implikasies en risiko's vir die universiteit) en stel doelwitte vir die vermindering van ons *per capita*-koolstofvoetspoor teen 2020. Die universiteit is besig om die basislynmetings van die *per capita*-koolstofvoetspoor van sy personeel en studente te bepaal. Dit is 'n nuwe en opwindende inisiatief wat ons beplan om in die volgende twee jaar te voltooi.<br>Ons fokus sal wees op aktiwiteite soos die bepaling van basislyne vir koolstofvrystellings en energiebesparings; opvoedings- en bewusmakingsgeleenthede, met inbegrip van navorsing oor alternatiewe energiebronne; ons vervoergegenereerde koolstofvoetspoor; watergebruik; afvalbestuurspraktyke (herwinning en hergebruik); volhoubare gebou- en infrastruktuurontwikkeling; volhoubare aankope; biodiversiteitsbewustheid, en ekonomiese en maatskaplike volhoubaarheidsverslagdoening en risikobestuur. Slegs dan kan toepaslike, konteksspesifieke beleide en strategieë vir elk van die drie kampusse en vir die universiteit in die geheel ontwikkel word.<br>As deel van die ontwikkeling van 'n omvattende strategie vir omgewings- of klimaats-veranderingsimpak, het die universiteit beduidende fondse begroot vir 'n proses wat in 2013 met 'n omgewingsreg-voldoeningsoudit begin het en wat teen die einde van 2015 voltooi sal wees. Ons strategie bly primêr gegrond op wetlike voldoening, gevolg deur sogenaamde groen aktiwiteite, wat uitgebrei sal word in die nastrewing van netto koolstofneutraliteit op die lang termyn.<br>Sekere omstandighede en toestande, soos studente en personeel wat groot afstande na en van die kampusse moet reis, is as 'n groot bydraer tot koolstofvrystellings geïdentifiseer. 'n Digitale rygeleentheid-platform is beskikbaar gestel vir NWU-personeel en -studente wat wil pendel en die eerste resultate van ons koolstofvoetspoorbesparings sal teen die einde van 2015 bereken word. |

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| **9** Gradering en prestasie ten opsigte van breed-gebaseerde swart ekonomiese bemagtiging (BGSEB) | Ooreenkomstig die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging, No 53 van 2003, voldoen die NWU aan die spesifikasies en vereistes van BGSEB-kodes.<br>Ons mees onlangse verifiëringsoudit het vlakviervoldoening getoon, wat 100%-erkenning van besteding impliseer. Die NWU is ook as 'n toegevoegdewaarde-verskaffer gekategoriseer.<br>Met inagneming van die verskillende elemente van BGSEB presteer die NWU uitstekend in voorkeurverkryging en ondernemings- sowel as sosio-ekonomiese ontwikkeling. Hoewel gradering ten opsigte van bestuursbeheer in die afgelope verifiëringstydperk verhoog het, is indiensnemingsgelykheid en veral vaardigheidsontwikkeling problematies.<br>'n Langtermynbenadering word gevolg om hierdie drie elemente die hoof te bied. In die besonder sal die bereiking van teikens vir indiensnemingsgelykheid die telling vir al drie verbeter.<br>Verder moet daar ook melding gemaak word van die BGSEB-teikens in ander statutêre velde, insluitende NWU-beleide en -praktyke, soos opleiding en ontwikkeling vir swart werknemers en teikens vir indiensnemingsgelykheid.<br>Laat in 2013 is nuwe BGSEB-kodes vir implementering uitgereik, met finale implementering wat op 1 Mei 2015 begin. Die NWU kon daarin slaag om vir die huidige jaar verifiëring ooreenkomstig die ou kodes te finaliseer, maar sal in die toekoms ooreenkomstig die nuwe kodes geverifieer word. Maatreëls word tans in plek gestel om optimale voldoening aan die nuwe kodes vir die nuwe verifiëring gedurende April 2016 te verseker. |
| **10** Omskrewe-voordeelplan-verpligtinge vir werknemers | Voordeelplanverpligtinge vir ondersteuningspersoneel en permanente akademiese personeel word beheer deur die Wet op Hoër Onderwys, no 101 van 1997, die Wet op Arbeidverhoudinge, no 66 van 1995, die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, no 75 van 1997 en ander verband-houdende en toepaslike wette. Hierdie voordeelplanverpligtinge is in die dienskontrakte van personeel ingesluit. |

## omgewing

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| **1** Besteding aan omgewingskwessies | Die begroting vir omgewingskwessies en -verantwoordelikheid staan nie los van die normale bedryfsbegroting van die NWU nie.<br>In 2014 is 'n bedrag van R1 miljoen vir 'n voldoeningsoudit wat betref omgewingsreg en vir groen inisiatiewe toegewys. Die meeste van hierdie fondse is gelykop aan die drie kampusse toegewys en sommige daarvan is vir die koördineringsfunksie gebruik. Die regstellings wat betref voldoening is aan die gang en heelwat vordering is in hierdie opsig deur die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus gemaak. 'n Gebrek aan personeel was 'n belemmering in die regstellingsproses op ons Mafikengkampus. Daar is aanbeveel dat 'n deeltydse assistent aangestel word om ons Mafikengse koördineerder met die monitering van regstellings en ander groen inisiatiewe te help.<br>Hierbenewens het kampusse skenkings en ander bronne van befondsings gebruik om omgewingsinisiatiewe uit te rol.<br>Die Potchefstroomkampus en die Institusionele Kantoor het die Groen Innovasie-kompetisie, wat deur ENB geborg is, van stapel gestuur. Dit is tot 'n universiteitwye kompetisie uitgebrei, maar baie min inskrywings is van ons Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus ontvang. Die 2014-wenner was mnr Themba Khethane van die Bio-energienavorsingsgroep op die Potchefstroomkampus vir sy voorstel oor hidrobehandeling van afvalghries.<br>Verkryging van fondse vir opknapping en groen geboue bly 'n uitdaging omdat bestuur talle befondsingsversoeke moet balanseer. Ander redes vir die stadige implementering van groen tegnologieë is 'n gebrek aan langtermynbeplanning en die afwesigheid van 'n vergroeningstrategie. Hierdie sake sal hanteer word tydens universiteitswye samesprekings gedurende 'n strategiese Groenkampus-indaba wat vir 2015 beplan word.<br>'n Aantal klein vergroeningsingrepe vind plaas, byvoorbeeld energiebesparende ligte en stortkoppe wat in koshuise geïnstalleer is, terwyl daar voortdurend na nuwe oplossings gekyk word om elektrisiteitsgebruik te verminder. Die nuwe Lewenswetenskappegebou op die Potchefstroomkampus is volgens groen beginsels ontwerp, maar die realiteit van begrotingsbeperkings verhoed dat die NWU altyd bou soos ons graag wou.<br>Fisiese Infrastruktuur en Beplanning is besig om ons meetvermoëns te verfyn, wat tot gevolg het dat die NWU in staat is om elektrisiteits- en watergebruik beter te bestuur. |

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| 2 Integrasie van omgewings-beginsels en vaardigheids-kwalifikasies, -onderrig en -praktyke | Die meeste fakulteite op al drie kampusse is reeds in die proses van instelling van spesifieke modules in hul kurrikula wat omgewingsbeginsels bevat.<br>Sommige van ons fakulteite inisieer reeds planne vir die instelling van spesifieke modules wat omgewingsbeginsels bevat in hul kurrikula. Dit is 'n gereguleerde proses wat deur die Senaat en eksterne belanghebbers voorgeskryf is, na gelang van die inhoud en die veranderinge wat aan die kurrikulum aangebring word.<br>'n Voorbeeld hiervan kan gesien word in die Fakulteit Ingenieurswese en in Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus, wat 'n volhoubaarheidstema in hul kurrikulums ingestel het.<br>Die Fakulteit Ingenieurwese het 'n vak vir eerstejaar-ingenieurstudente, genaamd Professionele Praktyk (FIAP). Die projekte wissel van jaar tot jaar en is gebaseer op die behoeftes van eksterne belanghebbers en geleenthede wat opduik. Nie alle projekte het met groen inisiatiewe te make nie. In 2014 het hierdie studente herwinningshouers vir die eksterne kampusgemeenskap gemaak en 'n metaangas-kragopwekkingstelsel vir lede van die gemeenskap ontwikkel (kyk https://www.youtube.com/watch?v=2YTmiblT8g0).<br>Die Skool vir Kurrikulumgebaseerde Studies op die Potchefstroomkampus, in samewerking met die Vrije Universiteit in Brussel, het 'n volhoubaarheidskurrikulum ontwikkel wat in 60 primêre skole in Suid-Afrika van stapel gestuur is.<br>Die universiteit het ook openlik 'n verbintenis tot omgewingsvolhoubaarheid uitgespreek. Ons is deel van die Association of University Leaders for a Sustainable Future en medeondertekenaar van die Taillores-verklaring. Dit is die eerste verbintenis tot omgewingsvolhoubaarheid in hoër onderwys deur universiteitsadministrateurs en vereis van universiteite om volhoubaarheid en omgewingsgeletterdheid in hul onderrig, navorsing, universiteitsbedrywighede en uitreiking in te sluit.<br>Die Potchefstroomkampus vervul reeds al die elemente. Op die gebied van onderrig-leer het die Fakulteit Opvoedingswetenskappe byvoorbeeld sedert 2012 'n verpligte module in die BEd-program van alle voorindiensneming-omgewingsopvoedingstudente ingesluit wat aan die vereniging se doelwitte voldoen.<br>Saam met die Universiteit van Namibië ontwikkel die fakulteit 'n gestruktureerde MPhil-graad in Onderrig vir Volhoubare Ontwikkeling en implementeer hulle 'n program van volhoubare ontwikkeling vir skole, met 'n fokus op klimaatsverandering. Die kampus het ook aansoek gedoen om 'n navorsingsnisarea tot stand te bring wat op volhoubare ontwikkeling in omgewingsopvoeding sal konsentreer.<br>Ander inisiatiewe sluit die BCom-vierdejaarstudente op die Potchefstroomkampus se deelname aan jaarlikse koolstofkredietberekeninge in, asook die betrokkenheid van Vaaldriehoekkampus-studente in die Fakulteit Basiese Wetenskappe by 'n verskeidenheid projekte wat omgewingsbeginsels integreer.<br>Ander programme sluit die BCom-vierdejaarstudente op die Potchefstroomkampus se deelname aan jaarlikse koolstofkredietberekeninge in, asook die Vaaldriehoekkampus se studente in die Fakulteit Basiese Wetenskappe se betrokkenheid by 'n verskeidenheid projekte wat omgewingsbeginsels integreer.<br>Hierbenewens fokus die Regsfakulteit op die Potchefstroomkampus op omgewingsreg en -navorsing deur die Sentrum vir Innovasie en Korporatiewe Bestuur in Omgewings- en Klimaatveranderingsreg.<br>Die NWU se Potchefstroomkampus en die Universiteit van Kaapstad huisves elk 'n bevoegdheidsentrum vir Waterstof Suid-Afrika. Die NWU se sentrum het reeds die vermoë ontwikkel om wind- of sonkrag in brandstofselle op te gaar. In teenstelling met wanneer fossielbrandstowwe gebruik word om energie te genereer, is daar geen vrystellings wanneer waterstof gebruik word nie, wat 'n groen alternatief vir fossielbrandstowwe is. |
| 3 Omgewingsgriewe-meganismes | Daar is nog geen meganisme vir omgewingsgriewe in plek nie. Ons is in die proses om 'n raamwerk vir die implementering van volhoubare praktyke op alle vlakke by die NWU tot stand te bring.<br>As gevolg van kapasiteitsbeperkings kon dit nie in 2014 tot stand gebring word nie. Die volgende stappe sal 'n strategie en beleid insluit wat as deel van risikobestuur vir 'n griewemeganisme-prosedure voorsiening behoort te maak. |

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| 4 Energieverbruik en inisiatiewe vir energiedoeltreffendheid | Energieverbruik word op al drie kampusse gemoniteer, hoewel nie al die geboue meters het nie. Ons is egter van plan om dit oor die volgende twee jaar reg te stel. Verskeie inisiatiewe is in plek om elektrisiteit te bespaar, waarvan 'n jaarlikse energiebesparingskompetisie by die studentekoshuise 'n voorbeeld is. Dit is in 2014 uitgebrei om die Fakulteit Opvoedingswetenskappe se gebou op die Potchefstroomkampus en nog meer van die koshuise op die Vaaldriehoekkampus in te sluit.<br>Die institusionele afdeling Finansies en die Fakulteit Ingenieurswese is besig om die gebruik van sonenergie ter ondersteuning van energiedoeltreffende stelsels op die kampusse te ondersoek.<br>'n Biodiesel-produksieaanleg, wat 'n eerste vir Suid-Afrikaanse universiteite is, is in 2013 van stapel gestuur. Die projek gebruik herwonne olie van die Drakenstein-kafeteria en die eetsale op die Potchefstroomkampus om die biodiesel te produseer. Die doel van die projek is om hernubare energie te produseer sonder om voedselsekuriteit negatief te beïnvloed. Eksterne goedkeuringsrade het die nodige waarborge gegee dat die biodiesel veilig is om te gebruik. Die proses gebruik ook 'n minimale hoeveelheid water, wat 'n groot voordeel is omdat water so 'n skaars hulpbron in Suid-Afrika is. 'n Video wat gedurende die Groen Week in Februarie 2014 op die Potchefstroomkampus gemaak is, is by die volgende skakel beskikbaar: https://www. youtube.com/watch?v=UL0ufQcphCU<br>Die NWU evalueer tans, deur sy afdeling Fisiese Infrastruktuur en Beplanning, die gehalte van die biodiesel se uitset. Indien daar bevind word dat die biodiesel 'n doeltreffende energiebron is, sal dit gebruik word in kragopwekkers om te help om aan die kampus krag te voorsien wanneer die elektrisiteitsnetwerk af is. |
| 5 Omgewings-evaluering van verskaffers | Die NWU is daartoe verbind om groen produkte te koop en sekere "groener" produkte word reeds in ons magasyne aangehou. Ons voldoen ook aan wetgewing wat betref gesondheid en veiligheid, wat in sommige gevalle die soorte produkte beïnvloed wat by die NWU gebruik word. Daar is egter geen voorgeskrewe prosedures om op hierdie tydstip ons verskaffers te evalueer nie, soos wat die geval met verskaffingsketting-evaluerings is. Dit sal in toekomstige beleide ingesluit word. |
| 6 Impak op biodiversiteit | Die grootste impak tans op biodiversiteit (op kampusvlak) is die teenwoordigheid van uitheemse en indringerplante. By die Ingenieursgebou op die Potchefstroomkampus word hierdie plante stadigaan verwyder en is ons kontrakteurs besig om dit deur inheemse plante te vervang. Hierdie vereiste sal in die toekoms by nuwe kontrakte ingesluit word.<br>Planne is aan die gang om 'n goed ontwerpte strategie in te stel om elk van hierdie aspekte te hanteer, byvoorbeeld 'n moniteringsprogram vir die beheer van uitheemse en indringerplante, tesame met stappe om nievoldoening soos in die wetsvoldoeningsoudit aan die lig gekom het, reg te stel. Die regstellings wat betref die wetsvoldoeningsoudit behoort in 2015 op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus gefinaliseer te word.<br>Van 1 tot 7 September 2014 het die Vaaldriehoekkampus Boomweek ondersteun deur inheemse bome te plant. Dit was *Combretum erythrollyllum* (bosrivierwilg), *Rhus lancea* (swart karee), *Buddleja salvifolia* (wildesalie) and *Olea Europaea* Subsp. Africana (wildeolyf).<br>'n Aantal belangrike aspekte op die onderskeie kampusse is vir aandag gemerk. Dit sluit die aanhou van wild en die bestuur van potensiële natuurlike brandrisiko's op die Vaaldriehoek-kampus in.<br>Lisensies vir die aanhou van wild op die Vaaldriehoekkampus is in 2014 hernu en die getal ganse op die kampus is verminder, terwyl 'n aantal eende ingebring is om hulle te vervang. Aandag word ook geskenk aan die wettige vervoer van inheemse biologiese hulpbronne en die bestuur van versamelings biologiese organismes deur bioprospekteerpermitte op die Potchefstroomkampus, sowel as die aanhou van diere op die Mafikengkampus. |
| 7 Watervoetspoor-bestuur | Die werkers wat verantwoordelik is vir die besproeiing van die tuine ontvang maandeliks opleiding oor hoe om water verstandig te bestuur.<br>Al die tuine op die Potchefstroomkampus word tans uit een van ses damme op die kampus besproei. Ongeveer 80% van die water wat vir hierdie doel gebruik word, is grys (afvalwater).<br>'n Proses is aan die gang om 'n stelsel in te stel om die hoofwaterinlate op die Potchefstroom-kampus te moniteer om so watergebruik meer akkuraat te meet. 'n Groot uitdaging is dat infrastruktuur oud is en inligting oor die presiese uitleg nie beskikbaar is nie.<br>Soortgelyke inisiatiewe sal in die nabye toekoms op die ander twee kampusse ingestel word. Die Vaaldriehoekkampus is gretig om te begin om stormwater vir besproeiingsdoeleindes te gebruik, aangesien hulle langs die Vaalrivier geleë is, maar koste is hoog en dit is tans nie 'n hoë prioriteit nie. Die planne sal ingefaseer word na gelang van beskikbare hulpbronne. |

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| 8 Voldoening aan omgewingswette en -regulasies | In 2013 het die Potchefstroomkampus se Sentrum vir Omgewingsbestuur 'n oudit van voldoening aan omgewingswetgewing regdeur die NWU gedoen.<br>Ten tye van die oudit is daar bewys gevind dat sommige van die prosesse wat deur die Institusionele Kantoor en die drie kampusse besit en bestuur word in 'n beduidende mate nie aan toepaslike omgewingswette voldoen nie.<br>In die geval van die Institusionele Kantoor het hierdie oudit die sleutelprosesse wat op risiko is, geïdentifiseer as 'n gebrek aan opknappingsbeplanning deur Infrastruktuurontwikkeling en -instandhouding, die bestuur van navorsing en die bestuur van gevaarlike stowwe en gevaarlike goedere. Op kampusvlak het die oudit die impak van grond- en biodiversiteitsbestuur uitgelig.<br>Sedert die oudit is verskeie planne en prosesse in plek gestel om geïdentifiseerde tekortkominge die hoof te bied. Elke kampus het R396 956 ontvang, hoofsaaklik om met remediëring te help, hoewel 'n gedeelte vir die inisiëring van Groen Kampus-inisiatiewe gebruik kon word. Die proses van regstelling van tekortkominge in oorleg met die Sentrum vir Omgewingsbestuur is in 2014 uitgerol en sal in 2015 voltooi word.<br>Die bespreking van die verslag oor voldoening en probleemoplossing word in samewerking met die Sentrum vir Omgewingsbestuur hanteer, maar elke kampus moet sy eie inisiatiewe dryf, en kontrolelyste van prosedures en riglyne sal ingestel word. Gesondheids- en veiligheidsbeamptes op die Potchefstroomkampus het begin om oorvleuelende voldoeningskwessies te kontroleer en dryf soortgelyke aksies op die ander twee kampusse, maar hulle het kapasiteitsbeperkings ten opsigte van personeel. |
| 9 Lugvrystellings | Die NWU moniteer nie sy lugvrystellings nie en het geen data op rekord nie, as gevolg van die gebrek aan personeel en die korrekte apparaat op al die toepaslike lokaliteite wat monitering verg. Dit sal by langtermyn-volhoubaarheidsplanne ingesluit moet word. Ten einde aan standaarde vir gesondheid en veiligheid te voldoen, moet alle laboratoriums met suigwaaiers en uitsuigkappe vir die uitsuig van chemiese dampe toegerus word. Sommige van hierdie toerusting is om veiligheidsredes van filters voorsien. |
| 10 Bestuur van vervoer | Die NWU bestuur 'n vlootmotorhuurstelsel op die Vaaldriehoekkampus- en Potchefstroomkampus.<br>Slegs personeel en studente met Suid-Afrikaanse of internasionale bestuurderlisensies mag poelvoertuie bestuur, en dit mag net vir amptelike reise gebruik word. Die voertuie ressorteer onder die afdeling Tegniese Dienste, wat alle verhurings administreer.<br>Die Mafikengkampus het 'n baie klein vloot van 29 voertuie wat hoofsaaklik deur kampuspersoneel gebruik word, en busse wat vir amptelike studentevervoer gebruik word. Aangesien hierdie kampus nie 'n groot vloot het nie, gebruik personeel dikwels hul private voertuie vir amptelike reise, maar hulle mag 100% van die tariewe eis, volgens 'n tariefskedule wat jaarliks deur Finansiële Administrasie bygewerk word. Die meeste studente wat na ons Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus reis, gebruik openbare vervoerdienste.<br>Die uitdaging wat die NWU in die gesig staar, is om ons koolstofvoetspoor te verklein. Dit kan gedoen word deur minder voertuie te gebruik en die gebruik van alternatiewe vervoer soos fietse op kampusse aan te moedig, of deur konferensieoproepe te maak en vergaderings met videokonferensiefasiliteite of internet-tegnologie te hou eerder as om lang afstande te reis.<br>Parkering op die Potchefstroomkampus is 'n groot uitdaging. As deel van die Mobiliteits-, Parkering- en Pendeldienskomitee is oplossings ondersoek wat nie net die parkeerprobleme op die kampus die hoof sal bied nie, maar ook moontlike alternatiewe sal voorsien om die koolstofvoetspoor op die omgewing te verminder.<br>Die eerste oplossing wat ondersoek is, was parkeerruimtes weg van die kampus, met pendelvervoer heen en weer vir studente. Die komitee het gevind dat die projek te duur was om te implementeer, aangesien toereikende parkeergeriewe weg van die kampus nog gebou sou moes word. Die loodsprojek het egter bevind dat studente meer as 500 000 pendelritte gedurende die evalueringsfase onderneem het.<br>Ander oplossings word ondersoek, soos betaalde parkering, fietsvriendelike roetes en veilige voetpaaie. Lewensvatbare oplossings is noodsaaklik, aangesien meer as 3 000 studentebeddens in 2015 langs die kampus beskikbaar sal word, wat na verwagting die gebruik van instap-draaihekke van Januarie 2015 af sal verdubbel. Die projek word in samewerking met die Tlokwe-munisipaliteit, die Potch-Tlokwe-sakekamer en die gemeenskap in die breë onderneem. |

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| 1 Kwaliteitsversekering-standaarde van gelewerde opvoedkundige dienste | Prosesse is in plek om toepaslike, hoëkwaliteitkwalifikasies te verseker, en die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS), 'n subkomitee van die Senaat, hou toesig daaroor. 'n Taakspan is aangestel om 'n beleid (genaamd die Programbestuursbeleid) oor die ontwikkeling, bestuur en hersiening van akademiese kwalifikasies en programme op te stel. Dit is nog nie afgehandel nie.<br>Die beleid het as 'n inset in die IKAS-stelselontwerpproses gedien, en 'n besluit is geneem om die take en werksvloei met betrekking tot die ontwikkeling van akademiese kwalifikasies, bestuur en hersiening te inkorporeer in 'n stelsel wat vir hierdie doel ontwerp is.<br>Die stelselontwikkeling is suksesvol aan die einde van 2014 voltooi en was gereed om met historiese inligting gelaai te word en om verder in 2015 geïmplementeer te word<br>Die nasionale projek vir die belyning van kwalifikasies van alle universiteite met die Hoëronderwys-kwalifikasiesubraamwerk (HOKSR) is in 2014 voortgesit. In hierdie projek is alle akademiese programme herondersoek, en is spesifieke aandag aan die belyning van programme oor kampusse heen geskenk. Die eerste terugvoer oor die voorleggings in Kategorie A (geen of minimale veranderinge nodig vir belyning) is teen die einde van 2014 ontvang.<br>Die NWU is besonder bly oor die positiewe terugvoer van die Raad op Hoër Onderwys oor ons voorlegging in hierdie kategorie.<br>Die verdere werk wat nodig is om die funksionele programvlakbelyning te bewerkstellig wat in die HOKSR-belyningsvoorlegging in die vooruitsig gestel word, sal begin sodra die formele terugvoer oor alle kategorieë ontvang word. Wanneer 'n akademiese program ontwerp word, moet die universiteit die insluiting van verantwoordelike burgerskap oorweeg, soos deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid voorgeskryf word in hulle werk oor kritieke kruisterreinuitkomste en vlakbeskrywers.<br>Die projek oor vervlegte leer is voortgesit soos wat voorsien is, en sal na verwagting in 2015 uitloop op 'n omvattende plan vir die transformasie van onderrig-leer.<br>'n Nasionale projek oor die verbetering van onderrig en leer ("QEP") is in 2014 deur die Raad op Hoër Onderwys van stapel gestuur. Vier NWU-spanne wat vir die doel gekies is, het elk 'n voorlegging oor een van die vier hoofprojekonderwerpe opgestel. Die projek sal 'n aantal jare lank voortgesit word. Die werk wat in hierdie opsig gedoen word, sluit aan by die projek oor vervlegte leer.<br>Die Institusionele Kwaliteitskantoor dryf die ontwikkeling en implementering van die universiteit se kwaliteitsbestuurstelsel in samewerking met die betrokke rolspelers. Kwaliteitsversekering behels, onder andere, die opstel van kwaliteithandleidings en die uitvoer van interne en eksterne evaluerings. Eksterne evaluerings word deur die Kwaliteitskantoor gekoördineer en lei tot die publisering van verslae, wat tot verbeterings- en vorderingsplanne lei. Kwaliteit word op alle vlakke van die akademiese en ondersteuningsbedrywighede geëvalueer. Aanspreeklikheid, doeltreffendheid en effektiwiteit word beklemtoon en maatreëls is in plek om deurlopende verbetering te verseker en te ondersteun. Evaluerings word in siklusse van ongeveer ses jaar of na gelang van behoefte deur die NWU se kwaliteitsbeleid beheer. Vir meer besonderhede oor kwaliteitsversekering, raadpleeg asseblief die afdeling oor ons intellektuele kapitaal, p74. |
| 2 Antikorrupsie-beleide, -prosedures en -praktyke | As deel van die universiteit se korporatiewe bestuurstrukture het ons 'n Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee.<br>Hoewel die NWU geen amptelike teenkorrupsiebeleide het nie, het ons 'n amptelike beleid oor die beskerming van openbaarmakings en verslagdoening oor wanadministrasie en onreëlmatighede. Hierdie beleid is op die NWU se intranet en webwerf beskikbaar vir alle personeellede.<br>Interne Oudit bied jaarlikse bedrogvoorkomingsessies aan, en het 'n Handleiding vir Spesiale Ondersoeke ontwikkel om interne leiding oor spesiale ondersoeke te voorsien.<br>Interne Oudit evalueer en maak aanbevelings oor interne kontroleprosedures en verifieer finansiële syfers vir verslagdoeningsdoeleindes. Hierdie afdeling hanteer ook spesiale ondersoeke oor aangemelde onreëlmatighede en bedrogverwante aangeleenthede, en beheer die oopmaak van tenders.<br>Ander antikorrupsiemaatreëls sluit verskeie kontrolepunte binne die afdeling Finansies (byvoorbeeld Finansiële Administrasie), die Verkrygingsbeleid, en die Skedule van Magtigingsvlakke. |
| 3 Gesondheid en veiligheid | Gesondheids- en veiligheidsbeamptes is saam met bestuur verantwoordelik vir alle gesondheids- en veiligheidsaangeleenthede. Vir verdere inligting oor gesondheid en veiligheid, kyk asseblief p34, paragraaf 10. |
| 4 Gelyke vergoeding vir mans en vrouens | Aanstellings word gemaak deur goed gedokumenteerde en ingewortelde werwings- en keuringsprosesse te volg, insluitende advertensies, posbeskrywings, onderhoude, keurings- en aanstellingsprosesse. Salarisskale, akademiese bevorderingsprosesse en prestasieverwante vergoeding is in gelyke mate op alle werknemers van toepassing, sonder onderskeid gebaseer op geslag, ras, seksuele oriëntasie of enige ander gronde. |

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| **5** Plaaslike-gemeenskap-betrokkenheids-inisiatiewe en -impakte | Hoewel 'n wye verskeidenheid plaaslikegemeenskapsinisiatiewe op al die kampusse bestaan, is daar geen formele databasis van inisiatiewe nie en is daar ook nie 'n geformaliseerde stelsel vir die koördinering van gemeenskapsprojekte nie. Die afwesigheid van hierdie hulpmiddels is 'n struikelblok vir verslagdoening oor alle inisiatiewe. 'n Kontrakteur is vervolgens aangestel om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van 'n gemeenskapsbetrokkenheid-databasis wat teen die einde van Augustus 2015 voltooi sal wees.<br>Die NWU se Gemeenskapsontwikkelingstrust het sy strategie verfyn om gemeenskapsprojekte te fasiliteer wat van wetenskap gebruik maak om geïntegreerde volhoubare ontwikkeling te verseker. Die vlagskipprojek is Mosaic SA (www.mosaicsa.org), wat op die voorsiening van 'n alternatiewe vorm van sorg vir wees- en kwesbare kinders fokus. Die hoof- uitvoerende beampte, mnr Meyer Conradie, is in diens van die NWU en 'n meestersgraadstudie is aan die gang om die impak en kwaliteit van Mosaic SA se ingrepe te evalueer. Hierbenewens voorsien ons wetenskaplike bewyse vir prosesse wat impakmetings- en opbrengs-op-belegging-studies moontlik maak vir maatskappye soos Sun City, wat Korporatiewe Maatskaplike Beleggings-(KMB-)fondse aan gemeenskapsprojekte bestee.<br>Die NWU het nog nie sy impak op gemeenskappe gekwantifiseer nie as gevolg van begrotings-, tyd- en personeelbeperkings vir 'n jaarlikse studie om die impak van ons gemeenskaps-betrokkenheid te bepaal. As dit eers in plek is, sal die nuwe databasis ons in staat stel om hierdie aspek deur te voer. (Meer inligting kan gevind word in die afdeling oor ons verbintenis tot volhoubaarheid, p24.) |
| **6** Griewemeganismes | Ingevolge Hoofstuk 5 van die Wet op Arbeidsverhoudinge is daar 'n werksplekforum op elke kampus en by die Institusionele Kantoor.<br>Hierdie forums:<br>▶ bevorder die belange van alle werknemers in die werksplek, ongeag of hulle lede van vakbonde is of nie<br>▶ verbeter doeltreffendheid in die werksplek<br>▶ word deur die werkgewer geraadpleeg om konsensus te bereik oor kwessies soos herstrukturering van die werksplek.<br>Die forums is daarop geregtig om aan gesamentlike besluitneming oor verskeie werknemer-verwante aangeleenthede deel te neem, soos dissiplinêre kodes en prosedures. Die werksplek-forums vergader maandeliks en voorsien terugvoeringsverslae aan die Institusionele Bedingingsforum. |
| **7** Programme vir diversiteit en gelyke geleenthede | Sedert 2013 het die NWU verskeie stappe gedoen om die NWU se indiensnemingsgelykheids-profiel te verbeter. Dit sluit in totstandbrenging van 'n kapasiteitsboufonds, voorgraadse en nagraadse programme, internskappe, opvolgingsbeplanning en diversiteitsbestuur. Op die Potchefstroomkampus het die studenteraad verskeie projekte geïmplementeer wat met taal-, transformasie- en erfenisaangeleenthede te doen het. Vir meer inligting, kyk die afdeling oor ons mensekapitaal, p72. |
| **8** Programme vir werknemers-opleiding en mensehulpbron-ontwikkeling | Ons het voortgegaan om personeellede wat hul kwalifikasies en beroepsvaardighede wil bevorder, te ondersteun.<br>Vir meer inligting, kyk die afdeling oor ons mensekapitaal, p88.<br>Hierbenewens is daar 'n Beleid vir Opleiding en Ontwikkeling vir personeel beskikbaar by http://www.nwu.ac.za/content/policy_rules.<br>Die volgende statistiek vir 2014 plaas die kollig op die NWU se Vaardigheidsontwikkelingsfonds-programme en die totale getal werknemers wat hierby baat gevind het: |

| Tipe opleiding | Getal deelnemers | Totale bedrag bestee |
|---|---:|---:|
| Kort leerprogramme (intern) | 2 702 | R3 025 771,97 |
| Kort leerprogramme (ekstern) | 363 | R1 776 936,66 |
| UNISA-studieaansoeke | 110 | R777 570,00 |
| **Totaal** | **3 175** | **R5 580 278,63** |

| | |
|---|---|
| **9** Indiensneming-statistiek | Die NWU het altesaam 7 684 werknemers in 2014 gehad, waarvan 3 266 manlik en 4 418 vroulik was. (Vir meer besonderhede, kyk p94 in die afdeling oor ons mensekapitaal.) |

| Onderwerp | Wat ons doen |
|---|---|
| 10 Beroepsgesondheid en veiligheid (BGV) | Die NWU se BGV-bestuurstelsel word in ses elemente verdeel. Die uitrol en implementering van element twee van hierdie stelsel is vir 30 September 2014 geskeduleer, maar kon nie plaasvind nie as gevolg van vakante BGV-koördineerdersposte op die drie kampusse.<br>Die BGV-afdeling sal van Mei 2015 met oudits en opleiding op die BGV-stelsel begin. Terugvoer hieroor sal op die BGV-komitee se vergadering in November 2015 gegee word.<br>Die hoofverantwoordelikheid van die voltydse institusionele gesondheids- en veiligheids-koördineerder is om gesondheids- en veiligheidsvoldoening deur kontrakteurs en diens-verskaffers op NWU-konstruksieterreine te verseker. In samewerking met Mensekapitaal-ontwikkeling is gesondheids- en veiligheidsopleiding- en bewusmakingsprogramme op al drie kampusse aangebied, sowel as by die Institusionele Kantoor.<br>Veiligheidsinduksie is ook tydens die Oriëntasieprogram vir Nuwe Werknemers (OPNW) aangebied.<br>'n NWU-noodprosedure is gefinaliseer en brandveiligheidsvoldoening in geboue regdeur die NWU is aansienlik verbeter. Infrastruktuur-veiligheidsopgraderings is vir die Argief en die Museum, die Verbruikerswetenskappe-gebou en Substasie-Wes op die Potchefstroomkampus geïmplementeer. Op die Mafikengkampus is soortgelyke opgraderings by die Afdeling Finansies-gebou A1, die Groot Saal en die Maatskaplike Ontwikkeling-gebou gedoen.<br>Die veiligheidsopgraderings het hoofsaaklik op veiligheidstekens en die instandhouding van brandbestrydingstoerusting gefokus. Noodontruimingsoefeninge is op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus gedoen en is ooreenkomstig die jaarlikse skedule gekoördineer. Veranderings is ondervind in die uitvoering van noodontruimingsoefeninge op die Mafikengkampus as gevolg van die vakante BGV-koördineerdersposte vir die grootste gedeelte van 2014.<br>In September 2014 het die provinsiale owerheid 'n lugvrystellingslisensie vir die verbrandings-oond van die Molewane-plaas uitgereik.<br>Hierdie fasiliteit sal toegelaat word om te begin werk sodra die gasinstallasie voldoening bereik en personeel in veilige bedryfsprosedures opgelei is. Die gasinstallasie-inspeksie is in November 2014 afgehandel en die fasiliteit sal na verwagting in Junie 2015 begin werk.<br>'n Komitee vir Radioaktiewe Materiale is op 14 Maart 2012 op die Potchefstroomkampus tot stand gebring en vergader twee maal per jaar. Dit bestaan uit lede van die Mafikeng- en Potchefstroomkampus onder voorsitterskap van prof FB Waanders van die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus.<br>'n Register word van alle radioaktiewe bronne op die Potchefstroom- en Mafikengkampus gehou (die Vaaldriehoekkampus het nie radioaktiewe hulpbronne nie). Departementele inventarisse word op datum gehou en gereeld bygewerk, en 'n jaarlikse verslag oor alle radioaktiewe bronne en stowwe word by die provinsiale Departement van Gesondheid ingedien.<br>Die Departement van Gesondheid voer van tyd tot tyd oudits uit, en permitte word versoek vir bronne of materiaal wat verwyder is.<br>In November 2014 het die Kernenergiekorporasie (KEK) oortollige bronne en materiaal by gebou G10 verwyder. Alle toepaslike dokumentasie met betrekking tot die verwydering is ná afhandeling aan prof Waanders oorhandig. |
| 11 Vryheid van assosiasie en gesamentlike-bedingingspraktyke | Vryheid van assosiasie is 'n algemeen aanvaarde praktyk by die NWU.<br>Die Institusionele Bedingingsforum (IBF) is saamgestel ooreenkomstig die erkenningsooreenkoms tussen die werknemersorganisasies en NWU-bestuur. Dit funksioneer ingevolge hoofstuk drie van die Wet op Arbeidsverhoudinge, no 66 van 1995.<br>Die IBF hanteer institusionele aangeleenthede van gemeenskaplike belang, met inbegrip van jaarlikse salarisonderhandelinge. Hulle hanteer ook kollektiewe konsultasiekwessies soos beleide, prosedures en praktyke.<br>Die forumlede sluit ses verteenwoordigers van bestuur in, vyf van die vakbond SAPTU en twee van die ander erkende vakbond, NEHAWU.<br>Die IBF vergader maandeliks en lewer maandeliks verslae aan die institusionele bestuur. Geskille wat buite die bestek van die IBF ontstaan, word deur middel van interne prosedures hanteer. Dit sluit die prosedures vir die hantering van griewe en die bestuur van onvermoë, teistering en dissipline in. Indien dit nie intern opgelos word nie, word aangeleenthede ingevolge die Wet op Indiensnemingsgelykheid en die Wet op Arbeidsverhoudinge hanteer. |
| 12 Besonderhede van verskaffers se arbeids-, gesondheids- en veiligheidspraktyke | Dit is moeilik om die vereistes deurgaans op alle verskaffers aan die NWU toe te pas, veral wanneer daar van plaaslike klein en medium ondernemings gebruik gemaak word wat nie al hierdie vereistes ken nie. Om gereeld hierdie detail oor ons verskaffers in te samel, vereis 'n langtermynproses en die opleiding van gereelde verskaffers, wat nie deel van die kernbesigheid van die NWU is nie.<br>Ons vra egter hierdie inligting as deel van die tendervereistes in die geval van groot tenders aan, maar ons vra nie vir bewys van voldoening nie. Dit sal 'n uitstaande aangeleentheid bly totdat ons die tender- en kontrakvereistes verander. Stappe om te verseker dat ons hierdie gaping die hoof kan bied, is nog nie by die NWU bespreek nie. |

**4**

eksterne lede in uitvoerende komitee van die Raad

**3**

eksterne lede in die tenderkomitee

**5**

lede in die oudit-, risiko- en nakomingskomitee (alle lede is ekstern)

**60%**

Raadslede nie in diens of studente van die NWU nie

**9**

Senaatskomitees

**11**

Raadskomitees

**77%**

% Raadsbywoning

# hoe ons die NWU korporatief bestuur


38 boodskap van die kanselier

40 verslag van die voorsitter van die Raad

44 raadsverslag oor korporatiewe bestuur

50 ontmoet ons raadslede

56 verslag van die institusionele forum

58 senaatsverslag



BOODSKAP VAN DIE

# kanselier

## Kgosi Leruo Molotlegi

Wanneer ons aan die universiteit as 'n "gemeenskap van vakkundiges" dink, is dit miskien maklik om die "vakkundige" deel te beklemtoon; die woord "gemeenskap" in hierdie uitdrukking is egter 'n ewe noodsaaklike deel daarvan.

Dit is 'n gemeenskap omdat ons dinge *gemeen* het – die soeke na waarheid, kennis, dienlikheid en wysheid. Dit is 'n gemeenskap omdat ons meer as die *som van ons gemeenskaplike dele* is – ons is die 15 464 graduandi van 2014, die 164 navorsingsgenote, ons is die studente wat saam beurse van meer as R165 miljoen ontvang het, ons is die meer as 1 500 deelnemers wat vir voortgesette onderrig ingeskryf is deur oop afstandsleer, ons is ons uitsette, ons navorsingsuitvindings en patente, ons konferensies en kollokwiums, ons debatte, ons nuwe en opgeknapte geboue, ons groot getal sportprestasies... ons is nie tot 'n enkele meting beperk nie, want ons is 'n veelvuldigheid.

Maar 'n universiteit is ook 'n gemeenskap, want dit staan vir *dit wat in die gemeenskaplike belang is* – ons staan vir maatskaplike verandering, vir die aanpak van maatskaplike uitdagings, vir diens aan ons nasie (en, natuurlik, die voorbereiding *tot* diens), vir die toerusting van mense tot denke en vir werk met die oog op 'n beter land vir ons kinders.

Die jaar 2014 was 'n jaar wat ons sal onthou. Ons het ons eerste dekade as 'n unitêre multi-kampusinstelling gevier, een met 'n enkele stel beleide, stelsels en standaarde. Ons het finansiële uitdagings te bowe gekom. Ons het uitgestyg bo beskuldigings dat ons fascistiese subkulture verdra. Sommige uitdagings, soos om 'n eweredige swart akademiese personeel-komplement te bewerkstellig, sal tyd neem om die hoof te bied. In 2014 het ons hard aan al hierdie doelwitte gewerk.

Wat leierskap betref, het ons van die passievolle Theuns Eloff met sy allesomvattende kennis afskeid geneem. Op dieselfde dag dat prof Kgwadi ingehuldig is, is my eie termyn as kanselier hernu, 'n voorreg waarvoor ek dankbaar is en geëer voel.

Om 'n assosiasie met 'n universiteit te hê, beteken onvermydelik ook om verbind te wees tot die soeke na innovasie en relevansie – beginsels waarvolgens die Bafokeng, die nasie waarvan ek die leier is, streef om onsself te definieer. Hier by die NWU gaan dit daaroor om ons vinger op die nasionale pols en ons oor op die grond van internasionale publikasies te hou, terwyl ons hande besig is om saam met die nywerheid te werk, dikwels in 'n soeke na plaaslike oplossings vir wêreldwye probleme.

Indien 'n universiteit soos 'n organiese wese is, wat per definisie hetsy besig is om te groei of besig is om te sterf, het ons geweldig oor die afgelope 10 jaar gegroei, en groei ons steeds.

Laastens het 'n onlangse studie deur 'n vooraan-staande ekonoom getoon dat werkloosheid van gegradueerdes in Suid-Afrika baie laag is – in teenstelling met hoe dit dikwels in die media uitgebeeld word.

Ongeveer 93% van alle gegradueerdes kry werk, wat in strakke kontras staan met die jeug wat sonder 'n behoorlike opvoeding gelaat word. Dit herinner ons aan twee dinge: eerstens moet ons nooit vergeet hoe bevoorreg ons is om mense te wees met toegang tot onderwys nie. Tweedens moet ons ook nie ons verantwoordelikheid vergeet nie – ons moet meedoënloos wees in ons vasbeslotenheid om die wêreld 'n beter plek te maak, en daarvoor moet ons alle middele tot ons beskikking inspan.

Ek hoop u sal dit met my eens wees dat die jaar-verslag in u hande getuig van hoe ernstig ons hierdie verantwoordelikheid opneem.



**KGOSI LERUO MOLOTLEGI**
**KANSELIER**

42 619

vroulike studente





20 516

manlike studente



# VERSLAG VAN DIE **voorsitter van die Raad**



Mnr Peet van der Walt

Me Itumeleng Pooe

As die hoogste korporatiewebestuursliggaam van die NWU is die Raad verantwoordelik vir die korporatiewe bestuur van die universiteit namens die NWU se belanghebbers en speel dit 'n belangrike rol in die omskrywing van die NWU se doel, waardes en strategie.

Hoewel 2014 'n besonder uitdagende jaar vir korporatiewe bestuur was, is die Raad vol vertroue dat die universiteit sy verpligtinge teenoor sy talle belanghebbers nagekom het.

## belangrike aspekte wat gedurende 2014 hanteer is

Die Raad het gedurende 2014 die volgende belangrike sake hanteer of daarvan kennis geneem:

- 'n Nuwe visekanselier vir die Noordwes-universiteit, prof Dan Kgwadi, is ingehuldig, en die kanselier, kgosi Leruo Molotlegi, is vir 'n tweede termyn ingehuldig.
- 'n Aantal uitdagende voorvalle het gedurende die oriëntasie van eerstejaarstudente vroeg in 2014 voorgekom. Aanstootlike simboliek is deur studente gebruik en geïsoleerde voorvalle van verbode inisiasietradisies is voortgesit. Hierdie voorvalle is ondersoek en deur 'n dissiplinêre proses vervolg. Die Raad het 'n onafhanklike ondersoekspan aangestel om die saak te ondersoek. Die span het aan die Raad gerapporteer dat daar 'n behoefte was om die institusionele kultuur van die NWU te ondersoek om te verseker dat tradisies wat aanstootlik vir die waardes van die NWU is, uitgeskakel word.
- 'n Internasionale oorsigtaakspan het 'n opname gemaak van die mate waarin die NWU daarin geslaag het om die missie wat die universiteit vir homself gestel het gedurende die eerste 10 jaar van sy bestaan te verwesenlik. Die uitkomste van die oorsig sal in berekening gebring word in die nuwe strategievormingsproses wat tot in 2015 sal voortduur.
- Die Raad het 'n nuwe gedragskode vir sy lede goedgekeur, sowel as verskeie beleide en stelle reëls wat 'n regstreekse invloed op lede het. Dit sluit die NWU Belangebotsingsbeleid in.
- Die voorsitter van die Raad, mnr Peet van der Walt, het op 23 September 2014 as gevolg van swak gesondheid bedank en me Itumeleng Pooe, die adjunkvoorsitter, het tot 18 November 2014 as voorsitter waargeneem. By die Raadsvergadering op 17 en 18 November is adv Johan Kruger as voorsitter van die Raad verkies, en dr Joe Tshifularo as adjunkvoorsitter. Hulle beklee hierdie ampte vir drie jaar.

*Waardetoevoeging: mensekapitaal en maatskaplike en verhoudingskapitaal*

## beduidende veranderinge

Veranderinge in die lidmaatskap van die Raad, Senaat en die Institusionele Forum in 2014 was aan normale omstandighede wat verband hou met die verstryking van ampstermyne toe te skryf. Behoorlike prosesse is gevolg om nuwe lede in die betrokke strukture te verkies of aan te wys.

*Waardetoevoeging: intellektuele kapitaal*

Ten spyte van die veranderinge aan die beheer- en bestuurstrukture van die universiteit het die kernbesigheid en korporatiewe bestuur glad en sonder beduidende veranderinge in die mandaat van hierdie strukture verloop, of in die aard van die universiteit se onderrig-leer- en navorsingsaktiwiteite.

*Bevordering van etiese korporatiewe bestuur*

## etiese leierskap en korporatiewe burgerskap

Die NWU-raad en institusionele bestuur bly verbind tot die beginsels van deursigtigheid, aanspreeklikheid en etiese leierskap.

Strategieë om etiese leierskap en korporatiewe burgerskap na te streef wentel om bevordering van die "doenwaardes" van die NWU, (met inbegrip van integriteit, toegewydheid, aanspreeklikheid en respek), en die versterking van die bestaande NWU-etiekkode asook die mandaat van die Navorsingsetiekkomitee.

Verbandhoudende strategieë is die verstewiging van die maatskaplike weefsel van die gemeenskappe omliggend aan die kampusse van die universiteit, en die nastrewing van maatskaplike geregtigheid. Ons bevorder steeds gemeenskapsbetrokkenheid as deel van ons kernbesigheid, waardeur ons ons toegewydheid aan volhoubare plaaslike en streeksontwikkeling toon.

*Toekomsblik*

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

Die Raad het kennis geneem van verslae van verskeie Raadskomitees oor die NWU se nakoming van kodes van goeie praktyk en wette soos die Wet op Gelyke Indiensneming en die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging. Dit is belangrik, aangesien dit die universiteit se pogings ondersteun om voort te gaan om 'n klimaat wat bevorderlik vir maatskaplike geregtigheid is te skep.

Die Raad is vol vertroue dat hulle aanspreeklik opgetree het in die uitoefening van hul toesigrol oor aangeleenthede van maatskaplike verantwoordelikheid by die universiteit, en dat hulle toereikende bewyse gesien het van die implementering van goeie praktyke en vordering in hierdie opsig.

*Toekomsblik*

Die Raad bly egter bewus van die veelvuldige uitdagings wat voorlê, waarvan een die eis is van die lewering van swart akademiese personeellede ter komplementering van die diversiteitsprofiel van die universiteit.

## verklaring oor werkspleketiek

Werkspleketiek by die NWU word gedryf deur die waardes van menswaardigheid, gelykheid, vryheid, integriteit, verdraagsaamheid, respek, verbondenheid tot uitnemendheid, vakkundige betrokkenheid, akademiese vryheid en geregtigheid.

*Waardetoevoeging: finansiële kapitaal*

Ons het ook 'n stel doenwaardes wat ons gebruik om ondersteunings- en akademiese afdelings vir hulle sake- en personeelprosesse aanspreeklik te hou.

Hierbenewens bied die afdeling Interne Oudit jaarliks opleiding in bedrogvoorkoming.

## korporatiewe en ander bestuur van risiko

Die Raad is vol vertroue dat 'n stewige grondslag in 2014 gelê is om 'n doeltreffende en effektiewe risikobestuursproses te verseker en is nie van enige sleutelrisiko's bewus nie – huidig, in die afsienbare toekoms of voorspeld – wat die volhoubaarheid van die NWU moontlik kan bedreig nie.

*Erkenning van risiko's*

In 2014 het die universiteit sy eerste omvattende strategiese risiko-identifiseringsproses voltooi. 'n Risikoprofiel is daarna in September 2014 aan die Raad voorgelê. Die Raad het kennis geneem dat van 2015 af vorentoe bestuur twee maal per jaar oor hul risikobestuursplan verslag sal doen.

*Toekomsblik*

Ná die Raadsaangestelde taakspan se ondersoek na uitdagende voorvalle tydens die oriëntering van eerstejaarstudente by die universiteit het die Studentetoesigkomitee aan die Raad die versekering gegee dat die risikoresponsmaatreëls wat deur bestuur in plek gestel is, risikoblootstelling van hierdie aard tot die minimum sal beperk.

Al hierdie ontwikkelings het bygedra tot die Raad se oortuiging dat toereikende maatreëls by die NWU in plek is om behoorlike risiko-evaluering, -monitering en -gerusstelling moontlik te maak.

## korporatiewe bestuur van inligtingstegnologie

Die Raad bly bewus van die feit dat hulle aanspreeklik is vir die korporatiewe bestuur van inligtingstegnologie deur die toesigrol van hul Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee wat toesig hou oor die belyning van inligtingstegnologie met die prestasie- en volhoubaarheidsdoelstellings van die universiteit. Die Raad neem kennis van die volgende:

*Toekomsblik*

- Die universiteit is steeds in die proses van vestiging van 'n Korporatiewebestuursraamwerk vir Inligtingstegnologie, en dit sal gedurende 2015 voltooi word.
- Die beplanning en implementering van inligtingstegnologieverwante hulpbronne is in ooreenstemming met die strategiese beplanning van die universiteit. Daar is egter uitdagings wat betref die voorgesette monitering en ouditering van hierdie funksie en die bestuur van sekuriteitsmaatreëls.
- Daar word vordering gemaak met die ontwikkeling van 'n sakevoortsettingsplan en 'n ramphersteplan.
- Inligtingstegnologieverwante risiko's word ingesluit as deel van die risikobestuursbedrywighede en risiko-evaluerings-, -moniterings- en -gerusstelingsprosesse wat in 2015 sal volg om die aangeleentheid die hoof te bied.

*Erkenning van risiko's*

*Toekomsblik*

## voldoening aan wette, kodes, reëls en standaarde

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Die Raad se Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee hou toesig oor die maatreëls wat die NWU in plek gestel het om voldoening aan toepaslike wette, kodes, reëls en standaarde te verseker.

Die Raad is vol vertroue dat, hoewel die universiteit geen wetsvoldoeningsbeleid as sodanig het nie, die Beleid oor Korporatiewebestuurstoesig en Bestuursbeheer toereikend voorsiening maak vir die voortgesette integrasie van wetsvoldoening in die betrokke sakeprosesse, kwaliteitskontrole en interne beheermaatreëls.

## bevordering van versoeke om toegang tot inligting

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Die NWU onderskryf die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting "(PAIA)" ten volle en het in 2014 afskrifte van hul bygewerkte Inligtingshandleiding en die verpligte artikel 32-verslag by die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie ingedien.

Van die 29 versoeke om inligting wat die universiteit ontvang het, is sewe afgekeur op grond van privaatheidsoorwegings, ooreenkomstig artikel 36 van PAIA.

Sedert Julie 2014 gebruik die NWU 'n elektroniese PAIA-versoekstelsel. Tussen Julie en Desember 2014 is 23 eksterne versoeke deur hierdie nuwe stelsel hanteer.

## vergoeding van raadslede

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal*

'n Honorarium word twee maal per jaar (in Julie en Desember) betaal aan eksterne lede van die Raad, Raadskomitees en ander statutêre liggame vir elke vergadering wat bygewoon is:

| | |
|---|---|
| Eksterne Raadslede | R2 200 |
| Raadsaangestelde eksterne kundige, maar nie 'n raadslid nie | R2 750 |
| Voorsitter/adjunkvoorsitter | R2 750 |
| Indien die Raadsvoorsitter 'n gewone lid van 'n korporatiewe bestuurstruktuur is | R2 200 |

Raadslede word ook die geleentheid gegun om die honorarium aan die universiteit terug te skenk, indien hulle dit wil doen.

## verklaring oor finansiële beheermaatreëls

Die Raad bly daarvan bewus dat die stelsel van interne finansiële beheermaatreëls by die universiteit slegs beskou moet word as sou dit redelike maar nie absolute gerusstelling nie voorsien dat bates beveilig is, transaksies gemagtig en behoorlik geboekstaaf is en dat wesenlike foute of onreëlmatighede hetsy verhoed word of binne ʻn redelike tydperk opgespoor sal word.

Die Raad bly daarby dat die universiteit voortgegaan het om ʻn doeltreffende stelsel van interne finansiële beheer gedurende 2014 in bedryf te hou, met behoorlike kennisname van die volgende aangeleenthede:

- Die stelsel van interne finansiële beheer is steeds gegrond op ʻn raamwerk van gereelde bestuursinligting, beleide, riglyne en administratiewe prosedures. Dit het die skeiding van pligte en ʻn stelsel van delegering en aanspreeklikheid ingesluit.
- Die beleide wat die universiteit se finansiële aktiwiteite reguleer, word op ʻn deurlopende grondslag deur die Raad hersien en goedgekeur. Net so is die riglyne en prosedures wat uit die beleide voortvloei ʻn deurlopende verantwoordelikheid van die institusionele bestuur.
- Die Raad se verantwoordelikheid vir die doeltreffendheid van interne finansiële beheer is ingelig deur die werk van die afdeling Interne Oudit, die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee (wat ʻn toesighoudende rol oor Interne Oudit het) en die uitvoerende bestuurders by die universiteit wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling en instandhouding van die raamwerk van finansiële beheermaatreëls. Die Raad se rol is ook verder inligting geput uit die ouditwerk van ʻn eksterne ouditfirma, wat bestuursbriewe en ander verslae tot gevolg gehad het.

## finansiële gesondheid en lewensvatbaarheid

Die universiteit staar uitdagings soos dalende subsidie-inkomste in reële terme (met die DHOO se uitfasering van die multikampussubsidie as ʻn bydraende faktor ) en die impak van ongestadigde internasionale ekonomieë op die Suid-Afrikaanse ekonomie in die gesig. Ten spyte van hierdie uitdagings bly die Raad vol vertroue dat die NWU in 2014 daarin geslaag het om die immer toenemende eise om hulpbronne te balanseer deur finansiële dissipline te handhaaf en die groeiende organisasie in ooreenstemming met sy kapasiteit te ondersteun.

Finansiële verhoudings en prestasie-aanwysers het stabiel gebly en bevestig dat die NWU in staat is om sy langtermyn- sowel as sy korttermynverpligtinge na te kom. Bedryfsteikens en kapitaal-/strategiese doelwitte is bereik ten einde ʻn lopende saak te verseker en dui op die universiteit se verbondenheid tot volhoubaarheid.

Terwyl inkomste uit staatsubsidie onveranderd gebly het, het studenteverwante inkomste sedert 2013 met 18,5% gestyg – ʻn aanduiding van ons vermoë om te groei in ʻn mark wat intensiewe mededinging om hulpbronne ervaar. Altesaam 15 464 studente het gedurende 2014 grade en diplomas ontvang, en R165,5 miljoen is uit ons eie fondse as beurse toegeken. Moeilike ekonomiese omstandighede het studenteskuld beklemtoon en die universiteit gedwing om R36,8 miljoen as onverhaalbare en twyfelagtige skulde af te skryf – ʻn bykomende R12,0 miljoen vergeleke met 2013.

Ons het ʻn daling ervaar in derdegeldstroom-inkomste (beleggingsinkomste, private geskenke en toelaes, sowel as verkope van goedere en dienste). Nogtans het ons daarin geslaag om ons surplus op herhalende aktiwiteite tot 2% van totale inkomste te verhoog, vergeleke met 1% vir 2013.

## lopendesaak-verklaring

Verskeie onderling verwante faktore het aan die NWU-raad genoegsame gerusstelling gegee dat die universiteit as ʻn lopende saak sal voortbestaan. Hierdie faktore was ʻn gesonde solventheidsposisie, behoorlike finansiële bestuurstelsels, doeltreffende beheermeganismes en toereikende hulpbronne tot die beskikking van die NWU om in die afsienbare toekoms met bedryfsaktiwiteite voort te gaan.

## verklaring oor die verkrygingsproses

Die NWU het voortgegaan om ʻn gesentraliseerde verkrygingsbestuurstruktuur te gebruik. Hierdie struktuur voorsien beheer en koördinering sonder om die magte van evaluering, aanbeveling en magtiging betreffende die verkrygingsbehoeftes van die gedesentraliseerde afdelings (kampusse en die Institusionele Kantoor) aan bande te lê.

Die afdeling streef daarna om die beste waarde vir geld by elke verkrygingstransaksie te verkry terwyl daar aan die vereistes van billike en deursigtige handelsetiek voldoen word.

Die Raad het ook kennis geneem van die pogings van die universiteit om te hou by die standaarde wat deur die Wet op Openbare Verkryging vereis word. Die Raad het verder kennis geneem dat die universiteit ʻn hoë waarde plaas op die verkryging van goedere en dienste van BGSEB-gekwalifiseerde verskaffers met ʻn gekwalifiseerde BGSEB-bydrae van meer as 75%.

## verklaring oor die bestuur van kontrakte, diensvlakooreenkomste en monitering van verskaffersprestasie

Ooreenkomstig die beleidsvereistes van die NWU word alle kontrakte van die universiteit noulettend deurgegaan en deur die Regsdiensteafdeling goedgekeur. Hierdie afdeling is ook verantwoordelik vir die veilige bewaring van die oorspronklike ondertekende kontrakte.

Diensvlakvereistes word by alle kontrakte met diensverskaffers ingesluit. Onbevredigende lewering van goedere of dienste aan die universiteit word by die gesentraliseerde

*Reaksie op ons eksterne (finansiële) omgewing*

*Waardetoevoeging: finansiële kapitaal*

*Skep van uitsette*

*Bevordering van etiese korporatiewe bestuur*

*Reaksie op ons eksterne (wetlike en politieke) omgewing*

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal*

*Reaksie op ons eksterne (finansiële) omgewing*

*Ons verbintenis tot volhoubaarheid*

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

Verkrygingsafdeling gerapporteer, wat dan toepaslike optrede saam met Regsdienste en die ontvangende afdeling van die onbevredigende goedere of dienste koördineer.

*Waardetoevoeging: finansiële kapitaal*

## tenders wat beoordeel is

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Tenders is steeds streng ooreenkomstig tenderbeleide, -prosedures en toepaslike magtigingsmandate geëvalueer en goedgekeur, met inbegrip van dié wat met die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BGSEB) 2003 verband hou.

Die NWU se beleid is om tenders van die mark aan te vra vir alle goedere en dienste met 'n totale kontrakwaarde wat R100 000 oorskry.

Regsdienste kontroleer en keur tenderdokumente goed, en dit is verpligtend dat die volgende evalueringsmaatstawwe in hierdie dokumente ingesluit word:

- Vir tenders met 'n totale waarde van minder as R1 miljoen, word 80% toegeken vir prys, 16% vir die vlak van BGSEB en 4% indien die tenderaar se basis binne die bedryfsgebiede van die NWU is.
- In die geval van tenders wat 'n totale waarde van R1 miljoen oorskry, word 90% toegeken vir prys, 8% vir die vlak van BGSEB en 2% indien die tenderaar se basis binne die bedryfsgebiede van die NWU is.

Die Raad het aan die Tenderkomitee die mandaat gegee om tenders vir kontrakte tussen R10 miljoen en R30 miljoen goed te keur, mits dit binne die begrotingsperke is. Vir kontrakte wat R30 miljoen oorskry, evalueer die komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die volledige Raad.

Samestelling van die Tenderkomitee vir 2014 (subkomitee van die Finansiële Komitee):

| | |
|---|---|
| Eksterne ouditeur: | Mnr DA Foster (Voorsitter) |
| Eksterne lid van die Raad: | Adv M Kruger |
| Eksterne lid van die Raad: | Mnr F Strydom |
| Visekanselier: | Prof ND Kgwadi |
| Uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite: | Me Elmarie de Beer (waarnemend) (ampshalwe) |
| Institusionele registrateur: | Prof M Verhoef (ex officio-sekretaris) |

## kampusontwikkeling

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: ons vervaardigde kapitaal*

Die NWU het R4,26 miljoen tot die ontwikkeling en opgradering van infrastruktuurdienste op al drie kampusse gedurende 2014 verbind. Vir meer inligting, raadpleeg die afdeling oor vervaardigde kapitaal, p106.

## oop afstandsleer

*Waardegtoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

Afstandsonderrigprogramme word afgelewer deur die Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL), wat lesings na 58 afstandsleersentrums in Suid-Afrika uitsaai.

Vir meer inligting, raadpleeg die afdeling oor ons intellektuele kapitaal, p75.

## korporatiewe bestuur van belanghebberverhoudinge

Die korporatiewe bestuur van belanghebberverhoudinge bly belangrik, veral in die lig van die NWU se aanspreeklikheid teenoor partye wat betrokke is by die wyse waarop die universiteit uitvoering aan sy missie gee.

Die Raad besef dat die goeie naam van die NWU afhang van die persepsies van belanghebbers en daarom is verskeie stappe gedoen om belanghebbers by die beskerming van die goeie naam van die universiteit te betrek:

- 'n Databasis is tot stand gebring om te verseker dat die inligting van sleutelbelanghebbers gereeld bygewerk word en geredelik beskikbaar is.
- Die belanghebberweergawe van die Jaarverslag is gepubliseer en daarin word aandag aan die universiteit se interaksie met en uitkomste ten opsigte van verskeie belanghebbergroepe geskenk.
- Die visekanselier het verskeie belanghebbersgroepe ontmoet om hul insette en sienings oor die strategievormingsproses te verkry.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge*

Wat betref die maatskaplike eise wat hoëronderwysinstellings in die gesig staar, het die Raad kennis geneem van die volgende: die legitieme belange van toenemende eise vir gratis onderwys, die nastrewing van toegang tot onderwys deur voornemende studente wat voorheen benadeel was en die behoefte om universiteitsonderwys in skaars programme meer toeganklik te maak.

## samewerking met die nywerheid

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die universiteit voer gesprekke met die nywerheid om te verseker dat NWU-graduandi en akademiese programme aan die vereistes van voornemende werkgewers voldoen, om te help om in die nywerheid se navorsings- en innovasiebehoeftes te voorsien en om met gemeenskapsbetrokkenheid-inisiatiewe saam te werk.

Vir meer inligting, raadpleeg die afdeling oor ons intellektuele kapitaal (p74 and p81) en ons maatskaplike en verhoudingskapitaal (p102).



**MNR PJ VAN DER WALT**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(tot 23 September 2014)**



**ME I POOE**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(vanaf 23 September 2014 tot 18 November 2014)**

Let asseblief daarop dat hierdie 'n verkorte weergawe is van die volledige verslag wat ingesluit is in die jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê is.



Mnr Peet van der Walt

# RAADSVERSLAG OOR **korporatiewe bestuur**



Me Itumeleng Pooe

Die NWU is verbind tot die hoogste standaarde van deursigtigheid, dissipline, integriteit, verantwoordelikheid, billikheid, maatskaplike verantwoordelikheid en aanspreeklikheid. Ons onderskryf die beginsels wat in die King III-verslag oor Korporatiewe Bestuur in Suid-Afrika vervat is.

Om die integriteit van besluitneming te beskerm en goeie korporatiewe bestuur te verseker, beoefen die universiteit gesamentlike oorlegpleging, ondersteun ons besluitneming deur bemagtigde bestuurders en moniteer ons resultate en risiko's deurlopend.

Die NWU-raad het die Gedragkode vir lede van die Raad en Raadskomitees hersien. Hierdie kode is ingesluit in alle Raadsverwante vergaderingagendas ten einde lede te herinner aan en leiding te gee oor hul verpligtinge om die kode na te kom.

## rol en funksies van die raad

Die Raad is verantwoordelik vir die korporatiewe bestuur van die universiteit, behoudens die Wet op Hoër Onderwys en die Universiteitstatuut.

Ingevolge die NWU se Statuut is die Raad spesifiek verantwoordelik vir die volgende:

- Aanvaarding van doelwit- en waardestellings, strategiese planne en beleid, die Statuut, die reëls, prosesse en delegerings van gesag. Die Raad moniteer ook die bedryfsprestasie van die bestuur. Om te verseker dat ons ons doel en waardes verwesenlik, bring die Raad komitees tot stand, en, tesame met die Senaat, gesamentlike komitees.
- Bepaling van die taalbeleid van die NWU binne die beleid wat deur die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding gestel is, en met die instemming van die Senaat. Die oogmerk is om 'n beleid te aanvaar wat buigsaam en funksioneel is en taalwanbalanse van die verlede regstel, terwyl meertaligheid, toegang, integrasie en 'n gevoel van tuishoort bevorder word.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Bevordering van goeie korporatiewe bestuur*

*Bevordering van etiese korporatiewe bestuur*

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

*Ons verbintenis tot volhoubaarheid*

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

*Bevordering van samewerkende korporatiewe bestuur*

- Totstandbrenging van die strukture vir studentesteundienste, ná oorleg met die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR).
- Om van lede te vereis om by 'n gedragskode te hou en regstellende stappe te doen, indien nodig.
- Delegering van die gesag om personeellede aan te stel, insluitende kampusviserektore, kampusregistrateurs en direkteure, dekane en akademiese direkteure, met die voorbehoud dat geen persoon gemagtig is om iemand aan te stel wat regstreeks aan hom of haar rapporteer nie.

Die Raad het gedurende 2014 vier gewone vergaderings en twee buitengewone vergaderings gehou.

In die uitvoering van sy funksies gedurende 2014 het die Raad steeds die redes vir die samesmelting-inkorporasie in 2004 in gedagte gehou. Talle van hierdie redes het ingebed geraak in die Institusionele Plan van die NWU en maak deel van die Raad se Strategiese Beplanning uit. Dit is naamlik:

- om die gaping tussen 'n histories bevoordeelde en histories benadeelde instelling wat deur apartheid veroorsaak is te oorbrug.
- om 'n meer gelyke personeel- en studentekorps te bevorder
- om kapasiteit met betrekking tot administrasie, bestuur, korporatiewe bestuur en die akademie uit te bou
- om die ontplooiing en gebruik van akademiese personeel te konsolideer
- om navorsingskapasiteit te bou
- om volhoubaarheid te bevorder.

Die Raad is ook daarvoor verantwoordelik om die strategiese rigting vir die NWU te bepaal, groot ontwikkelings goed te keur en gereelde verslae van bestuur oor die bedryf van die universiteit te ontvang.

## komitees van die raad

Alle komitees van die Raad het 'n mandaat wat strategies of finansieel belangrik vir die NWU is.

Hulle is onder voorsitterskap van eksterne Raadslede met die nodige kennis, vaardighede en ervaring, en funksioneer volgens 'n duidelike opdrag. (Kyk asseblief na die afdeling Ontmoet ons Raadslede vir die kwalifikasies van die Raadslede.)

### Uitvoerende Komitee

Die Uitvoerende Komitee hanteer tussen Raadsvergaderings aangeleenthede rakende korporatiewe bestuur wat opduik, en doen dan op die volgende vergadering hieroor verslag. Hierdie komitee maak ook seker dat Raadslede by die Gedragskode hou en handel enige aangeleenthede af wat deur die Raad na hulle verwys word.

> Gedurende 2014 is vier vergaderings van die Uitvoerende Komitee op 20 Februarie, 29 Mei, 28 Augustus en 30 Oktober gehou. Vyf buitengewone vergaderings is op 23 Januarie, 24 Februarie, 12 Junie, 14 Augustus en 10 Desember 2014 gehou.

### Vergoedingskomitee

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal en inagneming van ons finansiële kapitaal*

Om billike en verantwoordelike vergoeding van senior uitvoerende beamptes by die universiteit te verseker het hierdie komitee hoofsaaklik aandag gegee aan die dienskontrakte, vergoeding en prestasie-evaluering van die visekanselier, lede van die institusionele bestuur en die direkteur van interne oudit.

Die komitee funksioneer onder die beskerming van die NWU se Vergoedingsbeleid en die Beleidsraamwerk vir die Vergoeding van Senior Bestuurders in Openbare Hoër Instellings.

'n Belangrike doel van die Vergoedingsbeleid is om personeel van hoë gehalte en met hoë potensiaal te lok en te behou. Leidende beginsels vir vergoedingsaangeleenthede is, onder andere, 'n totalepakket-benadering en dat vergoeding tot 'n motiverende werksklimaat bydra.

Drywers van vergoeding is posgraad, prestasie-uitset, skaarsheid, strategiese prioriteit, interne pariteit en bekostigbaarheid.

*Toekomsblik*

In 2015 sal die komitee se opdrag met die norme van die King-kode van Goeie Praktyk belyn word.

Die komitee het vier lede, bestaande uit twee eksterne lede van die Uitvoerende Komitee van die Raad en die voorsitters van die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid sowel as die Finansiële Komitee, en die voorsitter is die voorsitter van die Raad.

> Die Vergoedingskomitee het op 17 November 2014 vergader.

### Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal en reaksie op ons eksterne (politieke en wetlike) omgewing*

Die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid verseker dat toereikende mensehulpbronbeleide en -strategieë in plek is en moniteer die implementering daarvan aan die hand van vasgestelde maatstawwe. Die komitee is verantwoordelik vir alle aangeleenthede rakende mensehulpbronne en indiensnemingsgelykheid, insluitende aangeleenthede betreffende vergoeding en diensvoorwaardes wat nie binne die bestek van die Vergoedingskomitee val nie.

Die komitee ontvang en evalueer verslae van bestuur oor spesifieke mensehulpbron-aangeleenthede, insluitende voldoenings- en statutêre vereistes, en verseker dat bestuur vir die implementering van strategieë en beleid betreffende mensehulpbronne aanspreeklik gehou word.

> Die Komitee vir Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid het op 12 Mei en 16 Oktober 2014 vergader.

*Reaksie op ons eksterne (politieke en wetlike) omgewing*

### Transformasietoesigkomitee

Die Transformasietoesigkomitee hou toesig oor die implementering van die transformasieaspekte van die Institusionele Plan. Dit bestaan uit vier eksterne lede en een interne lid van die Raad, asook die visekanselier en die adjunkhoof.

> Die Transformasietoesigkomitee het op 15 Mei en 16 Oktober 2014 vergader.

*Bevordering van samewerkende en etiese korporatiewe bestuur*

### Studentetoesigkomitee

Die Studentetoesigkomitee is in Junie 2014 tot stand gebring en hou toesig oor en adviseer die visekanselier rakende alle aspekte ten opsigte van studente en studentesteun by die universiteit.

Hulle hou ook toesig oor die bevordering van 'n verenigde NWU-kultuur wat multikulturalisme, diversiteit en menseregte omarm.

Die komitee bestaan uit vier eksterne en een interne lid van die Raad, asook die visekanselier. Die voorsitter van die Raad is die voorsitter van die komitee.

> Die Studentetoesigkomitee het op 7 November 2014 vergader.

### Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee

*Erkenning van risiko's en waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

Hierdie komitee is teenoor die Raad aanspreeklik vir die uitvoering van hul pligte. Hierdie pligte is om toesig te hou oor die Interne Oudit-handves, om die NWU se bates te beskerm, toereikende rekeningkundige rekords in stand te hou, 'n doeltreffende stelsel van interne kontrole te ontwikkel en in stand te hou, toesig te hou oor die bestuur se rol ten opsigte van die skepping en instandhouding van 'n behoorlike risikobestuursproses, en om die eksterne ouditeure se jaarlikse ouditgelde te magtig.

*Bevordering van samewerkende korporatiewe bestuur*

Die komitee bied 'n kommunikasiekanaal tussen die Raad, bestuur, die interne ouditfunksie en die eksterne ouditeure. Hulle geniet onbeperkte kommunikasie met die voorsitter van die Raad (wat nie 'n lid van die Ouditkomitee is nie), die visekanselier, die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite en die interne en eksterne ouditeure. Meer inligting oor hoe die komitee die Raad bystaan, is beskikbaar in die volle jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê is en op die NWU-webwerf beskikbaar is.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Die komitee het die samestelling van die komitee heroorweeg om te verseker dat dit met die aanbeveling van die King III-verslag ooreenstem, waarvolgens alle lede onafhanklik moet wees. Om hierdie rede is die twee interne Raadslede van lidmaatskap uitgesluit.

> Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee het op 19 Mei en 20 Oktober 2014 vir gewone vergaderings ontmoet. Twee buitengewone vergaderings is op 23 Junie en 7 November 2014 gehou.

**Lede van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee:**

| Lede | Akademiese kwalifikasies | Ekstern / Intern | Ampstermyne | Getal vergaderings gehou | Bywoning deur lede |
|---|---|---|---|---|---|
| Me M Claassens | 'n GR (SA) Geregistreerde Ouditeur | Ekstern | 2012 – 2015 (2) | 4 | 4 |
| Mnr T Plaatjie | BA | Ekstern | 2012 – 2015 (1) | 4 | 0 |
| Dr K vd Walt | 'n GR (SA) Geregistreerde Ouditeur | Ekstern | 2014 – 2017 (1) | 3 | 2 |
| Me H Fourie | 'n GR (SA) Geregistreerde Ouditeur | Ekstern | 2012 – 2015 (2) | 4 | 4 |
| Adv T Kruger (tot September) | LLB, LLM | Ekstern | 2011 – 2014 (1) | 2 | 2 |

*Die lede van die komitee gedurende 2014 was me M Claassens (voorsitter), mnr T Plaatjie en adv T Kruger (tot September 2014). Die komitee is deur twee onafhanklike finansiële kundiges, me HS Fourie en dr K van der Walt geadviseer.*

*Daar word van die verteenwoordigers van die eksterne ouditeure vereis om komiteevergaderings by te woon, en so ook van prof D Kgwadi (visekanselier), prof IJ Rost (uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite) en me M van der Merwe (direkteur vir interne oudit). Prof M Verhoef (institusionele registrateur en sekretaris van die Raad) het as ex officio-lid gedien.*

### Finansiële Komitee

Die Finansiële Komitee adviseer die Raad oor finansiële en beleggingsaangeleenthede en oor langtermyn-infrastruktuurontwikkeling by die NWU. Hulle versterk die Raad se korporatiewebestuur-funksie ten opsigte van gesonde, verantwoordelike en doeltreffende finansiële beplanning, finansiële administrasie, finansiële korporatiewe bestuur en behoorlike finansiële verslagdoening.

Meer inligting oor die komitee se primêre funksies is beskikbaar in die volle jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê is en op die NWU-webwerf beskikbaar is.

Die voorsitter van die komitee is 'n eksterne Raadslid wat 'n finansiële kundige is. Die komitee maak aanbevelings oor die jaarlikse bedryfs- en kapitaalbegrotings aan die Raad, en verseker die finansiële gesondheid van die universiteit as 'n lopende saak.

Gedurende 2014 het die Finansiële Komitee op 29 Mei en 30 Oktober 2014 vergader.

Erkenning van risiko's

Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal

Waardetoevoeging: ons vervaardigde kapitaal

Die Finansiële Komitee maak gebruik van drie subkomitees, naamlik die Tenderkomitee, die Beleggingskomitee en die Batekomitee, om sy pligte te vervul.

### Tenderkomitee

Hierdie komitee ondersoek die tenderbeleide en -prosedures wat deur die bestuur opgestel word, maak seker dat dit aan die Wet op Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging van 2003 voldoen, bevestig dat tenderbeleide geïmplementeer word, evalueer tenders vir kontrakte met 'n waarde van tussen R10 miljoen en R30 miljoen en keur dit goed. Vir kontrakte wat R30 miljoen oorskry, evalueer die komitee die ontvangde tenders en doen dan 'n aanbeveling aan die Raad.

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing

Die Tenderkomitee het op 25 Februarie, 18 Augustus, 23 Oktober en 28 November 2014 vergader.

### Beleggingskomitee

Die Beleggingskomitee stel maatreëls in plek sodat die NWU die hoogste moontlike opbrengs op beleggings kan verdien, met toepaslike risikoblootstelling. Hulle stel portefeuljebestuurders aan en evalueer beleggingsbeleid, die beleggingsprestasie van portefeuljebestuurders en die kredietreëlings vir die geldmarkbestuurder.

Gedurende 2014 het die komitee op 28 Februarie, 29 Augustus en 3 November vergader.

### Batekomitee

Die Batekomitee moet die langtermyn-ontwikkeling en instandhouding van die universiteit se infrastruktuur verseker.

Hierdie komitee het op 5 Mei en 17 Oktober 2014 vergader.

### Eretoekenningskomitee

Die Eretoekenningskomitee bestaan uit die visekanselier, voorsitter van die Raad, twee lede van die Raad, drie lede van die Senaat, die dekaan van die betrokke fakulteit in 'n raadgewende hoedanigheid, en die institusionele registrateur en sekretaris van die Raad, wat as ex officio-lid dien.

Die komitee het op 11 April en 19 September 2014 vergader om nominasies vir eretoekennings te oorweeg.

## bywoning van raadskomiteevergaderings

Die Raad het op 15 April 2014 'n strategiese werkswinkel gehou en het drie gewone Raadsvergaderings belê. Dié is op 20 Junie, 26 September en 17 en 18 November gehou.

Vier buitengewone Raadsvergaderings is op 5 Maart, 18 Maart, 4 Junie en 23 September 2014 gehou.

Die bywoningsrekord vir die Raad en die komitees daarvan vir 2014 was soos volg:

| Komitee | % bywoning |
|---|---|
| Raad | 77% |
| Uitvoerende Komitee van die Raad (UK) | 91% |
| Finansies | 88% |
| Transformasie-oorsig | 92% |
| Mensekapitaal en Indiensnemingsgelykheid | 78% |
| Tender | 83% |
| Eretoekennings | 100% |
| Oudit, Risiko en Nakoming | 70% |
| Vergoeding | 100% |
| Bates | 58% |
| Beleggings | 73% |
| Studentetoesig | 83% |

Die totale gemiddelde bywoningsyfer vir Raads- en Raadskomiteevergaderings vir 2014 was 82,75%, wat 3,75% hoër was as die syfer van 79% in 2013.

## evaluering van die raad en sy komitees

Die Raad van die NWU is daartoe verbind om die doeltreffendheid van hul korporatiewebestuurs- en toesigfunksie te verseker.

*Bevordering van goeie korporatiewe bestuur*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

In 2014 het lede van die Raad en die Raadskomitees 'n selfevalueringsvraelys voltooi om die rol en funksionering van die verskillende korporatiewebestuurstrukture ten opsigte van hul mandate te evalueer. Die evaluerings het veral gefokus op risikobestuur, nakoming van die beginsels van goeie korporatiewe bestuur, dissipline en lede se begrip van die Raad se toesighoudende rol. Ander faktore wat in aanmerking geneem is, was die grootte, samestelling en onafhanklikheid van die strukture, die doeltreffendheid van die leierskap, spanwerk, vergaderings en die jaarlikse werkswinkel.

Uit die resultate was dit duidelik dat die Raad onafhanklik is in hul besluitnemingsproses en 'n duidelike begrip het van hul rol van korporatiewe bestuur, vergeleke die rol van daaglikse bestuur wat aan die visekanselier toegewys is. Die lyne van verantwoordelikheid tussen die korporatiewe-bestuurstrukture en bestuur is duidelik afgebaken en daar word duidelik daarby gehou.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

## konflikbestuur

Professionele gekwalifiseerde en ervare individue in bemiddeling, arbitrasie en geskil-oplossing is tot die beskikking van die Raad en die NWU om behulpsaam te wees met die oplossing van enige geskille tussen partye binne die instelling, met die doelstelling om konflikte verhoed. Gedurende die jaar het dit nodig geword om hulle dienste in te roep waar konflik ontstaan het.

Gedurende die oorsigjaar was daar as gevolg van konflik egter geen akademiese dae wat verlore gegaan het nie en is geen skade aan eiendom aangerig nie.

## deelname van werknemers en studente

NWU-werknemers word deur twee vakbonde verteenwoordig, naamlik SAPTU en NEHAWU. Die NWU het op 16 Julie 2013 'n hersiene Erkenningsooreenkoms met SAPTU onderteken en, op dieselfde datum, 'n nuwe Erkenningsooreenkoms met NEHAWU.

*Bevordering van samewerkende korporatiewe bestuur*

Werknemers is in verskeie korporatiewebestuurs- en bestuursliggame verteenwoordig, waarvan een die Institusionele Bedingingsforum (IBF) is, waaroor daar in die erkenningsooreenkomste met die vakbonde ooreengekom is.

Die IBF streef na goeie werkgewer/werknemer-verhoudings deur doeltreffende kommunikasie, oorlegpleging en konflikoplossing. Hulle hanteer ook aangeleenthede soos die jaarlikse salarisonderhandelings. Gedurende 2014 het die IBF maandeliks vergader, met bykomende vergaderings gedurende Januarie tot April om die jaarlikse lewenskosteaanpassing te bespreek.

Ander strukture wat personeeldeelname bevorder, is die werksplekforums op die kampusse en by die Institusionele Kantoor. Hierdie forums hanteer kwessies wat spesifiek op die besondere werksplek betrekking het en vergader maandeliks. Hulle is die platforms vir verteenwoordigers van die vakbonde en bestuur.

Hierbenewens is werknemers in verskeie statutêre liggame verteenwoordig, soos die Raad en die Menseregtekomitee.

*Bevorder samewerkende korporatiewe bestuur*

Studente het ook setels in 'n aantal statutêre en bestuurskomitees. Op kampusvlak word verteenwoordigende kampusstudenterade (waarin studenteverwante aangeleenthede hanteer word) jaarliks verkies. Verteenwoordigers van hierdie kampusstrukture maak die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad uit, wat vyf maal in 2014 vergader het.

Studente is ook in die Institusionele Forum, die Institusionele Koördinerende Gesondheids- en Welstandskomitee en die Institusionele Komitee oor Studentesteundienste verteenwoordig.

## verklaring oor etiekkode

Die institusionele bestuur het in Augustus 2012 die NWU se Etiekkode goedgekeur. Hierdie kode bepaal die wyse waarop die universiteit alle interne en eksterne belanghebbers hanteer. Net so word van alle interne belanghebbers verwag om die etiese verpligtinge wat deur die Etiekkode gestel word, na te kom wanneer hulle met die sake van die universiteit besig is.


*Bevordering van etiese korporatiewe bestuur*

Die Etiekkode voorsien 'n raamwerk vir aanspreeklikheid in die wyse waarop die universiteit homself tot die standaarde van integriteit in die hantering van sy belanghebbers (in die besonder sy personeel en studente) asook in strukture vir korporatiewe en ander bestuur verbind.

Die Etiekkode vind praktiese verwesenliking in verskeie beleids- en proseduredokumente. Dit sluit in die Etiekkode vir Raadslede, die Gedragshandleiding vir Personeel en 'n module waarin studente bewus gemaak word van akademiese eerlikheid en kopieregkwessies.



**MNR PJ VAN DER WALT**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(tot 23 September 2014)**



**ME I POOE**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(vanaf 23 September 2014 tot 18 November 2014)**

Hierdie is 'n effens verkorte weergawe van die Verslag oor Korporatiewe Bestuur wat die Raad gedurende hul vergadering gehou op 19 Junie 2015 ooreenkomstig die Regulasies goedgekeur het. Die volledige verslag is beskikbaar in die omvattende jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê is en op die NWU-webwerf beskikbaar is.


# etiekkode

As 'n lid van die Noordwes-Universiteit onderskryf ek die visie en missie van die universiteit en die waardes wat die universiteit voorstaan. Ek verbind my dus, in al my strewe:

- Om menswaardigheid te handhaaf, om my eie en andere se volle potensiaal te ontwikkel, en om akkuraatheid, eerlikheid, waarheidsliewendheid, betroubaarheid en lojaliteit teenoor die universiteit en alle mense te beoefen en te bevorder.
- Om te soek na dit wat reg en billik is soos gesien vanuit die perspektief van die liefde van God en ons liefde vir andere, deur waardering vir andere te toon, deur openhartig te wees oor my eie vooronderstellings, deur empatie te beoefen, en deur onpartydig te wees.
- Om almal se vryheid van inperkings te handhaaf, wat slegs beperk word deur my plig om my eie en andere se vryheid te beskerm en deur my verbintenis om die bogenoemde waardes uit te leef en uit te bou.
- Om verdraagsaamheid, geduld en selfdissipline te betoon teenoor standpunte wat van myne verskil, in 'n gees van vreedsame naasbestaan, en ten einde intellektuele en persoonlike groei te stimuleer.
- Om almal se potensiaal te erken en waardering te toon vir die waarde van almal met wie ek te doen kry en in te sien hoe hulle tot groei kan bydra.
- Om my intellektuele en persoonlike integriteit, bevoegdheid, professionalisme en ander hulpbronne daaraan toe te wy om voortreflike uitkomste te bereik.
- Om my kundigheid en my spesialiseringsgebiede aan te wend om konstruktiewe verandering in die gemeenskap en die omgewing teweeg te bring terwyl ek my eie kapasiteit verdiep en verbreed ten einde selfs meer tot positiewe groei by te dra.
- Om intellektuele outonomie en kritiese denke te bevorder deur die handhawing en beskerming van die vryheid en verantwoordelikheid van individue en die universiteit om sonder arbitrêre inmenging te debatteer, te onderrig en navorsing te doen.
- Om hoë verwagtinge van die verantwoordelikheid van die Raad en bestuur van die universiteit te koester om die waardigheid van studente en personeel gestand te doen en 'n volhoubare leer- en werksomgewing vir almal te skep.
- Om my te weerhou van enige botsing van belange wat nadelig is vir my verhouding met die universiteit, en om sodanige belange of botsing ten opsigte van my diens, fidusiêre pligte, wisselwerking met kollegas en enige ander faset van my verantwoordelikhede te verklaar.

## beleid oor vergoeding

belangrike doelwit: lok en behou personeel van hoë gehalte en potensiaal





## komitee vir studente-toesig

in Junie 2014 tot stand gebring

# ontmoet ons raadslede

## Die lede van die NWU-raad bestaan uit mense met kennis en ervaring wat vir die universiteit toepaslik is.

Ooreenkomstig die Wet op Hoër Onderwys is minstens 60% van die lede van die Raad nie studente of personeel van die NWU nie.

Lede van die Raad en Raadskomitees word gelei deur 'n Gedragskode wat verseker dat hulle te alle tye die belange van die universiteit eerste stel.

Ooreenkomstig die NWU-statuut bestaan die Raad uit akademiese en nie-akademiese lede van binne en buite die universiteit, met die eksterne lede in die meerderheid.

Die voorsitter van die Raad word uit die eksterne lede verkies en het 'n duidelik afsonderlike rol van dié van die visekanselier. Daar word van hom of haar verwag om in die belang van goeie korporatiewe bestuur na die optimale funksionering van die Raad om te sien, terwyl die visekanselier, as hoof- uitvoerende en rekenpligtige beampte vir die bestuur en administrasie van die universiteit verantwoordelik bly.

'n Nuwe Raadsvoorsitter, adv Johan Kruger, is op 17 November 2014 verkies nadat mnr Peet van der Walt in 2014 om gesondheidsredes bedank het.

## samestelling van die Raad soos op 31 Desember 2014



Voorsitter: Adv Johan Kruger



Ondervoorsitter: Dr Joe Tshifularo

### Eksterne lede van die Raad

***Minister van Hoër Onderwys en Opleiding-aanstellings***



Mnr M Sambatha:
Sertifikaat in Arbeidstudie (Technikon Natal), Sertifikaat vir Munisipale Bestuurders (Universiteit van Durban-Westville); benoem vir 'n driejaar-termyn van 2013 tot 2016



Mnr T Plaatjie:
BA, BAHons en VOD (Vista-universiteit), MA (Universiteit van Johannesburg); benoem vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015



Mnr A Mashilo:
MA (Universiteit Witwatersrand); benoem vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015



Dr J Tshifularo:
BA en BAHons (Universiteit van Venda), MA (Universiteit van Limpopo), PhD (Universiteit van Venda) en PhD (Universiteit van Limpopo); benoem vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015

## *Donateurs*

Mnr F Strydom:
BScHons (Universiteit van die Vrystaat); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



Prof D Meyer:
BSc, BScHons en MSc (Randse Afrikaanse Universiteit), PhD (Universiteit van California); benoem vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2016



Mnr K Venter:
BPharmHons in Farmakologie, MBA (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017




Ds W Vogel:
BA en ThB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



## *Lede aangewys deur die gemeenskap*

Ds SA Musa:
BA Teologie (Universiteit van Zululand), BAHons (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); herbenoem vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016



Mnr TC Kgomo:
BCom (Universiteit van Noordwes); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



Mnr I Klynsmith:
BIur et Comm en LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Diploma in Menseregte (Universiteit van Johannesburg); benoem vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016



Dr SJ van der Walt:
BA, ThB, ThM en ThD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



*Lede aangewys deur die Konvokasie*

Adv TJ Kruger, SC:
BJur et Artium, LLB en LLD (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn, van 2014 tot 2017



Adv M Kruger:
BJuris, LLB (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); benoem vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015



Adv TJ Kruger:
LLB, LLM in Publiekreg (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); heraangewys vir 'n driejaartermyn van 2011 tot 2017



Dr D Hermann:
BA, BAHons in Bedryfsielkunde, MA in Bedryfsielkunde (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); PhD in Bedryfsielkunde (Noordwes Universiteit), Nagraadse Diploma in Arbeidsreg (Randse Afrikaanse Universiteit); benoem vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015



*Lede met spesiale kundigheid*

Dr B Tyobeka:
BScEd en MSc in Toegepaste Stralingswetenskap en -tegnologie (Universiteit van Noordwes), MSc en PhD in Kerningenieurswese (Penn State University, VSA); MSc in Bestuur (Colorado Technical University, VSA); benoem vir 'n driejaartermyn van 2014 tot 2017



Me M Claassens:
GR (SA), BCom Rekeningkunde en BComHons (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), Hoër Diploma in Maatskappyreg (Universiteit van die Witwatersrand); heraangewys vir 'n driejaartermyn van 2012 tot 2015



## Interne lede

### *Lede van die bestuur*

Prof Dan Kgwadi (visekanselier): BScEd (Universiteit van Noordwes), MSc in Fisika (Ball State University, VSA), MPhil in Omgewingsreg en Bestuur (Universiteit van die Noorde), PhD in Fisikaonderrig (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), PhD in Bestuur – honoris causa (Hanseo University, South Korea); in 2014 vir 'n sesjaartermyn benoem



Prof HD van Schalkwyk (adjunkhoof en kampusrektor): BCom, BComHons, MCom en PhD in Landbou-ekonomie (Universiteit van Pretoria); benoem vir 'n sesjaartermyn van 2010 tot 2016



### *Lede van die Senaat*

Prof EE Ebenso: BScHons (Universiteit van Calabar, Nigerië), MSc in Fisiese Chemie (Universiteit van Ibadan, Nigerië) en PhD in Fisiese Chemie (Universiteit van Calabar, Nigerië); herverkies vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016.



Prof JJ Janse van Rensburg: BA, BAHons in Grieks, MA in Grieks, ThB en ThM in Nuwe Testament, ThD in Nuwe-Testamentiese Hermeneutiek (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); herverkies vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016



### *Lede wat ander akademiese personeel verteenwoordig*

Prof E van der Schyff: BA LLB en LLM (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys), LLD (Noordwes-Universiteit); herverkies vir 'n vyfjaartermyn van 2012 tot 2015



Dr LB Mzini: BA, BAHons (Universiteit Vista), Nagraadse Onderwyssertifikaat (Universiteit van Suid-Afrika), MA en PhD in Ontwikkeling en Bestuur (Noordwes-Universiteit); verkies vir 'n driejaartermyn van 2013 tot 2016



### *Lede wat nie-akademiese werknemers verteenwoordig*

Me E Esterhuizen: MEd (Tshwane Universiteit van Tegnologie); verkies vir 'n driejaartermyn, van 2013 tot 2016



Prof J Swanepoel: BA, BAHons, MA, LLB en DLitt (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys); herverkies vir 'n driejaartermyn van 2009 tot 2015



*Verteenwoordigers van die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR)*

Lede dien in die Raad vir 'n tydperk soos bepaal deur die IVSR. Die volgende IVSR-lede het tot Oktober 2014 ampte beklee:



Mnr M Montshosi:
BSoc in Politieke Wetenskap
en Internasionale Verhoudinge
(Mafikengkampus, NWU)



Mnr J Jordaan:
BCom Regte en LLB
(Potchefstroomkampus,
NWU)



Mnr J Ncedani (aanwesig):
BCom en BComHons
(Vaaldriehoekkampus, NWU)

*Vanaf November 2014 het die volgende IVSR-lede in die Raad gedien:*



Mnr T Kgobane (aanwesig):
(2014 tot 2015) BComHons
Bemarkingsbestuur
(Mafikengkampus, NWU)




Me M van Schalkwyk:
(2014 tot 2015) MEd
Natuurwetenskappe
(Potchefstroomkampus,
NWU)



Mnr B Mokoena:
(2014 tot 2015) BA
Maatskaplike Werk
(Vaaldriehoekkampus, NWU)

**Sekretaris van die Raad**



Prof M Verhoef:
Hoëronderwysdiploma,
Hoër Diploma in
Biblioteekwese,
BAHons, MA en PhD
in Sosiolinguistiek
(Potchefstroomse
Universiteit vir Christelike
Hoër Onderwys)

Meer inligting oor ons Raadslede, hul lidmaatskap van subkomitees van die Raad, hul bywoning van Raads- en subkomiteevergaderings en hul direkteurskappe is beskikbaar in die omvattende jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is.



4

Minister van Hoër Onderwys en Opleiding-aanstellings op die Raad

4

Raadslede aangewys deur die Konvokasie





VERSLAG VAN DIE

# Institusionele Forum

Dr Karabo Mabe

## rol en samestelling

Die rol van die Institusionele Forum is om die NWU-raad te adviseer oor die implementering van die Wet op Hoër Onderwys en nasionale hoëronderwysbeleid, om behulpsaam te wees met die ontwikkeling van 'n institusionele kultuur van verdraagsaamheid en respek vir menseregte, en om te help om 'n omgewing te bevorder waar doeltreffende onderrig-leer en navorsing kan floreer.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

*Bevordering van samewerkende korporatiewe bestuur*

Spesifieke aangeleenthede waaroor die forum die Raad adviseer, is aanstellings van senior bestuur, beleid oor ras- en geslagsgelykheid, gedragskodes, bestuur van kulturele diversiteit, en beleid oor bemiddeling en geskil-oplossingsprosedures.

## lidmaatskap

Die uitvoerende komitee van 2014 het uit die volgende drie lede bestaan: dr LK Mabe (voorsitter), adv M Kruger (adjunkvoorsitter) en mnr W Coetzee (sekretaris).

Volgens die NWU-statuut mag die Institusionele Forum tot 29 lede hê wat 'n breë verskeidenheid belanghebbersgroeperinge verteenwoordig. Die volgende tabel lys hierdie belanghebbersgroeperinge en hul verteenwoordigers vir 2014:

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Altesaam 13 vakatures is gevul, wat institusionele bestuur, akademiese personeel, ondersteuningspersoneel, vakbonde en lede met spesiale kundigheid geraak het.

Die visekanselier het 'n nuwe verteenwoordiger uit die institusionele bestuur aangewys.

Drie vakatures het ontstaan vir verteenwoordigers van die Senaat. Die Mafikengkampus het 'n uitstel vir benoeming versoek, terwyl verteenwoordigers van die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus op 'n vergadering van die Senaat benoem is. Elke kampus moes ook 'n lid van die permanente akademiese personeel op daardie kampus benoem. 'n Verkiesingsproses het die benoeming van twee lede van die ondersteuningspersoneel van die NWU tot gevolg gehad.

Die erkende vakbond NEHAWU het twee nuwe lede benoem en die ander erkende vakbond, SAPTU, het 'n nuwe uitvoerende beampte aangestel, wat hul vorige lid vervang het. 'n Pos vir 'n lid met spesiale kundigheid is gevul deur die bestuurder wat vir die menseregteportefeulje by die universiteit verantwoordelik was. Die tweede lid met spesiale kundigheid is gekoppel aan die roterende institusionele studentedekaan.

'n Finale besluit deur die Institusionele Kantoor oor 'n verteenwoordiger uit die burgerlike gemeenskap word afgewag.

| | |
|---|---|
| Raad | Ds SA Musa |
| Institusionele bestuur | Prof T Mariba |
| Senaat | Prof A Duvenhage, me CT Mosabala |
| Akademiese personeel (nie-Senaat) | Prof ME Palamuleni, mnr GP van Rheede van Oudtshoorn, dr E Diedericks |
| Nie-akademiese personeel | Mnr W Coetzee, dr AA le Roux, mnr MM Pule |
| Vakbonde | Prof T Ngwenya, mnr AM Molefi, mnr PJ van Niekerk, me O Murray |
| Studente | Me B Enslin, mnr B Fourie, mnr B Moekoena, mnr B Mogohu, mnr L Moheta, mnr T Kgobane |
| Burgerlike gemeenskap | Mnr T Kgomo, adv M Kruger, vader PD Dinkebogile |
| Konvokasie | Me HK Coetzee, dr MB Sekatane |
| Spesiale kundigheid | Dr LK Mabe, mnr A Scheppel |

## sake wat hanteer is

▶ Raadpleging oor senior aanstellings

Gedurende 'n vergadering in Februarie 2014 het die institusionele registrateur lede van die Institusionele Forum versoek om 'n verteenwoordiger te benoem om in die soekkomitee vir die aanstelling van 'n rektor vir die Mafikengkampus te dien.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

'n Konsensusbesluit is geneem om die voorsitter van die Institusionele Forum te benoem. Op 'n spesiale vergadering op 5 Maart 2014 het die Institusionele Forum die onderhoudspaneel oor die geskiktheid van kandidate vir hierdie pos geadviseer.

Die voorsitter het ook die Institusionele Forum vir die kortlysting en onderhoude van aansoekers om die pos van viserektor vir onderrig, leer en kwaliteitsversekering op die Mafikengkampus verteenwoordig. Dr Mabe is weer ingesluit in die aanstellingsproses van die viserektor vir navorsing en beplanning op die Mafikengkampus; die uitkoms was om die pos weer te adverteer.

*Bevordering van samewerkende korporatiewe bestuur*

▶ Transformasieaangeleenthede

Transformasie was 'n prioriteit en die Institusionele Forum het verskeie verslae oor die onderwerp ontvang. Dit het 'n verslag getitel "NWU-transformasietrajek, 2004 – 2013" ingesluit, asook die onderskeie kampusverslae oor transformasie. Die hoofstrategiebeampte in die kantoor van die visekanselier het 'n oorsig gelewer van die verslag van die internasionale evalueringspaneel in 2014, getitel "Moving forward: a review of the North-West University's first 10 years".

*Reaksie op ons eksterne (wetlike en politieke) omgewing*

Gedurende vergaderings het die besprekings onder andere gefokus op die uitsaksyfer van swart studente, nie-inwonende studente wat daagliks lang afstande na klasse toe moet reis, die vulling van die pos van uitvoerende adviseur vir transformasie- en diversiteitsbestuur, transformasiestatistiek, gebrek aan toereikende infrastruktuur op die Mafikengkampus en die spesiale behoeftes van studente met gestremdhede.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite het by die Februarie 2014-vergadering aangesluit om gebiede van kommer binne die finansiële prosesse van die universiteit te bespreek, in die besonder goedkeuring van kontrakte, in die konteks van transformasie.

'n Spesiale konsultasievergadering tussen die visekanselier en die institusionele bestuur is gedurende November 2014 belê om die vergadering op hoogte van die NWU se strategieproses te bring.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike en politieke) omgewing*

▶ Menseregteaangeleenthede

Lede is ingelig gehou oor die vordering van die onafhanklike taakspan wat inisiëringspraktyke op die Potchefstroomkampus aan die begin van 2014 ondersoek het. Die finale verslag kon nie aan die media openbaar gemaak word nie as gevolg van moontlike regskonsekwensies.

Die Beleid oor Geslag en Ras en ander geslagsaangeleenthede is nie geopper of bespreek nie, en die forum het besluit om van tyd tot tyd verslae van die Menseregtekomitee aan te vra om hulle op hoogte van sake te bring.

## slot

Die Institusionele Forum het deurlopend aandag geskenk aan transformasie en menseregte ten einde kwaliteit binne bestaande prosesse te verbeter. Die omvang en belangrikheid van die aangeleenthede wat die forum in 2014 hanteer het, bevestig die integrerende rol wat dit in die NWU se transformasieraamwerk speel. Die forum word wyd aanvaar as 'n geloofwaardige liggaam wat bereid en in staat is om 'n konstruktiewe rol te speel in die bevordering van 'n institusionele kultuur wat op gelykheid, verdraagsaamheid, respek en integriteit gebou is.



**DR LK MABE**
**VOORSITTER VAN DIE INSTITUSIONELE FORUM**





# Senaatsverslag

## Prof Dan Kgwadi

In 2014 het die Senaat die kernbesigheid van die NWU ondersteun deur te verseker dat die universiteit se akademiese strukture, beleid en personeel in die gewenste rigting beweeg om studentesukseskoerse te verhoog en die welstand van studente te beskerm.

Die Senaat het ook die Raad geadviseer oor verskeie strategiese aangeleenthede wat met hierdie kernbesigheidskomponente verband hou.

### samestelling van die senaat

Ooreenkomstig die Statuut bestaan die lidmaatskap van die NWU-senaat uit:

- Die visekanselier (voorsitter)
- Die adjunkhoof
- Die adjunk-visekanselier vir onderrig-leer
- Die adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en tegnologie
- Die kampusrektore
- Die institusionele registrateur
- Die dekane van alle fakulteite
- Akademiese personeel wat deur akademiese personeel in die fakulteite verkies is (altesaam 33 lede)
- Nie-akademiese personeel wat deur nie-akademiese personeel verkies is (altesaam twee)
- Studente aangewys deur die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) (altesaam vier)
- Die voorsitter van die Raad of 'n gedelegeerde en een ander Raadslid verkies deur die Raad
- Persone verantwoordelik vir die koördinering van navorsing, akademiese steun en biblioteek- en inligtingsdienste
- Akademiese personeellede wat deur die Senaat op advies van die Vaste Komitees van die Senaat gekoöpteer is, met spesiale inagneming van ras en geslag (altesaam agt)

Vier gewone vergaderings van die Senaat is op 5 Maart, 28 Mei, 27 Augustus en 22 Oktober gehou. Die gemiddelde bywoning van Senaatsvergaderings was 69%.

*Bevorder deelnemende korporatiewe bestuur*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele en mensekapitaal*

*Verantwoordelik vir die formulering van etiekriglyne vir alle navorsing op mense, diere en mense- en dieremateriaal, sowel as genetiese materiaal vanaf alle lewende organismes*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

Die volgende Vaste Senaatskomitees was gedurende 2014 in plek:

- Uitvoerende Komitee van die Senaat
- 'n Kampussenaatskomitee per kampus
- Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie
- Institusionele Komitee vir Onderrig-Leer
- Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde
- Institusionele Komitee vir Toelatingsvereistes
- Vaste Komitee vir Akademiese Geletterdheid
- Vaste Komitee vir Filosofiese Begronding
- Appèlkomitee

Hierbenewens het die volgende komitees aan die Institusionele Komitee vir Navorsing en Innovasie gerapporteer:

- Institusionele Navorsingsteunkommissie
- Navorsingsetiekkomitee
- Komitee vir Gevorderde Grade
- Komitee vir Klassifikasie van Proefskrifte en Verhandelings

### veranderinge in ons akademiese strukture

Terwyl die oorkoepelende akademiese strukture (15 fakulteite versprei oor die drie kampusse) wesenlik dieselfde gebly het, is daar wel 'n paar veranderinge aan die NWU se navorsingsentiteite aangebring. Vir meer inligting hieroor, kyk op p78 in die gedeelte oor ons intellektuele kapitaal.

Die Senaat het ook die voorstelle goedgekeur vir een organisatoriese eenheid en 'n paar naamsveranderinge van ander eenhede in die fakulteite Regte, Gesondheidswetenskappe en Opvoedingswetenskappe op die Potchefstroomkampus.



**PROF ND KGWADI**
**VOORSITTER VAN DIE SENAAT**

Vir meer inligting oor ons kernbesigheidsaktiwiteite, kyk op p72 (onderrig-leer) en p78 (navorsing) in die gedeelte oor ons intellektuele kapitaal.

**R225,25 miljoen**
totale spandering: infrastruktuur en fasiliteite





**5 890 modules**
maak saam die meer as 100 kwalifikasies uit wat die NWU aanbied

10

lede in die institusionele bestuurspan

institusionele **plan**

die dryfkrag agter ons beplanning, doelwitte en doelstellings

5

missie-elemente in die institusionele plan

10

transformasiedoelwitte

**strategiehersieningsproses**

- begin in 2014
- ontwikkeling van 'n strategiese agenda vir die NWU
- proses sal in 2015 afgehandel word

6

senior aanstellings in 2014

# hoe ons die NWU bestuur


62 ontmoet ons institusionele bestuur

63 ons institusionele plan

64 ons transformasiedoelwitte

66 ons prestasie teenoor ons teikens

68 verslag van die visekanselier

# ontmoet ons institusionele bestuur

Die institusionele bestuur is as uitvoerende arm van die NWU verantwoordelik vir die implementering van die strategieë, planne, begrotings, beleide en reëls wat deur die Raad goedgekeur word.

Ná die samesmelting-inkorporasie in Januarie 2004 het die universiteit ’n tweevlak-besigheidsmodel aanvaar wat by sy bedrywighede pas, wat oor drie kampusse sowel as ’n aantal leerterreine in twee provinsies strek. Hierdie model bestaan uit ’n kern- institusionele vlak wat konsekwentheid deur die universiteit in die geheel verseker, en drie kampusse wat as gedesentraliseerde en gekoördineerde besigheidseenhede funksioneer. Prof Dan Kgwadi, die visekanselier, is die NWU se hoof-uitvoerende en rekenpligtige beampte en doen aan die NWU-raad verantwoording vir die instansie se oorkoepelende prestasie.



Visekanselier
Prof Dan Kgwadi



NWU-adjunkhoof en rektor van die Potchefstroomkampus
Prof Herman van Schalkwyk



Adjunk-visekanselier vir onderrig-leer
Prof Martin Oosthuizen



Adjunk-visekanselier vir navorsing, innovasie en tegnologie
Prof Frikkie van Niekerk



Institusionele registrateur
Prof Marlene Verhoef



Waarnemende uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite
Me Elmarie de Beer



Uitvoerende direkteur vir mensekapitaal
Mnr Victor Mothobi



Uitvoerende direkteur vir institusionele bevordering
Me Phumzile Mmope



Rektor van die Mafikengkampus
Prof Mashudu Davhana-Maselesele



Rektor van die Vaaldriehoekkampus
Prof Thanyani Mariba

# ons institusionele plan

Dit is ons rollende institusionele driejaarplan waarvolgens ons oorkoepelende bedryfsbeplanning plaasvind. Hierdie plan vorm die ruggraat van ons beplanning, met inbegrip van ons doelwitte en doelstellings, vir alle vlakke van bedrywigheid by die universiteit.

| Missie-element 1 | Ons doelwitte |
|---|---|
| Dryf transformasie as geïntegreerde, dringende, regverdige en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering om institusionele ongelykhede en die behoeftes van die land en al sy mense aan te spreek.<br>Die NWU doen dit deur die bemagtiging van mense deur gehalteonderrig, wêreldklasnavorsing en die betekenisvolle implementering van sy kundigheid. | • Plaas van transformasie in die hoofstroom<br>• Toegang<br>• Belyning<br>• Diversiteit<br>• Gelykheid<br>• Groter eenheid<br>• Kwaliteit<br>• Regstelling<br>• Hulpbrontoedeling<br>• Studente-ervaring<br>• Sukses |
| **Missie-element 2** | **Ons doelwitte** |
| Om deur middel van innoverende onderrig-leer gehalte afgeronde graduandi te ontwikkel, te onderrig en te bemagtig wat lateraal en krities kan dink en in staat is om die land en sy mense, die vasteland en die wêreld te dien. | • Om steeds die kwaliteit van onderrig-leer te verbeter.<br>• Gebruik die inskrywingsplan wat in 2013 ontwikkel is om akademiese beplanning te hanteer.<br>• Verseker doeltreffende akademiese beplanning en programontwikkeling wat relevante Program- en Kwalifikasiemengsel (PKM) tot gevolg het.<br>• Bevorder ’n kultuur van uitnemendheid in onderrig-leer.<br>• Implementeer strategieë om studentetoegang en sukses te verbeter.<br>• Bevorder die loopbaanvooruitsigte van NWU-graduandi.<br>• Optimaliseer die NWU se betrokkenheid by voortgesette onderrig. |
| **Missie-element 3** | **Ons doelwitte** |
| Om ooreenkomstig nasionale prioriteite relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte voort te bring en te handhaaf, en innoverende oplossings te bied vir uitdagings waarvoor die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld te staan kom. | • Skep ’n instaatstellende omgewing vir navorsingspersoneel waar navorsing en onderrig-leer in balans is.<br>• Verbeter die navorsingsprofiel van die NWU.<br>• Ontwikkel die kapasiteit van navorsingspersoneel.<br>• Moniteer die navorsingsentiteite-model.<br>• Meet en verbeter die deurvloei van nagraadse studente.<br>• Verfyn kwaliteitsversekeringsprosesse.<br>• Ondersoek navorsingbefondsingsgeleenthede. |
| **Missie-element 4** | **Ons doelwitte** |
| Implementeer ons kundigheid in onderrig-leer en navorsing, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland en uiteindelik die wêreld. | • Implementeer kundigheid en kommersialiseer navorsingsresultate.<br>• Brei gemeenskapsbetrokkenheid uit.<br>• Belyn kommersialisering en maatskaplikebetrokkenheidsaktiwiteite met kernaktiwiteite.<br>• Verfyn kwaliteitsversekeringsprosesse.<br>• Fokus op sakeontwikkeling.<br>• Integreer volhoubaarheid in alle kernbesigheidsaktiwiteite en verslagdoening. |
| **Missie-element 5** | **Ons doelwitte** |
| Posisioneer die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansieel lewensvatbare en innoverende instelling, met ’n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker. | • Sit die bou van ’n belynde NWU-handelsmerk voort.<br>• Ontwikkel ’n geïntegreerde aanlyn belanghebbersbetrokkenheidraamwerk.<br>• Herontwikkel die NWU-intranet.<br>• Verhoog die frekwensie van nasionale mediadekking.<br>• Verbeter wisselwerking met primêre belanghebbers.<br>• Ontwikkel ’n strategie vir die Kantoor vir Institusionele Bevordering.<br>• Implementeer die raamwerk vir internasionalisering.<br>• Verseker doeltreffende ondersteuningsfunksies en geïntegreerde sakestelsels.<br>• Bevorder personeelwelstand.<br>• Handhaaf ’n sterk fokus op risikobestuur en nakoming.<br>• Ontwikkel ’n strategiese Infrastruktuurplan. |

# ons transformasiedoelwitte

Hierdie verslag gaan oor die bereiking van missie-element 1* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63) en hoe ons kapitaalvorme deur ons transformasieaktiwiteite geraak word.

*Hierdie element verklaar dat die universiteit transformasie as geïntegreerde, dringende, regverdige en goed bestuurde proses van fundamentele en volhoubare verandering moet dryf om institusionele ongelykhede en die behoeftes van die land en al sy mense die hoof te bied.

Spesifieke doelwitte: transformasie, toegang, belyning, hantering van histories gevestigde vorme van diskriminasie en bereiking van die ooreengekome minimum diversiteitsteikens, verhoogde eenheid, kwaliteit, regstelling, hulpbrontoedeling, studente-ervaring en sukses.

Die Transformasiehandves wat deur die Raad aanvaar en deur die Senaat in Mei 2012 bekragtig is, verklaar dat "Transformasie onlosmaaklik verbind is aan kwessies van geregtigheid, kultuur, prestasieaanwysers, gemeenskaplike welstand, uitnemendheid, relevansie, ens, sowel as die wyer konsep van responsiwiteit op omgewings- en politieke veranderinge, en om relevant te wees vir die huidige behoeftes van die gemeenskappe wat ons dien".

Die transformasiedoelwitte is aanvaar en maak missie-element 1 van die NWU se Institusionele Plan uit.

## Transformasie

Die eerste doelwit is om transformasie in die hoofstroom te plaas sodat dit 'n meetbare aspek van ons bedrywighede word. Om dit te bereik, lê ons transformasieteikens in ons prestasiebestuurstelsel vas, rapporteer ons gereeld oor transformasieaktiwiteite en lei ons nuwe bestuurders oor transformasie op.

## Toegang

Ons programaanbiedings moet optimaal oor die kampusse belyn wees om samehorigheid van kurrikulums en standaarde te ondersteun. Ons het in 2014 egalige vordering gemaak. Oorblywende uitdagings is die gebrek aan befondsing vir studente wat nie kan bekostig om te studeer nie, en die betreklike skaarste van eerste toetreders wat toereikend in wiskunde en wetenskap op skool presteer het. Aktiwiteite om toegang te bevorder, sluit verlengde akademiese programme en ons UnivPrep-program in (wat ondervoorbereide studente vir universiteitstudie toerus).

## Belyning

Ons programaanbiedings moet optimaal oor die kampusse belyn wees om samehorigheid van kurrikulums en standaarde te ondersteun. Om hierdie rede is werk aan die proses van die Hoëronderwyskwalifikasie-subraamwerk voortgesit. (Vir meer besonderhede, kyk op p58 van die volledige jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is.)

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal en ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

*Reaksie op ons eksterne (politieke en natuurlike) omgewing*

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge*

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

*Skep van uitsette*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

*Waardetoevoeging: ons vervaardigde kapitaal*

## Diversiteit

Hierdie doelwit handel oor die bevordering van diversiteit in al sy vorme binne die konteks van 'n unitêre multikampusuniversiteit. Die kantoor van die visekanselier het robuuste debat aangemoedig, veral binne die konteks van strategieformulering vir die toekoms. Diversiteit moet versigtig gebalanseer word met die behoefte aan die bevordering van eenheid aan die NWU.

## Gelykheid

Hierdie doelwit handel oor die uitskakeling van histories gevestigde vorme van diskriminasie. Dit streef daarna om deelname te verbeter deur personeel te ontwikkel en die bereiking van indiensnemingsgelykheidsteikens na te streef. Vordering bly stadig en ons pogings moet versnel word. Inisiatiewe wat gelykheid bevorder, is die ontwikkeling van ons eie mensekapitaal en die kapasiteitsboufonds. (Meer hieroor vanaf p94 in die afdeling Ons mensekapitaal.)

## Verhoogde eenheid

'n Inklusiewe institusionele kultuur word voorsien. Die waardes van die NWU dryf pogings om 'n sin van eenheid van doel te bou, wat 'n besonder uitdagende taak is, gegewe die geografiese afstand tussen ons kampusse. Die universiteit het die 10-jaarvieringe in 2014 as 'n geleentheid gebruik om eenheid te bevorder.

## Kwaliteit

Hierdie doel weerspieël die oortuiging dat ons voortdurend in al ons aktiwiteite moet innoveer ten einde relevant en mededingend te bly en ons missie in 'n uitdagende omgewing te bereik. Ons verbeter kwaliteit deur interne en eksterne oorsigte van akademiese programme en portuuroorsigte van ondersteuningsdienste.

## Regstelling

Historiese wanbalanse word deur hierdie doelwit hanteer. Die hooffokus is op ons plan vir fisiese infrastruktuur en instandhouding en op gebruik van ons verkrygingsaktiwiteite om breedgebaseerde swart ekonomiese bemagtiging

te bevorder. In 2014 was die universiteit as 'n vlak 4-bydraer tot BGSEB gesertifiseer.

## Hulpbrontoedeling

*Waardetoevoeging: ons finansiële en ons vervaardigde kapitaal*

Hier handel dit oor bereiking van groter strategiese belyning van die begroting met organisatoriese doelwitte en teikens. 'n Mate van vordering is in 2014 met verfyning van die begrotingsproses gemaak, en dit sal in 2015 voortgesit word.

## Studente-ervaring

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Hierdie doelwit handel oor die verbetering van ervaring van studente op al die kampusse en bewerkstellig balans tussen akademiese, sosiokulturele en sportaktiwiteite. Ons het vroeg in 2014 uitdagings ervaar toe sommige onaanvaarbare inisiasieaktiwiteite voorgekom het. Die Raad het vinnig ingetree om dit te ondersoek en te verseker dat die oriëntasie-programme deur menseregteopleiding verbeter word.

*Skep van uitsette*

## Sukses

Sukses as 'n doelwit is getoets in 'n groot internasionaal geleide evaluering van die mate waarin die universiteit in die eerste 10 jaar ná die samesmelting sy samesmeltingsdoelstellings bereik en missie-elemente verwesenlik het. (Die bevindinge van hierdie internasionale paneel word in die Prestasie-evalueringsverslag op 67 bespreek.)

Die terugvoer van die paneel sal oorweeg word wanneer 'n nuwe strategie vir die universiteit in 2015 ontwikkel word.

**MNR PJ VAN DER WALT**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(tot 23 September 2014)**

**ME I POOE**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD (van 23 September 2014 tot 18 November 2014)**

**PROF ND KGWADI**
**VISEKANSELIER**

Let asseblief daarop dat hierdie verslag 'n effens verkorte weergawe is van die omvattende Transformasieverslag wat beskikbaar is in die volledige jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is.



# ons prestasie teenoor ons teikens

Hierdie afdeling handel oor hoe ons ons kapitaalvorme gebruik en omskep om ons strategiese doelwitte te bereik, soos in ons Institusionele Plan uiteengesit. Dit gaan ook oor die evaluering van ons prestasie teenoor ons teikens – nie slegs vir 2014 nie, maar ook vir die afgelope dekade. Dit sluit die mate in waartoe ons ons samesmeltingsdoelstellings bereik en ons missie-elemente verwesenlik het sedert die NWU tot stand gekom het.

Uiteindelik gaan dit ook daaroor om uit ons vorige prestasies en foute te leer, en toe te laat dat dit ons op die pad die volgende dekade in lei.

Die NWU het sy 10e bestaansjaar in 2014 gevier. Gedurende hierdie dekade het ons ons visie nagestreef om 'n toonaangewende universiteit in Afrika te word, gedryf deur die strewe na kennis en innovasie.

Ons missie gedurende hierdie tydperk was deurgaans om 'n gebalanseerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te word wat sy kundigheid op innoverende wyses implementeer. Ons het hierdie missie nagestreef terwyl ons ons waardes uitgeleef het, in die nastrewing van gesonde bestuur en transformasie.

Ter ondersteuning van hierdie missie was ons strategie om die kwaliteit en kwantiteit van navorsing te verhoog, terwyl daar gefokus is op kampusnisse, toepaslike aansporings, en kapasiteitsbou en ontwikkeling. Hierbenewens het ons die kwaliteit van onderrig en leer verstewig deur voortdurend 'n verbeterde kliëntefokus, e-leer, innovasie en diversiteit te beklemtoon.

Die vyf missie-elemente (soos uiteengesit op p63) was sedert 2008 die dryfkrag vir die posisionering van die NWU as 'n waardige voorsiener van hoër onderwys, wat bereid en daartoe in staat is om tot die Suid-Afrikaanse ekonomie by te dra.

Die tabel hieronder toon aan hoe ons waarde aan ons kapitaalvorme gedurende die afgelope 10 jaar toegevoeg het. Dit toon ook dat, hoewel merkwaardige vordering gemaak is, baie nog gedoen moet word.

## opsomming van prestasiestatistiek

| Opsomming | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Totale studente-inskrywings | 40 145 | 38 596 | 38 709 | 44 726 | 47 008 | 50 589 | 55 732 | 56 641 | 58 752 | 60 975 | 63 135 |
| Voorgraadse slaagsyfer (kontak en afstand) | 75,20% | 78,80% | 78,36% | 79,48% | 81,20% | 83,60% | 83,50% | 85,20% | 88,20% | 85,10% | 86,16% |
| Totale grade en diplomas toegeken | 9 657 | 7 746 | 9 825 | 11 345 | 12 337 | 13 445 | 15 083 | 15 904 | 14 669 | 15 464 | 15 254 |
| Meestersgrade toegeken | 626 | 700 | 765 | 618 | 583 | 659 | 633 | 639 | 670 | 781 | 746 |
| PhD's toegeken | 87 | 85 | 110 | 124 | 100 | 123 | 129 | 115 | 154 | 168 | 171 |
| Artikelekwivalente gepubliseer | 275 | 326 | 361 | 376 | 503 | 448 | 578 | 734 | 869 | 1 010 | 980 |
| Totale geweegde navorsingsuitset-eenhede | 798 | 865 | 1 074 | 1 061 | 1 083 | 1 190 | 1 318 | 1 483 | 1 793 | 2 180 | 2 160 |
| NNS-gegradeerde navorsers | 73 | 85 | 82 | 95 | 103 | 116 | 117 | 125 | 140 | 169 | 190 |
| Gradueringskoers | 24% | 20% | 25% | 25% | 26% | 27% | 27% | 27% | 25% | 25% | 24,16% |
| Postdoktorale genote | 9 | 17 | 18 | 34 | 38 | 48 | 69 | 89 | 114 | 140 | 164 |

## evalueringspaneel bekyk dinge van nader

Om toereikende data vir die volgende 10-jaarbeplanningsfase te voorsien, het die Raad en bestuur 'n internasionale evalueringspaneel aangestel om die mate te evalueer waartoe die universiteit daarin geslaag het om die samesmeltings-doelstellings te bereik en sy missie-elemente te verwesenlik.

Die tabel hieronder gee 'n kort oorsig van die paneel se bevindinge oor die samesmeltingsdoelstellings.

| Samesmeltingsdoelstelling | Bevinding | Kommentaar |
|---|---|---|
| Die bou van navorsingskapasiteit<br>Die verbetering van volhoubaarheid deur toename in grootte | Ten volle bereik | Die deurlopend toenemende navorsingsuitsette, die gesonde finansiële bestuur en die voortgesette infrastruktuurvoorsiening is genoem. |
| Oorkoming van die apartheid-veroorsaakte skeiding<br>Bou van administratiewe en akademiese kapasiteit | Gedeeltelik bereik | Huidige bestuurstrukture was nie ten volle bevorderlik om transformasie-doelwitte te bereik en kampussamewerking te bevorder nie.<br>Daar was 'n behoefte om 'n geïntegreerde universiteitskultuur en -identiteit te ontwikkel.<br>Goeie vordering is gemaak met die ontwikkeling van akademiese kapasiteit, maar daar was ruimte vir die verbetering van bestuurskapasiteit. |
| Bevordering van 'n billik saamgestelde personeel- en studentekorps<br>Ontplooiing van akademiese personeel | Nie bereik nie | Daar was steeds rasse- en geslagswanbalanse in die personeel- en studentekomponent.<br>Akademiese personeel se mobiliteit oor kampusse heen is nie aktief ondersteun nie. |

Ten opsigte van die mate waartoe die missie-elemente verwesenlik is, het die paneel aangedui dat een van die vyf missie-elemente, naamlik die implementering van kundigheid, as ten volle bereik beskou is, terwyl vier van die vyf missie-elemente beskou is as gedeeltelik bereik.

Die tabel hieronder gee 'n oorsig van die waardevolle terugvoer wat ons ontvang het en in die strategievormingsproses van 2015 in sal kanaliseer.

| Onderwerp tov missie-element | Terugvoer |
|---|---|
| Transformasie | Vordering is as stadig beskou. |
| Onderrig-leerprogramme | 'n Enkele instellingswye toesigrol was afwesig. |
| Navorsingsuitsette | Groot winste is gemaak, maar die paneel was deurlopend krities oor die navorsingsaspirasies van die universiteit. |
| Bestuursmodel | Dit het die universiteit goed gedien tydens sy vormingsjare en tot die stabilisering van die kampusse bygedra, maar dit het nie die ontwikkeling van 'n universiteitswye identiteit en kultuur moontlik gemaak nie. |
| Finansies | Die paneel het die universiteit geloof vir sy sterk benadering tot finansiële bestuur en verhoogde finansiële bystand aan studente deur middel van beide NSFAS- en universiteitsfondse. |

Hoewel 10 jaar 'n betreklik kort tydperk is om die resultate van die samesmelting en die verwesenliking van missie-elemente ten volle te evalueer, was hierdie evalueringsgeleentheid van waarde om die universiteit voor te berei vir die weg vorentoe.

Benewens die terugvoer van die paneel, het die Raad gereelde terugvoer op hul vergaderings oor die sleutelprestasieaan-wysers ontvang. Op die Raad se Junie-vergadering het hulle 'n midjaaroorsig ontvang en tydens die November-vergadering 'n volledige evaluering van die mate waartoe die Institusionele Plan 2014 verwesenlik is.

'n Telkaart is gebruik om aan die Raad verslag te doen oor die vordering wat daar met elke doelwit gemaak is (ten opsigte van elk van die missie-elemente). Ooreenkomstig hierdie evaluering het die NWU 87% van die Institusionele Plan 2014 verwesenlik.

Vir die volledige prestasieverslag, met inbegrip van omvattende inligting oor studente-inskrywingsbeplanning, raadpleeg asseblief die jaarverslag wat by die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding ingedien en op die NWU-webwerf beskikbaar is.



# VERSLAG VAN DIE **visekanselier**

## Prof Dan Kgwadi

Die visekanselier is die NWU se hoof-uitvoerende en rekenpligtige beampte, wat vir die instelling se oorkoepelende prestasie aan die Raad aanspreeklik is. Hy sien toe dat die universiteit se kern-besigheidsaktiwiteite glad verloop en met verloop van tyd waarde skep – nie slegs vir die NWU nie, maar ook vir al ons belanghebbers.

## ons bestuurs- en administratiewe prestasies

Die Institusionele Plan is die dryfkrag agter al ons beplanning, doelwitte en doelstellings. Die kampusse gebruik hierdie plan om hul eie kampusplanne te formuleer.

In ooreenstemming met die NWU se missie-elemente moes kampusplanne op transformasie, kwaliteit van onderrig-leer, relevante en gefokusde navorsing, die implementering van kundigheid en doeltreffende, aanspreeklike bestuur fokus.

Gedurende 2014 het die kampusse talle groot bestuurs- en administratiewe doelwitte binne die oorkoepelende raamwerk van die universiteit se Institusionele Plan bereik.

- Mafikengkampus

Prioriteite vir die Mafikengkampus in 2014 was om onderrig-leer- en navorsingskapasiteit te versterk deur hoëkaliberpersoneel te lok, deur samewerking met eksterne vennote en deur blootstelling aan nasionale en selfs internasionale geleenthede vir studente.

*Skep van uitsette*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die kampus het ook 'n omvattende gemeenskaps-betrokkenheidsprogram wat bestaan uit gemeenskapsreg, vroeë kinderonderwys en skenkings aan verdienstelike organisasies. Vyf memorandums van verstandhouding is gedurende die jaar met eksterne vennote onderteken. Hierdie vennote sluit in die Europese Wetenskaplike Instituut, die Departement van Vervoer, Mintek (die staatsonderneming vir mineraaltegnologie-navorsing) en die Hokkaido-universiteit in Japan.

Die Wetenskapsentrum het die Famelab-kompetisie in Februarie 2014 aangebied, in samewerking met die Britse Raad, Jive Media en die Suid-Afrikaanse Agentskap vir Wetenskap- en Tegnologiebevordering. Twee studente het die Nasionale Famelab-halfeindrondte bereik, waar een van hulle as die algehele wenner bekroon is.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

In Augustus 2014 het die kampus die Suid-Afrikaanse Tersiêre Wiskunde-olimpiade (SATWO) aangebied, wat deur die Suid-Afrikaanse Wiskun-devereniging gereël is. Drie studente was onder die voorste 15 in die land.

Die Regsfakulteit het deelgeneem aan die inter-kampus-Strafreg-skynverhoorkompetisie teen die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus, en hulle tweedejaarspan het hierdie kompetisie gewen.

- Potchefstroomkampus

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Terwyl die Potchefstroomkampus die meeste teikens vir onderrig-leer en navorsing behaal het, het die kampus ook daarop gekonsentreer om 'n omgee- en koesterende fokus deel van hul aktiwiteite te maak.

Taamlik goeie vordering is hiermee gemaak, met die studente-JOOL-gemeenskapsdiens wat meer as 300 gemeenskapsprojekte onderneem het. Personeel en studente het 'n groot verskeidenheid inisiatiewe van stapel gestuur, gemik op om-gee vir die omgewing, soos elektrisiteits- en waterbesparingsprojekte.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

Die kampus se navorsingsuitsette het sterk gegroei. Twee nuwe navorsingsentiteite is in 2014 goedgekeur, naamlik Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing, en Selfgerigte Leer en Tegnologieversterkde Leer.

Die kampus kon tot dusver die voortgesette groei in studentetalle absorbeer deur hul personeel en infrastruktuur versigtig te bestuur, met inbegrip van inligtingstegnologie en konnektiwiteit.

*Waardetoevoeging: ons vervaardigde kapitaal*

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge*

Hoewel die NWU-raad die leiding geneem het in die hersiening van die kampus se ontvangs- en verwelkomingsprogram ná die wyd gerapporteerde voorval in Februarie 2014 het die kampusbestuur ook 'n rol gespeel om die situasie die hoof te bied. Die kampusrektor het 'n blog begin om gesprek oor menseregte aan te moedig, en 'n bedryfsielkundige is aangestel om studentestrukture met menseregte- en studentedissiplinêre aangeleenthede by te staan.

Ten spyte van die probleme waarmee die kampus in die nasleep van die ontvangs- en verwelkomingsprogram te kampe gehad het,

getuig die resultate wat ten opsigte van onderrig-leer, navorsing en die implementering van kundigheid behaal is van die kampus se inherente sterkte en veerkragtigheid.

- Vaaldriehoekkampus

Gedurende die jaar het die Vaaldriehoekkampus op gelykheid van toegang en sukses, entrepreneurskap en innovasie, infrastruktuur, tegnologie, navorsing en uitbreiding van die program-en-kwalifikasie-mengsel gefokus.

Wat toegang betref, het die verlengdegraadprogramme voorsiening gemaak vir studente wat hulp met wiskunde nodig gehad het terwyl dit aan hulle toegang tot programme in die BCom GR- en BSc IT-veld gebied het. Die eerste groep in die verlengde programme het in 2014 gegradueer.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Hierbenewens het 53 graad 12-leerders in die Oorbrugging van die Wiskundige Gaping-program geslaag, wat ontwikkel is om leerders te help om hul finale resultate in wiskunde te verbeter, en 22 het vervolgens op die Vaaldriehoekkampus ingeskryf.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

Vyf buitengewone professors is in die Optentia-navorsingsprogram aangestel, en die UPSET-navorsingsfokusarea het 'n uitstaande evalueringsverslag van 'n internasionale paneel ontvang.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Ernstige Spele het Suid-Afrika se eerste internasionale konferensie oor ernstige spele aangebied, en die *bhive*-entrepreneursontwikkelingsentrum het die Jong Entrepreneur-sakeorganisasie van stapel gestuur en 'n sakekompetisie aangebied.

Die UARM-sentrum vir Toegepaste Risikobestuur het hul nuwe meestersgraad in bankwese en bestuur van finansiële risiko van stapel gestuur en in Mei 2014 het die kampus sy Leer- en Navorsingsmeent geopen.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

## nuwe senior aanstellings

Die volgende senior aanstellings is gedurende 2014 gemaak:

| Besigheids-eenheid | Titel | Postitel |
|---|---|---|
| Institusionele Kantoor | Prof ND Kgwadi | Visekanselier |
| Institusionele Kantoor | Prof M Verhoef | Institusionele registrateur |
| Institusionele Kantoor | Mnr RL Kettles | Hoof-strategiebeampte |
| Institusionele Kantoor | Dr DJ de Beer | Hoofdirekteur |
| Mafikengkampus | Prof M Davhana-Maselesele | Kampusrektor |
| Mafikengkampus | Prof LL Lalendle | Kampusviserektor |

Alle bedrywighede by die NWU is daarop gerig om die doelwitte te bereik wat in die Institusionele Plan uiteengesit word en die Raad is gedurende die Junie- en Novembervergaderings op hoogte gebring van die vordering daarmee.

Ooreenkomstig die Institusionele Plan is 'n aansienlike hoeveelheid tyd en energie daaraan bestee om met 'n nuwe strategievormingsproses onderweg na die herposisionering van die NWU te begin. Hierdie proses gaan in 2015 voort.

Vir spesifieke noemenswaardige sake, kyk p161 in die volledige jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is.

## verklaring van selfevaluering van die prestasie van die visekanselier

Die teikens waarheen die NWU in 2014 gewerk het, word in die prestasieooreenkoms van die visekanselier uiteengesit, wat van die Raadsgoedgekeurde Institusionele Plan afgelei is.

'n Aantal uitdagende voorvalle het gedurende die oriëntasie van eerstejaarstudente vroeg in 2014 voorgekom. Aanstootlike simboliek is deur studente gebruik en daar was geïsoleerde voorvalle van verbode inisiasietradisies.

Hierdie voorvalle is ondersoek en deur 'n dissiplinêre proses vervolg. Die Raad het 'n onafhanklike ondersoekspan aangestel om die saak te ondersoek. Die span het aan die Raad gerapporteer dat daar 'n behoefte was om die institusionele kultuur van die NWU te ondersoek om te verseker dat tradisies wat aanstootlik vir die waardes van die NWU is, uitgeskakel word.

Die meeste van 2014 is daaraan bestee om 'n strategiese agenda vir die NWU te ontwikkel saam met my strategiese span, bestaande uit die institusionele bestuur, aangevul deur kampusviserektore. Beduidende vordering is in 2014 gemaak, en die proses sal in 2015 voltooi word. Omvattende konsultasie het plaasgevind met talle belanghebbersgroepe om die universiteit vir verandering voor te berei.

Prestasie in die kernfunksies was bestendig. Besonder merkwaardig was die feitlik drievoudige toename in geakkrediteerde navorsingspublikasie-uitsette. Die fokus op die gebied van onderrig-leer was op die ontwikkeling van 'n beleid en raamwerk vir vervlegte leer vir die NWU.

Finansiële bestuur by die NWU bly sterk, hoewel dit duidelik is dat, as gevolg van die daling van staatsbefondsing in reële terme en die tekort aan befondsing vir studente, finansies in die toekoms veel uitdagender sal word.

**PROF ND KGWADI**
**VISEKANSELIER**

±1 800

periodes per week is getolk

1 344

besoeke aan die NWU-museum

6

selfevaluerings deur ondersteuningsdepartemente

36

nuwe kwalifikasies en programme in 2014 goedgekeur

R1 440 408

inkomste uit produkverkope gegrond op eie intellektuele eiendom

58

oopafstandsleersentrums in SA en Namibië

R1 065 088

waarde van beurse vir personeellede wat hul PhD's voltooi

# ons prestasie teenoor ons kapitaalvorme


72 ons intellektuele kapitaal
72 ons onderrig-leer
78 ons navorsing
83 ondersteuning van ons kernbesigheidsaktiwiteite

88 ons mensekapitaal
88 ontmoet ons studente
94 ontmoet ons werknemers

98 ons maatskaplike en verhoudingskapitaal
98 ons bevorderingsaktiwiteite
102 ander vennootskappe en samewerking
103 gemeenskapsbetrokkenheid
105 internasionalisasie

106 ons vervaardigde kapitaal

108 ons natuurlike kapitaal

110 ons finansiële kapitaal
110 finansiële bestuur
112 interne oudit
113 verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite
120 verslag van die oudit-, risiko- en nakomingskomitee
122 gekonsolideerde staat van finansiële posisie vir die jaar geëindig 31 Desember 2014
123 gekonsolideerde staat van omvattende inkomste vir die jaar geëindig 31 Desember 2014

124 erkenning


Hierdie deel van die Jaarverslag handel oor die waardetoevoegingsprosesse by die NWU.

Hier vertel ons hoe ons deur middel van ons sake-aktiwiteite reageer op ons belanghebbers se behoeftes en hoe hierdie aktiwiteite tot uitsette en uitkomste lei en ons daardeur die waarde van ons ses kapitaalvorme verander.

Met ander woorde, dit is oor ons prestasie teenoor ons kapitaalvorme – hoe ons vaar om ons strategiese doelwitte te bereik en hoe ons prestasie ons kapitaalvorme verander.

# ons intellektuele kapitaal

Die NWU se intellektuele kapitaal bestaan uit ontasbare, kennisgebaseerde dinge en saam met mensekapitaal vorm dit die lewensbloed van diensgeoriënteerde, kennisgebaseerde instansies soos die NWU.

Hierdie afdeling handel oor hoe ons ons kennishulpbronne bestuur om meer kennis te skep en op hierdie wyse vir onsself en ons belanghebbers waarde toe te voeg. Dit gaan oor die aktiwiteite, beleide, strategieë en prosedures wat hierdie sakeaktiwiteite ondersteun.

### Dit volgende sal in hierdie afdeling bespreek word:

- ons onderrig-leer
- ons navorsing
- ondersteuning van ons kernbesigheidsaktiwiteite

## ons onderrig-leer

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons missie-element 2* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63) bereik, en hoe ons ons intellektuele kapitaal deur ons onderrig-leer-aktiwiteite transformeer.

In die geval van intellektuele kapitaal is die draer die organisasie.

*Hierdie element sê dat die universiteit, deur middel van innoverende onderrig-leer van hoë gehalte, afgeronde graduandi ontwikkel, onderrig en bemagtig wat in hul diens aan die land en sy mense lateraal en krities kan dink.

*Skepping van uitkomste*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Skepping van uitsette*

Die Onderrig-Leer-portefeulje dra by tot die lewering van goed afgeronde graduandi deur verantwoordelikheid te aanvaar vir akademiese beplanning, die akademiese ontwikkeling en ondersteuning van studente en personeel, die ontwikkeling van innoverende benaderings tot onderrig en leer, insluitende onderrig- en leertegnologie, en loopbaanontwikkeling. Die portefeulje lewer ook toesig aan die biblioteekdienste en aan oop afstandsleer.

### ons onderrig-leer-statistiek

*Skepping van uitkomste*

**Gradueringsyfer**

| Gradueringskoers van voorgraadse **kontak**-studente | Koppe 2014 | Graduandi 2014 | 2014 | 2013 | 2012 | 2011 | 2010 | 2009 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste sertifikate en diplomas van twee jaar of minder | 685 | 199 | 29,05% | 33,94% | 23,54% | 31,60% | 31,01% | 43,20% |
| Eerste diplomas en baccalaureusgrade: drie jaar | 17 663 | 3 648 | 20,65% | 20,88% | 19,08% | 19,47% | 20,50% | 21,93% |
| Professionele eerste baccalaureusgrade: vier jaar of meer | 10 366 | 1 849 | 17,84% | 18,38% | 17,24% | 15,94% | 16,60% | 16,73% |

| Gradueringskoers van voorgraadse **afstand**-studente | Koppe 2014 | Graduandi 2014 | 2014 | 2013 | 2012 | 2011 | 2010 | 2009 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste sertifikate en diplomas van twee jaar of minder | 7 187 | 3 177 | 44,20% | 42,24% | 41,29% | 45,00% | 44,00% | 38,00% |
| Eerste diplomas en baccalaureusgrade: drie jaar | 13 235 | 1 836 | 13,87% | 15,80% | 15,47% | 17,00% | 17,00% | 17,00% |
| Professionele eerste baccalaureusgrade: vier jaar of meer | 599 | 166 | 27,71% | 23,09% | 16,34% | 10,00% | 15,00% | 13,00% |

## gradueringstatistiek

Die tabel hieronder toon die graduandi en diplomas per seremoniedatum ná voldoening van die eksamenvereistes in 2014.

| Kampus | Maand | Jaar | Slaag-telling |
|---|---|---|---|
| Mafikeng | Mei | 2015 | 2 015 |
| | Oktober | 2014 | 597 |
| Mafikengtotaal | | | 2 612 |
| Potchefstroom | Januarie | 2015 | 2 966 |
| | Julie | 2014 | 2 458 |
| | Maart | 2015 | 4 459 |
| | Mei | 2015 | 586 |
| | November | 2014 | 343 |
| | September | 2014 | 341 |
| Potchefstroomtotaal | | | 11 153 |
| Vaaldriehoek | Januarie | 2015 | 23 |
| | Julie | 2014 | 12 |
| | Mei | 2015 | 1 334 |
| | Oktober | 2014 | 120 |
| Vaaldriehoektotaal | | | 1 489 |
| Groottotaal | | | 15 254 |

*Skepping van uitkomste*

*Toekomsblik*

## strategiese ontwikkelings

Die ontwikkeling van 'n onderrig-leer-strategie is goed aan die gang, met die vierde konsep wat in 2015 vir goedkeuring by die Institusionele Komitee vir Onderrig en Leer en die Senaat voorgelê sal word.

Die oorsig van die stand van onderrig-leer by die universiteit wat in 2013 begin is, is in 2014 afgehandel. Die fokus van die oorsig was op die Vaaldriehoek- en Mafikengkampus, aangesien 'n soortgelyke oorsig reeds in 2011 op die Potchefstroomkampus plaasgevind het.

*Erkenning van risiko's*

## akademiese beplanning

Om die risiko van ondoeltreffende reëls, riglyne, beleide en prosesse vir die akkreditering van formele akademiese programme te bekamp, is hersiene beleide en prosedures opgestel en is stelselontwikkeling afgehandel.

## hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) se kwaliteitsverbeteringsprojek

*Skepping van uitsette en reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge*

Die HOKK se Kwaliteitsverbeteringsprojek is daarop gemik om die kwaliteit van voorgraadse onderrigvoorsiening en die kwaliteit van graduandi te verbeter, en om sektorale samewerking te bevorder ten einde goeie praktyke te deel.

Gedurende 2014 het die NWU 'n Kwaliteitsverbeteringsprojek-verslag aan die HOKK voorgelê, waarin daar bevestig is dat die universiteit beduidende vordering op hierdie gebied gemaak het. Die NWU moet egter steeds 'n samehangende raamwerk vir studente-ontwikkeling en -sukses, 'n meer sistematiese benadering tot personeelontwikkeling en groter koördinering tussen die verskillende kampusse en eenhede ontwikkel.

### Grade en diplomas toegeken per kwalifikasietipe

| Grade en diplomas toegeken | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Eerste grade | 3 032 | 3 237 | 3 719 | 3 646 | 3 698 | 3 902 | 4 162 | 4 249 | 4 771 | 5 624 | 5 625 |
| Diplomas | 4 459 | 2 450 | 3 553 | 5 266 | 5 964 | 6 804 | 7 734 | 7 291 | 6 410 | 6 418 | 6 320 |
| Honneurs | 1 453 | 1 284 | 1 678 | 1 691 | 1 992 | 1 957 | 2 425 | 2 800 | 2 664 | 2 473 | 2 392 |
| Meesters | 626 | 700 | 764 | 618 | 583 | 659 | 633 | 639 | 670 | 781 | 746 |
| PhD's | 87 | 82 | 110 | 124 | 100 | 123 | 129 | 115 | 154 | 168 | 171 |
| **Totaal** | **9 657** | **7 753** | **9 824** | **11 345** | **12 337** | **13 445** | **15 083** | **15 094** | **14 669** | **15 464** | **15 254** |

*Toekomsblik*

Gedurende 2015 sal taakspanne beleide en praktyke verbeter op gebiede waar uitdagings geïdentifiseer is, en 'n institusionele forum sal 'n studentesuksesraamwerk ontwikkel.

## belyningsproses tov hoëronderwys-kwalifikasieraamwerk (HOKR-belyningsproses)

Aan die einde van 2014 was die HOKR-belyningsproses steeds onderweg, met die proses vir die NWU se Kategorie A-kwalifikasies wat voltooiing genader het.

*Skepping van uitsette en reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte en ons belanghebbers se verwagtinge*

Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) het die NWU ingelig dat al die NWU se Kategorie A-voorleggings deur beide die Raad op Hoër Onderwys en die DHOO goedgekeur is, wat die NWU die enigste universiteit gemaak het om hierdie onderskeiding te behaal.

## voortgesette belyning van kwalifikasies en programme

*Erkenning van risiko's*

Die voortgesette uitdagings met betrekking tot die belyning van akademiese programme regdeur die NWU hou 'n ernstige risiko in.

Dit het duidelik geword dat 'n meganisme nodig is om voortgesette oorkampusbelyning van kwalifikasies en programme te verseker, bo en behalwe die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde-proses.

Die taakspan wat die Beleid oor Programontwikkeling, -bestuur en -hersiening opstel, sal versoek word om aandag aan die saak te skenk en 'n aanbeveling te maak.

## institusionele komitee vir akademiese standaarde (IKAS)

IKAS is verantwoordelik vir die goedkeuring van akademiese programme en kwalifikasies wat deur die onderskeie dissiplines by die NWU aangebied word.

*Skepping van uitsette*

Gedurende 2014 het IKAS 20 vergaderings gehou. Die komitee het 53 veranderinge aan bestaande programme, 36 nuwe kwalifikasies en programme en 138 voortgesetteonderwysaanbiedinge goedgekeur.

## kwaliteit van akademiese programme

In Junie 2014 het die eerste belynde eksterne programevaluering van 'n akademiese program plaasgevind. Die paneel het bevind dat die BEd Hons: Leerdersteun-program op al drie kampusse en via afstandsleer aan die minimum standaarde voldoen het.

Verskeie eksterne evaluerings van akademiese programme is gedurende 2014 op die drie kampusse gedoen. In sommige gevalle het internasionale vakkundiges op die evaluerings-panele gedien, verteenwoordigend van lande soos Nederland, Nigerië en die Verenigde Koninkryk.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge en waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Professionele liggame wat sommige van die akademiese programme vir akkreditering of herakkreditering geëvalueer het, sluit in die Suid-Afrikaanse Raad vir Mensepraktyke, die Suid-Afrikaanse Raad vir Beplanners, en die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die Kwaliteitskantoor en die paneel wat vier MSc-programme in Bedryfswiskunde en Informatika op die Potchefstroomkampus evalueer het, het vir die eerste keer tydens 'n eksterne evaluering 'n besoek aan die bedryf gebring. Gedurende hul besoek aan Barclays in Johannesburg het hulle NWU-alumni ontmoet en positiewe terugvoer ontvang oor hoe die programme die studente vir die werksplek voorberei het.

## onderrig- en leertegnologie

'n Raamwerk vir Onderrig- en Leertegnologie verseker die kwaliteit van onderrig- en leertegnologieë wat by die NWU gebruik word.

*Skepping van uitsette*

Die Werksgroep vir Onderrig- en Leertegnologie (eNdaba-werksgroep) was betrokke by die bedryfsbestuur van leerbestuurstelsels, die ontwikkeling van e-gidse, lesingvaslegging en videostroming, en die stroomlyning van die studiemateriaal-produksiestelsel. Hulle het ook bedryfsteun voorsien vir die ingebruikneming van onderrig- en leertegnologie, en het kapasiteitsbou gedoen met personeel wat vir akademiese ontwikkeling verantwoordelik is.

*Skepping van uitsette*

Die eNdaba-werksgroep het ook Sakai 10 suksesvol getoets en geïmplementeer, 'n opname oor die gebruik van tegnologie onder personeel en studente gedoen, 'n NWU-leerhulpbronbewaarplek ontwikkel en verdere funksionaliteite ter ondersteuning van die implementering van 'n aflyn weergawe van die eFundi-leerbestuurstelsel ontwikkel.

In 2014 was daar 4 716 aktiewe eFundi-punte regdeur die NWU, met sewe of meer studente per punt. Die stelsel is ook deur 1 189 akademici gebruik.

*Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing*

*Toekomsblik*

Terwyl die universiteit gedurende 2014 aansienlike vordering in die gebruik van onderrig- en leertegnologie gemaak het, beteken die snelle tempo van ontwikkeling op hierdie gebied dat ons:

- ons kapasiteit in onderrig-analitika moet verbeter en die ontwikkeling van 'n leerhulpbronbewaarplek moet versnel, en
- kapasiteitsontwikkeling vir personeel moet verseker.

## vervlegte leer

Vervlegte leer beteken kortliks die kombinering van die sterkpunte van komplementêre onderrig- en leerstrategieë tot 'n unieke leerervaring.

Om vervlegte leer by die NWU te verbeter, is die volgende gedurende 2014 bereik:

- Beduidende vordering met die ontwikkeling van interaktiewe, elektroniese "SMART"-gidse
- 'n Padkaart van vervlegte leer wat ons beginsels uiteensit vir die implementering van vervlegte leer en 'n grondslag vir die ontwerp van akademiese programme vir vervlegte leer voorsien.

*Skepping van uitsette*

'n Bestuurskomitee vir vervlegte leer het vir die eerste keer in November 2014 vergader. In 2015 sal hierdie komitee fokus op die ontwikkeling van 'n omvattende projekplan om die werk oor vervlegte leer te lei.

*Toekomsblik*

## open education resources universitas

Die NWU neem deel aan die oopleerbeweging en maak gebruik van oop opvoedkundige hulpbronne om die toegang tot hoëkwaliteit- en bekostigbare leermateriaal te verbeter. Met hierdie doel voor oë het die universiteit die derde vergadering van die *Open Education Resources Universitas* (OERu) se vennote in Australië in November 2014 bygewoon. Die NWU sal die jaarlikse vergadering van die 34 vennootuniversiteite in Oktober 2015 aanbied.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

*Toekomsblik*

## oop afstandsleer

Oop afstandsleer is 'n sleutelstrategie vir die uitbreiding van die hoëronderwyssektor, soos in die DHOO se Beleidsraamwerk vir die voorsiening van afstandsonderrig in Suid-Afrikaanse universiteite sowel as in die Witskrif vir Naskoolse Onderrig en Leer voorsien word.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike en politieke) omgewing*

Die Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL) is verantwoordelik vir die aflewering van akademiese programme aan afstandstudente.

Hoewel dit op die Potchefstroomkampus geleë is, bedien die eenheid ook die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus in die lewering onderskeidelik van programme in teologie en onderwyswetenskap.

Elk van die EOAL se 58 oop afstandsleersentrums in Suid-Afrika en Namibië het minstens twee interaktiewe witborde waarheen lesings uitgesaai kan word, terwyl studiemateriaal en studiegidse van die web afgelaai kan word. In sommige gevalle word simultane tolking van lesings in drie tale voorsien om studentetoegang te bevorder.

*Reaksie op ons eksterne (politieke en tegnologiese) omgewing*

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge*

'n Gesentraliseerde oproepsentrum help met akademiese en administratiewe navrae, terwyl 'n proses onderweg is om 'n 24-uur-teleberadingsdiens te voorsien.

Die EOAL voorsien ook fasiliteite en logistieksteun vir die lewering van verskeie voortgesette-onderwys-kursusse, sowel as die Universiteitsvoorbereidingsprogram (UnivPrep), wat later in hierdie verslag bespreek word.

## voortgesette onderwys

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die term "voortgesette onderwys" dek verskeie nie-formele onderrig-leer-verwante aktiwiteite. Dit sluit kort leerprogramme, kortkursusse en aanbiedings vir voortgesette professionele ontwikkeling in.

*Erkenning van risiko's*

Ingrepe is in 2014 geïmplementeer om die risiko van ontoereikende stelsels vir die monitering en bestuur van kortkursusgoedkeuring en die aanbieding van goedgekeurde kortkursusse te verlig.

Hierdie ingrepe het reëlings ingesluit soos die hou van meer gereelde vergaderings van die Institusionele Komitee vir Akademiese Standaarde (IKAS) vir voortgesette onderwys en prioritisering van die ontwikkeling van dele van die NWU se raamwerk vir voortgesette onderwys.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Die nasionale raamwerk/beleid vir die bestuur van voortgesette onderwys word hersien en dit sal die wyse raak waarop universiteite hul portefeuljes van kortkursusse in die toekoms bestuur. Die NWU het deelgeneem aan die opstel van hierdie nasionale riglyne (bestem vir implementering in Junie 2015) deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) in hierdie proses behulpsaam te wees.

Om insette in die hersiening van die nasionale riglyndokument te verkry, het die Hoëronderwys-kwaliteitskomitee (HOKK) in 2014 'n omvattende vraelys oor voorgesette onderwys uitgestuur.

Hoewel voltooiing van hierdie vraelys 'n mate van 'n impak gehad het op die vordering wat daar met die NWU se raamwerk vir voortgesette onderwys gemaak is, het dit 'n geleentheid geskep om inligting in te samel, die NWU-rekords oor voortgesette onderwys by te werk en sommige bekommernisse te identifiseer.



# hoe ons ons akademici ontwikkel

Akademici brei voortdurend hul kennis en vaardighede uit om die beste opvoedkundige praktyke te implementeer ten einde studente te help leer. Dit word moontlik gemaak deur verskillende programme wat die Akademiese Ontwikkeling en Steun-eenhede oor die drie kampusse heen beskikbaar stel.

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

## institusionele kursus vir nuwe dosente

Ná voltooiing van die drie fases van die Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente (IKND) moet nuwe dosente in staat wees om die volgende rolle op bevoegde wyse te vervul:

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

- om leer te fasiliteer en doeltreffende leeromgewings vir hul leerders te skep
- om geldige en betroubare assesseringstake te skep om studenteleer te assesseer
- om kundig te wees oor die navorsingstrukture wat tot stand gebring is om navorsingsproduktiwiteit by die NWU te verbeter
- om 'n bewustheid en elementêre kapasiteit betreffende grondslae- en etiese kwessies in die wetenskap te ontwikkel.
- weet waar om toepaslike ondersteuningdienste vir onderrig-, leer- en navorsingsaktiwiteite te vind.

Fase 1 van die kursus stel nuut aangestelde dosente bekend aan die universiteit se strategie en beleide vir onderrig-leer, sowel as aan die verskillende ondersteuningsdienste, en voorsien 'n bondige oorsig van die hoëronderwyslandskap. Altesaam 109 akademiese personeellede het hierdie fase bygewoon.

Skepping van uitsette

In fase 2, wat deur 120 dosente bygewoon is, word praktiese geleenthede geskep vir nuut aangestelde dosente om aspekte van pedagogie, kurrikulumontwikkeling en studenteleer te ondersoek.

Altesaam 91 dosente het fase 3 bygewoon, wat hulle aan die filosofiese grondslagkwessies van hul onderskeie vakgebiede bekend stel.

## ander ontwikkelingsaktiwiteite

Verskeie werkswinkelgeleenthede, wat deur 199 NWU-personeellede bygewoon is, is gedurende 2014 op die drie kampusse aangebied. Die onderwerpe wat bespreek is, het gewissel van eFundi-hulpmiddels en e-gidsontwikkeling tot formulering van eksamenvraestelle en assesseringstrategieë.

Die ontwikkeling van leermateriaal in 'n vervlegteleeromgewing en die gebruik van tegnologie in 'n onderrig-leer-omgewing is ook behandel.

Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing

## institusionele toekenning vir onderriguitnemendheid

Die Institusionele Toekennings vir Onderriguitnemendheid (ITOU) is 'n meganisme ter erkenning en aanmoediging van dosente om hul onderrigvaardighede te ontwikkel.

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

Vir die ITOU-proses observeer 'n evalueringspaneel drie kontaksessies, word studenteterugvoer oor onderrig verkry, word bewys van innoverende benaderings tot onderrig-leer (met inbegrip van e-leer) ingedien en word 'n onderrigportefeulje geëvalueer.

Skepping van uitsette

In 2014 het altesaam 65 dosente ITOU-toekennings op grond van die 2013-evalueringsproses ontvang. Die deelnemer wat die hoogste punte behaal het, het die Visekanselierstoekenning ontvang.

In Oktober 2014 het die Senaat 'n nuwe klassifikasie van die ITOU-toekennings in drie toekenningskategorieë goedgekeur, naamlik die Toekenning vir Ontluikende Onderriguitnemendheid, die Toekenning vir Onderriguitnemendheid en die Toekenning vir Uitsonderlike Onderriguitnemendheid.

Toekomsblik

Die 90 akademici wat aan die 2014-evalueringsproses deelgeneem het, sal hul toekennings in 2015 ontvang.

## HELTASA nasionale toekennings vir onderrig en leer

Skepping van uitsette en waardevoeging: ons mensekapitaal

'n Dosent van die Potchefstroomkampus het gedurende die konferensie van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir Leer en Onderrig in Hoër Onderwys ("HELTASA") by die Universiteit van die Vrystaat in November 2014 'n HELTASA-toekenning ontvang. HELTASA verleen erkenning aan akademiese personeellede wat uitnemendheid in onderrig en leer demonstreer.

## vakkundigheid van onderrig en leer

Deur sy Vakkundigheid in Onderrig en Leerinisiatief (VOL-inisiatief) verleen die universiteit erkenning daaraan dat onderrig en leer die onderwerp van vakkundige nadenke en navorsing moet wees.

Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: ons mensekapitaal

R100 000 is in 2013 beskikbaar gestel en nog R300 000 in 2014 vir akademici wat hulle op VOL wil toespits. Die befondsing van projekte is gemik op die ontwikkeling van akademici se bevoegdheid op die gebiede van leerplanne en pedagogie en om hulle aan te moedig om oor eie praktyk na te dink, verwantskappe tussen teorie en praktyk te bou en hul bevindinge of verworwe kennis te kommunikeer.

Agt uit 29 houers van VOL-toekennings was gereed om by die NWU-VOL-konferensie in 2014 aanbiedings te maak. (Die res van die projekte was nie in 'n stadium waar hulle wesenlike vordering of voorlopige bevindinge kon rapporteer nie).

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Die jaarlikse VOL-konferensie het op 30 en 31 Oktober 2014 plaasgevind. Emeritusprofessor Ian Scott van die Universiteit van Kaapstad het die hoofrede oor die omvang en betekenis van die idee van "gegradueerheid" in die kontemporêre wêreld gelewer.

Die getal opsommings wat deur NWU-personeel vir die konferensie voorgelê is, het van 31 in 2013 tot 43 in 2014 gegroei.

# hoe ons ons studente ontwikkel

Die NWU is daartoe verbind om te verseker dat alle studente doeltreffend aan die proses van onderrig en leer kan deelneem en regverdige geleenthede vir sukses sal hê. Ons bied 'n aantal aktiwiteite en programme vir studente-akademiese ontwikkeling en steun.

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

## grondslagvoorsiening

Die NWU bied 43 verlengde programme – 34 op die Mafikengkampus en nege op die Vaaldriehoekkampus. In 2014 het altesaam 2 581 studente by hierdie programme baat gevind.

## universiteitsvoorbereidingsprogram

Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing

Die Universiteitsvoorbereidingsprogram (UnivPrep) voorsien 'n geleentheid vir studente wat nie aan die formele toelatingsvereistes vir spesifieke programme voldoen nie, om 'n voorbereidingsprogram van een jaar te voltooi.

In 2014 was daar altesaam 119 studente vir BCom, BA Ontwikkelingstudies en BTh ingeskryf.

Ongeveer 53% van die studente wat in 2013 vir UnivPrep ingeskryf was, het gekwalifiseer vir toelating tot graadstudie. Hiervan het meer as 70% aansoek gedoen en is hulle vir voltydse graadstudie aan die NWU in 2014 aanvaar.

Skepping van uitkomste

Die universiteit sal in 2015 die UnivPrep-program as deel van 'n oorsig van sy toegangsvoorsiening evalueer. Die resultate sal gebruik word om besluite oor die voortsetting van die UnivPrep-program te neem, met inbegrip van die akademiese ligging en afleweringsmodus daarvan.

Toekomsblik

## eerstejaarservaring-opname

Aangesien die NWU daarna streef om 'n studente-ervaring van hoë gehalte oor al die kampusse te skep, is 'n eerstejaarservaring-opname in September 2014 gedoen.

'n Goeie algehele responskoers van 27,03% is behaal. Die verslag is teen die einde van November voltooi en sal in 2015 beskikbaar gestel word.

Toekomsblik

## aanvullende onderrig

Aanvullende onderrig ("SI") voorsien gereeld geskeduleerde "supergroep"-studiesessies buite klasverband waar studente saamwerk om sleutelkonsepte te konsolideer en doeltreffende studiestrategieë te ontwikkel.

Studente wat voorheen en suksesvol die teikenmodule voltooi het, word as SI-leiers opgelei wat SI-sessies fasiliteer. Gedurende die eerste semester van 2014 is 419 SI-leiers op die drie kampusse opgelei.

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

Akademiese steun is aan 20% van die risikomodules op die Mafikengkampus, 64% op die Potchefstroomkampus en 52% op die Vaaldriehoekkampus voorsien.

Skepping van uitkomste

Resultate het getoon dat studente wat gereeld SI bywoon, hoër vakpunte behaal en minder gereeld staak as nie-SI-deelnemers. Die meerderheid Suid-Afrikaanse universiteite bied nou SI- of hibriede SI-programme aan.

## modules in akademiese geletterdheid

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

Alle eerstejaarstudente skryf 'n akademiese geletterdheidstoets aan die begin van die jaar. Indien hulle in die toets slaag, word daar van hulle vereis om minstens een semesterkursus te neem om hul akademiese geletterdheid te verbeter. Indien hulle egter ná voltooiing van die toets as risikostudente in hul studies geïdentifiseer word, moet hulle eers 'n addisionele inleidende module in akademiese geletterdheid neem voordat hulle die verpligte module kan neem.

## leeslaboratoriums en skryfsentrums

Daar is leeslaboratoriums en skryfsentrums op alle NWU-kampusse.

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

Die leeslaboratoriums help studente om hul leesvaardighede te verbeter. Altesaam 8 679 NWU-studente het die leeskomponente van die akademiesegeletterdheid-modules in 2014 suksesvol voltooi.

Skepping van uitsette

Die skryfsentrums staan studente by om hul akademiese skryfvermoëns te verbeter. Hulle ontvang steun in redenering, paragrafering, verwysing en die konseptuele strukturering van opdragte.

Skepping van uitsette

Opgeleide senior studente tree as konsultante op by wie studente persoonlike konsultasies kan skeduleer, indien nodig. Gedurende 2014 het altesaam 28 konsultante steun in 2 174 konsultasies regdeur die universiteit voorsien.

Toekomsblik

Ten einde nagraadse en oopafstandsleerstudente te ondersteun, en die steun aan voorgraadse studente te verbeter, voorsien ons in 2015 'n aanlyn skryflaboratorium.

## portuurmentorskapprogram

Die akademiese portuurmentorskapprogram help eerstejaarstudente om 'n suksesvolle oorgang na die universiteitslewe te maak.

Hoewel die program effens van kampus tot kampus verskil om die verskille in studentekonteks en -kultuur te akkommodeer, is die basiese elemente dieselfde.

Skepping van uitsette

Opgeleide mentors (senior studente) ontmoet studente wat mentorskap benodig om hulle te help om verskeie uitdagings met betrekking tot die universiteitslewe te hanteer. Altesaam 1 125 studente het gedurende 2014 aan hierdie program deelgeneem.

Toekomsblik

Die doeltreffendheid van die program word deur middel van terugvoer vanaf die gementorde studente geëvalueer, deur hul eksamenuitslae te kontroleer of deur kwartaallikse verslae te skryf. 'n Navorsingsprojek is ook onderweg om die impak van die program oor 'n langer tydperk te meet.

# ons navorsing

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons missie-element 3* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63), bereik het, en hoe ons intellektuele kapitaal deur ons navorsings-aktiwiteite getransformeer word.

*Missie-element 3 verklaar dat die NWU, ooreenkomstig nasionale prioriteite, relevante en gefokusde navorsing van hoë gehalte moet ontwikkel en handhaaf, en innoverende oplossings moet bied vir uitdagings wat die wetenskaplike gemeenskap, die land, die vasteland en die wêreld in die gesig staar.

## ons navorsingshoogtepunte

*Skepping van uitsette*

- Die getal navorsingsuitsette het steeds gegroei. Die NWU het altesaam 1 210 eenhede aan die DHOO voorgelê, en 1 169,54 eenhede is aan ons toegeken.
- Die NWU het nog 'n driejaarprogram van eksterne oorsigte voltooi. Die finale rondte van evaluerings het in 2014 plaasgevind en die finale verslag van die evalueringspaneel sal in 2015 aan die Senaat voorgelê word.

*Toekomsblik*

*Skepping van uitsette*

- 'n Uitnodiging vir nog navorsingsklusters ('n groep navorsingsentiteite gesentreer om geïdentifiseerde breë navorsingstemas) is gerig en 'n aantal klusters was in die proses van vestiging.
- Vyf navorsingsentiteite is goedgekeur, naamlik Antieke Tekste (al drie kampusse), Psigososiale Gemeenskapsnavorsing, Mens-metabonomika, die Beroepshigiëne- en Gesondheidsnavorsingsinisiatief, en Lewen-stylsiektes, almal op die Potchefstroom-kampus. Op die Mafikengkampus is Bevolking en Gesondheid tot 'n navorsingsfokusarea opgegradeer.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

- Tydens die jaarlikse galadinee op 1 November 2014 het die universiteit die prestasies van sy toppresterende navorsers erken.
  - Die S2A3-medalje is aan die beste meesterstudent toegeken en vier studente het die Visekanseliersmedalje vir uitstaande prestasie in hul meesterstudies ontvang.
  - Altesaam 26 navorsers het erkenning ontvang omdat hulle 'n NNS-gradering behaal het of weer gegradeer is, terwyl twee personeellede erkenning ontvang

| NAVORSINGSUITSET | 2004 | 2005 | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Artikelekwivalente | 272 | 318 | 352 | 358 | 471 | 409 | 511 | 653 | 791 | 1 010 | 981 |
| Konferensie-verrigtinge-publikasies | 3 | 8 | 8 | 13 | 18 | 34 | 43 | 84 | 50 | 120 | 116 |
| Boeke | 0 | 0 | 2 | 5 | 13 | 5 | 24 | 36 | 28 | 40 | 43 |
| Totale artikelekwivalente gepubliseer | 275 | 326 | 361 | 376 | 503 | 448 | 589 | 734 | 869 | 1 170 | 1 140 |
| Getal NNS-gegradeerde navorsers | 73 | 85 | 82 | 95 | 103 | 116 | 117 | 125 | 140 | 169 | 190 |
| Meestersgrade toegeken | 626 | 700 | 765 | 618 | 583 | 659 | 633 | 639 | 670 | 781 | 746 |
| Navorsings-meesters | 262 | 293 | 384 | 313 | 281 | 369 | 353 | 365 | 462 | 506 | 506 |
| Navorsings-meesters geweeg | 262 | 293 | 384 | 313 | 281 | 369 | 353 | 365 | 462 | 506 | 506 |
| Doktorsgrade toegeken | 87 | 82 | 110 | 124 | 100 | 123 | 129 | 115 | 154 | 168 | 171 |
| Doktorsgrade geweeg | 261 | 246 | 330 | 372 | 300 | 369 | 387 | 345 | 462 | 504 | 513 |
| Totale geweegde navorsingsuitset | 798 | 865 | 1 074 | 1 061 | 1 083 | 1 186 | 1 318 | 1 483 | 1 793 | 2 180 | 2 160 |
| Postdoktorale genote | 9 | 17 | 18 | 34 | 38 | 48 | 69 | 89 | 118 | 140 | 164 |

***Let wel:*** *Alle navorsingsuitsette waaroor ons rapporteer, is soos dit in Mei 2015 aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê is, en kan moontlik ná daardie datum verander.*

het vir hul kreatiewe insette en ses groepe erkenning ontvang het vir hul verbintenis tot gemeenskapsbetrokkenheid.

Verder het ses navorsers erkenning ontvang vir hul bydrae tot innovering in navorsing en twee personeellede vir hul uitsonderlike leierskap en bydrae tot internasionale organisasies.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die mees produktiewe junior en senior navorser, sowel as die mees produktiewe navorsingsentiteit, het ook erkenning ontvang.

## ons navorsingstatistiek

Sleutelnavorsingsaanwysers vir die jaar was die getal artikelekwivalente wat gepubliseer is, die getal navorsers met Nasionale Navorsingstigting (NNS) -graderings, meesters- en doktorale inskrywings en graadverwerwings, en postdoktorale genootskappe wat toegeken is.

*Skepping van uitsette*

Die tabel hier langsaan gee 'n uiteensetting van navorsingsuitset in die sleutelkategorieë sedert 2004.

## ons publikasie-uitsette

Die NWU se gesubsidieerde publikasie-uitset bestaan uit geakkrediteerde vaktydskrifartikels, boeke en konferensieverrigtinge-publikasies. Totale publikasies vir die jaar het op 1 140 eenhede (voorlopig) te staan gekom, wat 'n afname van 2,6% teenoor die vorige jaar se 1 170 goedgekeurde eenhede is.

*Skepping van uitsette*

## ons navorsingsuitsette

### Postdoktorale genote

Die NWU het sy tendens van 'n styging in die getal postdoktorale genote voortgesit, soos in die tabel hieronder aangedui word.

*Skepping van uitsette*

| Kampus | 2006 | 2007 | 2008 | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mafikeng-kampus | 0 | 1 | 2 | 3 | 6 | 14 | 23 | 31 | 42 |
| Potchefstroom-kampus | 18 | 32 | 35 | 45 | 58 | 71 | 88 | 103 | 114 |
| Vaaldriehoek-kampus | 0 | 1 | 1 | 3 | 5 | 4 | 3 | 6 | 8 |
| **Totaal** | **18** | **34** | **38** | **51** | **69** | **89** | **114** | **140** | **164** |

### NNS-gegradeerde navorsers

Die universiteit het die akademiese jaar met 190 NNS-gegradeerde navorsers begin en het in Februarie 2014 42 graderingsaansoeke by die NNS ingedien. Van die 20 aansoeke vir nuwe graderings was 16 suksesvol. Te danke aan die natuurlike wegkwyning van navorsers het die NWU aan die einde van Desember 2014 190 NNS-gegradeerde navorsers gehad.

*Skepping van uitkomste*

| Kampus | Kategorie | 2009 | 2010 | 2011 | 2012 | 2013 | 2014 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Mafikeng | B | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | C | 1 | 2 | 6 | 10 | 16 | 15 |
| | L | 1 | 1 | 1 | 0 | 0 | 0 |
| | Y | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 4 |
| Totaal | | 3 | 4 | 9 | 13 | 19 | 20 |
| Potchefstroom | A | 2 | 2 | 2 | 2 | 3 | 3 |
| | B | 12 | 11 | 13 | 15 | 14 | 15 |
| | C | 70 | 70 | 74 | 79 | 96 | 111 |
| | L | 3 | 3 | 2 | 2 | 2 | 0 |
| | P | 1 | 1 | 0 | 1 | 2 | 2 |
| | Y | 20 | 20 | 16 | 17 | 21 | 25 |
| Totaal | | 108 | 105 | 107 | 116 | 138 | 156 |
| Vaaldriehoek | B | 0 | 0 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| | Y | 3 | 3 | 2 | 2 | 3 | 4 |
| | C | 2 | 3 | 5 | 8 | 7 | 7 |
| | L | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 | 1 |
| | NR | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 1 |
| Totaal | | 5 | 6 | 8 | 11 | 12 | 14 |
| **NWU Totaal** | | **116** | **117** | **125** | **140** | **169** | **190** |

## ontwikkeling van ons navorsingskapasiteit

In 2014 het die NNS weer eens 'n beduidende bydrae gelewer om meesters- en doktorale studente met onafhanklike beurse te ondersteun. Die volgende bedrae is vir hierdie doel gebruik:

| | Waarde | Getal studente |
|---|---|---|
| Meesters | R 7 229 875 | 110 |
| Doktoraal | R 9 154 836 | 96 |
| **Totaal** | **R 16 384 711** | **206** |

*Skepping van uitsette*

*Verlaging van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

'n Bedrag van R707 771 is daaraan bestee om navorsingskapasiteitsbou-werkswinkels aan te bied. Dit is hoofsaaklik vir werkswinkels oor wetenskapskommunikasie- en skryfvaardighede gebruik.

Die NWU het finansiële steun in die vorm van beurse ter waarde van R1 065 088 aan 36 personeellede voorsien wat besig was om hul PhD-grade te voltooi.

## ons navorsingsentiteitmodel

*Skepping van uitsette*

Die navorsingsentiteitmodel is nou ten volle by die NWU geïmplementeer en dra by tot 'n egalige toename in navorsingsuitsette.

Die NWU-navorsingsentiteite soos op 31 Desember 2014 word in die volgende tabel gelys:

| Navorsingsentiteit | Fakulteit en kampus |
|---|---|
| **Navorsingsentrums van uitnemendheid** | |
| Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding (SUV) | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe (PharMaCen) | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Sentrum vir Ruimtenavorsing | Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus |
| **Navorsingseenhede** | |
| Eenheid vir Bedryfswiskunde en Informatika (BWI) | Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Navorsingseenheid: Ontwikkeling in die Suid-Afrikaanse Regstaat | Regte, Potchefstroomkampus |
| Onderwys en Menseregte in Diversiteit (Edu-HRights) | Opvoedingswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Eenheid vir Energiestelsels | Ingenieurswese, Potchefstroomkampus |
| Eenheid vir Omgewingswetenskappe en -bestuur | Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Eenheid vir Taal en Literatuur in die Suid-Afrikaanse Konteks | Lettere en Wysbegeerte Potchefstroomkampus |
| Eenheid vir Reformatoriese Teologie en die Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Samelewing | Teologie, Potchefstroomkampus |
| Afrika-Eenheid vir Transdissiplinêre Gesondheidnavorsing (AUTHeR) | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Workwell: Navorsingseenheid vir Ekonomiese en Bestuurswetenskappe | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| **Navorsingsfokusareas** | |
| Antieke Tekste | Teologie, Potchefstroomkampus (ook op die ander twee kampusse) |
| Chemiese Hulpbronveredeling | Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Psigososiale Gemeenskapsnavorsing (Compres) | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Instaatstelling tot Optimale Uitdrukking van Individuele, Maatskaplike en Institusionele Potensiaal (OPTENTIA) | Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekkampus |
| Menslike Metabonomika | Natuurwetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Hipertensie in Afrika-navorsingspan (HART) | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Materiaalwetenskap-innovasie en -modellering (MaSIM) | Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus |
| Fisiese Aktiwiteit, Sport en Rekreasie (FASRek) | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Bevolking en Gesondheid | Geestes- en Sosiale Wetenskappe, Mafikengkampus |
| Kwaliteit in Verpleegkunde en Verloskunde (INSINQ) | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Selfgerigte Leer (SGL) | Opvoedingswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Sosiale Transformasie | Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus |
| Toerismenavorsing in Ekonomiese Omgewings en die Gemeenskap ("TREES") | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Verstaan en Verwerking van Taal in Komplekse Omgewings (UPSET) | Geesteswetenskappe, Vaaldriehoekkampus |
| **Navorsingsnisareas** | |
| Voedselsekuriteit en -veiligheid in die Noordwes-Provinsie | Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus |
| Lewenstylsiektes | Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus |
| Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MVSA) | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Meertalige Spraaktegnologieë (MuST) | Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie, Vaaldriehoekkampus |
| Musikale Kunste in Suid-Afrika: Hulpbronne en Toepassings (MASARA) | Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus |
| Beroepshigiëne- en Gesondheidsnavorsing-inisiatief ("OHHRI") | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Handel en Ontwikkeling ("TRADE") | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| Visuele Narratiewe en Kreatiewe Uitsette deur Interdissiplinêre en Praktykgeleide Navorsing | Lettere en Wysbegeerte, Potchefstroomkampus |
| **Gehuisveste entiteite (sentrums, platforms en institute)** | |
| DWT HySA Infrastruktuursentrum van Uitnemendheid in Waterstofproduksie, -opberging, -retikulering en veiligheidskodes en standaarde | Ingenieurswese, Potchefstroomkampus |
| DWT/NWU Prekliniese Geneesmiddel-ontwikkelingsplatform | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |
| dti-Sentrum vir Gevorderde Vervaardiging | Ingenieurswese, Potchefstroomkampus |
| DWT-Sentrum van Uitnemendheid in Inheemse Kennisstelsels (IKS) | Landbou, Wetenskap en Tegnologie, Mafikengkampus |
| **Kommersiële navorsingsentiteite** | |
| Sentrum vir Farmaseutiese en Biomediese Dienste | Gesondheidswetenskappe, Potchefstroomkampus |

## navorsingsbefondsing

Die volgende tabel som die NNS-befondsing op wat die NWU vir navorsing ontvang het. Die NWU se inkomste vir nagraadse beurse vanaf die NNS groei steeds. Die tabel hieronder toon die bedrae wat vir elke jaar sedert 2009 ontvang is.

Die fondse wat in 2014 vir Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die Nywerheid-projekte (THRIP-projekte) van die Nasionale Navorsingstigting verdien is, word in die tweede tabel hieronder aangegee. Die NWU bly steeds een van die topverdieners van THRIP onder Suid-Afrikaanse universiteite.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die herhaaldelike goeie THRIP-prestasie van die NWU weerspieël ons waaksaamheid in die nastrewing van volhoubare samewerking met die private en openbare sektor.

Alle THRIP-geld wat van die NNS ontvang word, vooronderstel ook 'n bydrae vanaf die nywerheid.

NNS-befondsing

| Jaar | Bedrag | Aangesuiwer | Toegeken | Beskikbaar gestel |
|---|---|---|---|---|
| 2009 | R20 640 899 | R8 636 476 | R29 277 375 | R24 363 955 |
| 2010 | R22 979 510 | R16 707 197 | R39 686 707 | R33 800 387 |
| 2011 | R31 673 631 | R4 075 175 | R35 748 806 | R30 469 525 |
| 2012 | R44 729 907 | -R4 032 777 | R40 697 130 | R38 685 162 |
| 2013 | R47 510 962 | R8 357 930 | R55 868 893 | R49 415 850 |
| 2014 | R68 171 568 | R4 621 940 | R72 793 508 | R68 524 972 |

THRIP-befondsing

| Jaar | Bedrag | Toegeken |
|---|---|---|
| 2009 | R20 640 899 | R29 277 375 |
| 2010 | R22 979 510 | R39 686 707 |
| 2011 | R31 673 631 | R35 748 806 |
| 2012 | R11 589 866 | R31 660 131 |
| 2013 | R19 120 477 | R30 153 932 |
| 2014 | R17 197 378 | R40 125 914 |

## Ondersteuning: tegnologie-oordrag en innovasie

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons missie-element 4* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63), bereik het, en hoe ons intellektuele kapitaal deur ons tegnologieoordrag- en innovasieaktiwiteite getransformeer word.

*Hierdie element verklaar dat ons kundigheid in onderrig-leer en navorsing, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland en uiteindelik die wêreld geïmplementeer moet word.

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

### Ons intellektuele eiendom

Die NWU se portefeulje van intellektuele eiendom (IE) is in 'n baie gesonde toestand, maar sal deurlopende ondersteuning nodig hê om 'n bate te bly. Met hierdie doel voor oë is 'n hoofdirekteur en vier senior kommersialiseringsbeamptes aangestel.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Van die 53 RSA-gepatenteerde uitvindings in die IE-portefeulje is 21 in 47 lande geregistreer. Vir 2014 is sewe nuwe openbaarmakings gedoen, wat vier voorlopige patentregistrasieaansoeke tot gevolg gehad het. Een nuwe RSA-patent en een internasionale patent is reeds toegestaan. As gevolg van hoë registrasie- en instandhoudingskoste is vyf patente beëindig.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

Die NWU ontvang die hoogste subsidie van die Nasionale Kantoor vir Bestuur van Intellektuele Eiendom (NKBIE). Gedurende 2014 het ons R2 171 664 as subsidie vir besteding in 2013 ontvang.

Drie nuwe lisensieooreenkomste is gedurende 2014 gesluit. Die 19 aktiewe lisensieooreenkomste

het R1 440 408 ingebring gebaseer op produkverkope van eie intellektuele eiendom (IE), asook tantieme-inkomste van R854 355.

Indien die geantisipeerde NKBIE-subsidie gerealiseer word (50% van besteding aan patentregistrasie), sal die NWU se inkomste uit IE binnekort die koste van die vestiging van IE oorskry.

### Ons saadbefondsingsuksesse

Die kantoor vir Tegnologie-oordrag en Innovasiesteun het fakulteite bygestaan met die opstel van 20 aansoeke ter waarde van R250 miljoen.

Suksesse tot op datum sluit die volgende in:

> Die Tegnologie- en Innovasieagentskap (TIA) het R2 644 000 toegeken vir die kommersialisering van sewe NWU-navorsingsprojekte.

> Die NWU het R9 933 251 van die Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT) vir die vivarium op die Potchefstroomkampus ontvang.

> Die NWU se voorstel vir 'n Noordwes-streeksinnovasiesentrum is goedgekeur, vir ongeveer R6 miljoen per deelbetalingspaaiement.

> 'n Leereenheid by Voeding is gekommersialiseer en 'n tabletrekenaargebaseerde toepassing is vir die kleinhandelaar Clicks vir die opleiding van hul vloerpersoneel gelisensieer. R311 020 is vir die eerste jaar ontvang.

> Goedkeuring is van die NWU ontvang om deel te neem aan 'n gevorderde multidissiplinêre vervaardigingsprojek wat deur die DWT befonds is. R5 755 590 is goedgekeur.

> 'n Eerste projek vir samewerking met Loughborough-universiteit in die Verenigde Koninkryk is ooreenkomstig die *Newton Fund* goedgekeur (£12 000).

> Die vennootskapsooreenkoms vir die Ambixtra-ontstekingstelsel is suksesvol gesluit, met die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK) wat R15 000 000 belê het.

Skepping van uitkomste

Toekomsblik

Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Skepping van uitsette

Die kantoor was ook behulpsaam met die opstel van die 115 ooreenkomste, met inbegrip van 24 nie-openbaarmakingsooreenkomste, 15 lisensieooreenkomste en 13 memorandums van ooreenkoms.



# ondersteuning van ons kernbesigheidsaktiwiteite

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons missie-element 5* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63), bereik het, en hoe ons intellektuele kapitaal deur ons ondersteuningsaktiwiteite getransformeer word.

*Hierdie element verklaar dat die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansieel lewensvatbare en innoverende instelling geposisioneer moet word, met 'n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker. Ons ondersteuningsdienste is veral aan hierdie doelwit van die missie-element gekoppel: Verseker toereikende ondersteuningsfunksies en geïntegreerde besigheidstelsels om sukses van die kernbesigheid te verseker.

## biblioteek- en inligtingsdienste

Die NWU se Biblioteek- en Inligtingsdienste verteenwoordig 'n reusagtige bewaarplek van kennis, deur beide die gedrukte en die elektroniese woord. Vir 2014 het die drie kampusbiblioteke gesamentlik toegang tot 9 666 e-boeke, 107 elektroniese databasisse en 258 700 e-vaktydskriftitels op AtoZ gehad.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Biblioteek- en Inligtingsdienste is besig met die proses om 'n herwinningsprojek oor die akkuraatheid van biblioteekbesit op die databasisse van die Aanlyn Rekenaarbiblioteeksentrum ("OCLC") uit te voer. Al drie kampusse is betrokke en 'n behoorlike prosedure om dit te hanteer sal in 2015 gefinaliseer word.

*Toekomsblik*

Samesprekings tussen die drie biblioteekhoofde gedurende 2014 het die ontwikkeling van 'n strategiese konsepbeplanningsdokument tot gevolg gehad om eenheid, toegang en gehalte van dienste regdeur die NWU te verseker.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge*

'n Poging word aangewend om gebruikersbehoeftes van al drie kampusse te belyn ten einde Biblioteek- en Inligtingsdienste in die geheel in staat te stel om op verstandige wyse gedrukte en elektroniese materiaal aan te koop. 'n Opvolgvergadering in 2015 sal hierdie saak verder voer.

*Toekomsblik*

Groot vordering is gemaak met die bevordering van oop toegang deur die ondertekening van die Verklaring van Berlyn, wat daarop gemik is om vakkundige navorsingsresultate vrylik toeganglik te maak. Die NWU gebruik Boloka as die voertuig vir die oopmaak van toegang tot sy eie navorsingsuitsette en verbeter daardeur sy aansien in die globale arena. (Boloka is die NWU se institusionele bewaarplek en ondersteun die universiteit se deelname aan die Oop Toegang-beweging.)

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal en reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

### kampusbiblioteke

Ontwikkelings en aktiwiteite by die onderskeie kampusbiblioteke gedurende 2014 het die ontleding van tydskrifte ter uitskakeling van duplikate, die aanbieding van werkswinkels en konferensies, die onwikkeling van hul versamelings, skakeling met gemeenskappe en die uitvoering van meningsopnames ingesluit.

Meer inligting oor die ontwikkelings by die onderskeie kampusbiblioteke kan in ons volledige jaarverslag gevind word, wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is.

## inligtings- en kommunikasietegnologie (IKT)

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

Die NWU het weer eens ons leierskap in die gebruik van tegnologie in hoër onderwys verstewig.

Onder 'n aantal eerstes was die NWU die eerste universiteit buite Noord-Amerika om die Kuali Finansiële Stelsel suksesvol te implementeer, was ons die leidende ontwikkelaar en eerste universiteit wêreldwyd om die Kuali-kurrikulumbestuurstelsel te implementeer, en is ons die Suid-Afrikaanse leier in oopbronplatform-aanvaarding.

### Kwaliteitsoudit

Die amptelike verslag van die eksterne paneel wat alle IT-diensafdelings geëvalueer het, is in Augustus 2014 bekend gestel. Die verslag het talle eervolle vermeldings vir uitstaande prestasie bevat. Die meeste van die aanbevelings het op aspekte van kliënteverhoudings en verhoudings met ander belanghebbers gefokus, byvoorbeeld verbetering van kommunikasie en vennootskappe. IT het gereageer met 'n duidelike raamwerk vir 'n verbeteringsplan.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

### Implementering van die Kuali Finansiële Stelsel

In noue samewerking met ons kollegas van die afdeling Finansies het die NWU die eerste Suid-Afrikaanse universiteit geword om die Kuali Finansiële Stelsel (KFS) suksesvol te implementeer, ter vervanging van ons bestaande aankopestelsel in Oracle.

KFS is 'n oopbron- finansiële stelsel. Omdat dit deur universiteite vir universiteite ontwikkel is, het dit 'n baie beter funksionele passing tov die hoëronderwys-sakemodel as wat kommersiële oplossings het, en sal dit aansienlike besparings bewerkstellig.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

### Institusionele Kurrikulumadministrasiestelsel

Die 5 890 modules wat die meer as 100 kwalifikasies uitmaak wat by die NWU aangebied

word, verg konstante bywerking, en dit maak die gebruik van die tradisionele papiergebaseerde proses 'n groot uitdaging.

Die oplossing was om die Institusionele Kurrikulumadministrasiestelsel in te stel. Hierdie geoutomatiseerde stelsel laat alle belanghebbers toe om aan 'n voorgestelde verandering saam te werk, toon die potensiële impak van verandering regdeur die instelling en voorsien 'n geoutomatiseerde werksvloeiproses vir die goedkeuring van interne en eksterne voorstelle.

### Eenvormige verslagdoeningsomgewing

Die eenvormige verslagdoeningsomgewing maak dit moontlik om verslagdoeningsdata vanaf uiteenlopende bestuurstelsels te versamel. Die eerste verslagdoeningsmodules vir die studenteadministrasiestelsel is gedurende 2014 uitgerol, en die finansiële verslagdoeningsmodules is as deel van die KFS-implementering van stapel gestuur.

### Lesingvaslegging

Die beskikbaarstelling van opgeneemde lesings met oudiobane in veelvuldige tale is nog 'n eerste in Suid-Afrika vir die NWU.

### eFundi-leerbestuurstelsel

Verskeie verbeterings is aangebring aan ons primêre leerbestuurstelsel, die eFundi-platform, met inbegrip van die lewering van aflyn inhoud. Gedurende 2014 het meer as 39 000 studente toegang tot die stelsel verkry en het 1 219 personeellede altesaam 5 056 werwe gebou.

### Hoëprestasie-berekeningskluster

Die sentrale Hoëprestasie-berekeningskluster, wat aan navorsers 'n uiters kragtige

*Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing en ons belanghebbers se verwagtinge*

*Reaksie op ons eksterne (tegnolgiese) omgewing*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

*Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing en ons belanghebbers se verwagtinge*

*Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing*

*Toekomsblik*

verwerkingsplatform bied, het verskeie opgraderings ondergaan, insluitende 'n volledige sagtewareopgradering.

### Instapsteundienste

Die instapsteundienste op alle kampusse was hoog in aanvraag; die getal versoeke het tussen 40% en 50% per jaar gegroei.

Planne om hierdie diens verder te verbeter, sluit in verskuiwing van die Mafikengdiens na 'n area wat meer geskik vir gestremde studente is.

### Eindgebruikersdienste

Op die Potchefstroomkampus is meer as 43 000 IT-diensversoeke gedurende 2014 aangeteken. Dit is minder as die 52 000 versoeke in 2013 en kan toegeskryf word daaraan dat gebruikers beter toegerus is om hulself te help en omdat van die lading deur die instapdienste hanteer is.

### Mobiele NWU-toepassing

Nuwe hulpmiddels is by die mobiele NWU-toepassing gevoeg. Die gewildste hulpmiddels was uitslae, e-pos, eFundi en die aankoopfunksie (veral vir lugtyd). Daar is gemiddeld ongeveer 2 000 maal per dag toegang totdat die toepassing verkry, met spitsgebruik van 6 000 maal per dag.

### eKommunikasie

Op elke kampus was ten minste twee eKommunikasielokale teen die einde van 2014 ten volle in bedryf. Fase 2 van die projek sal vroeg in 2015 'n aanvang neem. Connect@NWU is 'n baie gewilde diens wat daagliks deur honderde mense gebruik word. Die ou Tandberg-videokonferensiestelsel sal aan die einde van Januarie 2015 uitgefaseer word.



## kwaliteit is belangrik

'n Oudit deur die Hoëronderwys-kwaliteits-komitee (HOKK) het in 2009 plaasgevind.

Hoewel die NWU-raad 'n omvattende terugvoerverslag aan die einde van November 2013 goedgekeur het, was die Raad op Hoër Onderwys (RHO) steeds van mening dat sommige aspekte aandag nodig gehad het.

Daarom was een van die strategiese kwaliteits-doelwitte vir 2014 om voort te gaan om aandag aan die terugvoer op die 2009-oudit te gee.

Skepping van uitsette

Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

### Kwaliteit in ondersteuningsafdelings

Ses ondersteuningsafdelings het selfevaluerings gedoen, wat elk 'n verbeteringsplan ingesluit het wat hul aksieplanne vir kwaliteitsverbetering uiteensit.

Skepping van uitsette

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing

Ses oorsigtelike oudits (met ander woorde, nie te gedetailleerd nie) is ook gedoen. Die betrokke afdelings was Rekordbestuur en Administrasie, Bestuursinligting, Argief en Museum en die Tolkdienste by die Institusionele Kantoor, en Studentesake en Beskermingsdienste op die Vaaldriehoekkampus.

Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing

Die universiteit het voortgegaan met die projek om alle fakulteitskwaliteithandleidings by te werk. Twintig kwaliteithandleidings van ondersteuningsafdelings is ook herontwikkel en bygewerk.

Ter ondersteuning van die kwaliteitstrewe vir ondersteuningsafdelings het die NWU die derde jaarliks kwaliteitindaba op 28 Oktober 2014 gehou, met die fokus op "Etiek in werkskwaliteit en lewenskwaliteit".

Skepping van uitsette

Alle kwaliteitsverwante prosesse is in die Kwaliteitshandleiding van die Institusionele Kwaliteitskantoor ingesluit en is op die personeelintranet beskikbaar.

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing

## instaatstelling tot goeie korporatiewe bestuur

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing

Versekering van voldoening aan wetlike en statutêre vereistes is 'n belangrike funksie, en so ook die taak van instaatstelling tot skoon en deursigtige korporatiewe bestuur.

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing

Die volgende was van die belangrikste aktiwiteite van Korporatiewebestuurs- en Sekretariaatdienste in 2014:

Skepping van uitsette

Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing

- Die afdeling was behulpsaam met die aanstelling van 'n nuwe kampusrektor op die Mafikengkampus en met die suksesvolle verkiesing van 'n nuwe Raadsvoorsitter en adjunkvoorsitter.
- Die Raad en Senaat is bygestaan met die aanvra van nominasies vir eretoekennings.
- 'n Suksesvolle induksiesessie is vir nuut aangewese Raadslede gehou.
- Die afdeling was behulpsaam met die verkiesings om vakatures in die universiteit se korporatiewebestuurstrukture te vul.

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing

## bestuur van ons rekords

In 2014 het die Rekordbestuursafdeling voortgegaan om 'n rekordbestuursprogram te implementeer ten einde die kwaliteit, betroubaarheid en akkuraatheid van die NWU se rekords te verbeter.

- Die afdeling het formele rekordbestuurs-opleiding vir 150 NWU-personeellede aangebied in ses sessies wat deur 'n geakkrediteerde opleidingsverskaffer gefasiliteer is.
- By afsonderlike geleenthede is nuwe dosente, nuwe bestuurders en senior bestuurders oor goeie rekordbestuursprosedures ingelig.
- Rekordbestuur het verseker dat nieblywende rekords vir hul behoudtydperk veilig by 'n bewaarplek weg van die NWU-terrein gehou is.
- Die skandering van kontrakte om 'n omvattende kontrakregister by die universiteit tot stand te bring, is goed onderweg.
- Die NWU-lêerplan is hersien.

In 2014 is 'n nuwe elektroniese rekordbestuur-stelsel ingestel. Ongeveer 300 personeellede oor die universiteit heen is as rekordbestuurs-verteenwoordigers op hul gebiede van verantwoordelikheid genomineer.

Rekordbestuur het hulle individueel besoek om hulle in te lig oor belangrike rekordbestuurs-aspekte, sowel as oor die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet op Bevordering van toegang tot Inligting en die Wet op Verbruikersbeskerming.

## toegewy aan voldoening

Institusionele administratiewe en voldoeningsprosesse het aandag ontvang:

- Die NWU se 2013-jaarverslag is op 30 Junie 2014 aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê.
- Ses nuwe ex officio-kommissarisse van ede is aangestel. (Daar was 78 regdeur die NWU aan die einde van 2014.)

Vir die 2013/14-verslagjaar ingevolge die Wet op Bevordering van Toegang tot Inligting ("PAIA") is 29 formele PAIA-versoeke geadministreer, vergeleke met 16 in die vorige jaar. Die Artikel 32-verslag is op 7 April 2014 aan die Suid-Afrikaanse Menseregtekommissie gelewer.

'n Elektroniese PAIA-versoekstelsel is van Julie 2014 ingestel. Die universiteit het 'n bewusmakingsveldtog van stapel gestuur oor PAIA en die nuwe manier van hantering van versoeke om toegang tot inligting, veral in die lig van die nuwe Wet op Beskerming van Persoonlik Inligting ("POPI").

'n POPI-plan is ontwikkel, 'n POPI-taakspan tot stand gebring en die Algemene Akademiese Reëls van die NWU is hersien om aan POPI-spesifikasies te voldoen.

Studente is ingelig oor hul regte ingevolge POPI en verskeie ondersteuningsafdelings is met voorbereiding vir POPI bygestaan. Van Januarie 2015 af sal die PAIA-stelsel ook vir die POPI-regulasies voorsiening maak.

Bewusmaking van die Wet op Verbruikers-beskerming is deur individuele besoeke en gedurende rekordbestuurskursusse en kursusse vir nuwe dosente bevorder.

## laat 'n nalatenskap

*Skepping van uitsette*

Die Institusionele Argief en Museum het 'n rekordgetal van 473 navrae hanteer, 1 344 besoeke aan die museum ontvang en goeie vordering gemaak met die verkryging, sortering en indeksering van foto's vir die fotodatabasis.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Die museum het praktiese opleiding voorsien vir studente wat erfenis- en kultuurtoerismebestuur bestudeer en vir dié wat aan die Vaaldriehoekkampus se digitale projek vir 'n Suid-Afrikaanse Watergeskiedenis-argiefbewaarplek werk.

As deel van hulle digitale inisiatief het die Institusionele Argief 'n spesiale versameling gedigitaliseer wat 'n tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika van 1963 tot 1952 vir langtermynbewaring dek. Navorsers die wêreld oor het reeds toegang tot hierdie rekords verkry.

## insiggewende inligting

*Skepping van uitsette*

In 2014 het Bestuursinligtingsdienste (BIS) op stroomlyning en verbetering van die bestuursinligtingsdienste-omgewing gefokus. Die hoofdoel was om 'n stewige fondament te vestig vir die verskuiwing vanaf eenvoudige verspreiding van data na die voorsiening van insiggewende inligting wat met strategiese besluitnemingsprosesse behulpsaam is.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge*

Gedurende 2014 het BIS alle HEMIS-voorleggings op of voor die sperdatums voltooi. Die datapakhuis is verfyn om selfs beter HEMIS-personeelinligting te voorsien, en bykomende data-integriteits- en geldigheidstoetse is by die datapakhuis gevoeg om betroubare data te verseker.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

BIS het verder professionele bystand verleen met subsidieberekeninge en bloktoekenningsverdelings, sowel as met die voorlegging oor Kategorie B-kwalifikasies vir die Hoëronderwys-kwalifikasiesubraamwerkprojek.

## diens aan studente

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Die afdeling Studenteadministrasiestelsels ontwikkel stelsels vir studenteadministrasie, hou dit in stand en lei universiteitspersoneel op om dit te gebruik. Die belangrikste van hierdie stelsels is die Varsité-studentestelsel (VSS). VSS-ontwikkelings wat in 2014 onderneem is, het outomatisering van prosesse, beskikbaarstelling van kwaliteitsdata en -verslae, die verbetering van gebruikerservaring en die beperking van gebruikersfoute behels.

*Reaksie op ons eksterne (natuurlike) omgewing*

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Die voorsiening van aanlyn omgewings en elektroniese kommunikasie met studente was 'n prioriteit, en het sodoende die NWU se koolstofvoetspoor en bedryfskoste verminder, terwyl 'n vinnige en veilige kommunikasiekanaal en dienslewering voorsien is. Veranderinge is aangebring om die nuwe vereistes van die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting in te sluit.

## woorde maak 'n verskil

Die opvoedkundige tolkdiens (OT) in die Institusionele Taaldirektoraat het hul tiende jaar van dienslewering aan die NWU voltooi.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Dit het gegroei van 'n beskeie 23 periodes tolking per week tot ongeveer 1 800 periodes per week. Die direktoraat was ook instrumenteel in die implementering van soortgelyke dienste by ander opvoedkundige instellings regdeur die land, in die besonder by Universiteit Stellenbosch.

Gesproketaal- opvoedkundige tolking, benewens opvoedkundige tolking in gebaretaal, is stewig as 'n onderrigmedium-opsie gevestig.

*Skepping van uitsette*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Die direktoraat was steeds behulpsaam met die implementering van die funksioneel meertalige taalbeleid van die universiteit om die volgende te bereik:

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

- verbetering van toegang (vir beide studente en dosente) en sukses (om sodoende by te dra tot die vervulling van die NWU se missie-elemente met betrekking tot transformasie)
- oorweging van taalverspreiding en -behoeftes op elke kampus in die onderrigbeleid
- verbetering van die kwaliteit van onderrig aan die NWU deur die taaldienste wat gelewer is
- posisionering van die NWU as 'n leier in funksioneel meertalige taalbeleide in die tersiêre onderwyssektor.

## regs- en regulatoriese responsiwiteit

As een van die grootste hoëronderwysinstellings in die land en met die NWU wat in 'n veeleisende wetgewende en regulatoriese omgewing funksioneer, vind ons in 'n groot mate baat by die beskikbaarheid van gesonde interne regsdienste.

### Regsaspekte van samewerkingsooreenkomste

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die getal samewerkingsooreenkomste met instansies buite Suid-Afrika het wesenlik toegeneem. In 2014 het ons 161 kontakte met internasionale instellings gehad, vergeleke met 88 in 2013.

'n Baanbrekersooreenkoms wat gedurende 2014 onderteken is, was die Konsortiumooreenkoms

met vyf buitelandse universiteite vir die gesamentlike aanbieding van doktorsgrade in Regte. Bekend as die EDOLAD sal dit mettertyd lei tot gesamentlike studieleiersooreenkomste met individuele kandidate uit al die deelnemende instellings.

Regsdienste het ten nouste met die Eenheid vir Oop Afstandsleer (EOAL) in die onderhandeling oor samewerkingsooreenkomste met ander instellings saamgewerk, byvoorbeeld in Botswana en Zimbabwe.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Die universiteit het steeds betrokke gebly by die Namibië-Suid-Afrika-bod om die nuwe Cherenkov-teleskooprangskikking (CTR) op 'n Namibiese terrein te huisves.

### Beleide en reëls

Hantering van belangebotsings was 'n fokuspunt van 2014 toe die impak van Artikel van 34 van die Wet op Hoër Onderwys duidelik geword het. Regsdienste het advies gegee oor sakeaktiwiteite van raadslede en werknemers wat strydig met die Wet kon wees, en het die NWU se Beleid oor Belangebotsings hersien.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Om dinge duideliker te maak en geskille te vermy, het ons die finansiële reëls oor klasgeldafslag vir personeellede en hul afhanklikes hersien.

### Plagiaat en studenteverwante regsaangeleenthede

Regsdienste het die institusionele bestuur oor verskeie ernstige gevalle van beweerde nagraadse plagiaat gedurende die jaar geadviseer. Bewusmakingsprogramme oor plagiaat, outeursreg en intellektuele eiendom vir meesters- en doktorale kandidate is tot stand gebring.


'n Senior lid van Regsdienste het toesig uitgeoefen oor die verrigtinge van die onafhanklike taakspan wat sekere inisiëringspraktyke vir eerstejaarstudente ondersoek het. Die afdeling het ook advies gegee oor die regsimplikasies wat voortgevloei het uit die ondersoek en oor die uiteindelike verslag aan die Minister van Hoër Onderwys en Opleiding.

### Litigasie

Die belangrikste hoërhofgeding waarby die NWU in 2014 betrokke was, was die voortgesette litigasie oor die oordrag van akademiese krediete tussen instellings.

Die uitkoms van die litigasie sal die hele hoëronderwyssektor beïnvloed, wat in die hofgeding deur Hoër Onderwys Suid-Afrika ("HESA") verteenwoordig word. Die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding en verskeie ander rolspelers is ook betrokke. Die verhoor behoort gedurende 2015 afgehandel te word.

*Toekomsblik*



# ons mensekapitaal

Dit is algemene praktyk vir maatskappye en instansies om hul werknemers as mensekapitaal te beskou, maar in ons geval sluit ons ook ons studente onder hierdie afdeling in. Daar is twee redes hiervoor.

Eerstens is ons verhouding met hierdie baie belangrike belanghebbers (wat ook ons hoofkliënte is) net so 'n noue verhouding as ons verhouding met ons werknemers. Studente wat aan die NWU studeer (veral ons kontakstudente) beskou die universiteit as hulle tweede tuiste. Van ons kant streef ons daarna om hulle op 'n holistiese wyse te ontwikkel om goed afgeronde mense te word. Hierdie betrokkenheid by feitlik alle aspekte van hulle lewens verstewig die verhouding selfs verder.

*Vir mensekapitaal is die draer die individu.*

Tweedens voeg ons studente (as mensekapitaal) ook waarde aan ons ander kapitaalvorme toe. Hulle verhoog ons finansiële kapitaal wanneer hulle byvoorbeeld hul klasgeld betaal, en voeg waarde aan ons maatskaplike en verhoudingskapitaal toe deur deel van ons gemeenskapsverbondenheidsprojekte te wees.

## ontmoet ons studente

### ons studentestatistiek

| Studente vir 2014 ingeskryf | Mafikeng | Potchefstroom | Vaaldriehoek | Totaal |
|---|---|---|---|---|
| Voorgraadse eerstemaal-inskrywers | 2 841 | 4 758 | 1 479 | 9 078 |
| Seniors | 8 184 | 40 775 | 5 098 | 54 057 |
| Totaal | 11 025 | 45 533 | 6 577 | 63 135 |

**Hoe ons volgens ons teikens presteer het**

- Totale inskrywings het met 3,5% van 2013 tot 2014 toegeneem, maar het nie die beplande teiken van 66 203 bereik nie.
- Die verhouding van voorgraadse studente tot totale inskrywings was in 2014 op 78,8%, wat hoër as verwag was, vergeleke met die beplande 73,1%.

**Registrasie per kwalifikasietipe en afleweringsmodus**

| 2014 | Bywoningsmodus | | | Groottotaal |
|---|---|---|---|---|
| Kwalifikasietipe | Kontak | Afstand | Afstand VOO* | |
| Algemene akademiese baccalaureusgraad (3 jaar) | 14 978 | 0 | 0 | 14 978 |
| Doktorsgraad | 1 301 | 40 | 0 | 1 341 |
| Honneursgraad | 2 125 | 92 | 4 756 | 6 973 |
| Meestersgraad | 2 903 | 16 | 0 | 2 919 |
| Nagraadse diploma | 1 952 | 15 | 0 | 1 967 |
| Voorgraadse diploma of sertifikaat (1 en 2 jaar) | 685 | 0 | 7 187 | 7 872 |
| Voorgraadse diploma of sertifikaat (3 jaar) | 325 | 146 | 12 931 | 13 402 |
| Professionele eerste baccalaureusgraad (4 jaar of meer) | 10 366 | 0 | 599 | 10 965 |
| Professionele eerste baccalaureusgraad (3 jaar) | 2 360 | 158 | 0 | 2 518 |
| Geleentheidstudente | 198 | 1 | 1 | 200 |
| Totaal | 37 193 | 468 | 25 474 | 63 135 |

** VOO staan vir "Verdere Onderwysersopleiding" en beskryf die afstands- of fleksieprogramme van die NWU vir onderwysers wat reeds in diens van die onderskeie provinsiale onderwysdepartemente is.*

- Die totale getal nagraadse inskrywings was laer (13 200), vergeleke met 'n beplande totaal van 17 622).
- Die getal doktorsgraadinskrywings het sedert 2013 met 170 gestyg en het die beplande 1 099 vir 2014 met 242 oortref.
- Inskrywings vir Wetenskap, Ingenieurswese en Tegnologie (WIT) het met slegs 159 vanaf 2013 gestyg, wat 1 556 minder is as wat beplan is.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*


### Kwalifikasies toegeken volgens kwalifikasietipes

Gedurende 2014 het die universiteit 15 254 kwalifikasies toegeken, verspreid oor verskillende kwalifikasievlakke soos in die volgende tabel aangetoon:


| Kwalifikasietipe | Getal toegeken |
|---|---|
| Voorgraadse diplomas of sertifikate (1 en 2 jaar) | 3 376 |
| Voorgraadse diplomas of sertifikate (3 jaar) | 1 874 |
| Algemene akademiese baccalaureusgrade (3 jaar) | 3 019 |
| Professionele eerste baccalaureusgraad (3 jaar) | 591 |
| Professionele eerste baccalaureusgraad (4 jaar) | 2 015 |
| Nagraadse diplomas | 1 070 |
| Honneursgrade | 2 392 |
| Meestersgrade | 746 |
| Doktorsgrade | 171 |
| **Totaal** | **15 254** |

Hoewel ons 265 meer voorgraadse diplomas of sertifikate (3 jaar) en 67 meer professionele eerste baccalaureusgrade toegeken het as in 2013, het die algehele getal kwalifikasies wat toegeken is in 2014 met 210 afgeneem.


### Studente in 2014 ingeskryf – kontak en afstand




### Rassesamestelling van studente




### Geslagsamestelling van studente




### Samestelling ten opsigte van ras en geslag van die studentekorps 2014

| Jaar | Ras | | | | | Geslag | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Wit | Afrikaan | Kleurling | Indiër/Asiër | Onbekend | Manlik | Vroulik | |
| 2004 | 12 657 | 24 974 | 1 255 | 321 | 938 | 15 343 | 24 802 | 40 145 |
| 2005 | 13 389 | 23 454 | 1 195 | 338 | 220 | 14 866 | 23 730 | 38 596 |
| 2006 | 14 288 | 22 412 | 1 220 | 616 | 172 | 14 766 | 23 942 | 38 708 |
| 2007 | 16 209 | 26 440 | 1 359 | 701 | 17 | 16 128 | 28 598 | 44 726 |
| 2008 | 17 073 | 27 720 | 1 602 | 585 | 28 | 16 279 | 30 729 | 47 008 |
| 2009 | 18 160 | 30 095 | 1 921 | 408 | 5 | 17 196 | 33 393 | 50 589 |
| 2010 | 16 066 | 34 356 | 2 199 | 423 | 2 688 | 18 730 | 37 002 | 55 732 |
| 2011 | 16 656 | 34 860 | 2 360 | 425 | 2 340 | 19 128 | 37 512 | 56 641 |
| 2012 | 17 064 | 36 487 | 2 568 | 448 | 2 185 | 19 643 | 39 108 | 58 752 |
| 2013 | 17 242 | 39 523 | 2 684 | 485 | 1 041 | 20 202 | 40 773 | 60 975 |
| 2014 | 17 780 | 40 564 | 2 686 | 489 | 1 616 | 20 516 | 42 619 | 63 135 |

# hoe ons ons studente ondersteun

Ons studente is ons hoofkliënte en om waarde aan hierdie belangrike mensekapitaalgroep toe te voeg deur ons sakeaktiwiteite is van die uiterste belang.

Deur ons onderrig-leer- en navorsingsaktiwiteite voeg ons aan hul kennis en vaardighede toe en bemagtig ons hulle om tot die arbeidsmark toe te tree as hoogs gekwalifiseerde graduandi wat in staat is om tot die ekonomie van Suid-Afrika by te dra.

*Skepping van uitkomste*

Maar ons doen ook meer: ons skep 'n instaatstellende omgewing vir ons studente om tot goed afgeronde mense te ontwikkel. Ons bied 'n groot verskeidenheid kulturele en sportaktiwiteite en sien om na ons studente se finansiële, fisieke en sielkundige gesondheid en welstand.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge*

Hierdie belangrike mensekapitaalgroep dra ook tot ons ander kapitaalvorme by. Deur hul klasgeld te betaal, voeg hulle waarde aan ons finansiële kapitaal toe, en wanneer hulle gradueer, word hulle alumni wat waarde aan ons maatskaplike en verhoudingskapitaal toevoeg.

## toegang tot finansiële hulp

Finansiële bystand aan studente word uit die volgende bronne toegedeel:

- Universteitsfondse
- Nasionale en provinsiale befondsingskemas
- NSFAS, Funza Lushaka-beurse vir onderwys en fondse van die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling
- Buitelandse befondsingskemas (Botswana, Lesotho)
- Parastaatsinstellings, maatskappye en NRO's

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal*

Vir die 2014- finansiële jaar het die kantore vir finansiële hulp op die drie kampusse finansiële hulp ter waarde van R694,1 miljoen geadministreer, waarvan R180,5 miljoen uit die NWU se eie fondse was. Die NWU het probleme met die laat betaling van eise deur NSFAS ondervind, met die gevolg dat eise ter waarde van R11 miljoen teen die einde van Desember 2014 nie betaal was nie.

## loopbaandienste vir studente

*Skepping van uitsette*

Die Loopbaansentrum voorsien studente van doeltreffende loopbaankonsultasie- en loopbaanvoorbereidingsdienste.

Daar is 'n verskeidenheid platforms vir studente om meer omtrent toekomstige loopbaangeleenthede te wete te kom. Dit sluit loopbaanskoue, opedae, CV- en onderhoudsvoorbereidingswerkwinkels, 

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

werkgewersaanbiedings en gaslesings in, sowel as lysting van maatskappye in die loopbaangids en op die webwerf.

Die loopbaankonsultant het 2 821 studente in 2014 bygestaan, 'n styging vanaf die 887 in 2011. Hierdie wisselwerking het die vorm aangeneem van aanbiedings vir groot groepe (dikwels met eksterne rolspelers), sessies vir kleiner groepe en individuele aanbiedings.

In 2014 het ongeveer 300 studente 'n werksgereedheidseminaar bygewoon om diegene wat die einde van hul studies nader vir die oorgang van die studentelewe na die werkslewe voor te berei.

Insluiting van hierdie seminaar in die onderrig-leer-omgewing kan tot die aanstelbaarheid van NWU-studente bydra en hulle help om die werksplek suksesvol te betree.

## studente met gestremdhede

Die NWU het 'n Beleid vir Studente met Gestremdhede en het gestremdheidseenhede op al die kampusse. Die eenhede bedien studente met geverifieerde fisieke, mediese, leer- of sielkundige toestande, en dié wat geïndividualiseerde dienste nodig het om ernstige agterstande te bowe te kom. Altesaam 252 studente het gedurende 2014 steun ontvang.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die eenhede voer ook toeganklikheidsoudits uit en maak aanbevelings oor die toeganklikheid van geboue op die kampusse, en pleeg oorleg met groepe wat op die een of ander wyse betrokke is by studente met gestremdhede. Hierdie groepe sluit ouers, fakulteite en skole, universiteitbestuurstrukture, kantore vir fisiese infrastruktuur, beskermingsdienste en koshuisbesture in.

*Skepping van uitsette*

In 2014 het die gestremdheidseenheid op die Potchefstroomkampus 'n seminaar aangebied getitel "Baanbrekerswerk: 'n gestremdheidshoofstroomsimposium".

## studentegesondheidsorgdienste

Primêre gesondheidsorgdienste word by al die kampusgesondheidsentrums gelewer. Die gewone algemene sieketoestande soos die uitbreking van griep, diarree en allergieë word behandel, daar word na swanger studente omgesien, inentingsprogramme teen oordraagbare siektes word onderneem en advies en dienste oor voorbehoedmiddels en gesinsbeplanning is beskikbaar.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Die gesondheidsentrums het met verskeie eksterne diensverskaffers soos die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens en die Kankervereniging van Suid-Afrika saamgewerk om die impak van hul dienste te verhoog.

*Skepping van uitsette*

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*
*Skep van uitsette*

Die NWU-sentrums het sterk verhoudings in die breër universiteitsgesondheidsorggemeenskap. In 2014 het die Gesondheidsorgsentrum op die Potchefstroomkampus die jaarliks konferensie van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Kampusgesondheidsdienste aangebied.

## welstands-, voorligtings- en beradingsdienste vir studente

- Mafikengkampus

Op die Mafikengkampus ondersteun die Voorligting- en Beradingsentrum studente in kwessies soos angs, depressie, problematiese interpersoonlike verhoudings en substansiemisbruik. Bewusmaking van hierdie steundienste word gedoen deur werkswinkels in akademiese ondersteuning en koshuisuitreike.

'n 24-uur-krisis- en -noodgevalstelsel help studente in geval van mediese, sielkundige of persoonlike-veiligheidkrisisse. 'n Span van portuurberaders is aangestel, en daar was 'n styging in die getal finansiële behoeftige studente wat van die Maaltyd-per-Dag-diens gebruik gemaak het.

Skep van uitsette

- Potchefstroomkampus

Die Eenheid vir Studenteberading en -ontwikkeling bestaan uit Studenteberadingsdienste, Ingryp en die Loopbaansentrum.

Skep van uitsette

Die Studenteberading-subeenheid is betrokke by berading oor loopbane, kursusse en vakke, gegrond op psigometriese evaluering van en terugvoer aan studente en voornemende studente, sowel as psigoterapie en akademiese voorligting.

Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal

Hulle doen ook psigometriese evaluerings vir voornemende studente by 18 verskillende sentrums in Suid-Afrika en Namibië. In 2014 is ongeveer 1 200 kandidate geëvalueer. Hierbenewens het die eenheid leierskapontwikkelingswerkswinkels ter ondersteuning van die kantoor van die studentedekaan aangebied.

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

Ingryp se primêre fokus is op psigososiale ingrepe. Professioneel geregistreerde personeellede doen gereelde individuele en groeppsigoterapiekonsultasies. Ingryp se 24-uur-krisislyn het 113 krisisingrepe in 2014 hanteer.

Hierbenewens administreer Ingryp die bystandsprojek vir behoeftige studente. Ongeveer R142 000 is in 2014 aan hierdie projek bestee, en ongeveer 200 studente het daarby baat gevind.

- Vaaldriehoekkampus

Gedurende 2014 het Studentberading en -ontwikkeling wisselwerking met 4 983 studente gehad deur middel van inligtingsessies, terapie en berading, psigososiale opvoeding, loopbaanberading (vir voornemende en ingeskrewe studente) en krisisingrepe.

Skep van uitsette

'n Hoogtepunt van 2014 was opleiding van die eerste twee beraders deur die THUSO-projek vir Beraders in Opleiding, in samewerking met die Departement Sielkunde.

Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal

Die *Charity begins at Home*-inisiatief is van stapel gestuur met die oog op bewusmaking van die Maaltyd-per-Dag-projek en moedig personeel en studente aan om tot die vestiging van 'n voedsel- en klerasiebank by te dra.

## verligting van die uitwerking van MIV/Vigs

Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal

Die NWU se MIV/Vigs-program het gedurende 2014 R400 000 van HEAIDS Global Funding ontvang en dit het die program aansienlik verstewig.

Onder studente was portuuropvoeding 'n belangrike meganisme om bewustheid van MIV/Vigs, TB en seksueel oordraagbare infeksies (SOI's) te verhoog.

Op die Mafikengkampus is 15 studente as portuuropvoeders opgelei, terwyl 30 portuuropvoeders op die Vaaldriehoekkampus opgelei is in kommunikasievaardighede, HEAIDS-programme, tekens en simptome van MIV/Vigs, verwysingstelsels, asook oor stigma en diskriminasie.

Ander sleutel-ingrepe om studente te bereik was:

- Brothers for life, wat bewustheid onder mans oor MIV/Vigs asook verbandhoudende kwessies verhoog. In September het 47 studente 'n aand vir paartjies bygewoon wat gehou is om bewustheid te verhoog van wedersyds respekvolle en verantwoordelike verhoudings, met inbegrip van seksuele en reproduktiewe gesondheid.

  Op die Mafikengkampus het 79 studente mediese manlike besnydenis ondergaan, 'n biomediese ingreep wat die verspreiding van MIV/Vigs verhoed.

- Die Potchefstroomkampus het die Red Chair-veldtog van stapel gestuur, wat gemik is op die inisiëring van gesprekke oor MIV/Vigs-voorkoming en die uitskakeling van stigma; 88 studente is met die van stapel stuur daarvan bereik, en 86 deur die voortgesette dialoog.

- Zazi, 'n program oor MIV/Vigs wat op vroue en kinders fokus.

  Gedurende Augustus 2014 is werkswinkels vir die bemagtiging van vroue en kinders vir 30 portuuropvoeders in Mafikeng gehou. Onderwerpe het die vertraging van seksuele debuut, vermindering van maats, die risiko van transgenerasie-seks, alkohol en substansiemisbruik en mediese manlike besnydenis ingesluit.

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

- Die program van destigmatisering en diskriminasie, wat versterk is deur die opleiding van portuuropvoeders in September 2014.

- Voorkoming van MIV, SOI en TB, deur kondoomverspreiding, voorsiening van medikasie en mediese manlike besnydenis. Altesaam 120 200 manlike en 245 vroulike kondome is regdeur die NWU-gemeenskap versprei.

# studentesake op kampus

## studente- korporatiewe bestuur

Elke kampus het sy eie Verteenwoordigende Kampusstudenteraad (VKSR), terwyl verteenwoordigers van hierdie kampusstrukture die Institusionele Verteenwoordigende Studenteraad (IVSR) uitmaak.

Die IVSR het op Saterdag 15 Maart 2014 die suksesvolle Interkampus-kultuurdag aangebied, waar studente van al die kampusse lewende kunsuitvoerings aangebied het.

Gedurende die 2015- akademiese jaar sal verkose Verteenwoordigende Studenteraadslede van al die kampusse 'n leierskapswerkswinkel bywoon.

Op die kampusse was die VKSR'e 'n integrerende deel van die NWU se pogings om aan studente 'n dinamiese, veelfasettige kampuservaring te bied. Studente-korporatiewebestuursaktiwiteite op die kampusse het die volgende ingesluit:

- Op die Mafikengkampus het die VKSR se *Mpone ke go Bone*-inisiatief besoeke van die kampusbestuur en die VKSR aan studente in verskillende koshuise behels om bestuur aan studente bekend te stel en na hulle griewe te luister. Die VKSR het ook 'n misdaadbewusmakingsveldtog en 'n liefdadigheidsveldtog gehou, was instrumenteel daarin dat die biblioteek sy werksure gedurende die wintereksamen verleng het en het studente aangemoedig om aan die stemproses vir die 2014-topdosente deel te neem.
- Die Potchefstroomkampus se VKSR het deel geword van die Tlokwe-sakekamer, het die VSR-beurs tot stand gebring en was betrokke by die Groen Week vir 'n groener kampus, 'n welstandsweek, 'n taalweek en verskeie liefdadigheids- en gemeenskapsverbintenisprojekte.
- Op die Vaaldriehoekkampus het die VKSR 'n suksesvolle gemeenskapuitreikingsprogram vir kinders onderneem.

Op alle kampusse het die verkiesings van die nuwe VKSR'e glad verloop, en die nuwe VKSR'e is ingehuldig en opgelei.

Skep van uitsette

Bevordering van deelnemende korporatiewe bestuur

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Toekomsblik

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte

Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal

Waardetoevoeging: ons natuurlike kapitaal

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

## sportaktiwiteite en prestasies

Die verskillende sportspanne en atlete op die kampusse het goed presteer, nasionaal sowel as internasionaal. Hier is sommige van die hoogtepunte:

- Die Mafikengkampus se sokkerspan het derde in die Varsity Football Cup-uitdaging geëindig.

  Gedurende die jaar het 14 atlete van die kampus Universiteitsport Suid-Afrika (USSA) se nasionale spanne in hul onderskeie sportkodes gehaal, terwyl nege spelers of atlete die nasionale kampioenskappe deur hul ligas en federasies bereik het; 32 spelers het die universiteit op provinsiale vlak verteenwoordig.

  Twee spelers, wat vir die eerste keer aan die SA Ope Skaakkampioenskap deelgeneem het, het met goue en bronsmedaljes teruggekeer.

  'n Baie spesiale prestasie vir 2014 was dié van die Potchefstroomkampus se karatespan. Hulle het die USSA-toernooi vir die 15e jaar opeenvolgens oorheers met spanlede wat 15 goue medaljes, 10 silwermedaljes en ses bronsmedaljes gewen het.

  Nog 'n uitstekende prestasie was dié van die kampus se atletiekspan, wat die silwermedalje by die Varsity-atletiekbyeenkoms gewen het. Atlete het ook besonder goed tydens die SA Senior Kampioenskap, die SA Ope Atletiekkampioenskap, die Sone 5 Junior Afrika-kampioenskap, die CAA Afrika-kampioenskap in Marokko en die Statebondspele in Glasgow presteer.

  Die kampus se rugbyspan het die eindrondte van die Varsity-bekerkompetisie bereik en het derde in die USSA-rugbytoernooi geëindig.

- Verskeie sportspanne van die Vaaldriehoekkampus het aan die USSA-toernooie deelgeneem.

  Die gholfklub het vir die eerste keer deelgeneem en hul afdeling gewen, terwyl al 10 danspare vir die eindrondtes van die USSA-danskampioenskap gekwalifiseer het. Die krieketspan het hul afdeling gewen, wat hulle onder die voorste agt Suid-Afrikaanse universiteite plaas. Die kampus het ook die USSA-liggaamsboukampioenskappe aangebied, en die kampus se span het in die algehele tweede plek geëindig.



## kulturele aktiwiteite en prestasies

Al die kampusse het 'n baie besige en lewenskragtige jaar op die kultuurfront ervaar.

- Die Mafikengkampus se dansgroepe het talle medaljes tydens die USSA-danskampioenskap, die Sedibeng-streeksbeker, die Tradisionele Streeksdanskompetisie en die FEDANSA Nasionale Kampioenskap gewen. Die Kampuskoor was eerste in die kategorie vir beste inheemse lied by die Ou Mutual Nasionale Koorkompetisie.
- Gedurende 2014 het die Potchefstroomkampus sy ryk en lewenskragtige tradisie van steun vir die kunste, vanaf koor-, orkes- en popkonserte tot musiekblyspele, kunsuitstallings, debatskompetisies en balletkompetisies voortgesit. Tydens die Wêreldkoorspele het die NWU PUK-koor in twee kategorieë gesing en goue medaljes vir albei verower.
- Ander kulturele aktiwiteite het die musiekblyspel "Breaking up is hard to do", die jaarlikse "Canvas"-verfkompetisie tussen koshuise, die jaarlikse Kampustalentkompetisie, 'n verskeidenheid uitstellings van die visuele kunste in die kampus se galerye en die jaarlikse dramakompetisie tussen koshuise ingesluit.

Skep van uitsette

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

- Op die Vaaldriehoekkampus het kulturele aktiwiteite 'n koshuistalentsoekkompetisie, die Mnr- en Mejuffrou NWU Vaal-skoonheidskompetisie en die jaarlikse Kultuurdagviering ingesluit, wat met nasionale Erfenisdag saamgeval het.

## oriëntasieprogramme vir eerstejaarstudente

Die oriëntasieprogramme wat op die kampusse aangebied word, is ontwerp om die akademiese, sport-, kulturele en sosiale aanpassing van eerstejaarstudente te fasiliteer.

Die biblioteek-, IT- en studentewelstandsdienste word aan studente bekendgestel, hulle skryf akademiese geletterdheidstoetse en 'n rekenaarvaardigheidstoets en ontvang inligting oor akademiese programme, die akademiese reëls, die eFundi-leerbestuurstelsel en studenteorganisasies.

Die onderskeie akademiese, kulturele, sport- en ontspanningsaktiwiteite van die NWU is aan die strategiese sleuteldoelwitte van die universiteit gekoppel, naamlik die bevordering van die studente-ervaring, ontwikkeling van uitnemendheid in onderrig-leer, en aanmoediging van sosiale deelname onder studente van uiteenlopende kulturele en maatskaplike agtergronde.



# ontmoet ons werknemers

## versekering van toereikende personeelvlakke

In 2014 het die universiteit voortgegaan om spesifieke akademiese en ondersteuningsdepartemente te moniteer ten einde toereikende personeelvlakke te verseker, in die besonder in kritieke velde.

## personeelkomplement van die NWU

| NWU-werknemers | 2013 | 2014 |
|---|---|---|
| Permanent | 3 477 | 3 686 |
| Tydelik | 4 131 | 3 998 |
| Totaal | 7 608 | 7 684 |

## werknemerkategorieë

| Kategorie | 2013 | 2014 |
|---|---|---|
| Ambagte | 27 | 28 |
| Uitvoerende/administratiewe/ bestuursberoepslui | 109 | 112 |
| Professionele onderrig/ navorsingspersoneel | 3 574 | 3 167 |
| Nieprofessioneel administrasie | 2 505 | 3 155 |
| Diens | 417 | 399 |
| Professionele gespesialiseerde/ ondersteuningspersoneel | 693 | 559 |
| Tegnies | 283 | 264 |
| Totaal | 7 608 | 7 684 |

## bereiking van ons gelykheidsteikens

*Reaksie op ons eksterne (politieke en wetlike) omgewing*

Gelykheidsteikens vir die NWU is in die Indiensnemingsgelykheidsplan vir 2012-2014 uiteengesit.

Hoewel die NWU nie sy teikens vir die verhoging van swart werknemers tot 39,03% gehaal het nie, is 'n styging van 0,6% van Januarie tot Desember 2014 behaal, toe die verteenwoordiging van swart werknemers op 36,31% gestaan het.

Wat betref werknemers met gestremdhede is 'n styging van 0,06% bereik, wat die verteenwoordiging op 0,76% van die totale werksmag te staan gebring het; die nasionale gemiddelde is 1% en die NWU-wye teiken is 2%.

## verbetering van indiensnemingsgelykheid

*Reaksie op ons eksterne (politieke en wetlike) omgewing*

Die NWU het verskeie institusionele strategieë wat daarop gemik is om ons vermoë te verbeter om werknemers uit die aangewese groepe aan te stel en te behou.

- Kapasiteitsboufonds

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: mensekapitaal*

Hierdie fonds fasiliteer die aanstelling van kandidate uit die aangewese groepe deur oorbruggingsfinansiering vir tot so lank as drie jaar, waarna die pos deur normale personeelbegroting befonds word. Gedurende 2014 is meer as R17 miljoen vir hierdie doel beskikbaar gestel.

- Ontwikkeling van ons eie mensekapitaal

*Skep van uitsette*

Hierdie program maak voorsiening vir voorgraadse en nagraadse beurse vir kandidate wat dan by die universiteit aangestel word nadat hulle hul studies voltooi het.

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: intellektuele kapitaal*

In 2014 het die Fakulteit Ingenieurswese op die Potchefstroomkampus twee beurskandidate gehad. Hierbenewens het die kampus se nuwe program vir nagraadse beurse vir agt beurse van R80 000 per jaar elk voorsiening gemaak (een per fakulteit). Hierdie beurse sal studente help om hul meesters- of doktorale studie te voltooi.

## diversiteitsbestuur

*Skep van uitsette*

Diversiteitsbestuur is 'n prioriteit vir die NWU. Die opleiding in 2014 is gedoen binne die transformasiewerkswinkel van die Ontwikkeling van Nuwe Bestuurders-program.

*Toekomsblik*

In 2015 sal ons fokus op die fasilitering van diversiteit en veranderingsbestuur deur 'n reeks ingrepe regdeur die universiteit. Die volledige diversiteitsbestuur-bewusmakingsveldtog sal in 2016 gevestig en geïnisieer word.

## bestuur van menseregte

*Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing*

Die NWU erken die fundamentele regte en waardes wat in die Handves van Regte in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika vervat is.

Ons is oortuig dat hierdie waardes en regte in die universiteitsgemeenskap gerespekteer en gehandhaaf en as 'n integrerende deel van die universiteit se praktyke en beleide toegepas moet word.

*Bevordering van etiese korporatiewe bestuur*

Die NWU se Menseregtekomitee, wat deur die Raad ingestel is, funksioneer onafhanklik en onpartydig, te goeder trou en sonder vooroordeel. Die doel van hierdie komitee is om na die regte van alle personeellede en studente om te sien sonder om inbreuk op ander mense se regte te maak.

*Skep van uitsette*
*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Gedurende 2014 het die komitee 'n menseregtewerkswinkel gehou, wat op 20 jaar van demokrasie in Suid-Afrika gefokus het. Die aanbieders was adv Johan Kruger, direkteur van die Sentrum vir Grondwetlike Regte, mev René Koraan, 'n NWU-regsdosent, en regter Zakeria Yacoob, 'n afgetrede regter van die Konstitusionele Hof.

## werknemerverhoudings

Jaarlikse loononderhandelings het in Januarie 2014 'n aanvang geneem en is in Junie 2014 by wyse van 'n ooreenkoms met alle belanghebbers afgehandel. Die universiteit het tans twee erkende vakbonde, naamlik SAPTU by die Institusionele Kantoor en op die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus, en NEHAWU op die Mafikengkampus.

Reaksie op ons eksterne (politieke) omgewing

Opleiding oor die Gedragshandleiding is in 2014 voortgesit. Die handleiding dek onderwerpe soos skorsings, teistering, persoonlike deursoeking van werknemers en die rapportering van oneerlike handelinge aan die Suid-Afrikaanse Polisiediens.

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing

Gedurende die jaar is 17 sake na die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA) verwys. Altesaam 62 dissiplinêre sake is hanteer, en slegs twee is nie teen die einde van 2014 afgehandel nie. Twee griewe is opgelos.

Me Lizelda Goslin is as die ombudspersoon vir aanmeldings van seksuele teistering aangestel. Dit is in ooreenstemming met die prosedure vir seksuele teistering, wat op werknemers en studente van toepassing is.

# ons gee om vir ons werknemers

Die NWU is 'n diensgeoriënteerde instelling wat kennis en idees produseer, maar om dit te kan doen, het ons vaardige, gesonde en gemotiveerde mense nodig.

Die kennis en ervaring wat ons werknemers na hulle werk toe bring, is een van die grootste drywers van ons sukses en maak van hulle ons waardevolste bate.

Ons koester hulle bereidwilligheid om die NWU se waardes en strategiese doelwitte te ondersteun, hul lojaliteit, vaardighede, kennis en ervaring en hul motivering om te innoveer en waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg, veral ons intellektuele kapitaal.

## personeelwelstand

Ons het 'n goed gestruktureerde, uitbestede werknemersgesondheid- en welstandprogram wat die psigososiale, emosionele en fisieke welstand van personeel in aanmerking neem.

Twee eksterne welstandsverskaffers voorsien dienste aan ons personeel:

- Private Label Promotions, wat bystanddienste bied om werknemers met werk-lewebalanskwessies te help, en
- Independent Counselling and Advisory Services, wat lewensbestuursdienste, persoonlike berading, telefoonberading en e-sorgdienste bied.

Skep van uitsette

Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal

Hierbenewens het die NWU Wellness4U die werknemersbystandprogram bestuur, wat fokus op die voorkoming, identifisering en oplossing van werknemers se persoonlike besorgdhede; dinge wat 'n negatiewe uitwerking op werksprestasie kan hê.

Deur Wellness4U het werknemers en hul gesinslede 24 uur per dag in al 11 amptelike tale toegang tot onbeperkte telefoniese berading. Elke persoon mag ook agt persoonlike beradingsessies per jaar per probleem hê, en ontvang lewensbestuursdienste in die vorm van finansiële bestuur, regsadvies en gesinsorg. Al hierdie dienste is vertroulik.

Gedurende 2014 het altesaam 1 141 (32,6%) van ons werknemers van gesondheids- en welstandasook werknemersbystanddienste gebruik gemaak, wat bo die norm van 6,5% vir die hoëronderwyssektor is.

Skep van uitsette

Werkswinkels oor onderwerpe wat strek van aftreebeplanning en stresbestuur tot finansiële geletterdheid is ook gehou, en altesaam 72 bestuurders het opleiding oor mensebestuur ontvang.

'n Institusionele Koördinerende Komitee vir gesondheid en welstand koördineer alle aspekte van gesondheid, welstand en veiligheid vir personeel en studente.

## bestuur van MIV/Vigs

Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal

Die NWU het in 2014 'n diensvlakooreenkoms met Higher Education AIDS South Africa (HEAIDS) onderteken en het, soos tevore genoem, R400 000 ontvang om ons bestaande MIV/Vigs-programme te verstewig.

Skep van uitsette

Dit sluit in berading en toetsing vir MIV/Vigs, TB en seksueel oordraagbare infeksies (SOU's), kondoomverspreiding, manlike opvoeding (deur die *Brothers for life*-inisiatief), vroulike opvoeding (deur die Zazi-inisiatief) en bewusmakingsveldtogte oor substansiemisbruik, stigma en diskriminasie.

Al drie kampusse en die Institusionele Kantoor het gedurende 2014 aan berading, sifting en toetsing deelgeneem. Al drie kampusse bied die *First things first*-veldtog van HEAIDS aan, waar werknemers sowel as studente gemotiveer word om hulle vir die eerste maal te laat toets. Gedurende hierdie veldtogte vind sifting ook vir SOI's en TB plaas. Deur hierdie veldtog is 14 werknemers met SOI's gediagnoseer en vir behandeling verwys.

## beroepsgesondheid en veiligheid

Skep van uitsette

Stewige vordering is gemaak met die implementering van die NWU se stelsel vir die bestuur van beroepsgesondheid en veiligheid en in Junie 2014 het die universiteit 'n finale verslag vir die lewering van beroepsgesondheid- en veiligheidsdienste (BGV-dienste) op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus goedgekeur.

Dit het die goedkeuring behels van poste vir 'n voltydse beroepsgesondheidsverpleegpraktisyn en 'n deeltydse mediese praktisyn op die Mafikengkampus en 'n deeltydse algemene praktisyn op die Vaaldriehoekkampus, waar 'n voltydse geregistreerde verpleegkundige ook beskikbaar is.

Omvattende opleiding is aangebied. Dit het veiligheidsinduksies vir nuwe werknemers en opleiding in basiese brandbestryding, eerstevlak-noodhulp en veilige kombuisbedryfsprosedures vir geselekteerde werknemers ingesluit.

Informele kontrakteursopleiding is op konstruksieterreine aangebied, met die klem op die bestuur van gesondheid en veiligheid, die Gesondheids- en Veiligheidsplan, steierwerk en werk op hoë hoogtes.

BGV-beamptes het gesondheids- en veiligheidsoudits uitgevoer om risiko's te identifiseer en te minimaliseer, en eksterne voedselhigiëneoudits is in al die kombuise gedoen.

*Erkenning van risiko's*

Risikogebaseerde mediese waarneming is uitgevoer op werknemers wat in verskillende departemente werk, soos Inwoning- en Voedseldienste, Elektriese en Elektroniese Dienste, Eko-Analitika, Voeding, Beskermingsdienste en Tegniese Dienste.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Die status van wetlike voldoening van NWU-gasinstallasies is gekontroleer en plekke wat vir sosiale of ontspanningsbyeenkomste gebruik word, is as veilig en geskik vir sodanige geleenthede gesertifiseer.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: ons vervaardigde kapitaal*

Studentekoshuise is deurlopend vir risiko's en gevare gemoniteer en veiligheidstoerusting soos brandblussers, brandslange en brandkrane is getoets en nagegaan. Die NWU het R2 miljoen toegewys om brandrisiko's in kantoorgeboue te bekamp.

*Toekomsblik*

*Erkenning van risiko's*

Wat betref die toekoms is die hoofdoelstelling vir 2015 die bemarking van die dienste van BGV aan die NWU-gemeenskap deur induksie vir alle nuwe werknemers, hoër sigbaarheid in die werksomgewing en werksplekgesondheidsrisiko-evaluerings.



# hoe ons ons werknemers bemagtig

Die NWU besef dat deur ons werknemers te bemagtig, ons nie net hierdie belangrike mensekapitaalgroep versterk nie, maar hulle ook in staat stel om waarde aan ons ander kapitaalvorme toe te voeg.

Dit word byvoorbeeld gedoen wanneer goed opgeleide akademici akademiese programme van hoë kwaliteit ontwikkel en daardeur ons intellektuele kapitaal versterk. Nog 'n voorbeeld is wanneer ons werknemers bemagtig word om toesig oor bou- en instandhoudingsprogramme te doen, waardeur ons vervaardigde kapitaal verbeter word.

Daar word deurgaans in hierdie afdeling, en ook in die afdeling oor ons intellektuele kapitaal, na verskeie aansporingsmaatreëls (soos beurse, kompetisies en toekennings) verwys wat ons personeel aanmoedig om waarde tot ons kapitaalvorme toe te voeg.

Voorbeelde hiervan is ITOU en die PVOL-inisiatief, die toekennings vir navorsingsuitnemendheid, beurse vir navorsers, die "ontwikkel ons eie mensekapitaal"-inisiatief en ander soortgelyke ontwikkelingsaktiwiteite, soos uiteengesit onder die opskrif: Bemagtiging van ons werknemers. Nog 'n aansporingsmaatreël is die Woordvoerder van die Jaar-kompetisie. (Kyk Ons maatskaplike en verhoudingskapitaal.)

## opleiding en vaardigheidsontwikkeling

*Skep van uitsette*

Mensekapitaalontwikkeling fokus toenemend op opleiding en vaardigheidsontwikkeling vir swart werknemers, waardeur die universiteit se BGSEB-status verbeter word en daar tot die sektorvaardigheidsplan en die Nasionale Vaardigheidsontwikkelingstrategie bygedra word.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike en politieke) omgewing*

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal*

Die volgende tabel toon die NWU se opleidingsbelegging in 2014 en die getal werknemers wat deelgeneem het:

*Toekomsblik*

Wat die toekoms betref het die universiteit, ten einde oorbesteding te vermy en doeltreffende gebruik van die opleidingsbegroting te verseker, 'n opleidings- en ontwikkelingstrategie opgestel wat personeelopleiding sal dryf deur die gebruik van persoonlike ontwikkelingsplanne, prestasiebestuur en die ontleding van opleidingsbehoeftes.

- Leierskap en bestuursprogramme

*Skep van uitsette*

Die NWU se Leierskaps- en Bestuursakademie ontwikkel steeds meer bestuurders, aspirerende bestuurders en toesighouers. Gedurende die jaar is 85 bestuurders en toesighouers geregistreer vir die Ontwikkeling van Nuwe Bestuurders-program, wat uit 10 modules bestaan. Die *Leading through Thinking Fusion*-program het bevredigend gedurende 2014 ontvou.

- Internskapprogramme

Die termyne van interns wat met befondsing van die SETA vir Onderwys-, Opleidings- en Ontwikkelingspraktyk aangestel is, het in Oktober 2014 ten einde geloop. Internskapriglyne is opgestel om die universiteit behulpsaam te wees met die implementering van goed georganiseerde internskapprogramme. 'n Behoefteontleding is ook gedoen om die NWU se internskapvereistes te evalueer.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

*Toekomsblik*

Intussen is daar aan die NWU diskresionêre befondsing van R450 000 vir 'n leerprogram vir 25 werknemers van die Potchefstroomse Sakeskool toegeken. Hierdie program sal in Januarie 2015 'n aanvang neem.

- Talentbestuur (opvolgbeplanning)

*Toekomsblik*

Gedurende 2014 is individuele ontwikkelingsprogramme geïmplementeer om te verseker dat kandidate in die opvolgingspoel goed vir hulle toekomstige rolle toegerus is. Al die kandidate het evaluering ondergaan en sal regdeur 2015 gemoniteer word.

*Toekomsblik*

Mentors word opgelei om met die kandidate te werk en hulle vir hul toekomstige rolle by die NWU te help voorberei. Die opvolgingsbeplanningsriglyne en -proses sal in 2015 hersien word.

| Tipe opleiding | Getal deelnemers | Totale bedrag bestee |
|---|---:|---:|
| Kort leerprogramme (intern) | 2 702 | R3 025 771,97 |
| Kort leerprogramme (ekstern) | 363 | R1 776 936,66 |
| UNISA-studieaansoeke | 110 | R777 570,00 |
| **Totaal** | **3 175** | **R5 580 278,63** |

# ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Die NWU besef dat om die waarde van ons maatskaplike en verhoudingskapitaal te verhoog, dit noodsaaklik is om ons eksterne belanghebbers doeltreffend te identifiseer en by hulle betrokke te raak. Om die waarheid te sê, as gevolg van die onderlinge verwantskap tussen ons kapitaalvorme kan 'n sterk maatskaplike en verhoudingskapitaal ook waarde aan ons ander kapitaalvorme toevoeg.

Wanneer alumni geld aan die universiteit skenk, voeg hulle waarde aan ons finansiële kapitaal toe en wanneer ons daardie geld gebruik om ons navorsingskapasiteit uit te bou, word ons mensekapitaal sowel as ons intellektuele kapitaal uiteindelik verhoog.

## bevorderings-aktiwiteite

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons missie-element 5* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63), bereik het, en hoe ons maatskaplike en verhoudingskapitaal deur ons bevorderingsaktiwiteite getransformeer word.

*Hierdie element verklaar dat die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansieel lewensvatbare en innoverende instelling geposisioneer moet word, met 'n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.

In 2014 was Institusionele Bevordering instrumenteel in die dryf van 'n veldtog om die 10e herdenking van die NWU en die sukses van die samesmelting te vier.

Die veldtog, wat primêr op die regering, alumni, studente, personeel, sakewêreld en donateurs gefokus het, het daarin geslaag om bewustheid van die NWU-handelsmerk en handelsmerkposisionering te verhoog. Hierbenewens is vertroue in die NWU gevestig as 'n verdienstelike begunstigde van befondsing vanaf die regering, sakewêreld, alumni en ander bronne van derdegeldstroominkomste.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

### eksterne kommunikasie

In die viering van die 10e herdenking van die NWU het ons 'n reklameveldtog van stapel gestuur wat reklameborde en advertensies in gespesialiseerde media ingesluit het.

Mediamonitering wat deur MarketIQ gedoen is, het getoon dat 7 229 items ontleed is, waarvan 3 294 in die gedrukte media verskyn het, 583 in die uitsaaimedia en 3 352 in aanlyn media. Die 2014-artikels het 'n totale reklame-ekwivalentwaarde van R96 857 851 gehad.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

Die storie oor die aanstootlike simboliek wat gebruik is gedurende die oriëntasieprogram vir eerstejaarstudente op die Potchefstroomkampus het gelei tot 'n rekord van 933 unieke nuusitems in Maart. Benewens die verloorwedstryd van die Potchefstroomkampus in die Varsity-bekereindwedstryd, was die kwessie van transformasie die enkele onderwerp wat deurgaans gedurende 2014 die grootste impak gehad het.

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Vir die vierde jaar is die skemerkelkgeleentheid vir die Woordvoerder van die Jaar gehou en is toekennings met 'n totale prysgeld van R70 000 in verskeie kategorieë toegeken. Die wenners van die toekennings is geïdentifiseer deur 'n ontleding deur Market IQ en is uitsluitlik gebaseer op die getal kere wat 'n individu aangehaal of in die media genoem is. Die meeste van die mediadekking van die NWU word gegenereer wanneer kundiges aangehaal word.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

Die proses van die hersiening van die universiteit se mediabeleid het in 2014 'n aanvang geneem en sal na verwagting gedurende die eerste kwartaal van 2015 afgehandel word.

*Toekomsblik*

*Skepping van uitsette*

Die NWU het weer die Nasionale Persklub se kompetisie vir die Joernalis van die Jaar en Redakteur van die Jaar geborg. Die borgskap is ook uitgebrei na die Nuusmaker van die Jaar, om sodoende te verseker dat die NWU hierdie

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

belangrike nasionale geleentheid besit en selfs meer positiewe blootstelling geniet.

Korporatiewe publikasies vestig die universiteit se handelsmerk en verstewig ons strategiese sleutelboodskappe.

Een van die gedrukte vlagskippublikasies van 2014 was 'n glansweergawe vir belanghebbers van die 2013-Jaarverslag, wat die vieringe van die 10e herdenking van die universiteit se bestaan vooropgestel het en wat aanpassings gemaak het onderweg na geïntegreerde verslagdoening, met die fokus op verslagdoening oor volhoubaarheid. Die 2014-weergawe sal weer groot veranderinge ondergaan om te verseker dat daar optimaal aan die behoeftes van alle belanghebbers voldoen word.

Toekomsblik

Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belanghebbers se verwagtinge

Die NWU se korporatiewe publikasies het goed gevaar in 'n kompetisie wat deur die SA Publikasieforum gehou is, en in nog een wat deur die organisasie Marketing, Advancement and Communication in Education (MACE) aangebied is. Die publikasies het verskeie sertifikate vir uitnemende skryfwerk, kommunikasie en ontwerp ontvang, en die Jaarverslag was 'n finalis in die kategorie vir die Beste Jaarverslag in die SA Publikasieforum se kompetisie.

Waardetoevoeging: ons natuurlike kapitaal

Om 'n wyer gehoor te bereik en die NWU se koolstofvoetspoor te verminder, is die jaarverslag, korporatiewe profiel en alumnitydskrifte weer in 2014 digitaal beskikbaar gestel en op die universiteit se webwerf gepubliseer.

## interne kommunikasie

Interne kommunikasie was in 2014 weer 'n prioriteit, as gevolg van die voortdurende proses van stroomlyning en belyning van aktiwiteite tussen die Institusionele Kantoor en die drie kampusse.

Baie klem is geplaas op kommunikasie met betrekking tot die aanstelling van die nuwe visekanselier en, teen die laaste deel van 2014, kommunikasie van die belangrikheid van die proses van hersiening van die universiteit se strategie. 'n Spesiale platform is op die intranet geskep om personeel in te lig oor die vordering wat gemaak is en om toegang tot alle relevante inligting en dokumentasie te voorsien.

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

Die hoofkanale van interne kommunikasie wat gedurende die jaar by die Institusionele Kantoor gebruik is, was:

- die interne personeelnuusbrief *Eish!*
- Elektroniese media, soos die halfweeklikse @NWU elektroniese kennisgewing vir personeel, die visekanselier se nuusbrief, videostroomboodskappe vanaf die visekanselier, dringende en krisiskommunikasiebulletins en boodskappe uit die Institusionele Kantoor.

By die SA Publikasieforum se toekenningseremonie in September 2014 was die Eish!-nuusbrief 'n finalis in die kategorie vir die Beste Interne Nuusbrief en Beste publikasie met 'n kleiner begroting. In die MACE-kompetisie het Eish! 'n uitnementheidstoekenning ontvang en was dit ook een van vier finaliste vir die Top Presteerder-toekenning.

Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing

'n Nuwe intranetomgewing is op die Drupal 6-inhoudsbestuurstelsel geskep en 'n gesentraliseerde bestuursproses is in plek gestel om inhoud en kwaliteitskontrole te verbeter. Die eerste konsepweergawe van die intranetriglyne is opgestel.

Die intranetprojek is in fases hanteer, en Mensekapitaal, Studenteadministrasie en die Kwaliteitskantoor is afgehandel. Die blaaie vir Finansies is in die finale stadium en die argitektuur vir Institusionele Bevordering is voltooi.

## aanlyn kommunikasie

Om aanlyn publikasieprosesse en stelsels regdeur die universiteit te belyn, is die NWU se Beleid vir Aanlyn Publikasies hersien, gewysig en na webpubliseerders op al die kampusse ontplooi.

Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing

'n Nuwe prosedure vir webwerfvestiging en inhoudontwikkeling is ontwerp en implementering sal na verwagting in 2015 plaasvind.

Toekomsblik

Hierbenewens is 'n blogvestigingsproses onderweg, en dit sal ook na verwagting in 2015 geïmplementeer word

'n Nuwe vlak van interdepartementele samewerking is bereik. Die NWU-sonkarmediaveldtog het spanwerk van veelvuldige departemente regdeur die NWU behels en het verskeie gesogte toekennings gewen.

Die NWU-webwerf is vir die volgende fase van sy ontwikkeling voorberei, wat 'n verbeterde platform bekend as Aegir behels en wat sal toelaat dat talle Drupal-werwe ontplooi en bestuur word.

Reaksie op ons eksterne omgewing: ons belangbebbers se verwagtinge

Daar is talle voordele daaraan om veelvuldige subwerwe eerder as een megawerf binne die NWU-domein te hê. Dit sluit beter soekenjinoptimalisering, beter inhoudbestuur en vinniger aflaaityye in.

## belanghebbersverhoudings

Sewe netwerkdinees, aangebied deur die visekanselier, is regdeur die land gehou.

Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal

Twee werkswinkels is gehou met die nywerhede waarbinne NWU-studente aangestel sal word. Die doel is om toepaslike kurrikula te verseker wat sal help om studente te lewer wat hul vaardighede in die ontwikkelende ekonomie van Suid-Afrika kan terugploeg.

Skepping van uitkomste

Van 12 tot 14 November 2014 het byna 200 afgevaardigdes van hoëronderwysinstellings regdeur Suid-Afrika die jaarlikse MACE-kongres bygewoon, wat die span van die NWU se Institusionele Bevordering by Sun City aangebied het.

Op 26 September 2014 is die NWU se tweede visekanselier, prof Dan Kgwadi, ingehuldig en is kgosi Leruo Molotlegi vir 'n tweede termyn as kanselier ingehuldig.

## handelsmerkbestuur en bestuur van korporatiewe identiteit

Die belynde handelsmerkstrategie is in 2014 verder geïmplementeer, met die uitlig van die kreatiewe konsep en beklemtoning van die belangrikheid van konsekwente en belynde kampus- en institusionele boodskappe.

Die Handleiding oor Korporatiewe Identiteit is hersien, wat belyning van die visuele style oor al vier sake-eenhede heen ingesluit het. Die handelsmerkregistrasie van die slagspreuk van die NWU (*Dit begin alles hier*) is afgehandel en dit verskyn nou met die ®.

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing

Die geïntegreerde strategie ter viering van die 10e herdenking van die NWU is in 2014 suksesvol geïmplementeer en 'n 10-jaar-logo is op alle platforms regdeur die universiteit gebruik.

Skepping van uitsette

Die uitkoms van die strategiehersieningsproses sal die rigting bepaal wat die universiteit sal inslaan om homself in die toekoms te posisioneer.

Toekomsblik

## konvokasie- en alumni-aangeleenthede

In Augustus 2014 is daar vir die eerste keer 'n beplanningswerkswinkel vir alumniverhoudingebeamptes van die Institusionele Kantoor en die drie kampusse gehou. Hierdie werkswinkel het gelei tot latere beplanningsessies wat gemik was op die ontwikkeling van 'n geïntegreerde NWU-alumniverhoudingstrategie.

Waardetoevoeging: ons mensekapitaal

Die tweede NWU-alumnitoekennings is op 31 Oktober 2014 aangebied om die prestasies van uitsonderlike alumni in die kollig te plaas. Die toekennings is gemaak aan vier uitstaande individue, naamlik mnr Alec Moemi, adv Jan Henning, prof Pieter Stoker en mnr Ettienne le Roux.

Die bywerking van die alumnidatabasis is in alle erns voortgesit. Daar is tans 5 801 profiele op die Konvokasiedatabasis, en 2 391 is tussen 1 Januarie 2014 en 31 Desember 2014 bygewerk.

Skepping van uitsette

Die Alumnivereniging het in 2015 hul eerste jaar by die NWU gevier en hul grondwet vir goedkeuring deur die institusionele bestuur gefinaliseer.

'n Alumni-reünie is gedurende 2014 in Londen gehou om verhoudinge met alumni daar te verstewig.

## institusionele bevordering

'n Geïntegreerde bevorderingstrategie word ontwikkel. Hierdie strategie sal oorkoepelende belyning in alumniverhoudinge en fondswerwing verseker, terwyl die behoeftes van die kampusse en voorsiening vir enige verandering in die nuwe strategiese rigting vir die universiteit in aanmerking geneem sal word.

Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal

In 2014 is verskeie positiewe stappe onderweg na hierdie geïntegreerde strategie gedoen. 'n

Skepping van uitsette

Interne ontleding van die huidige ontwikkelings- (fondswerwing-) en alumnipraktyke by die NWU is afgehandel en 'n gapingsontleding is onderneem.

'n Hibriede model wat onderskei tussen die rolle van die fondswerwingstrukture by die Institusionele Kantoor en op die kampusse is in beginsel aanvaar.

Hierdie model wys die uitbou van bemakings, institusionele vlagskipprojekte en instansiewye uitreikingsprojekte aan die Institusionele Kantoor toe, en kampuswye projekte, individuele projekte en studentgeïniseerde projekte aan kampusgebaseerde fondswerwingstrukture.

Toekomsblik

Die openbarevoordeeltrust, die Noordwestrust vir Hoër Onderwys (NWTHO), wat alle filantropiese skenkings ontvang, is indringend ondersoek om die verwantskap tussen die NWU en NWTHO duidelik te maak. Die uitkoms van hierdie oorsig, wat vir 2015 bestem is, sal die toekoms van die trust en die universiteit se betrokkenheid daarby bepaal.

## kampusse se bemarkings- en werwingsaktiwiteite

Benewens die afdeling Institusionele Bevordering in die Institusionele Kantoor het elke kampus hulle eie bemarkings- en kommunikasieafdeling. Die verantwoordelikhede van hierdie afdelings sluit werwing, kommunikasie, alumnisake, promosies en mediaverhoudings in.

Die volgende is van die hoogtepunte van hierdie aktiwiteite:

### Mafikengkampus

- Werwing

Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte

Die kampus se werwingsafdeling het meer as 37 800 leerders gedurende 2014 bereik. Kampustoere is aangebied vir leerders in graad 10 tot 12 en twee winterskole het plaasgevind. Ongeveer 300 leerders het die Ikateleng-projek bygewoon, wat daarop gemik is om die algehele eksamenuitslae van histories benadeelde leerders deur bykomende klasse te verbeter. Altesaam 150 van die deelnemers het geregistreer om in 2015 aan die NWU te studeer.

- Kommunikasie

Volgens die Market IQ-ontleding het die Mafikengkampus 19% van die NWU se mediadekking in 2014 gegeneer, met feitlik al die dekking positief of neutraal. Die kampus se Facebook-blad het gegroei tot 18 000 mense wat daarvan hou en die kampusradiostasie het 24 uur per dag uitgesaai.

- Alumnisake

Alumnifunksies is in Swaziland, Bloemfontein en Centurion gehou, met ongeveer 40 alumni wat elke geleentheid bygewoon het. 'n Finalejaardinee is vir 800 studente gehou.

### Potchefstroomkampus

▶ Werwing van voorgraadse studente

'n Goed gestruktureerde studentewerwingsplan het loopbaanuitstallings, oueraande, individuele besoeke vir topleerders en graad 11- en 12-besoeke aan meer as 350 skole ingesluit. Hierdie program is met die ander twee kampusse gekoördineer.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

Die Ikateleng-projek is op agt plekke aangebied en 2 500 leerders was daarby betrokke. Ongeveer 81,32% van die leerders in die program het universiteitstoelating verwerf en 94% het geslaag.

▶ Werwing van nagraadse studente

'n Internasionale werwingsmaatskappy is aangestel om internasionale studente te werf en die kampus het sy eerste opedag vir nagraadse studente gehou. Dit het hand aan hand gegaan met 'n aggressiewe nagraadse werwings- en reklameveldtog in Suid-Afrika en in lande van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (SAOG).

▶ Werwing van afstandleerstudente

Die bemarking van 10 afstandsleerprogramme, spesifiek in Verpleegkunde en Teologie, het 'n skerp styging in studentetalle tot gevolg gehad. Meer programme sal waarskynlik gedurende 2015 bygevoeg word.

*Toekomsblik*

▶ Promosies

Meer as 60 geleenthede is regoor die land gehou om die universiteit se handelsmerk onder voornemende studente en hul ouers te bevorder. Dit het sportgeleenthede, leierskapopleiding en kultuurfeeste ingesluit wat deur meer as 100 000 mense bygewoon is.

Van die belangrikste geleenthede was die internasionale NWU-atletiekkampioenskap (1 000 atlete en 5 000 aanwesiges), die kampus se Mini-opedag vir Graad 12-leerders in die Potchefstroomgebied (2 000 bywoners) en die kampus se jaarlikse Opedag (9 000 aanwesiges).

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

▶ Mediadekking

In 2014 het die kampus 147,7% meer media dekking as in die vorige jaar ontvang, met transformasie en sport die oorheersende kwessies.

Die algehele gebalanseerde gradering (verskil tussen negatiewe en positiewe menings as persentasie uitgedruk, uitgesonderd neutrale verslaggewing) toon dat die kampus regdeur die jaar meer "goeie maande" as "slegte maande" gehad het.

Die kampus se elektroniese "nuuskantoor" ontvang meer as 5 000 individuele besoeke per week, die kampus se Facebook-blad tot 40 000 trefslae per maand en die alumni Facebook-blad 3 000 trefslae per maand.

In samewerking met die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus is virtuele toere van al drie kampusse op die NWU-webwerf vir voornemende studente beskikbaar.

*Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing*

▶ Alumnisake

Altesaam 14 alumnigeleenthede is in 2014 gehou, met inbegrip van ses koshuisreünies. Een van die hoogtepunte was die rektor se afskeidsgeleentheid vir 800 finalejaarstudente.

Ander hoogtepunte het die reünie vir eerstejaarstudente uit die 1964-klas (50 jaar gelede) ingesluit, asook agt alumnigholfdae en nege alumniwynproegeleenthede. Vier nuusbriewe is ook aan meer as 10 000 aktiewe alumni uitgestuur.

### Vaaldriehoekkampus

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

▶ Werwing

Die kampus se 2014-bemarkings- en studentewerwingsplan het gesteun op inligting uit die resultate van 'n meningsopname onder die studentebevolking in 2013. Die resultate van hierdie opname het aan die lig gebring dat 60% van die deelnemers van die Gauteng-gebied afkomstig was en 20% uit die Noord-Vrystaat, terwyl die oorblywende 20% onder die ander provinsies verdeel was.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

Meer as 216 skole is besoek om die kampus se akademiese programme te bemark en meer as 116 uitstallings het bewustheid verhoog van die kwalifikasies wat aangebied word. Bemarkers het ook aan 34 ander aktiwiteite deelgeneem, met inbegrip van 23 ouervergaderings, verskeie sportaktiwiteite, winterklasse en kampe.

*Reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

▶ Bemarkingsgeleenthede

Meer as 3 000 leerders het die kampus se Opedag op 17 Mei 2014 bygewoon en verskeie fakulteitspesifieke werwingsinisiatiewe het plaasgevind. Dit het die jaarlikse Geexpo ingesluit, wat in samewerking met die Skool vir Inligtingstegnologie aangebied is, en die Sasol TechnoX Expo, wat in samewerking met die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe en Inligtingstegnologie gehou is.

'n Middagete vir skoolhoofde is in die Vrystaat se Thabo Mofutsanyana-distrik (een van die toppresterende opvoedkundige distrikte in die land) gehou om meer studente met beurse van die Vrystaatse Provinsiale Onderwysdepartement te lok.

Altesaam 63 lewensoriëntasie-opvoeders het die Werkswinkel vir Lewensoriëntasieopvoeders bygewoon, wat deur 'n miniskou gevolg is. Ander geleenthede het 'n sportlesing deur dr Danny Jordaan van die Suid-Afrikaanse Sokkervereniging en die rektorsdinee met die burgemeesters in die Sedibeng-distrik ingesluit.

Die kampus het ook verskeie veldtogte aangebied ter herdenking van die 10e bestaansjaar van die NWU, soos 'n gesamentlike galaverjaarsdaggeleentheid met die Vaal Universiteit van Tegnologie, die Vanderbijlparkse Sakekamer en die *Vaalweekblad*-koerant.

# ander vennootskappe en samewerking

## samewerking met die nywerheid

Nywerheids- en ander sakevennote is belangrike belanghebbers van die NWU en in ons interaksie met hulle skep ons waarde vir die universiteit sowel as ons nywerheids- en sakevennote.

| Waarde geskep vir die NWU | Waarde geskep vir die nywerheid |
|---|---|
| Die nywerheid ondersteun ons navorsings- en innovasieaktiwiteite.<br>In onderrig-leer bied nywerheids- en sakevennote geleenthede vir werkgeïntegreerde leer vir NWU-studente.<br>Die nywerheid tree op as 'n medebydraer tot verskeie NWU-gemeenskapsbetrokkenheidsaktiwiteite.<br>Die nywerheid adviseer die NWU oor akademiese programme sodat dit aan die vereistes van die nywerheid voldoen.<br>Deur netwerkingsgeleenthede met voornemende werkgewers (byvoorbeeld tydens loopbaanuitstallings) word ons studente ingelig oor die verskeidenheid loopbane in hul veld.<br>Werkgewerterugvoer voorsien perspektiewe oor die kenmerke van NWU-graduandi en beursgeleenthede vir NWU-studente. | Die NWU help om in die nywerheid se navorsings- en innovasiebehoeftes te voorsien.<br>Die universiteit ontwikkel nuwe produkte en los nywerheidsprobleme op.<br>Die universiteit verseker dat NWU-graduandi en akademiese programme aan die vereistes van voornemende werkgewers voldoen.<br>Deur ons gemeenskapsbetrokkenheidsprogramme bied ons aan die nywerheid geleenthede om hul Maatskaplike Verantwoordelikheid-fondse te bestee.<br>Die nywerheid is 'n potensiële werkgewer van NWU-studente.<br>As werknemers voeg NWU-alumni waarde aan die nywerheid se kapitaalvorme toe. |

Die Program vir Tegnologie en Mensehulpbronne vir die nywerheid (THRIP) van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) en die Departement van Handel en Nywerheid was steeds 'n belangrike voertuig vir samewerking met maatskappye.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

Gedurende 2014 het die universiteit altesaam R40 125 914 se THRIP-befondsing vir 43 projekte ontvang, wat van mynveiligheidsoplossings tot lugvaartnavorsing en prekliniese geneesmiddelontwikkeling gewissel het.

Die verslae oor verskillende hoeke van ons besigheid, soos onderrig-leer (p72), navorsing (p78), innovasie (p81) en gemeenskapsbetrokkenheid (p103), weerspieël ook die NWU se verhoudings en interaksies met nywerheids- en sakevennote.

## interaksie met werkgewers

Die Loopbaansentrum bevorder werkgewersbewustheid van die sterk punte van die NWU en sy graduandi, en help studente om vir die werkswêreld voor te berei.

*Skepping van uitkomste*

- Loopbaanskoue

Om studente en werkgewers byeen te bring, het die NWU in 2014 'n werwersgeleentheid gehou, loopbaanuitstallings oor die kampusse aangebied en, vir die eerste maal, 'n internasionale virtuele skou vir studente uit ander Afrikalande aangebied.

*Skepping van uitkomste*

Belangstelling onder maatskappye was sterk, en 99% wat op 'n aanlyn meningsopname gereageer het wat in 2014 gehou is, het gesê dat hulle hierdie geleenthede waardevol vind.

- Loopbaanverwante meningsopnames

Gedurende 2014 het die Loopbaansentrum aan verskeie onafhanklike meningsopnames deelgeneem.

Een van hulle, die *Universum South African Student Survey*, help universiteite en werkgewers om die motiveringsfaktore en doelwitte van hedendaagse studente en jong beroepslui te verstaan, en help organisasies om werwingstrategieë te ontwikkel en te verfyn. Dit bied ook aan die universiteit insig oor hoe voorbereid studente vir die werkswêreld is.

Nog 'n meningsopname, *Universum South African Professionals' Survey*, voorsien die universiteit van waardevolle inligting oor alumni. Dit ondersoek menings oor universiteit- en alumni-ervaring, werkslewe, loopbane en prioriteite vir die toekoms.

*Toekomsblik*

In 2014 het die Loopbaansentrum ook begin om 'n Opname oor graduandi se eerste bestemming te ontwikkel. Hierdie opname, wat gedurende 2015 gedoen sal word, sal gemik wees op studente wat binne die afgelope jaar gegradueer het.

Dit sal indiensnemingstendense aan die lig bring (byvoorbeeld primêre werksektor, maandelikse vergoeding en werksoekbenaderings) en sal terugvoer voorsien oor alumni se ervaring by die NWU.

## IKT-vennootskappe en -samewerking

*Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing en waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

In 2014 het die NWU voortgegaan om waarde te skep deur vennootskappe met nasionale en internasionale belanghebbers op die gebied van inligtings- en kommunikasietegnologie. Een van hierdie vennootskappe is met Kuali, 'n internasionale gemeenskapsbron-konsortium van universiteite wat sagtewaresuites vir hul lede ontwikkel. In 2014 het die NWU die eerste Suid-Afrikaanse universiteit geword om die Kuali Finansiële Stelsel te implementeer.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

# gemeenskaps-betrokkenheid

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons missie-element 4* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63), bereik het, en hoe ons maatskaplike en verhoudingskapitaal deur ons gemeenskapsbetrokkenheid-aktiwiteite getransformeer word.

* Hierdie element verklaar dat die NWU sy kundigheid in onderrig-leer en navorsing, kommersieel sowel as gemeenskapsgerig, tot voordeel van die provinsie, die land, die Suider-Afrikaanse streek, die vasteland en uiteindelik die wêreld moet implementeer.

Die NWU skep kort- en langtermynwaarde vir gemeenskappe deur talle volhoubare gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte. Om die waarheid sê, deel van ons kern-besigheid is om ons kundigheid in onderrig en navorsing te implementeer om vraagstukke wat vir gemeenskappe belangrik is, aan te spreek.

Deur dit te doen, skep ons ook waarde vir die NWU. Ons voeg waarde aan ons mensekapitaal toe deur onder die studentegemeenskap vrywillige dienslewering in burgerlike diens en filantropie aan te moedig, terwyl ons terselfdertyd waarde aan ons intellektuele kapitaal toevoeg deur geleenthede vir werk-geïntegreerde leer vir ons studente te skep.

## strategie en beleid

Die NWU se gemeenskapsbetrokkenheidstrategie beklemtoon transdissiplinêre ontwikkelings-projekte wat volhoubaar is en 'n meetbare impak het. Sulke projekte moet met die Millenniumontwikkelingsdoelwitte, die Nasionale Ontwikkelingsplan en plaaslike Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne (GOP's) belyn wees.

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Gedurende die afgelope twee jaar het die universiteit gewerk aan die ontwikkeling van 'n gemeenskapsbetrokkenheidsbeleid om die implementering van die bogenoemde strategie te lei.

Hierdie werk het uitgeloop in die opstel van 'n visie, missie en strategie, met spesifieke doelwitte om te volg vir die beplanning van die NWU se hervisioneringsproses vir gemeenskapsbetrokkenheid.

## vennootskappe wat tot maatskaplike transformasie bydra

Die Gemeenskapsbetrokkenheidskantoor het 'n omvattende program van gemeenskaps-betrokkenheidsvennootskappe gedurende 2014 geïnisieer, gefasiliteer of ondersteun. Hier volg 'n bondige opsomming van sommige van hierdie aktiwiteite.

- Die NWU in vennootskap met die plaaslike Potch-Tlokwe-Sakekamer en 'n nie-regeringsorganisasie genaamd IDUC het 'n verkragtingsbewusmakingveldtog in Potchefstroom van stapel gestuur.
- Lafarge het die NWU gekontrakteer om hulle te help om programme wat deur hul onderwys- en gemeenskapstrusts in die Bodibe-gemeenskap in die Noordwes-Provinsie onderneem is, te dokumenteer en te ontleed.
- Die Korporatiewe Maatskaplike Belegging-projek (KMB-projek) vir Sun City, wat gemik is op die behoeftes en bates van gemeenskappe waarin SunCity-werknemers woon, is suksesvol voltooi en 'n opvolgfase is onderneem.
- Die NWU het die eerste fase van 'n navorsings-projek oor werkers se lewensomstandighede en behuisingsbehoeftes vir die Impala Platinummyn in Rustenburg voltooi.
- In vennootskap met die *Touching Africa Development Trust* het die NWU opgetree as mede-aanbieders van 'n galageleentheid om sommige van die NWU se gemeenskaps-vennootskapprojekte in die kollig te plaas.
- Die Forum vir Voortgesette Gemeenskapsontwikkeling (FVGO) het 'n NRO-konsultasiewerkswinkel vir nieregeringsorganisasies (NRO's) oor die vaardighede en die opleidingsbehoeftes van NRO's in die provinsie gehou.
- Die NWU het deelgeneem aan twee projekte van Anglo Gold Ashanti, naamlik die *City of Matlosana Enterprise Development Centre* en die *Wes Wits Agricultural Projects*.
- 'n Vennootskap is tussen die NWU se Eenheid vir Omgewingswetenskappe en Bestuur en Suid-Afrikaanse Nasionale Parke gevorm. Die idee is om jaarliks navorsing in Suid-Afrika se Nasionale Parke te doen, onder andere om as leiding te dien vir aktiwiteite wat gemeenskapsvennootskappe behels.
- Die NWU-gemeenskapsontwikkelingstrust het 'n sportadministrasieleerderskap, 'n gasvryheids- en akkommodasieleerderskap en 'n voedsel-en-drank-leerderskap vir die *Dr Kenneth Kaunda Resource Centre* gefasiliteer.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

## gemeenskapsbetrokkenheid-toekennings

Ses gemeenskapsprojekte het tydens die Vise-kanselierstoekennings vir Uitnemendheid in Gemeenskapsbetrokkenheid erkenning ontvang. Dit is:

- die *Father-a-Nation*-projek en die Sielkunde-gemeenskapsprojek in Vanderbijlpark, wat gerig is op die opleiding van mentors wat by wees- en kwesbare kinders betrokke is

- die *Khazimula Pathways to Resilience*-projek, wat leer dat kwesbare jeugdiges goed vaar in die lewe indien hulle toegang het tot informele steun wat hulle aanmoedig om te droom, te doen en bande te smee
- die Regskliniek van die Potchefstroomkampus en die Mafikengkampus, wat opleiding, gratis regshulp en adviesdienste bied
- die *Fezile Dabi Teachers*-projek wat 30 rekeningkundeonderwysers help om hul kennis van korporatiewe bestuur, kosterekeningkunde en bestuursrekeningkunde te verbeter
- die Crossroads-gemeenskapsprojek, wat opleiding en steun aan praktisyns by 30 vroeëkinderontwikkeling-sentrums in Mafikeng voorsien
- die *Local Space Global Place*-projek, wat daarop gerig is om plaaslike openbare ruimtes, (geïdentifiseer deur gemeenskappe) in die Tlokwe plaaslike munisipale gebied te transformeer.

## betrokkenheid by forums en ander platforms

Die NWU se direkteur vir gemeenskapsbetrokkenheid is die langsdienende lid van die Suid-Afrikaanse Forum vir Hoëronderwysgemeenskapsbetrokkenheid (SAFHOGB) se uitvoerende komitee sedert die stigting daarvan in 2010. Die direkteur is ook die administrateur van die SAFHOGB-webwerf (http://www.sahecef.ac.za), wat deur die NWU gehuisves word.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

Die NWU-Gemeenskapsontwikkelingstrust, waarvan die rol is om in volhoubare projekte te belê, het 'n styging in BGSEB-telkaartskenkings en gemeenskapsbetrokkenheidkontrakte gedurende 2014 ervaar. Totale inkomste vir die jaar het R1 395 901,20 beloop. R/C

Skenkings wat aan die trust betaal is, is vir projekte onder hul beskermheerskap. Dit was die volgende:

- Mosaic SA, wat 22 huise gebou het vir gesinne wat sorg vir Vigs-geaffekteerde weeskinders, en wat ook twee BGSEB-ondernemings bedryf wat gebakte goedere, leersakke en breiwerk produseer – waarvan sommige na die Verenigde State en Europa uitgevoer word M
- die X20-program in Ikageng, wat ongeveer R500 000 vir sosio-ekonomiese ontwikkeling en ondernemingsontwikkeling van BGSEB-telkaartbydraers verkry het
- die *Dr Kenneth Kaunda Resource Centre*, wat 'n virtuele bemagtigingsentrum is wat die plasing van rekenaaropleidingsfasiliteite in Ikageng, Itsoseng, Madibogo en Zeerust moontlik maak deur die trust se vennootskap met Siyafunda.



# internasionalisering

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons missie-element 5* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63), bereik het, en hoe ons maatskaplike en verhoudingskapitaal deur ons internasionaliseringsaktiwiteite getransformeer word.

*Hierdie element verklaar dat die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansieel lewensvatbare en innoverende instelling geposisioneer is, met 'n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.

Die NWU gryp internasionalisering aan as 'n middel om hulself in die internasionale akademiese arena te herposisioneer.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

Gedurende 2014 het die getal gesamentlike programme toegeneem, en so ook die getal internasionale studente en die lande wat verteenwoordig word. (Ons het 3 678 internasionale studente uit 64 lande gehad, met inbegrip van 343 doktorale kandidate.)

*Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Om dit makliker te maak vir internasionale studente om na Suid-Afrika te reis en hier te bly, het die NWU insette by die Departement van Binnelandse Sake gelewer om veranderinge aan die Immigrasiewet voor te stel.

## internasionale geleenthede en erkenning

Gedurende 2014 het verskeie internasionale hoëvlakliggame die NWU besoek:

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

- 'n Afvaardiging van die Wêreldhandelsorganisasie (WHO) het die instellingsgeleentheid bygewoon van 'n prestige-WHO-leerstoel wat aan die NWU-navorsingsentiteit TRADE toegeken is.
- 'n Afvaardiging van die Europese Unie het 'n werkswinkel op die Potchefstroomkampus aangebied om die *Erasmus Mundus*-beursmeganisme aan belangstellende akademici en studente te verduidelik.

Ander belangrike internasionale geleenthede waaraan die universiteit deelgeneem het, het die G20-jeugforum in Duitsland, die SANORD-simposium in Swede, die stigtingsvergaderings van INSPIRE ('n projek wat deur die Europese Kommissie binne die *Erasmus Mundus*-vennootskapsprogram befonds is) en EUROSA (wat toonaangewende Europese universiteite met hul Suid-Afrikaanse eweknieë skakel) ingesluit.

NWU-fakulteite het ook internasionale gaste en afvaardigings van universiteite en universiteitsverenigings in die Verenigde Koninkryk, Europa en Asië ontvang, hetsy om bestaande samewerkingsreëlings te verstewig of om nuwe geleenthede te ondersoek.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

## ooreenkomste geteken

In 2014 het die NWU twee memorandums van verstandhouding onderteken, wat die weg baan vir personeel- en studentuitruiling en akademiese en navorsingsamewerking. Een is met die Hokkaido-universiteit in Japan en die ander met die Universiteit van Potsdam in Duitsland onderteken.

## u-multirank-oudit

*Toekomsblik*

'n U-Multirank-ouditwebwerf is ontwerp en voorberei vir die oplaai van ouditdata en in 2014 het die NWU aan die U-Multirank-rangordeningsoefening deelgeneem. Die dissiplines wat in 2015 geouditeer sal word, sluit rekenaarwetenskap en sielkunde in.



# ons vervaardigde kapitaal

Ons vervaardigde kapitaal kan beskryf word as alles wat die NWU besit, huur of beheer wat ons kernbesigheid en dienslewering moontlik maak. Dit sluit geboue, toerusting en ander infrastruktuur in.

Weer eens is hierdie kapitaalvorm in onderlinge samehang met die ander kapitaalvorme. Die bou van 'n nuwe gebou verminder ons finansiële kapitaal as gevolg van die boukoste, en verminder ons omgewingskapitaal as gevolg van afvalskepping, maar dit voeg waarde aan ons intellektuele kapitaal toe, omdat dit vir die lewering van akademiese programme en die uitvoering van navorsing gebruik word.

Indien 'n gebou volgens groen beginsels ontwerp word, soos die Ingenieursgebou en die nuwe gebou vir Lewenswetenskappe, albei op die Potchefstroomkampus, voeg dit waarde aan ons omgewingskapitaal toe en, as 'n item op ons lys van bates, voeg dit waarde aan ons finansiële kapitaal toe.

## algemene infrastruktuurontwikkelings

Die NWU het R4,26 miljoen tot die ontwikkeling en opgradering van infrastruktuurdienste op al drie kampusse gedurende 2014 verbind.

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal*

Dit het opgradering van die waterinfrastruktuur en verhoging van die noodkragkapasiteit op die Mafikengkampus ingesluit, asook die installering van hoëmasligte op 'n parkeerterrein op die Potchefstroomkampus en opgradering van die elektriese infrastruktuur op die Vaaldriehoekkampus.

## fasiliteite en groot kapitaalwerke

### Mafikengkampus

In 2014 het die totale belegging in infrastruktuur, fasiliteite en kapitaalwerke op die Mafikengkampus R74,62 miljoen beloop.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

Twee nuwe koshuise is voltooi en die Sedibeng-koshuis is opgegradeer. Die bou van die tweede fase van die nuwe Wetenskapkompleks is afgehandel en die nuwe gebou vir Verpleegkunde se bouwerk het begin. Die universiteit het fondse tot die opgradering van die Groot Saal en die Gesondheidsentrum verbind en groot laboratoriums vir Fisika is opgeknap.

### Potchefstroomkampus

Op die Potchefstroomkampus is altesaam R130 20 miljoen in 2014 aan infrastruktuur, fasiliteite en kapitaalwerke bestee.

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

*Waardetoevoeging: mensekapitaal*

Dit het die bou van twee nuwe geboue ingesluit: een vir Farmasie (befonds deur die Departement van Hoër Onderwys van Opleiding (DHOO) se Infrastruktuur- en Doeltreffendheidsfonds en een vir Biologiese Wetenskappe (wat die NWU self teen 'n koste van R120 miljoen befonds het). Geboue is ook toegerus met spesiale hysbakke om hulle meer toeganklik te maak vir mense met gestremdhede.

As deel van die NWU se 10-jaarmakro-instandhoudingsplan is daar aan verskeie akademiese geboue en boukomponente soos warmwaterstelsels en hysbakke in koshuise aandag geskenk. Die Over de Voor-manskoshuis is opgegradeer en uitgebrei om nog 112 studente te huisves.

### Vaaldriehoekkampus

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal*

'n Bedrag van R19,94 miljoen is gedurende 2014 aan infrastruktuur, fasiliteite en kapitaalwerke op die Vaaldriehoekkampus bestee.

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

Dit het 'n nuwe gebou vir Afrikatale ingesluit (waarvan die bouwerk in 2014 'n aanvang geneem het) en 'n nuwe gebou wat die Kaizer Chiefs-innovasiesentrum sal huisves. Die gebou vir Afrikatale is befonds uit die DHOO se Infrastruktuur- en Doeltreffendsheidsfonds en die innovasiesentrum uit donateursfondse.

'n Gebou wat voorheen 'n kafeteria gehuisves het, is vir die afdeling Bemarking en Kommunikasie opgeknap, en Gebou 3, voorheen die biblioteek, is omskep om bykomende ruimte vir die Skool vir Inligtingstegnologie te voorsien.

Die volgende tabel gee 'n oorsig van die NWU se algehele besteding aan die ontwikkeling van infrastruktuur en fasiliteite gedurende 2014. Dit beloop 'n belegging van altesaam R225,25 miljoen.

| | | Potchefstroomkampus | Mafikengkampus | Vaaldriehoekkampus | Institusionele Kantoor |
|---|---|---|---|---|---|
| Befondsing vanaf DHOO | Befondsing 2010-2012 | R - | R 40 436,20 | R - | R - |
| | Befondsing 2012-2015 | R 24 881 197,78 | R 62 612 374,01 | R 5 787 186,79 | R - |
| Kapitaalwerke | Nuut | R 54 863 571,23 | R 4 742 841,95 | R 8 569 907,59 | R - |
| | Opgradering | R 32 053 409,51 | R 1 019 438,56 | R 2 791 529,35 | R 460 840,73 |
| Makro-instandhouding | | R 16 325 740,69 | R 4 409 344,97 | R 1 270 000,00 | R 933 292,02 |
| Geringe werke | | R 1 656 167,19 | R 1 795 731,38 | R 521 800,24 | R 97 459,10 |
| Strategiese fondse | | R 420 046,89 | R - | R - | R - |
| | | R 130 200 133,29 | R 74 620 167,07 | R 18 940 423,97 | R 1 491 591,85 |

## biblioteekinfrastruktuur

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: ons vervaardigde kapitaal*

Die biblioteek op die Mafikengkampus het 'n projekvoorstel ontwikkel om die kelder van die gebou in 'n navorsingsmeent vir nagraadse studente en ander navorsers te ontwikkel.

Die Potchefstroomkampus se biblioteek is besig om hulle gebou in drie fases van 2013 tot 2015 op te gradeer.

Die navorsingsmeent, wat vroeg in 2014 voltooi is, was die eerste fase van die opgraderingsprojek. Die werk aan die Inligtingsmeent, vir gebruik deur voorgraadse studente, het in Oktober 2014 'n aanvang geneem en sal hopelik in Mei 2015 voltooi word. Die projek om 19 alternatiewe rekenaarwerkstasies en 'n praktiese opleidingsfasiliteit met 42 sitplekke te voorsien, sal teen 'n koste van R8 miljoen voltooi word.

Die derde en finale fase van die opgraderingsprojek, wat vir 2015 geskeduleer is, bestaan uit die opgradering en herinrigting van die eerste en tweede verdiepings van die biblioteek om die direk toeganklike versameling op die oop rakke te akkommodeer, en om genoeg studieruimte met behoorlike lugversorging te verseker.

'n Nuwe biblioteekgebou is op die Vaaldriehoekkampus gebou en is vroeg in 2014 in gebruik geneem.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele en mensekapitaal*

Die nuwe biblioteekgebou is deel van 'n groter gemeenskaplike leerruimte wat uit die lees- en skryfsentrum, Akademiese Ontwikkelings- en Ondersteuningsdienste, en Studentevoorligting bestaan. Die navorsingsvleuel het 'n toegewyde ruimte vir meesters- en doktorale studente, en die biblioteekruimte het werkstasies, studiehoekies, gesprekslokale, 'n 24-uur-studielokaal en 'n 24-uur-uur-rekenaarsentrum.

## IT-infrastruktuurontwikkelings

▶ Infrastruktuur

Die verouderende verkoeling- en kragstelsels in die hoofdatasentrum is teen 'n totale koste van R12 miljoen opgegradeer.

*Toekomsblik*

Die hele netwerkruggraat van die Vaaldriehoekkampus is opgeknap, en 10 nuwe hoë-kapasiteit-roeteerders is geïnstalleer. Die roeteringsargitektuur van die persoonlike-rekenaar(PR)-laboratoriums vir studente op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus is herontwerp om toekomstige groeikapasiteit te verhoog en die unieke eise van die laboratoriums beter te hanteer.

*Reaksie op ons eksterne (tegnologiese) omgewing*

Alle kampuskoshuise is nou volledig van kabels voorsien, met 'n netwerkpunt vir elke student. Hierbenewens is gedeeltes wat deur alle kampusse as van hoë prioriteit geïdentifiseer is, van Wi-Fi-dekking.

▶ Rekenaarfasiliteite vir studente

Twee nuwe rekenaarlaboratoriums is op die Mafikengkampus in bedryf gestel en drie laboratoriums op die Potchefstroomkampus is opgeknap. Bykomende hoëkapasiteitdrukkers is in Mafikeng geïnstalleer om studentedrukdienste te verbeter. Daar was 'n merkbare styging in die gebruik van PR-laboratoriums oor al die kampusse, met die hoogste groei op die Mafikengkampus (18% meer studente wat die rekenaargeriewe gebruik het, vergeleke met 2013).



# ons natuurlike kapitaal

Die NWU se vermoë om waarde toe te voeg deur ons kernbesigheid hang af van die gebruik van al ons kapitaalvorme, maar hierdie kapitaalvorme is op die ou einde almal op natuurlike kapitaal gebaseer.

Ons het byvoorbeeld water nodig om die lewens van ons personeel en studente vol te hou (ons mensekapitaal), en ons het grond nodig om op te bou indien ons waarde aan ons vervaardigde kapitaal wil toevoeg.

Ons besef egter dat hierdie hulpbronne skaars is en volhoubaar bestuur moet word om hul toekomstige beskikbaarheid te verseker.

## omgewingsvolhoubaarheid

Die NWU het ook die King III-verslagdoeningsprosesse vir alle ons aktiwiteite aangeneem, met inbegrip van gemeenskapsbetrokkenheid, volhoubare ontwikkeling en omgewingsvoldoening.

Die universiteit hanteer omgewingskwessies op 'n gestruktureerde, sistematiese wyse sedert Februarie 2013, toe ons die finale verslag oor ons eerste voldoeningsoudit ten opsigte van omgewingsreg vrygestel het. Die daaropvolgende veranderinge en inisiatiewe wat aanbeveel en geïmplementeer is, het reeds 'n uitwerking op die bestuur van afval en gevaarlike produkte oor al die kampusse gehad.

Die Institusionele Groenkampuskomitee (IGKK) is nou goed gevestig. Die lede kom uit die Sentrum vir Omgewingsbestuur, die institusionele afdeling vir infrastruktuur en beplanning, gesondheid en veiligheid, personeelwelstand en al drie kampusse.

Hulle koördineer 'n omvattende verskeidenheid groenkampusinisiatiewe, soos die "Vind-'n-geleentheid"-inisiatief, wat die Potchefstroomkampus geïnisieer het om aan personeel en studente 'n veilige wyse te bied om gedeelde reisreëlings te tref. Vind-'n-geleentheid het sedertdien 'n universiteitswye inisiatief geword.

Elke kampus het R300 000 in herwinningsprogramme en elektrisiteitbesparingsveldtogte belê, en die institusionele afdeling vir infrastruktuurontwikkeling is besig om watermoniteringsmeters by alle hoofinlate te installeer sodat waterverbruik noukeuriger gekontroleer kan word.

Twee kampusse het in 2014 verslae oor omgewingsaangeleenthede ingedien, naamlik die Potchefstroom- en Vaaldriehoekkampus.

Van die hoogtepunte uit die Potchefstroomkampus se "Groenkampus"-aktiwiteite is die volgende:

- Die NWU het die eerste Suid-Afrikaanse universiteit geword om 'n biodiesel-produksieaanleg in bedryf te stel toe die kampus begin het om herwonne olie van kafeterias en eetsale te gebruik om biodiesel te vervaardig. Die universiteit is besig om die kwaliteit van die biodieseluitset te evalueer en, indien daar bevind word dat dit 'n doeltreffende energiebron is, sal dit, as dit eers geïmplementeer is, gebruik word om krag aan die kampus te help voorsien wanneer die elektrisiteitsnetwerk van lyn af is.
- Energiebesparingsligte en stortkoppe is in geboue geïnstalleer, en die nuwe Lewenswetenskappe-gebou is volgens groen beginsels ontwerp.
- In 2014 het die Potchefstroomkampus die Groen Innovasie-kompetisie vir die eerste keer van stapel gestuur, in samewerking met die Institusionele Kantoor. Dit help om studente te identifiseer wat oor die potensiaal beskik om nuwe idees of konsepte in die sfeer van volhoubaarheid te ontwikkel. Die 2014-wenner was mnr Themba Khethane van die Bio-energienavorsingsgroep vir sy idee vir hidrobehandeling van afvalghries.
- Die Ons Gee Om-katprojek is 'n steriliserings-, etiketterings en vrylatingsprojek vir die kampus se kolonie van wilde katte. Die projek word uitgevoer in samewerking met die DBV en Dierehantering, en vrywilligers sien om na die 10 voedingstasies dwarsoor die kampus. Tot dusver is 200 katte gesteriliseer.
- Kampusbestuursvergaderings is papierloos en die meeste bemarkingsmateriaal is in digitale formaat omskep. Die Ferdinand Postma-


Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal →

Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal →

Reaksie op ons eksterne (natuurlike) omgewing →

Reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing ←
Ons verbintenis tot volhoubaarheid →

Skep van uitsette →
Waardetoevoeging: ons mensekapitaal ←

biblioteek voorsien al hoe meer digitale boeke en artikels.

- Die kampus, tesame met die Universiteit Kaapstad, huisves een van die Sentrums vir Waterstof Suid-Afrika. Die vermoë om wind- of sonkrag in brandstofselle op te gaar, is reeds ontwikkel. In teenstelling met wanneer fossielbrandstowwe gebruik word om energie te genereer, is daar geen vrystellings wanneer waterstof gebruik word nie.
- Die Kampus-VSR het gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte bedryf wat omgewingsvriendelik is, soos die Herwinnings- en Ruil-winkelprojek, wat skoolleerders leer van die belangrikheid van herwinning. Leerders kan herwinbare materiaal vir bewyse uitruil, wat gebruik kan word om skryfbehoeftes, toiletware, sporttoerusting of lekkers te koop.
- Ander gemeenskapsbetrokkenheidsprojekte met 'n omgewingsperspektief is die Trollieprojek saam met die Potch-Tlokwe-sakekamer, die Ingenieursfakulteit se sonkragkar, en "PUMP", 'n PUKfm-radioprojek om te help om Potchefstroom en sy omliggende gemeenskappe skoon te hou.
- Die kampusterrein word besproei uit damme op die perseel; ongeveer 80% van die water in hierdie damme is gryswater.

Die volgende is van die hoogtepunte van die Vaaldriehoekkampus se Groenkampus-aktiwiteite vir 2014:

- Om Aarde-uur op 29 Maart 2014 te bevorder, het die Groenkampus-inisiatief kragte saamgesnoer met 'n studenteorganisasie genaamd *Saving the Environment by Working Together* (SEWT) om die geleentheid te bevorder. 'n Kompetisie getitel Aarde-uur-ambassadeurs is onder die koshuise gehou.
- Voor die algemene verkiesing in 2014 het die kampus 'n voorverkiesing-opruimveldtog gehou. Studente het die rommel by 'n stemlokaal in Sebokeng op 6 Mei skoongemaak, waarna hulle plaaslike huise besoek het om met inwoners te praat oor hoe gesinne kan help om hul dorpsgebied skoon te hou. Hulle het dit opgevolg met 'n naverkiesing-opruimingsveldtog op 8 Mei.
- Die kampus het Boomplantweek van 1 tot 7 September gevier deur vier inheemse bome te plant: Dit was *Combretum erythrollyllum* (bosrivierwilg), *Rhus lancea* (swart karee), *Buddleja salvifolia* (wildesalie) and *Olea Europaea* Subsp. Africana (wildeolyf).
- Op Nasionale Erfenisdag op 24 September het die kampus die Hou dit skoon-projek van stapel gestuur en die agt finaliste van die Groenkunskompetisie aangekondig, wat gehou is om studente aan te moedig om hul kunstalent te gebruik om omgewingskwessies te bevorder.
- Uitstappies is na Eskom en Rand Water gereël om studentebewustheid van die belangrikheid van die besparing van krag en water te verhoog.
- Op 14 Oktober het 'n kundige oor omgewingsbestuur, prof Kobus van der Walt, die kampus besoek om 'n "Omgewingsperspektief 2014" te bied.
- Die Natuurlewe-staptoginisiatief is van stapel gestuur en die eerste staptoer is op 29 Augustus 2014 gehou om die kampus se biodiversiteit sowel as potensiële bedreigings vir die omgewing te identifiseer. Twee aangeleenthede is geïdentifiseer: 'n heining wat besig was om plat te val en bourommel naby areas waar wild wei.

Hierdie ontwikkelings toon dat 'n omgewingsbewussyn besig is om by die NWU pos te vat. Die volgende uitdaging is vir die universiteit om 'n volhoubaarheidstrategie te ontwikkel wat voldoen aan die riglyne van geïntegreerde verslagdoening, met gefokusde pogings om sleuteluitdagings en die wesenlikheid van so 'n verslag die hoof te bied.

*Reaksie op ons eksterne (natuurlike) omgewing*

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

*Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal*

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Reaksie op ons eksterne (politieke en natuurlike) omgewing*

*Ons verbintenis tot volhoubaarheid*

Vir meer inligting oor ons verbintenis tot omgewingsvolhoubaarheid, raadpleeg die Raadsverslag oor volhoubaarheid op p24 en ons omgewingsimpak, soos in die tabel op p29 uiteengesit.



# ons finansiële kapitaal

Ons finansiële kapitaal omvat die poel van fondse wat aan die NWU beskikbaar is. Hierdie kapitaalvorm stel se waarde word vrygestel wanneer dit in ander vorme van kapitaal omgeskakel word.

Deur geld aan die opgradering van navorsingslaboratoriums te bestee, word ons finansiële kapitaal byvoorbeeld in vervaardigde kapitaal omgeskakel. Dit demonstreer ook die onderlinge verwantskap van die kapitaalvorme, omdat opgradering van laboratoriums regstreeks waarde aan ons vervaardigde kapitaal toevoeg, terwyl dit onregstreeks waarde aan ons mense- en intellektuele kapitaal toevoeg. (Ons navorsers put voordeel uit beter fasiliteite en is dus in staat om hoër navorsingsuitsette te lewer.)

Hierdie afdeling demonstreer hoe ons missie-element 5* van die NWU se strategiese dokument, die Institusionele Plan (kyk p63), bereik het, en hoe ons finansiële kapitaal deur ons finansiële aktiwiteite getransformeer word.

*Hierdie element verklaar dat die NWU in die sektor as verantwoordbare, doeltreffende, goed bestuurde, finansieel lewensvatbare en innoverende instelling geposisioneer moet word, met 'n sterk kliëntefokus om die gehalte van die kernbesigheid uit te bou en te verbeter en om volhoubaarheid te verseker.

Doel: Verseker toereikende ondersteuningsfunksies en geïntegreerde besigheidstelsels om sukses van die kernbesigheid te verseker.

## finansiële bestuur

### finansiële oorsig

Die NWU se konsekwent stabiele finansiële stand vloei voort uit 'n toegewydheid aan konstante verbetering, doeltreffende risikobestuur en voortgesette beleggings in stelsels wat finansiële beplanning, kontantvloeibestuur, finansiële bestuur en doeltreffende interne beheer bevorder.

In 2014 het die universiteit die voorbereidings vir die grootste verandering in sy finansiële stelsel sedert 2006 voltooi, toe al drie kampusse en die Institusionele Kantoor 'n geïntegreerde finansiële stelsel aanvaar het. Die komende oorskakeling na die Kuali Finansiële Stelsel (KFS), wat bestem is om vroeg in Januarie 2015 ten volle funksioneel te wees, hou baie voordele vir die universiteit in.

*Waardetoevoeging: ons intellektuele kapitaal*

*Toekomsblik*

Hierdie voordele sluit in verbeterde belyning van finansiële prosesse en prosedures met die finansiële beleide van die universiteit, 'n hoër vlak van finansiële beheer deur lynbestuurders, 'n buigsamer stelsel en kostebesparings.

*Waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

Gedurende 2014, ter voorbereiding vir die oorskakeling, is ongeveer 800 finansiële eindgebruikers deur geïdentifiseerde supergebruikers op die kampusse opgelei.

*Ons reaksie op ons eksterne omgewing: markkragte*

Nog 'n sleutelinisiatief wat die NWU vir die toekoms rat, is die optimalisering van die finansiële bestuurs- en administrasiefunksie (FinOps-projek), waarvan die implementering in 2013 'n aanvang geneem het en wat regdeur 2014 voortgeduur het. FinOps sal die mededingende voorsprong van die NWU in die geheel verbeter deur relevante risiko te verminder tot op die punt waar dit prestasie en voldoening optimaliseer.

### finansiële beplanning en begroting

Die NWU streef jaarliks daarna om die begrotingsproses te verbeter deur terugvoer van alle rolspelers in aanmerking te neem.

*Erkenning van risiko's*

*Waardetoevoeging: ons finansiële kapitaal*

*Skep van uitkomste*

Hierdie benadering is weer eens met die 2014-begroting gevolg, toe Finansies die teiken opgestel het deur norme en verhoudings aan te wend, en van risikoverligtingsplanne gebruik te maak om die 2014-begrotingstekort wat betref subsidie- en klasgeldinkomste te bestuur. Die model vir finansiële lewensvatbaarheid, wat gebruik word om 'n oorsig van die kostedoeltreffendheid van akademiese programme, modules, skole, fakulteite en ander eenhede te doen, is bygewerk. Verbeterings is aangebring aan die personeelkostebegrotingsinligting, opleidingsmodules en algehele kommunikasie gedurende die begrotingsproses.

Om beter beplanning te bevorder, het Finansies die besteding van strategiese fondse gemoniteer en daaroor verslag gedoen, is

daar met die formulering van 'n nuwe koste-verhalingsmodel begin en is daar verseker dat daar integrasie tussen die IDU-begroting- en die verslagdoeningshulpmiddel en die nuwe Kuali Finansiële Stelsel sou wees.

## kostebestuur

Voorbereidings vir die implementering van KFS het dit nodig gemaak om sommige finansiële en verkrygingsprosedures te hersien ten einde belyning met die nuwe stelsel te verseker. Hierdie prosedures, wat die Finansiële Beleid en die Verkrygingsbeleid ondersteun, is in 2014 hersien.

Wat verkryging betref, het die NWU 'n gesentraliseerde bestuurstruktuur wat beheer en koördinering voorsien sonder om die vermoë van die kampusse en die institusionele kantoor om gesonde aankoopbesluite te neem, aan bande te lê. Die klem is op versekering van die beste waarde vir geld, voldoening aan hoë etiese standaarde en verkryging van goedere en dienste by BGSEB-gekwalifiseerde verskaffers wie se BGSEB-bydrae 75% oortref.

*Ons reaksie op ons eksterne (wetlike en politieke) omgewing*

Die universiteit ondervind 'n styging in pogings tot bedrog, en in 2014 het ons die interne beheerstelsels deurlopend getoets om te verseker dat slegs bona fide-betalings verwerk word. Die implementering van die nuwe finansiële stelsel sal van groot waarde wees om bedrog of gepoogde bedrog te help voorkom en op te spoor.

*Erkenning van risiko's*

Bestaande beheermeganismes sluit gesentraliseerde beheer oor bates, verkryging en die universiteit se bankrekenings in.

Die gebruik en administrasie van die universiteit se 37 bankrekenings, met inbegrip van 'n rekening by die Bank van Amerika vir die ontvangs van skenkings, word ook sentraal beheer. Betalings word via slegs twee van hierdie rekenings gemaak, en die oorblywende 35 rekenings het slegs deposito-fasiliteite.

Alle bates met 'n waarde van meer as R3 000 word in die Register van Vaste Bates opgeteken en die fisiese bestaan van hierdie bates word deurlopend gemoniteer.

Daar was 'n styging van 16,51% in die getal werknemers wat gedurende 2014 betaal is teenoor werknemers wat in 2013 betaal is. Die totale salarisrekening het met 11,40% gestyg, vergeleke met 2013. As gevolg van die finale toetsing van KFS moes die Desember 2014-salarislopie vroeër as gewoonlik afgehandel word en het werknemers hul salarisse op 13 Desember 2014 ontvang.

*Verlaging van die waarde van ons finansiële kapitaal, maar waardetoevoeging: ons mensekapitaal*

*Ons reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

## finansiële verslagdoening

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde ("IFRS") opgestel, en binne die regulasies ingevolge artikel 41(2) van die Wet op Hoër Onderwys van 1997, soos gewysig. Die finansiële jaarstate, soos deur KPMG geouditeer, is weer betyds vir goedkeuring deur die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee en die NWU-Raad in Junie 2014 afgelewer. Uitstekende resultate is behaal terwyl die Kuali Finansiële Stelsel-implementeringsprojek in parallel geloop het.

Kwartaallikse bestuurstate en die nodige inligting is vir besluitnemingsdoeleindes aan senior bestuur voorsien.

## geldmark

Die beleggingsprestasie van die NWU se geldmarkportefeulje, gemeet deur die tydgeweegde opbrengskoers te meet, het weer eens beter as die Alexander Forbes korttermynvasterentedraende indeks (STEFI) presteer, wat gebruik is om die modelportefeulje vir normeringsdoeleindes saam te stel.

*Erkening van risiko's*

## belasting

Die grootste belastingrisiko (benewens finansieel) vir 'n universiteit is reputasierisiko in die geval van nie-voldoening. Gedurende 2014, ooreenkomstig die Wet op Belastingadministrasie, het die NWU 'n belastingstrategie en 'n etiekkode ontwikkel om die risiko's van nie-voldoening die hoof te bied.

*Ons reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

Van die fokuspunte was belastingvrystellingsertifikate, LBS en BTW, belastingrisiko-oudits, belastingaanwysings, die finansiële jaarstate van die NWU en die voltooiing en indiening van die NWU se jaarlikse belastingopgawe. Ander tersaaklike kwessies was die belastingbehandeling van onafhanklike kontrakteurs.

Die openbaarmaking en belasbaarheid van byvoordele soos studies en akkommodasie- en reistoelaes is geëvalueer om te verseker dat alle byvoordele op IRP5-sertifikate verantwoord en korrek belas is.

*Ons reaksie op ons eksterne (wetlike) omgewing*

**Vergoedingsverslag:** Daar is nie tans 'n vergoedingsverslag beskikbaar nie, maar die onderwerp sal in die toekoms by ons inligtingverkrygingsproses gevoeg word. Vir meer inligting oor personeelvergoeding, raadpleeg die volledige jaarverslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is. Hierdie inligting kan gevind word in die afdeling: Aantekeninge by die gekonsolideerde finansiële state (aantekening nommer 24).

# interne oudit

Interne Oudit is 'n onafhanklike, objektiewe gerusstellings- en konsultasiediensafdeling. Interne Oudit is verantwoordelik vir die evaluering van die doeltreffendheid van korporatiewe bestuur, interne beheermaatreëls, nakoming en risikobestuur, en voer ook spesiale ondersoeke na aangemelde onreëlmatighede en bedrogverwante aangeleenthede uit. (Lees meer oor ons risikobestuur op p18.)

Interne Oudit rapporteer funksioneel aan die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee en administratief aan die institusionele registrateur. Die vorige rapporteringslyn was aan die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite. Die verandering in rapporteringslyn was as gevolg van aanbevelings om die onafhanklikheid en objektiwiteit van die interne ouditfunksie te verbeter. Hierdie aanbevelings is in die eksterne onafhanklike jaarlikse kwaliteitsevaluering en in interne kwaliteitsevaluerings gemaak.

As deel van hul normale ouditaktiwiteite het Interne Oudit belangrike beheermaatreël-tekortkominge in die implementering van aanbevelings en aksieplanne om die beheeromgewing te verbeter, gerapporteer en opgevolg. Ouditaktiwiteite is gebaseer op die identifisering van hoërisikogebiede wat in die NWU-risiko-register geïdentifiseer en gerapporteer is. (Lees meer oor ons risiko-register op p18.)

Erkennning van risiko's

Waardetoevoeging: ons maatskaplike en verhoudingskapitaal

Benewens die uitvoering van aktiwiteite ooreenkomstig die risikogebaseerde Interne Ouditplan het Interne Oudit ook bystand en steun aan verskeie voldoeningsaktiwiteite verleen en was hulle betrokke by die verbetering van die risikobestuursprosesse binne die universiteit.

Interne Oudit was behulpsaam met en ten nouste betrokke by die inisiatief om 'n Interne Oudit- en Forensiese Forum vir Hoër Onderwys tot stand te bring. Die eerste hoëronderwyskonferensie sal deur KPMG in 2015 aangebied word.

Skepping van uitsette

Verskeie spesiale ondersoeke is uitgevoer. Die eenheid het beweerde onreëlmatighede ondersoek wat deur middel van die rapporteringsbussies en verskillende interne strukture aangemeld is, en wat deur die moniteringsoorsigte wat voortdurend uitgevoer word, aan die lig gekom het.

In ooreenstemming met die aanbevelings van die kwaliteitevaluering van interne oudit en die King III-vereistes het die proses van aanstelling van IT-ouditeure om meer toepaslike IT-verwante oudits uit te voer hoë prioriteit geniet.

Waardetoevoeging: mensekapitaal

Twee bedrogvoorkomingsessies is vir werknemers op die Mafikeng- en Vaaldriehoekkampus aangebied.

Skepping van uitsette

Interne Oudit ondergaan jaarliks kwaliteitevaluering deur 'n onafhanklike interne span. 'n Onafhanklike eksterne kwaliteitevaluering is gedurende 2010 gedoen. Dit is in ooreenstemming met die internasionale standaarde vir professionele praktyk van die Instituut vir Interne Oudit, soos wat elke vyf jaar vereis word.



# verslag van die voorsitter van die finansiële komitee en die uitvoerende direkteur vir finansies en fasiliteite

In hierdie afdeling gee ons 'n opsomming van die finansiële resultate van die universiteit vir 2014, met die fokus op begrotings- en begrotingsbeheerprosesse, en 'n oorsig van finansiële prestasies.

## begrotings- en begrotingsbeheerprosesse

Begroting aan die NWU is 'n interaktiewe proses. Verskillende vlakke van bestuur neem eienaarskap van hul begrotings en neem aktief deel aan die opstel van die begroting vir die volgende jaar, met inagneming van die tendense van die verlede sowel as toekomstige doelwitte en beplanning.

Elke begrotingseenheid (die drie kampusse en die Institusionele Kantoor) neem eienaarskap van hul eie begroting en het 'n begrotingskomitee wat toesig oor hulle begrotingsproses hou.

Die Institusionele Begrotingskomitee (met verteenwoordigers van al die begrotingseenhede) is die komitee wat die aanbeveling by die institusionele bestuurspan maak, wat die begroting goedkeur en dit by die Finansiële Komitee aanbeveel. Die Raad keur in die finale instansie die begroting op aanbeveling van die Finansiële Komitee goed.

Omdat die begrotingsproses ten nouste aan die Institusionele Plan en die strategiese prioriteite gekoppel is, is al die verskillende bestuursvlakke betrokke. In die loop van enige gegewe jaar bly alle personeellede wat finansies hanteer, ten nouste betrokke deur die maandelikse afwykingsverslagdoeningstrukture. Afwykingsverslae word kwartaalliks gemoniteer tot op institusionele bestuursvlak.

Elke begrotingseenheid dien 'n risikoverminderingsplan in waarin hulle hul planne aandui om geïdentifiseerde risiko's te bestuur, en die voorgestelde aansuiwerings, indien finansiële teikens nie behaal word nie, dokumenteer. Die begroting word aan die einde van Junie as 'n standaardprosedure hersien indien geen afwykings voorkom nie. Vir geldstroom 2, 3 en 5 mag slegs inkomste wat werklik ontvang is, bestee word. Geringe oorbesteding word ook deur die finansieskantore opgevolg.

## oorsig van finansiële prestasies


Die finansiële oorsig vir die jaar geëindig 31 Desember 2014 word onder die volgende opskrifte aangebied:

### Winsgewendheid en groei


Die totale inkomste van die universiteit het met 7,8% tot R3 206,0 miljoen (2013: R2 972,5 miljoen) toegeneem, terwyl die totale uitgawes (uitgesonderd die effek van IAS19-waardasies) met 7,3% toegeneem het tot 'n totale uitgawe van R3 134,7 miljoen vir die 2014- finansiële jaar (2013: R2 922,1 miljoen). Daarom is die surplus vir die universiteit se bedrywighede (herhalend en nieherhalend) R71,3 miljoen vir 2014 (2013: R50,4 miljoen).

Die IAS19-waardasie in verband met voordeelverbetering van R166,8 miljoen het ontstaan as gevolg van die NWU-pensioenfonds se Pensioenverhogingsbeleid wat verander is deur die drempelkoers (die mate waarin die beleggingsopbrengs op die aktuariële waarde van die bates oortref moet word) van 5,5% tot 4,5% per jaar aan te suiwer ten einde die VPI-teiken vir pensioenverhogings van 65% tot 90% te verhoog. Die voordeelverbetering is op R166,8 miljoen gewaardeer en rente van R23 miljoen.


Die verhoging in die Fonds se aanspreeklikheid is uit die werknemersurplusrekening befonds.



Die totale inkomste van die universiteit uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd vervreemding van EAT, van die hand sit van beleggings en ander omvattende inkomste) het met 8,4% tot 'n totale inkomste van R3 199,7 miljoen toegeneem, terwyl die totale uitgawes uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd die effek van IAS19-waardasies) met 7,3% tot altesaam R3 134,2 miljoen vir die 2014 finansiële jaar toegeneem het. Die surplus van die 2014 finansiële jaar uit herhalende aktiwiteite verteenwoordig 2,0% (2013: 1,0%) van die totale herhalende inkomste.





Die universiteit se opbrengs uit herhalende aktiwiteite (uitgesonderd die effek van IAS19-waardasies) op aangewende kapitaal (totale bates minus bedryfslaste) het tot 2,9% verbeter (2013: 1,3%). Dit is hoofsaaklik te wyte aan 'n styging van 1,3% in netto bates en 'n styging in die herhalende surplus.



Inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 39,4% (2013: 39,2%) van totale inkomste en het sedert 2013 met 8,9% gestyg. Onderrig en ontwikkeling, grondslag- en gesondheidstoelaes sowel as toelaes vir kliniese opleiding van altesaam R18,9 miljoen is uitgestel (2013: R10,7 miljoen).

Klasgelde is met gemiddeld 10,5% verhoog (2013: 10,3%). Studentverwante inkomste was 18,5% hoër as in 2013 (2013: 17,8%). Dit kan grootliks toegeskryf word aan die voortgesette egalige groei in studentetalle sowel as 'n styging in modules waarvoor daar ingeskryf is. Die totale studentverwante inkomste verteenwoordig 31,2% van die totale inkomste (2013: 28,4%). Uitgawes sluit 'n bedrag van R36,8 miljoen in met betrekking tot studentedebiteure wat as onverhaalbaar en twyfelagtig afgeskryf is (2013: R24,8 miljoen).





Totale uitgawes (uitgesonderd totale IAS19-aansuiwerings) het met 7,3% gestyg (2013: 12,1%).

Personeelvergoeding (uitgesonderd totale IAS19-aansuiwerings) het met 11,2% (2013: 9,0%) toegeneem, wat hoofsaaklik die 7%-lewenskosteaanpassing behels wat gedurende 2014 aan personeel toegestaan is. Die totale koste van personeeluitgawes vir 2014 het tot 51,9% (2013: 50,4%) van totale inkomste toegeneem. Die algehele effek van IAS19-waardasies beloop 'n styging van R152,5 miljoen in personeeluitgawes vir 2014 (2013: styging van R12,9 miljoen).


Bedryfskoste het met 2,4% (2013: 16,0%) gestyg en verteenwoordig 41,3% (2013: 43,5%) van totale inkomste, wat binne die gestelde teiken van 42% is. Die betreklik lae styging is toeskryfbaar aan die implementering van die risikoverligtingsplan wat deur laer klasgelde genoodsaak is, wat tydig ingestel is om besparings te optimaliseer. Streng begrotingsmaatreëls het 'n verhoogde bewusmaking van besparings tot gevolg gehad. Spesifieke uitgawes het egter gedurende 2014 toegeneem, waarvan die hoofitems beurse (R37,1 miljoen) en munisipale gelde (R16,7 miljoen) was.

Ander uitgawes met betrekking tot depresiasie, amortisasie en finansieringskoste het met 10,1% toegeneem, wat hoofsaaklik te wyte is aan depresiasie as gevolg van die groot belegging in eiendom, aanleg en toerusting wat deur middel van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding- (DHOO)-befondsing vir geoormerkte infrastruktuur en doeltreffendheid gefinansier is.



Die universiteit se ekwiteit het met 1,2% in die 2014-finansiële jaar toegeneem (2013: 20,8%), hoofsaaklik as gevolg van 'n daling van R70,0 miljoen in die pensioenfonds se netto waarde op 31 Desember 2014 – ooreenkomstig die eksterne aktuariële waardasie ingevolge IAS19 (31 Desember 2013: styging van R194,2 miljoen).

Die beskikbare fondse het tot 2,1% (2013: 3,2%) van die totale ekwiteit gedaal, hoofsaaklik as gevolg van die groot belegging in eiendom, aanleg en toerusting via die geoormerkte befondsing van die DHOO vir infrastruktuur en doeltreffendheid, en 'n laer as teiken (3% tot 6%), surplus van 2,0% op herhalende aktiwiteite.





## Toegevoegde waarde

As 'n tersiêre instelling met die kernbesigheid van onderrig-leer, navorsing en implementering van kundigheid (insluitende gemeenskapsdiens) het die NWU weer eens wesenlike waarde tot die ekonomie toegevoeg:

> 15 254 (2013: 15 464) studente het gedurende 2014 grade en diplomas ontvang.
> R165,5 miljoen (2013: R130,7 miljoen) is uit eie fondse as beurse aan studente toegeken, wat 'n styging van 26,7% verteenwoordig (2013: 21,7%).
> Die kontantvloeibelegging in eiendom, aanleg en toerusting beloop R192,0 miljoen (2013: R209,8 miljoen), wat hoofsaaklik toe te skryf is aan die DHOO-geoormerkte befondsing vir infrastruktuur en doeltreffendheid wat vir die tydperk 2010–2012 ontvang is, asook 'n nuwe siklus van befondsing vir 2012–2015.


## Solvabiliteit

Die totale laste (R1 030,4 miljoen) uitgedruk oor opgehoopte reserwes (R1 724,2 miljoen) dui aan dat die universiteit se verhouding van skuld tot ekwiteit onveranderd op 0,60 (2013: 0,60) gebly het. Dit kan toegeskryf word aan 'n styging van 1,2% (2013: 20,8%) in ekwiteit om die redes wat hierbo verduidelik is, en 'n soortgelyke styging van 1,5% (2013: 8,7%) in laste.



Die totale laste uitgedruk oor totale bates het dieselfde gebly op 0,37 (2013: 0,37) vir die jaar. Die totale laste word dus steeds 2,68 maal (2013: 2,68 maal) deur totale bates gedek.

Solvabiliteitsverhoudings gee steeds 'n duidelike aanduiding dat die universiteit solvent is en in staat is om sy verpligtinge op die lang en kort termyn na te kom.





### Likiditeit

Die bedryfskapitaalverhouding dui aan dat die bedryfslaste 0,81 maal (2013: 0,98 maal) deur die bedryfsbates gedek is. Indien die ontleding in randwaarde uitgedruk word, het die bedryfsbates met R75,1 miljoen vir die 2014- finansiële jaar afgeneem, terwyl bedryfslaste vir dieselfde tydperk met R7,3 miljoen toegeneem het.


Die hoofrede vir die daling in die bedryfsbates is die gevolg van 'n daling van R51,0 miljoen in kontant en kontantekwivalente, wat hoofsaaklik die gevolg is van kontant wat na langtermynbeleggings oorgedra is (wat met R120,5 miljoen gestyg het, ná aftrekking van herwaardasie). Verder was daar 'n daling van 13,5% (2013: styging van 62,2%) in handels- en ander debiteure as gevolg van 'n addisionele afskrywing van die bedrag van R12,0 miljoen ten opsigte van onverhaalbare en twyfelagtige skuld, vergeleke met 2013. Die netto waarde van bedryfskapitaal, beleggings en totale laste is op R325,5 miljoen (2013: R295,3 miljoen) gehandhaaf.

| | 2014 | 2013 |
|---|---|---|
| | Rmiljoen | Rmiljoen |
| Beleggings | 949,6 | 829,1 |
| Bedryfsbates | 406,3 | 481,4 |
| Totale laste | (1 030,4) | (1 015,2) |
| Netto beleggings, bedryfsbates en totale laste | 325,5 | 295,3 |
| Kapitaalverpligtinge | (146,5) | (220,8) |
| Netto kontant ná kapitaalverpligtinge | 179,0 | 74,5 |

Die kontantvloeisituasie word noulettend gemoniteer om 'n optimale balans tussen langtermyn- en korttermynbeleggings te bereik sodat beleggingsinkomste geoptimaliseer word sonder om die vloei van besigheid in die gedrang te bring.





Die universiteit se verhouding van kontant en kontant-ekwivalente tot bedryfslaste het van 0,64 in 2013 tot 0,52 gedurende die 2014- finansiële jaar afgeneem, wat hoofsaaklik aan die oordrag van kontant en kontantekwivalente na langtermynbeleggings toe te skryf was.




## Hefboomfinansieringsverhoudings


Hefboomverhoudings ontleed die mate waarin langtermyn-finansiering as 'n bron van finansiering gebruik word. Dit is 'n aanduiding van likiditeit op die langer termyn.

Niebedryfslaste verteenwoordig 23,5% (2013: 23,5%) van totale fondse wat aangewend is. Hierdie verhouding het konstant gebly, hoofsaaklik as gevolg van ekwiteit wat betreklik onveranderd gebly het, met 'n geringe styging van 1,2%.



## Kontantvloei

Die universiteit het 'n surplus van R108,9 miljoen vir die 2014- finansiële jaar gegenereer, en die netto kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite het R134,9 miljoen bedra. Die totale netto kontantvloei het met R51,0 miljoen vir dieselfde finansiële jaar afgeneem as gevolg van 'n oordrag van kontant en kontantekwivalente na langertermynbeleggings en vir die belegging in eiendom, aanleg en toerusting. Vir die 2013- finansiële jaar het die netto kontantvloei met R116,5 miljoen toegeneem. Die NWU verkeer steeds in 'n lewensvatbare kontantvloeisituasie.




## Slot

Die universiteit was in staat om die volgende finansiële doelwitte gedurende die 2014- finansiële jaar te verwesenlik:


> om totale bates met 1,3% (2013: 16,0%) te verhoog deur die toekenning wat van die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding vir infrastruktuur ontvang is sowel as eie fondse in eiendom, aanleg en toerusting te belê.

> om gedurende die 2014- finansiële jaar 'n gesonde solvensiestand en optimale likiditeitsvlakke te handhaaf ten einde te verseker dat die NWU 'n lopende saak bly.

> om beurse wat aan studente toegeken is te vermeerder (beurse is met 26,7% vermeerder).

> om die afhanklikheidsvlak van staatsubsidie-inkomste te handhaaf en binne die doelwit van minder as 40% te bly, terwyl daar steeds bekostigbare hoër onderwys gelewer word. Inkomste uit staatsubsidie verteenwoordig 39,4% van totale inkomste vir 2014.

Die Raad en bestuur is saam daartoe verbind om die NWU op so 'n wyse te bestuur dat die gesonde finansiële stand in 2015 gehandhaaf sal word. Daar moet egter genoem word dat die betreklik lae styging van 8,9% in ons enkele grootste bron van inkomste, naamlik staatsubsidie, vergeleke met ons interne inflasiekoers en 'n daling in geldstroom 3-inkomste (beleggingsinkomste, private geskenke en toelaes sowel as verkope van goedere en dienste) as gevolg van wyd verspreide moeilike ekonomiese omstandighede in die nabye toekoms reuse-uitdagings sal bly.



**MNR F STRYDOM**
**VOORSITTER: FINANSIËLE KOMITEE**



**ME E DE BEER**
**UITVOERENDE DIREKTEUR: FINANSIES EN FASILITEITE (WAARNEMEND)**

# verslag van die oudit-, risiko- en nakomingskomitee

Hierdie verslag is die ouditverslag van die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee van die NWU vir die jaar geëindig 31 Desember 2014, ter voldoening aan die nuwe Regulasies vir Jaarlikse Verslagdoening vir HO-instellings (2014).

Vir meer inligting oor die lidmaatskap, samestelling, mandaat en pligte van hierdie komitee, blaai na p45 en p46 in die Raad se verslag oor korporatiewe bestuur.

## interne oudit

Gedurende 2011 is 'n eksterne evaluering deur KPMG van die Interne Oudit-funksie gedoen. Die Oudit-, Risiko- en Nakomingskomitee het op hierdie werk en die bevindinge daarvan vertrou. Hierbenewens het die komitee gereelde verslae van Interne Oudit oor hul rollende planne en die resultate van hul werk ontvang. Die voorsitter van die ORNK het ook gereelde vergaderings met die hoof van Interne Oudit gehou om beduidende ondersoeke en risikogebiede te bespreek. Die Interne Oudit-funksie is robuus, onafhanklik en word deur 'n sterk beginselvaste individu gelei.

Die interne Oudit-funksie belyn sy funksies ter voldoening aan die Internasionale Standaarde vir Professionele Praktyk van Interne Ouditering.

## eksterne oudit

Gedurende die 2014-kalenderjaar was PwC nog die aangestelde ouditeursfirma. As gevolg van die tydsduur wat hulle in hierdie hoedanigheid gedien het, moes die Eksterne Oudit-funksie op tender uitgaan. Nadat behoorlike prosesse gevolg is waarin daar op toereikende vaardighede in die hoëronderwyssfeer, onafhanklikheid en koste gefokus is, is KPMG as eksterne ouditeure vir die geïntegreerde verslag vir 2014 aangestel.

Die komitee het KPMG se onafhanklikheid as in orde beskou nadat die volgende in aanmerking geneem is:

- voorleggings wat deur KPMG aan die komitee gedoen is
- die ouditeure het nie, behalwe as eksterne ouditeure of in die lewering van toegelate nie-ouditdienste, enige vergoeding of ander voordeel van die NWU ontvang nie
- die ouditeure se onafhanklikheid is nie belemmer deur enige konsultasie-, advies- of ander werk wat onderneem is nie
- die ouditeure se onafhanklikheid is nie benadeel as gevolg van enige vorige aanstelling as ouditeure nie
- die maatstawwe wat vir onafhanklikheid gespesifiseer word deur die Onafhanklike Reguleringsraad vir ouditeure en internasionale regulerende liggame.

## finansiële funksie

Die komitee:

- het die toepaslikheid van die ervaring en kundigheid van die Hoof- Finansiële Beampte oorweeg en tot die slotsom gekom dat dit toepaslik was
- het die kundigheid, hulpbronne en ervaring van die finansiële funksie oorweeg en tot die slotsom gekom dat dit toepaslik was
- het die finansiële beheermaatreëls as doeltreffend beskou.

## finansiële jaarstate

Die komitee:

- het, op grond van die bestuursoorsig, bevestig dat die finansiële jaarstate op die lopendesaak-grondslag opgestel is
- het die finansiële jaarstate en ander finansiële inligting wat openbaar gemaak is, ondersoek voordat dit deur die Raad goedgekeur is
- het rekeningkundige behandelings, beduidende of ongewone transaksies en rekeningkundige oordele oorweeg
- het die toepaslikheid van rekeningkundige beleide en enige veranderings daaraan oorweeg
- het 'n oorsig gedoen van die bestuursbrief met betrekking tot die finansiële jaarstate wat deur bestuur onderteken is
- het enige probleme oorweeg wat geïdentifiseer is, sowel as enige regs- en belastingaangeleenthede wat die finansiële state wesenlik kon beïnvloed
- het afsonderlik met bestuur, eksterne oudit en interne oudit vergader en hulle daarvan vergewis dat daar geen wesenlike swakheid in die beheermaatreëls bestaan nie.

## verslae aan die raad

Die komitee doen, as 'n vaste item, aan die Raad verslag oor hul statutêre pligte, aktiwiteite wat uitgevoer is, belangrikste bevindings van interne oudit, kommunikasie en wisselwerking met eksterne oudit, risiko's wat ontstaan en waarvan die Raad bewus moet wees, sowel as die belangrikheid van sekere voldoeningsaangeleenthede.

## geïntegreerde verslagdoening

- Ná die oorsig deur die komitee van die geïntegreerde verslag van die NWU vir die jaar geëindig 31 Desember 2014 is die komitee van mening dat dit, in alle wesenlike opsigte, aan die toepaslike bepalings van die Wet op Hoër Onderwys en die International Financial Reporting

Standards voldoen en die finansiële stand op daardie datum en die resultate van die bedrywighede en kontantvloei vir die jaar redelik weergee.

- Aangesien dit die doelstellings vir die finansiële jaar behaal het, het die komitee die geïntegreerde verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 2014 vir goedkeuring deur die Raad aanbeveel.

Die verslag waarna verwys word, is die omvattende verslag wat aan die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding voorgelê en op die NWU-webwerf beskikbaar is.




**MNR PJ VAN DER WALT**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(Tot 23 September 2014)**



**ME I POOE**
**VOORSITTER VAN DIE RAAD**
**(Van 23 September 2014 tot 18 November 2014)**



**ME M CLAASSENS**
**VOORSITTER: OUDIT-, RISIKO- EN NAKOMINGSKOMITEE**



# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE

## op 31 Desember 2014

| | 2014 R000 | % | 2013 R000 | % |
|---|---|---|---|---|
| **BATES** | | | | |
| **Niebedryfsbates** | 2 348 247 | 85.3 | 2 237 081 | 82.3 |
| Eiendom, aanleg en toerusting | 1 141 841 | 41.5 | 1 079 485 | 39.7 |
| Beleggingseiendomme | 20 820 | 0.8 | 21 317 | 0.8 |
| Ontasbare bates | 950 | 0.0 | 6 246 | 0.2 |
| Beleggings | 949 450 | 34.4 | 828 988 | 30.5 |
| Ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansies | 152 | 0.0 | 118 | 0.0 |
| Uitgestelde inkomstebelastingbates | 72 | 0.0 | 48 | 0.0 |
| Pensioenreserwefondse - surplus | 186 092 | 6.8 | 256 057 | 9.5 |
| Ongeskiktheidsreserwefondse - surplus | 48 870 | 1.8 | 44 822 | 1.6 |
| **Bedryfsbates** | 406 310 | 14.7 | 481 445 | 17.7 |
| Voorraad | 19 532 | 0.7 | 24 147 | 0.9 |
| Handels- en ander debiteure | 124 638 | 4.5 | 144 295 | 5.3 |
| Huidige inkomstebelastingbates | 165 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| Kontant en kontantekwivalente | 261 975 | 9.5 | 313 003 | 11.5 |
| **Totale bates** | 2 754 557 | 100.0 | 2 718 526 | 100.0 |
| **FONDSE EN LASTE** | | | | |
| **Fondse beskikbaar** | 1 724 160 | 62.6 | 1 703 317 | 62.7 |
| Opgelope fondse | 1 723 451 | 62.6 | 1 702 776 | 62.7 |
| Niebeherende belang | 709 | 0.0 | 541 | 0.0 |
| **Totale laste** | 1 030 397 | 37.4 | 1 015 209 | 37.3 |
| **Niebedryfslaste** | 530 757 | 19.3 | 522 867 | 19.2 |
| Langtermynlenings | 71 352 | 2.6 | 79 298 | 2.9 |
| Werknemervoordele | 459 405 | 16.7 | 433 103 | 15.9 |
| Uitgestelde inkomste | 0 | 0.0 | 10 466 | 0.4 |
| **Bedryfslaste** | 499 640 | 18.1 | 492 342 | 18.1 |
| Handels- en ander krediteure | 307 285 | 11.2 | 296 485 | 10.9 |
| Huidige inkomstebelastingaanspreeklikheid | 0 | 0.0 | 41 | 0.0 |
| Huidige gedeelte: Langtermynlenings | 12 368 | 0.4 | 11 430 | 0.4 |
| Huidige gedeelte: Werknemervoordele | 19 861 | 0.7 | 7 541 | 0.3 |
| Huidige gedeelte: Uitgestelde inkomste | 102 328 | 3.7 | 126 285 | 4.6 |
| Studentedeposito's en voorafbetaalde inkomste | 57 798 | 2.1 | 50 560 | 1.9 |
| **Totale fondse en laste** | 2 754 557 | 100.0 | 2 718 526 | 100.0 |

# GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

## vir die jaar geëindig 31 Desember 2014

| | 2014 R000 | % van totale inkomste | 2013 R000 | % van totale inkomste |
|---|---|---|---|---|
| **HERHALENDE ITEMS** | 103 751 | 3.2 | 17 025 | 0.6 |
| **Inkomste** | 3 199 728 | 99.8 | 2 951 146 | 99.3 |
| Staatstoewysings - subsidies en toelaes | 1 267 269 | 39.4 | 1 163 738 | 39.2 |
| Klas- en ander gelde | 999 211 | 31.2 | 843 393 | 28.4 |
| Inkomste uit kontrakte (navorsing en ander) | 240 069 | 7.5 | 198 158 | 6.7 |
| Inwoning en voedseldienste | 270 705 | 8.4 | 232 675 | 7.8 |
| Dienste- entrepreneursaktiwiteite | 264 813 | 8.3 | 349 081 | 11.7 |
| Private geskenke en toelaes | 40 456 | 1.3 | 44 251 | 1.5 |
| Beleggingsinkomste | 117 205 | 3.7 | 119 850 | 4.0 |
| **Uitgawes** | 3 095 977 | 96.6 | 2 934 121 | 98.7 |
| Personeelvergoeding | 1 664 853 | 51.9 | 1 496 705 | 50.4 |
| IAS19 - aanpassings (werknemervoordele) | (37 593) | (1.1) | 12 942 | 0.4 |
| Bedryfsuitgawes | 1 325 474 | 41.3 | 1 294 268 | 43.5 |
| Depresiasie en amortisasie | 129 856 | 4.1 | 112 935 | 3.8 |
| Finansieringskoste | 13 387 | 0.4 | 17 272 | 0.6 |
| **NIEHERHALENDE ITEMS** | (184 324) | (5.7) | 21 388 | 0.7 |
| **Inkomste** | 6 267 | 0.2 | 21 388 | 0.7 |
| Wins op vervreemding van EAT | 218 | 0.0 | 15 470 | 0.5 |
| Wins op beleggings | 6 015 | 0.2 | 5 121 | 0.2 |
| Deel van wins van ekwiteitsverantwoorde beleggingsinstansies | 34 | 0.0 | 76 | 0.0 |
| Ander nieherhalende inkomste | 0 | 0.0 | 721 | 0.0 |
| **Uitgawes** | 190 591 | 5.9 | 0 | 0.0 |
| Bedryfsuitgawes | 524 | 0.0 | 0 | 0.0 |
| IAS19 - Voordeelverhoging & rente (bate plafon) | 190 067 | 5.9 | 0 | 0.0 |
| **Netto (tekort)/surplus voor inkomstebelasting** | (80 573) | (2.5) | 38 413 | 1.3 |
| Inkomstebelastinguitgawe | 633 | 0.0 | 909 | 0.0 |
| **(Tekort)/Surplus vir die jaar (nota 1)** | (81 206) | (2.5) | 37 504 | 1.3 |
| **ANDER OMVATTENDE INKOMSTE** | 102 048 | | 255 535 | |
| Pensioenreserwefondse - surplus | 76 730 | | 204 430 | |
| Ongeskiktheidsreserwefondse - surplus/(tekort) | 1 464 | | (1 124) | |
| Gesondheidsorg (medies) - surplus | 6 036 | | 8 670 | |
| Netto billike waarde toename op beskikbaar vir verkoop finansiële bates | 17 818 | | 43 559 | |
| **Totale omvattende inkomste vir die jaar** | 20 842 | | 293 039 | |

**NOTA 1:**
***Om effek van IAS19-waardasies insake Werknemervoordele te illustreer***

| | 2014 R000 | % van totale inkomste | 2013 R000 | % van totale inkomste |
|---|---|---|---|---|
| Surplus vir die jaar vanuit normale bedryfsaktiwiteite - voor totale IAS19-aansuiwerings | 71 268 | 2.2 | 50 446 | 1.7 |
| Werknemervoordele - totale IAS19-aansuiwerings | (152 474) | (4.8) | (12 942) | (0.4) |
| (Tekort)/Surplus vir die jaar | (81 206) | (2.5) | 37 504 | 1.3 |

# erkenning

## navrae en kontakbesonderhede


**NWU Institusionele Kantoor**
Privaat Sak X1290, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika
Tel: +27 (18) 299 4918
E-pos: louis.jacobs@nwu.ac.za
Webwerf: www.nwu.ac.za

**Mafikengkampus**
Privaat Sak X2046, Mmabatho, 2735, Suid-Afrika
Tel: +27 (18) 389 2144
E-pos: koos.degenaar@nwu.ac.za

**Potchefstroomkampus**
Privaat Sak X6001, Potchefstroom, 2520, Suid-Afrika
Tel: +27 (18)18 299 2769
E-pos: theo.cloete@nwu.ac.za

**Vaaldriehoekkampus**
Posbus 1174, Vanderbijlpark, 1900, Suid-Afrika
Tel: +27 (16) 910 3185
E-pos: warren.makgowe@nwu.ac.za



## jaarverslag-taakspan

Mee N Engelbrecht, J Jansen van Vuuren, en A van der Merwe

## Afrikaanse vertaling:

Institusionele Taaldirektoraat, NWU

## fotografie

MacLez Studio en NWU-kollegas

## ontwerp en uitleg

SUN MeDIA MeTRO
www.africansunmedia.co.za
info@sunmediametro.co.za

## drukwerk

SUN MeDIA MeTRO
www.africansunmedia.co.za
info@sunmediametro.co.za

*Die 2014-jaarverslag is deur die departement Institusionele Bevordering gepubliseer.*
*Hierdie jaarverslag verskyn ook op die NWU se webwerf by http://www.nwu.ac.za/af/content/nwu-jaarverslag.*
*Die publikasie is ook in Engels beskikbaar.*